

**TAALBEPLANNING : DIE STAND EN TOEKOMS VAN
TAALBEPLANNING VIR AFRIKAANS IN 'N
MULTITALIGE SUID-AFRIKA**

MARIA MAGDALENA VERHOEF
M.A., H.O.D., H.D.B.

PROEFSKRIF GOEDGEKEUR VIR DIE GRAAD

PHILOSOPHIAE DOCTOR

IN DIE DEPARTEMENT AFRIKAANS-NEDERLANDS
IN DIE FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

AAN DIE
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

PROMOTOR: PROF. H.G.W. DU PLESSIS

POTCHEFSTROOM

1991

69781500

Vir Awie en ons seuns
en vir Mamma

GEBED VAN DIE LOOT AAN DIE WYNSTOK

Solank as wat die mens
sy gewaarwordinge in taal bly formuleer
Here, laat my taal leef
en dat U hom nooit van die liggaam
van Afrika sal amputeer nie -
en waar U moet terugskoel, Heer,
laat ons u hand herken en rustig weet
U sal uit die vurige sap
wat U nou tot besinning kasty
iets wat helder en edel is eindelijk distilleer

(S. Cussons: DIE SAGTE SPRONG)

SUMMARY

LANGUAGE PLANNING: THE PRESENT SITUATION AND THE FUTURE OF LANGUAGE PLANNING FOR AFRIKAANS IN A MULTI-LINGUAL SOUTH AFRICA

The hypothesis underlying this study is the following: The fact that the position of Afrikaans is under siege at present can be attributed, among others, to the years of uncoordinated, strategyless involvement with language by anyone who felt the urge to do so.

In order to prove this hypothesis to be either true or false, the broad objective with this study was posited as being the determination of the status of language planning for Afrikaans against the background of the theory of language planning.

In order to achieve this objective, the following specific objectives were striven after:

- * To determine what methodological principles underlie the science of language planning;
- * by way of empirical study to make a situation analysis of the status of language planning activities for Afrikaans;
- * to measure the practice of microlevel and macrolevel planning for Afrikaans against language planning theory in order to determine to what extent the theory and practice tie in with or differ from each other; and
- * by way of a conclusion to make recommendations with regard to a possible language plan for Afrikaans.

In chapter 2 the theory of language planning is discussed. On the basis of certain distinguishable elements the following working definition of language planning can be accepted:

Language planning is a future-directed, language problem-solving action which manipulates a purposeful language change in accordance with a set of objectives and which, in the course of this process of change, keeps cognizance of the sociocultural environment in which the language problem manifests itself.

It becomes clear that language planning is a scientific sub-discipline with strong fundamental and methodological bases. When language planning activities are robbed of this fundamental aspect, there is the danger that language planning can be used as an instrument to effect mere social or political change. It is therefore imperative that any language planning project should answer to this theoretical demand.

In order to measure the language planning activity for Afrikaans against language planning theory, it is necessary to do a situational analysis of the status of actual and putative language planning for Afrikaans. The situational analysis of the status of language planning for Afrikaans is given in chapter 3.

In chapter 4 the microlevel language planning activities for Afrikaans are measured against language planning theory. It emerges clearly from an analysis of the activities of organizations and institutions that language promotion does enjoy the attention of certain institutions. The problem is, however, that these activities are occurring in a loose, unstructured and unco-ordinated fashion, so that one finds

both overlap and duplication. This planless promotion of Afrikaans cannot be called language planning.

In chapter 5 the macrolevel language planning situation in South Africa is studied. At the outset an outline is provided of the applicable macrolevel language planning theory, following which it is applied to the South African situation.

It becomes clear from the research that true macrolevel language planning activities for Afrikaans (and in actual fact for all languages in South Africa) have not yet become reality. The recommendation that eventually has to be made is that the government has to enter into the discussion on language in South Africa because a language policy can achieve little until it attains some measure of official status.

By way of conclusion it can be said that, although one can observe traces of language planning theory in the activities of various organizations or institutions which are working towards the status of Afrikaans, one cannot really speak of true language planning. This unco-ordinated, strategy-less language involvement (which clearly does not comply with the demands of the theory of language planning) has the result that there is now an undignified scramble in progress about the future of Afrikaans.

In order to execute the fourth objective, recommendations are made in chapters 6 and 7 with regard to language planning for Afrikaans in a multi-lingual South African society. The study is concluded with a preamble to a possible language plan for Afrikaans.

HOOFSTUK 7

DIE AANLOOP TOT 'N MOONTLIKE TAALPLAN VIR AFRIKAANS

7.1	Inleiding	462
7.2	Beplanningsbestuur	462
7.2.1	Beplanning : 'n omskrywing	463
7.2.2	Die beplanningsproses	464
7.2.3	Die verskillende soorte planne	465
7.2.4	Die onderdele van beplanning	465
7.2.5	Die opstel van planne	468
7.2.6	Evaluering van prestasie	469
7.2.7	Regstelling van optrede	469
7.2.8	Samevatting	470
7.3	Aanloop tot 'n moontlike taalplan vir Afrikaans	470
7.3.1	Algemene doelstelling	470
7.3.2	Langtermyn doelwitte	470
7.3.3	Korttermyn doelwitte	471
7.3.4	Implementeringstrategieë	477
7.4	Samevatting	492

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

8.1	Samevatting	493
8.2	Gevolgtrekking	500

6.2.5.4	Afrikaans as taal van die media	440
6.2.5.5	Die waarde van die Afrikaanse letterkunde vir Afrikaans	440
6.2.6	Gevolgtrekking	441
6.3	'n Oplossing vir die situasie waarin Afrikaans hom bevind	443
6.3.1	Inleiding	443
6.3.2	Voorwaardes vir 'n taalplan vir Afrikaans	443
6.3.3	Breë doelstellings met 'n taalplan vir Afrikaans	444
6.3.3.1	Taalbeplanning is toekomsgerig	445
6.3.3.2	Taalbeplanning word gekenmerk deur probleemoplossende handeling	445
6.3.3.3	Die sosio-kulturele en -politieke omgewing waarin taalprobleme manifesteer	447
6.3.3.4	Die manipulering van doelbewuste taalverandering	448
6.3.3.5	Doelwitbepaling	448
6.3.3.6	Evalueringsgeleenthede	450
6.3.3.7	Gevolgtrekking	451
6.4	Riglyne vir 'n taalplan vir Afrikaans in die multitalige bestel in Suid-Afrika	452
6.4.1	Inleiding	452
6.4.2	Voorsiening vir Afrikaans op die makrovlak	453
6.4.2.1	Afrikaans in 'n meertalige situasie	453
6.4.2.2	Uitsprake oor die ampstaalposisie van Afrikaans	456
6.4.3	Die voorsiening op mikrotaalbeplanningsvlak vir Afrikaans	458
6.4.4	Hulpbronbeplanning vir 'n taalplan vir Afrikaans	459
6.5	Samevatting	461

8.3 Aanbevelings	500

BYLAE

Bylaag 1 : Vraelys aan Afrikaanse kultuurorganisasies	503

Bylaag 2 : Vraelys aan tersiêre Afrikaanse opvoedkundige instellings	520

BIBLIOGRAFIE

527

HOOFSTUK 1 VERTREKPUNTE VIR DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

In hierdie oriëntasiehoofstuk word die basiese vertrekpunte van hierdie studie kernagtig saamgevat. Dit wat hier aangeraak word, word in latere hoofstukke breedvoerig bespreek.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN AKTUALITEIT

Ten spyte van die feit dat taalbevorderingsprojekte ter bestendiging van die posisie van Afrikaans nog altyd gedoen is, het hierdie aktiwiteite nog altyd op 'n spontane, lukrake manier plaasgevind. Dit gebeur teweens vandag nog dat enigeen wat die behoefte daartoe voel, homself met mening aan taalbevordering vir Afrikaans kan wy.

Hierdie onbeplande, spontane bemoeienis met Afrikaans kan nie taalbeplanning genoem word nie en het onder andere tot gevolg dat die posisie van Afrikaans in die meertalige Suid-Afrikaanse verband in gedrang is.

Daar word op die oomblik oral druk bespiegel oor 'n toekomstige taalbeleid vir die post-apartheid Suid-Afrika. Die feit dat hierdie bespiegelings en taalwerksaamhede op 'n baie beperkte skaal op die teorie van taalbeplanning geskoei

is, dra daartoe by dat die posisie van Afrikaans, en ook die posisie van alle ander tale in Suid-Afrika, skade ly.

Daarom kan die noodsaaklikheid van doeltreffende taalbeplanning vir alle tale in Suid-Afrika nie oorbeklemtoon word nie.

Hierdie navorsing wat handel oor die teorie van taalbeplanning, die stand van mikro- en makrotaalbeplanning in Afrikaans en wat uiteindelik aanbevelings maak ter bestendiging van die toekomstige posisie van Afrikaans, behoort derhalwe aan 'n werklike behoefte in die literatuur oor die taalbeplanningsituasie in Suid-Afrika te voldoen.

1.3 NAVORSINGSDOEL

1.3.1 ALGEMENE DOELSTELLING

Die breë doelstelling met hierdie studie is om met die teorie van taalbeplanning as verwysingsraamwerk, die stand van die aktiwiteit van taalbeplanning vir Afrikaans na te vors. Daarbenewens moet bepaal word watter invloed hierdie taalpraktyke op die algemene persepsie van Afrikaans en die huidige posisie van Afrikaans binne die meertalige Suid-Afrikaanse politieke bestel uitgeoefen het.

1.3.2 SPESIFIEKE DOELWITTE

Spesifieke doelwitte wat bereik moet word, is:

1.3.2.1 om te bepaal watter metodologiese beginsels ten grondslag van die wetenskap van taalbeplanning lê;

1.3.2.2 om by wyse van 'n empiriese ondersoek te bepaal wat die stand van taalbeplanning vir Afrikaans is;

1.3.2.3 om die praktyk van mikro- en makrovlaktaalbeplanning vir Afrikaans te meet aan die taalbeplanningsteorie om sodoende te bepaal in hoe 'n mate die teorie en praktyk by mekaar aansluit of van mekaar verskil;

1.3.2.4 om dan by wyse van sintese, aanbevelings te maak ten opsigte van 'n moontlike taalplan vir Afrikaans.

Hierdie doelstelling en doelwitte word bereik deur die uitvoer van 'n teoretiese studie en 'n empiriese ondersoek.

1.4 HIPOTESE

Ten spyte van die feit dat die primêre taalgemeenskap vir Afrikaans meer as vyf miljoen mense sterk is, en die derde grootste taalgemeenskap in Suid-Afrika vorm, (16% van die totale bevolking) word die ampstaalstatus van Afrikaans bedreig.

Die wetenskaplike analise van die huidige stand van taalbeplanning vir Afrikaans, teen die agtergrond van die metodologiese en fundamentele grondslae van taalbeplanning as subdissipline van die taalpolitiek, behoort antwoorde te bied op die vrae rondom die bedreigde posisie van Afrikaans.

Die volgende stelling dien as hipotese vir hierdie studie: Die feit dat Afrikaans se posisie op die oomblik binne die multitalige Suid-Afrikaanse situasie in die gedrang is, is onder andere te wyte aan jarelange ongekoördineerde, strategielose taalbemoeienispraktyke.

1.5 METODE VAN ONDERSOEK

1.5.1 LITERATUURONDERSOEK

Die teoretiese navorsing behels 'n diepgaande ondersoek na die wetenskaplike wese van taalbeplanning. Hoewel gewaande taalbeplanning baie dikwels bloot in 'n emosionele kwessie kan ontaard, word dit uit die internasionale en nasionale taalbeplanningsliteratuur duidelik dat dit hier gaan om 'n werklike wetenskaplike dissipline.

Dit moet uit die staanspoor duidelik gestel word dat die teorie van taalbeplanning baie sentraal in hierdie studie staan. Hoewel dit nie as rigiede entiteite gekompartementaliseer kan word nie, is veral die stel van realistiese doelwitte, die verskillende stappe in die taalbeplanningsproses, die uiteensetting van werkbare metodes om die doelwitte te bereik, die neerstip van teikendatums wanneer sodanige doelwitte bereik behoort te word en die voortdurende evaluering van die totale taalbeplanningsproses, werklik van kardinale belang vir enige wetenskaplike taalbeplanningsprojek.

1.5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Ten einde die stand van taalbeplanning vir Afrikaans te bepaal, vorm die empiriese ondersoek ook 'n wesentlike deel van hierdie studie. Met die empiriese ondersoek word daar gepoog om die taalbevorderingsprojekte van verskillende instansies by wyse van inventaris bymekaar te groepeer. Hierdeur word die praktyk van taalbeplanning vir Afrikaans bepaal.

1.5.2.1 DATAVERSAMELING

Daar word van verskillende metodes gebruik gemaak om die navorsingsdata te bekom:

- * Posvraelyste is aan Afrikaanse kultuurorganisasies en tersiêre inrigtings met 'n Afrikaanse karakter gestuur.
- * Persoonlike onderhoude word in die meeste gevalle as opvolg tot die vraelys gebruik om addisionele inligting te bekom.
- * 'n Bronnestudie oor bepaalde organisasies se werksaamhede ter bevordering van Afrikaans.

1.5.2.2 SELEKSIE VAN PROEFPERSONE

In die breë gesien werk baie instansies en individue tot die voordeel van Afrikaans. Aangesien 'n empiriese ondersoek na die taalaktiwiteite van alle instansies vir Afrikaans te omvangryk sou wees, is 'n aanvanklike groep proefpersone of -instansies geselekteer:

- * 'n Verteenwoordigende aantal Afrikaanse kultuurorganisasies wat die breë politieke spektrum uit blanke sowel as bruin geledere verteenwoordig.
- * Afrikaanse tersiêre instellings uit blanke en bruin geledere.
- * Die SAUK.
- * 'n Verteenwoordigende aantal sakeondernemings uit die Afrikaanse handelswêreld.
- * Die Afrikaanse koerant se bydrae tot taalbeplanning vir Afrikaans.

* Die werksaamhede van die Buro van die WAT, as verteenwoordiging van alle woordeboekprojekte wat in Afrikaans aangepak word.

* Die werksaamhede van die Nasionale Vakterminologiesdiens tot die korpus van Afrikaans.

Omdat die teikengroeppopulasie beperk en goed omlyn is, word daar nie binne hierdie studie oor die algemeen met steekproefneming gewerk nie.

1.5.3 DATAVERWERKING

Die statistiese verwerking van die posvraelyste is deur die Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO behartig.

1.6 OORSIGTELIKE HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 2

Die teorie van taalbeplanning word uitvoerig bespreek, sodat dit as navorsingskonteks van die empiriese studie kan dien.

Hoofstuk 3

In hierdie hoofstuk word 'n situasieanalise van die stand van mikrotaalbeplanning vir Afrikaans gegee.

Hoofstuk 4

Hoofstuk 4 word gewy aan 'n besinning oor die mate waarin die mikrovlaktaalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans ooreenstem of verskil van die wetenskap van taalbeplanning.

Hoofstuk 5

In hierdie hoofstuk word die teorie en praktyk van makrovlaktaalbeplanning vir Suid-Afrika onder die loep geneem.

Hoofstuk 6

Hoofstuk 6 bevat sekere aanbevelings ten opsigte van taalbeplanning vir Afrikaans in 'n multitalige Suid-Afrikaanse samelewing.

Hoofstuk 7

Hoofstuk 7 gee die aanloop tot 'n moontlike taalplan vir Afrikaans.

Hoofstuk 8

Die samevatting en gevolgtrekking van hierdie studie volg in die agste hoofstuk.

HOOFSTUK 2

DIE TEORETIESE BEGRONDING VAN TAALBEPLANNING

2.1 INLEIDING

Die Engelse spreekwoord "nothing is as practical as a good theory" is in die besonder van taalbeplanningsaktiwiteite waar, omdat die waarde van 'n teoretiese begronding vir hierdie aktiwiteit nie oorbeklemtoon kan word nie.

Omdat taal 'n sosiale gegewe is, vind taalbeplanning altyd binne 'n sekere sosiale konteks plaas. Dit lei daartoe dat die keuses wat ten opsigte van taalbeplanning gemaak word redelik beperk is, omdat só baie dinge in ag geneem moet word.

Haugen (1966:16) sê dat as gevolg van die sosiale aard van taalbeplanning, wat baie veranderlikes impliseer, algemeengeldende beginsels vir taalbeplanning moeilik neer te lê is.

Hoewel daar die afgelope paar jaar talle artikels oor taalbeplanning verskyn het, is dit opvallend dat 'n streng fundamentele onderbou oor die wese van dié subdissipline telkens bloot geïmpliseer word en nie duidelik uitgespel word nie.

Die doel met hierdie hoofstuk is dan om werklik 'n diepgaande teoretiese studie na die wetenskap van taalbeplanning te loods.

2.2 'N ORIËTERING TEN OPSIGTE VAN TAALBEPLANNING

2.2.1 BEGRIPSOMSKRYWING EN BENADERINGSWYSES TOT TAALBEPLANNING

Du Plessis, T. (1985:1) sê dat die begrip taalbeplanning dubbelsinnig kan wees:

* enersyds verwys dit na die werklike aktiwiteit van taalbeplanning;

* andersyds verwys dit na taalbeplanning as studieveld of deeldisipline van die linguistiek.

Hoewel die aktiwiteit van taalbeplanning eeue oud is, vind die wetenskaplike bestudering van taalbeplanning nog nie so lank plaas nie. (Sien paragraaf 2.2.3.)

2.2.1.1 DIE SOSIALE AARD VAN TAALBEPLANNING

Dit is baie belangrik dat taalbeplanning gesien moet word binne die raamwerk van voortgaande sosio-kulturele behoeftes en ontwikkelings (Rubin, 1984:9). Wanneer die sosio-kultuur buite rekening gelaat word, is taalbeplanning tot mislukking gedoem.

Let goed daarop dat hiermee nie geïmpliseer word dat die sosio-kultuur as die alleen-determineerder vir die sukses van taalbeplanning bestempel word nie.

Die rede vir hierdie verbondenheid tussen taalbeplanning en sosiokulturele prosesse, is dat taal as 'n sosiale gegewe gesien moet word.

Taal is meer as 'n blote instrument wat referensiële betekenis in homself opsluit of rondra. Taal is só sosiaal van aard dat dit die spreker in 'n gesprek kan identifiseer en hom selfs in 'n bepaalde verhouding tot die aangesprokene kan stel. Selfs taalverwerwing geskied teen 'n sosiale agtergrond: die mens leer van kleins af hoe om sy intensies/bedoelings oor te dra; hoe om sosiale beheer met behulp van taal uit te oefen en hoe om sukses deur middel van kommunikasie te behaal.

In verband met bogenoemde, kan dit onomwonde gestel word dat taalbeplanning van hierdie sosiale eienskappe van taal moet kennis neem, indien die doel daarvan is om menslike taalgedrag te verander (Rubin, 1984:9). Baie belangrik is die feit dat taalbeplanning die samewerking van sy teikengroep wie se taalgedrag dit wil verander, moet hê. En dié samewerking word verkry deur die multi-dimensionaliteit van die mens en sy taal nie uit die oog te verloor nie. Suksesvolle taalbeplanning moet rekening hou met die verband wat taal met verskeie sosiale prosesse het.

2.2.1.2 TAALBEPLANNING AS AKTIVITEIT

Karam (1974:103 e.v.) sê dat verskillende begrippe gebruik word om na die werklike aktiwiteit van taalbeplanning te verwys:

- * die begrip "glottopolitics",
- * "language engineering",
- * "language development".

Dit wil voorkom of die begrip taalontwikkeling/"language development" nie in al die literatuur-

verwysings as sinoniem vir taalbeplanning gesien word nie.

Daar bestaan egter selfs ook 'n verskil in benadering ten opsigte van die teoretiese beskouing van taalbeplanning as aktiwiteit (Du Plessis, T. 1985:3): Fasold (Fasold, 1984:250-251) voer aan dat sekere taalkundiges (P.S. Ray, V. Tauli) 'n instrumentalistiese benadering ten opsigte van taalbeplanning volg.

Dit kom daarop neer dat taal as 'n werktuig gesien word wat verbeter word deur die aanwend van doelbewuste pogings.

Ander taalkundiges (Ferguson, 1968; Jernudd & Das Gupta, 1971; Rubin, 1973) huldig weer 'n sociolinguistiese benadering.

Hulle beskou taal as 'n sosiale hulpbron wat uitgebrei kan word by wyse van beplanningspogings.

Binne die sociolinguistiese benadering word ook weer verskil in benadering aangetref:


* diegene wat taalbeplanning as 'n selfstandige saak /entiteit beskou. (Du Plessis, T. 1985:3 noem in hierdie verband die name van Haugen, 1966a, 1966b, 1966c, 1969, 1983; Ferguson, 1968; Kloss, 1969; Jernudd & Das Gupta, 1971; Rubin 1969; Nahir, 1977; Weinstein, 1980, Tollefson, 1981.)

* Diegene wat taalbeplanning definieer binne die breë raamwerk van taalbehandeling/"language treatment". (Du Plessis, 1985:3 noem hier die name van Neustupny, 1968, 1970, 1978b, 1978c, 1983; Jernudd, 1973, 1977, 1982, 1983.

In die lig van hierdie benadering, word taalbeplanning as 'n onderafdeling van taalbehandeling bestempel, wat weer

op sy beurt 'n verskynsel van taalkorreksie of -remediëring ("language correction") is (Neustupny, 1983:1-2).

Ter wille van duidelikheid ten opsigte van die veelheid invalshoeke tot taalbeplanning as aktiwiteit, word die skematiese voorstelling van Du Plessis, T. (1985:10) hier weergegee:



2.2.1.3 TAALBEPLANNING AS STUDIEVELD

Taalbeplanning as vakterrein behels aan die een kant studie in die vorm van publikasies en navorsingsverslae, en aan die ander kant formele opleiding aan taalbeplanners.

Wat die studiekomponent van taalbeplanning betref, word twee kategorieë onderskei:

* die beskrywing en analise van sekere taalbeplannings-aksies;

* pogings om 'n algemene teorie van taalbeplanning daar te stel. Sake eie aan taalbeplanning, soos taalprobleme en taaloplossings, kom onder die vergrootglas.

Daar bestaan op hierdie stadium lewendige aktiwiteit in die Suid-Afrikaanse taalkundige wêreld oor taalbeplanning as studieveld. Dit bewys die veelheid seminare, kongres-referate en publikasies in vaktydskrifte in hierdie verband.

2.2.1.4 DIE RELATIWITEIT VAN DIE BEGRIP "TAALBEPLANNING"

Die begrip taalbeplanning hou in homself 'n relatiwiteit opgesluit. (Sien ook Karam, 1974:108.)

Teoreties besien is dit s6 dat taalbeplanning op enige stadium wanneer daar 'n kommunikatiewe probleem rakende 'n sekere taal of variëteit opduik, nodig is.

Wanneer taalbeplanning egter in die praktyk uitgevoer word, blyk dit dat daar nie werklik norme vir handeling bestaan nie.

Let ter illustrasie op die volgende aspekte eie aan taalbeplanning:

* Taalbeplanning wat onderneem word, kan/hoef nie deur die regering van die dag geïmplementeer te word nie.

* Taalbeplanning kan 6f op die kort termyn 6f op die lang termyn geskied.

* Dit kan/hoef nie noodwendig met ander belangrike politieke en sosiale veranderings van nasionale belang gekoördineer te word nie. (Let daarop dat dit nooit in totale isolasie en verwydering van hierdie aspekte kan geskied nie.)

- * Dit kan/hoef nie primêr daarop gerig te wees om 'n normatiewe standaard daar te stel nie.
- * Taalbeplanning kan òf vir 'n homogone òf 'n heterogene spraakgemeenskap uitgevoer word.
- * Taalbeplanning kan ter wille van 'n veelheid verskillende tale uitgevoer word; òf ter wille van die bevordering van 'n plaaslike omgangstaal, òf 'n literêre skryftaal, òf 'n amptelike taal, òf 'n nasionale omgangstaal, òf selfs 'n taal waarin oor kultuur- en volksgrense heen gekommunikeer moet word, òf selfs ter wille van al die bogenoemde tale.
- * Taalbeplanning kan gerig wees op die taalsituasie van òf 'n ontwikkelende taalgemeenskap òf 'n ontwikkelde taalgemeenskap.
- * Taalbeplanning kan werk met taalprobleme wat òf streeksgebonde, òf nasionaal, òf selfs internasionaal van aard is.
- * Taalbeplanning kan byvoorbeeld met net een aspek van taal gemoeid wees, byvoorbeeld die leksikografie, of die vaktaalterminologie, òf dit kan gerig wees op die totaliteit van 'n taal.
- * Ten slotte: taalbeplanningsaktiwiteite kan aan die een kant só klein wees dat dit nie nasionaal georganiseer hoef te word nie, maar andersyds kan dit taalprobleme op internasionale vlak hanteer.

Met die eerste oogopslag lyk dit dus of alle handelinge wat enigszins met taal gemoeid is, as taalbeplanning kan deurgaan, wat inderdaad die waarheid is.

Daarby kom dit voor of die organisasie rondom taalbeplanning 'n losse struktuur vertoon.

Om die wetenskaplike aard van taalbeplanning te behou en geloofwaardigheid aan taalbeplanningsaksies te verleen, is dit van die allernoodsaaklikste belang dat

daar 'n behoorlike teoretiese onderbou vir taalbeplanning moet bestaan.

2.2.2 TERREINE VAN TAALBEPLANNING

Volgens Tauli (1974:60) bemoei taalbeplanning hom met alle mondelinge en skriftelike vorme van 'n spesifieke taal of variëteit : die fonologie, morfologie, sintaksis, leksikon en ortografie.

Wanneer gelet word op alle taalbeplanningsaksies in ander lande, blyk dit dat die uitgebreidste terrein van taalbeplanning, ongetwyfeld dié van die leksikon is. In alle lande is liggame in die lewe geroep om te sorg dat die terminologie byhou by die ontwikkelende kennisvelde.

2.2.3 TAALBEPLANNING - VANWAAR DIE BELANGSTELLING?

Taal is 'n sosiale verskynsel en is daarom 'n inherente deel van menswees. Om dié rede is taalbeplanning onafskeidbaar aan die mens verbonde. Dit is egter opvallend dat die werklike doelbewuste, fundamentele bemoeienis met taalbeplanning nog maar in sy kinderskoene staan, gesien teen die lang geskiedenis van die wetenskaplike bestudering van taal.

Haugen (1966:9) praat van die "mushrooming of language planning" - verwysende na die veelheid aktiwiteit wat rondom taalbeplanning begin bestaan het.

Dit kan aangeneem word dat taalbeplanning nog altyd gedoen is: die klem van aandag het net verskuif.

Dat daar oor al die jare heen bemoeienis met taalbeplanning was, is seker. Kozelka (1984:2) en Haugen (1966:3) meen dat die antieke beskawings (Romeinse, Griekse en Arabiese ryke) hulle in 'n mate hiermee besig gehou het. Sedert die begin van die twintigste eeu het die Europese tale hulle op lukrake wyse met taalbeplanning besig gehou. Dit is eers hierná dat taalkundiges bewus begin raak het van taalbeplanning as wetenskaplike dissipline.

Maar dit is maar die afgelope 25 tot 30 jaar (Fishman, 1983:381) dat daar op teoretiese grondings en empiriese wyses met dié dissipline omgegaan is. Die werklike begrip taalbeplanning is vir die eerste keer in 1957 deur die Amerikaner, Uriel Weinreich, gebruik (Du Plessis, L.T. 1985:2) toe hy 'n seminaar met dieselfde titel gereël het.

Taalbeplanning is in 1959 vir die eerste keer deur Einar Haugen, 'n Noorweegse taalkundige, in 'n akademiese publikasie gebruik. Hy was ook die eerste persoon wat formele studie oor hierdie onderwerp onderneem het, en word allerweë as een van die grondleggers van taalbeplanning bestempel (Rubin & Jernudd, 1971:ix).

In 1966 word in Warrenton, Virginia, die "Airlie House Conference" gehou, waar taalbeplanning vir die eerste keer op 'n linguïste-konferensie op die agenda is. Dit word in 1969 gevolg deur die konferensie oor taalbeplanningsprosesse by die East-West Center in Honolulu, Hawaii. Volgens Fishman (1983:381) is die hoogtepunt van hierdie taalbeplanningsbewustheid, die International Research Project on Language Planning Processes wat in die jare 1969 tot 1972 plaasvind.

Die gevolg van hierdie byeenkomste was 'n hele aantal publikasies:

* die Language Planning Newsletter;

- * die internasionale tydskrif, Language Problems and Language Planning;
- * 'n Primêre naslaanwerk vir taalbeplanners is in 1979 saamgestel onder redaksie van Rubin, J. en Jernudd, B.H., References for Students of Language Planning en is in Honolulu deur University Press of Hawaii uitgegee;
- * taalbeplanning word in verskeie internasionale indekse en bibliografieë opgeneem, bv. die LLBA.

Taalbeplanning het ook in die Suider-Afrikaanse konteks neerslag gevind. Dit mag moontlik wees dat die Soweto-gebeure van Junie 1976, waar die oorsaak van ontevredenheid aan Afrikaans toegedig word, in groot mate die bewustheid rondom taalbeplanning aangewakker het.

Du Plessis, L.T. (1985:3) voer aan dat die begrip taalbeplanning vir die eerste keer in 1980 in Suid-Afrika deur K.P. Prinsloo gebruik is. J.C. Steyn se Tuiste in eie taal, wat in 1980 verskyn het, is ook in 'n groot mate verantwoordelik vir die besinning rondom Afrikaans. Die laaste afdeling van hierdie werk word tewens aan taalbeplanning gewy.

Werke wat in die besonder handel oor die aktiwiteit van taalbeplanning vir Afrikaans, is:

- * Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.). 1984. Afrikaans: Stand, taak, toekoms. Pretoria: HAUM.
- * Du Plessis, H. & Du Plessis, T. (reds.). 1987. Afrikaans en taalpolitiek. Pretoria: HAUM.
- * Deurlopende artikels in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde en ander Suid-Afrikaanse tydskrifte.
- * In 1985 is 'n groot deel van die verrigtinge van die 21e Nasionale Kongres van die Linguistevereniging van Suid-Afrika aan taalbeplanning gewy. Na afloop hiervan het 'n geleentheidsuitgawe van die Suid-Afrikaanse

Tydskrif vir Taalkunde onder redaksie van K.P. Prinsloo verskyn wat in sy geheel oor taalbeplanning handel.

* Alhoewel daar nie in Suider-Afrika 'n sentrale taalbeplanningsentrum bestaan nie, lewer die RGN 'n wesentlike bydrae, in die vorm van navorsingsverslae en ander publikasies wat verskyn. Finansiering word ook deur die RGN verleen waar studies in verband met taalbeplanning onderneem word.

In dié verband kan genoem word dat daar in 1987 'n navorsingsverslag onder leiding van prof. Hans du Plessis verskyn het oor die stand van tale in Suidwes-Afrika/Namibië.

Dr. G.K. Schuring van die RGN het in 1990 'n referaat gelewer oor taalbeplanning in Suid-Afrika waar hy teoretiese riglyne neerlê vir taalbeleidsbepaling (sien paragraaf 5.6.2).

* 'n Wesentlike deel van die LVSA-Kongres in 1990 in Stellenbosch, is gewy aan taalbeplanning vir 'n multitalige Suid-Afrikaanse konteks.

Nagraadse studie wat onder andere oor taalbeplanning handel, is:

* Van der Merwe, E.G. 1989. Die ontwikkeling, stand en toekoms van Afrikaans in SWA/Namibië. Potchefstroom: PU vir CHO. (D.Litt.-proefskrif)

* Van Zyl, A. Die taalpolitiek van die FAK, met spesifieke verwysing na die tydperk 1976 - 1986. Durban: Universiteit van Natal. (MA-verhandeling).

Dit kan aangeneem word dat taalbedrywighede vir enige taal nog altyd elemente van taalbeplanning gehad het. Die klem van aandag het net verskuif: Waar die voorwaarde vroeër 'n goeie/suiwer taalgebruik was, is die taalbedrywighede oor die wêreld heen vandag gerig op die amptelike daarstel van taalnorme.

Volgens Haugen (1966:9) is dié klemverskuiwing bewerkstellig deur die werk van semi-staatsinstellings soos byvoorbeeld taalakademies. Tydens die Italiaanse Renaissance het taalakademies tot stand gekom wat 'n belangrike bydrae tot veral die vestiging van literatuurtaal in Europa gelewer het:

- * In Italië is die Accademia della Crusca gevestig ter bevordering van Italiaans.
- * In 1635 is die Académie Française deur kardinaal Richelieu in Frankryk gevestig. Danksy die werk wat hier gedoen is, het 'n woordeboek van die Franse taal in 1694 verskyn.
- * Die Spaanse Akademie is in 1713 gevestig.
- * Die Akademie in Swede is in 1739 gevestig.
- * In Hongarye is 'n Akademie in 1830 opgerig.

Dis belangrik om daarop te let dat bogenoemde akademies nie werklik 'n wetenskaplike aanpak in hulle bedrywighede gehad het nie, hoofsaaklik omdat hulle die sosiale, literêre en akademiese elite-lae van die onderskeie volke verteenwoordig het. Die blote prestigewaarde om aan so 'n akademie te behoort, was van primêre belang en hulle belangstelling in taal was bloot sekondêr.

Wanneer die waarde van al die ou-dagse taalakademies ten opsigte van taalbeplanning bereken moet word, kan gesê word dat dit duidelike prestigewaarde aan die werk van taalbeplanners verleen het.

Van die belangrikste werk ten opsigte van taalbeplanning, was leksikografies van aard, daarin dat hulle besig was met die daarstel van woordeboeke. Hulle verwysingsraamwerk en hulle lewensuitkyk wat hulle besluite beïnvloed het, was baie eng en puristies (Haugen, 1966:11). Dit het

daartoe gelei dat taaluitbreiding eerder geïnhibeer as aangemoedig is.

Bogenoemde vorm van taalbeplanning is duidelik negatief van aard. Dis eers sedert die negentiende eeu dat daar van positiewe taalbeplanning sprake kan wees (Haugen, 1966:12). Dit het voortgevloei uit die behoefte wat ontstaan het om ortografieë vir nuwe opkomende tale te voorsien. Om in dié behoefte te voldoen, moes die voertaal vir die opvoeding neergestippel word. Vir die eerste keer het dit ook gebeur dat taalkundiges die taal neerlê waarin kreatiewe skryfwerk deur skrywers gelewer word (Haugen, 1966:13). Amptelike taalbeplanning het in die laat negentiende en vroeg twintigste eeu daarin bestaan dat besluite rakende taal geneem word, eers nadat deeglike taalnavorsing onderneem is.

Die taalbeplanning van die tweede helfte van die twintigste eeu word gedomineer deur die skep van nuwe woorde ter wille van die snelle uitbreiding van die tegnologie (Haugen, 1966:14). Verder word liggame deur regerings aangestel om navorsing te doen rakende die talesituasies in die verskillende lande.

2.2.4 TAALBEPLANNING AS WETENSAP

Dit gaan in hierdie afdeling oor die plek van taalbeplanning binne die vakdissipline van die linguistiek. Taalbeplanning het natuurlikerwys uit die Sosiolinguistiek ontstaan as teenvoeter om taalprobleme van ontwikkelende lande die hoof te bied (die studie van Einar Haugen, 1966, ten opsigte van die taalsituasie in Noorweë, dien hier as voorbeeld).

Prinsloo (1984a:138) sien taalbeplanning nie as afhanklike dissipline nie, maar as 'n interdisiplinêre rigting wat hom bemoei met die sosiolinguistiek, politiek, ekonomie en onderwys.

Wanneer egter na die uitgebreide fundamentele begronding en struktuur van taalbeplanning gekyk word, word dit duidelik dat die interdisiplinêre aard van taalbeplanning besig is om oor te gaan in dié van 'n selfstandige vakdissipline (vergelyk die res van hierdie hoofstuk) binne die kader van die taalpolitiek.

2.2.5 DIE VERHOUDING: TAALPOLITIEK EN TAALBEPLANNING

Taalpolitiek word breedweg gesien as die studie wat al die moontlike verwantskappe tussen taal en politiek bestudeer (Du Plessis & Du Plessis, 1987:x). Anders gestel gaan dit in die taalpolitiek om die wisselwerking van taal en sosiale prosesse - in hierdie geval is die sosiale proses dan die politiek.

Taalbeplanning kan op verskillende maniere binne die taalpolitiek tuisgemaak word: daar word argumente aangevoer dat taalbeplanning binne die pragmatiese deel van die taalpolitiek tuishoort waar dit oor taalbesluitneming en taalstrategieë gaan (Du Plessis & Du Plessis, 1987:xii).

Dit blyk dus dat taalbeplanning binne die breë kader van die taalpolitiek veral deel uitmaak van die taalbesluitnemingsproses.

Nog nader omskryf word dit duidelik dat taalbesluitneming uiteindelik deur taalbeplanning voorafgegaan behoort

te word. En taalbeplanning behoort op sy beurt op taalbeleid uit te loop.

Let daarop dat taalbeplanning hoegenaamd nie gelykgestel kan word aan taalbeleid nie - eersgenoemde is baie meer as dit, daarin dat dit deur 'n uitgebreide wetenskaplike teorie gerugsteun word (Du Plessis, H. 1989:1).

Taalbeplanning is duidelik 'n politieke onderneming (Du Plessis, 1987:xiii) - hierby kan dalk ter verduidelik gevoeg word: 'n taalpolitieke onderneming, omdat taalbeplanning primêr moet gaan oor die beplanning van taal.

Dit wil dus uiteindelik duidelik word dat taalbeplanning homself as deeldissipline binne die vakdissipline van die taalpolitiek tuismaak.

2.3 DEFINISIE VAN TAALBEPLANNING

Die belangrikheid van 'n definisie as vertrekpunt vir taalbeplanning lê daarin dat die sosio-politiek toenemend s6 'n groot rol in taalbeplanning speel, dat politici en ander amptenare uiteindelik taalbeleide daarstel, en dat dit uit die hande van werklik teoretiese-onderlegde taalbeplanners geneem word.

Die belangrikheid van die teoretiese onderbou van hierdie subdissipline word verder onderstreep deur Tauli (1974:56) wat sê dat die teorie van taalbeplanning as 'n wetenskap beskou moet word wat op metodologies-wetenskaplike wyse die beginsels, metodes en strategieë van taalbeplanning moet bestudeer.

'n Aantal definisies van taalbeplanners/akademici wat oor taalbeplanning besin, word vervolgens gegee en dan word uiteindelik afgesluit met 'n volledige definisie wat as vertrekpunt van dié studie sal dien:

2.3.1 FISHMAN, JERNUDD & DAS GUPTA, PAULSTON

Taalbeplanning word tradisioneel beskou as die georganiseerde poging om oplossings vir taalprobleme op nasionale vlak te soek (Jernudd & Das Gupta, 1971; Fishman, 1973; Paulston, 1984:55). Rubin & Jernudd (1971: xvi) brei op hierdie definisie uit deur te sê dat taalbeplanning verder daarop gemik is om veranderinge in die taalgebruik/taalkode te weeg te bring.

Die bogenoemde definisies verwys na doelgerigte, georganiseerde aktiwiteite wat 'n poging aanwend om taalprobleme op nasionale vlak die hoof te bied. Die fokuspunte van aandag is gewoonlik die taalstruktuur of taalgebruik, of in sommige gevalle beide terreine.

2.3.2 RUBIN

Rubin (1984:5) is van mening dat taalbeplanning altyd doelbewuste taalverandering in die oog het. Dit sluit onder andere die volgende dinge in:

- * Taalverandering behels hier 'n verandering in òf die kode òf taalgebruik van 'n spesifieke variëteit, of in albei. Die taalverandering word deurgevoer deur liggame aan wie 'n mandaat verleen is om dit te doen.
- * Taalbeplanning begin sodra 'n taalprobleem opgemerk of geïdentifiseer word.
- * Belangrik is dat taalbeplanning van die begin af op taalprobleemoplossing gerig is en dat al die handeling van

sodanige taalbeplanning gerig moet wees om die beste oplossing vir die probleem te vind.

* Taalbeplanning is altyd toekomsgerig. Dit bring mee dat die resultate van 'n moontlike taalbeleid reeds gespesifiseer moet wees, nog voordat enige taalbeplanningsaksies geloods word.

* Omdat daar 'n mate van risiko of onsekerheid aan verbonde is, moet taalbeplanning altyd ruimte laat vir herformulering van doelwitte na gelang van omstandighede wat dalk mag verander.

* Belangrik is dat die daarstel van 'n taalbeleid, hoegenaamd nie impliseer dat outomaties met taalbeplanning gewerk word nie. Die taalbeplanner moet oor baie agtergrondinligting beskik en moet veral kan insien dat taalbeplanning ten nouste aan ander sosio-kulturele prosesse verbind is. Sodra taalbeplanning eensydig aan taalbeleid verbind word, loop die taalbeplanner gevaar om 'n een-sin-taalbeleid daar te stel, wat nie behoorlik wetenskaplik begroot is nie. Die verhouding tussen taalbeplanning en taalbeleid is sodanig dat 'n behoorlike taalbeplanningsaksie taalbeleidstelling sal voorafgaan.

2.3.3 COOPER

Cooper (1984:17) sien taalbeplanning as 'n poging om veranderinge in taalstruktuur of veranderinge in taalgebruik òf te bevorder òf te verhinder. Daarbenewens sien hy taalbeplanning ook as die begryp van die diffusieproses van taalvernuwing in die algemeen (sien paragraaf 2.12), en van kommunikatiewe vernuwing in die besonder (twee eienskappe eie aan lewende tale). Onder kommunikatiewe vernuwing word 'n vernuwing ten opsigte van die ortografie, fonologie, morfologie, sintaksis en leksikon van 'n sekere variëteit verstaan.

Die wese van taalbeplanning lê in die bevordering van vernuwing of die daarstel van bemarkingstrategieë, sodat dit uiteindelik kan lei tot die verandering van taalgedrag (Cooper, 1984:17). Dit mag ietwat vreemd klink om taalgedrag, taalstruktuur en taalgebruik as produkte van taalbeplanning te sien. Tog is daar is 'n saak voor uit te maak om taalbeplanning per se gelyk te stel aan die bemarkingsproses van byvoorbeeld 'n nuwe ontbytgraankos. Die verband tussen hierdie "produkte" lê daarin dat verbruikers (of dit nou van die nuwe taal/variëteit of van die nuwe graankos is) oorgehaal moet wees van die voordele wat die nuwe produk vir hulle inhou.

2.3.4 TAULI

Tauli (1974:56) definieer taalbeplanning op só 'n manier dat dit as 'n metodologiese aktiwiteit gesien moet word wat enersyds bestaande tale reguleer en vernuwe, en wat andersyds ook nuwe omgangs-, streeks-, nasionale of internasionale tale kan daarstel. Taalbeleid van regeringskant af, word dikwels by taalbeplanning betrek.

2.3.5 GARVIN

Garvin (1974:69) brei uit op die engere taalbeplanningsdefinisie van Rubin & Jernudd (1971:xiii) waar gesê word dat taalbeplanning bloot besluitneming oor taal insluit, en sê dat nie net bloot taalveranderlikes in die besluitnemingsproses in berekening gebring moet word nie, maar ook nie-talige veranderlikes, soos die ekonomie, sosiologie, politiek, demografie en die psigologie.

Let daarop dat dit onjuis sou wees om net één van die bogenoemde veranderlikes uit te sonder as dat dit 'n betroubare nie-talige veranderlike sou wees. Die sosiale karakter van taal is van só 'n aard dat dit 'n samespel van taal en al die bogenoemde elemente impliseer. Besluite wat ten opsigte van taalbeplanning geneem word, het 'n invloed op die talige veranderlikes van taal, maar word gedetermineer deur nie-talige veranderlikes.

Die suksesvolle implementering van die taalbeplanningbesluite berus eweneens op die inagneming van die nie-talige veranderlikes.

2.3.6 E. HAUGEN

Haugen (1969:287) definieer taalbeplanning as:

- * die normatiewe werk van taalakademies en -komitees,
- * alle vorme van wat alledaags bekend staan as taalkultivering,
- * alle pogings tot taalstandaardisasie of -hervorming.

Haugen sien die sin en doel van taalbeplanningsaksies só dat dit uiteindelik moet resulteer in 'n taal of variëteit wat:

- * as 'n norm vir doeltreffende mondelinge gesprek en geskrewe werk kan optree;
- * 'n voldoende uitdrukkingsmiddel vir dié mense kan wees wat dit gebruik (moet dus gedagtes só kan verwoord dat ook intensies daarmee oorgedra kan word);
- * as 'n werktuig kan optree waarin wetenskaplike, sowel as kreatiewe denke verwoord kan word.

2.3.7 KARAM

Karam (1974:118) maak duidelik dat hy met 'n werks-definisie vir taalbeplanning werk. Hy sien taalbeplanning as die bestuursaksie wat taalkundige vernuwing inisieer.

2.3.8 NEUSTUPNY

Neustupny (1983:2) definieer taalbeplanning as sistematiese, teoretiese, rasioneel-korrekte en toekomsgerigte vorme of maniere van sosiale bemoeienis met taalprobleme.

2.3.9 VAN DER MERWE

Van der Merwe (1989:1) definieer taalbeplanning as: "die doelbewuste manipulasie van 'n variëteit of variëteite se vorm (struktuur) en/of funksies, met die doel om taalprobleme op te los".

Die aktiwiteit van taalbeplanning moet só wees dat die verandering wat wel plaasvind, in die rigting van die beplanner se keuse moet geskied. Taalbeplanning hoef egter nie noodwendig só te wees dat dit altyd taalverandering tot gevolg het nie. Taalbeplanning kan juis daarop gemik wees om 'n taal/variëteit onveranderd van geslag tot geslag oor te dra.

2.3.10 DU PLESSIS, H.

Du Plessis (1989:1) definieer taalbeplanning as 'n toekomsgerigte taalprobleemoplossingshandeling wat

doelbewuste taalverandering op die oog het en wat in die proses van oplossing daarmee rekening hou dat die doelwitte van taalbeplanning ook oorsaak en gevolg uit die omgewing van die taalprobleme moet verdiskonteer.

2.3.11 SAMEVATTING

Dit word ten slotte duidelik dat daar verskillende definisies vir taalbeplanning bestaan. Dit is opvallend dat daar eenstemmigheid bestaan oor die oplossing van taalprobleme. Dit val ook op dat die resente taalbeplanningsliteratuur die multidimensionele karakter van taal in berekening bring vir soverre dit die sosio-politieke en -kulturele omgewing waarin taalprobleme voorkom, in berekening moet bring in die taalbeplanningsproses.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die definisie van Du Plessis, H. (1989:1) as vertrekpunt geneem, omdat dit die vele fasette van taalbeplanning kernagtig saamvat.

2.4 'N SISTEMATIESE BESKRYWING VAN TAALBEPLANNING

2.4.1 DIE TOEKOMSGERIGTE KARAKTER VAN TAALBEPLANNING

Taalbeplanning geskied op só 'n manier dat dit lei tot toekomstige veranderinge in taalvorm en/of -struktuur. Belangrik hier is die toekomsgerigtheid daarvan.

Om egter vir die toekoms te kan beplan, is dit belangrik dat taalbeplanners ook van taalbesluite van die verlede

kennis moet neem. Let wel: nie 'n veridealisering daarvan nie, maar 'n beoordeling van die bruikbaarheid daarvan.

Fishman (1984:43) sê:

"Planning repeatedly requires both the selective abandonment as well as its selective ideolisation en reconciliation with the new..."

Die toekomsgerigte karakter van taalbeplanning lê dus nie alleen in die stel van doelwitte en die antisipering van reslutate nie, maar primêr in die verwerping en aanvaarding van taalbesluite van die verlede, en die versoening daarvan met die hede.

Meer as met ander tipes beplanning (staatkundig, ekonomies, opvoedkundig), vertoon toekomsgerigte taalbeplanning onlosmaaklike bande met die verlede. Taalbeplanning met sy bande met die verlede, vertoon volgens Fishman (1984:43) beplanning met nasionaliteits-karakter. Die beplanning geskied dus ter bevordering van 'n spesifieke taalgemeenskap se taalbelange. Daarteenoor vertoon nie-talige beplanning eerder 'n nasionale karakter. Hierdie nie-talige beplanning se nasionale karakter verwys na beplanning wat gerig is op die bevordering in algemene landsbelang.

Al behou taalbeplanning bande met die verlede, vertoon die uiteindelijke resultaat 'n baie sterk toekomsgerigte aard. Suksesvolle taalbeplanning resulteer uiteindelik in die daarstel van bevolkings met 'n nuwe naam, met 'n nuwe doel voor oë, met 'n nuwe dryfkrag vir die daarstel van nuwe doelwitte wat nagestrewes moet word.

Dit is nie belangrik dat die taal/variëteit wat nagestreef word, radikaal moet verskil van die taal waarin mense grootgeword het nie. Fishman (1984:44) sê al wat van werklike belang is, is die feit dat toekomsgerigte taal-

beplanning bevestiging moet wees van 'n nuwe identiteit; van 'n nuwe mag wat nuwe regeringsowerhede en nuwe sprekers met mekaar op só 'n manier verbind, dat hulle glo hulle was nog altyd verbonde.

In beoordeling van hierdie sterk ideologiese pleidooi, word dit duidelik dat taal deur en deur 'n sosiale gegewe is wat nie van sy sprekers losgemaak kan word nie. Hieruit spruit voort dat daarteen gewaak moet word om van taalbeplanning 'n politieke instrument te maak.

Die toekomsgerigtheid van taalbeplanning lê gewoon in die feit dat probleme geïdentifiseer moet word wat opgelos moet word, en hulle word opgelos met inagneming van die taalsituasie, deur die doelgerigte nastrewe van doelstellings en die implementering en evaluering daarvan.

En al hierdie dinge neem tyd. Daarby vertoon alle tale ongeag van die feit of hulle groei of kwyn, 'n dinamiese karakter.

2.4.2 DIE GEORGANISEERDE KARAKTER VAN TAALBEPLANNING

Alle soorte taalbeplanning behels ten diepste die bestuur van verandering. Die sukses van taalbeplanning word uiteindelik net gemeet aan die mate waarin die beplande verandering verwesenlik is, of waarin dit verhoed is.

Gestruktureerde verandering kan alleen plaasvind wanneer daar 'n mate van organisasie in die taalbeplanningsproses bestaan.

Daar hoef nie 'n rigiditeit in die georganiseerdheid te wees nie, en die mate van organisasie kan selfs verskil (Paulston, 1984:55). Streng georganiseerde en gesistematiseerde daarstel van doelwitte, middele en die voorspelling van die gevolge, wat dikwels as voorwaarde vir suksesvolle taalbeplanning gestel word, is vandag eerder die uitsondering as die reël in die taalbeplanningspraktyk. - Dalk is dit ook rede dat die resultate van taalbeplanning nie altyd duidelik te identifiseer is nie?

Aan die ander kant gebeur dit eerder dat taalbeplanningsbesluite lukraak op politieke en ekonomiese gronde geneem word, en gewoonlik die sentimente van die regerende party van 'n land weerspieël. Dit is al deur die geskiedenis bewys dat besluite rakende taalaangeleenthede deurlopend deur die verloop van 'n volk se geskiedenis geneem word. Van werklike doelwitstelling en -bereiking is daar nie sprake nie.

En dit is as gevolg van dié lukrake houding dat dit moeilik is om te besluit of taalbeplanningsaangeleenthede werklik tuis hoort onder taal, politiek, ekonomie, sosio-kultuur of selfs godsdiens.

Om hierdie rede word sterk standpunt ingeneem dat, ter wille van die identifikasie, analise en oplos van taalprobleme, allereers bepaal moet word of hulle werklik tuis hoort binne die taalraamwerk en of die taalsituasie nie bloot simptomaties is van sosio-kulturele probleme van die tydsgewrig nie. Eers nadat dié verhouding bepaal is, kan op 'n behoorlike georganiseerde werkwyse vir taalbeplanning besluit word.

2.4.3 DOELSTELLINGS VAN TAALBEPLANNING

Die belangrikheid van duidelik omlynde doelstellings binne die taalbeplanningsproses, lê daarin dat wanneer geen gestruktureerde doelstellings bestaan nie, die probleemoplossende pogings nie suksesvol kan verloop nie, omdat daar geen meetinstrument daarvoor geskep is nie.

Wanneer taalbeplanning byvoorbeeld áltyd gekoppel gesien word aan die oplos van 'n sosio-politieke probleem van een of ander sosiale groep, loop die taalbeplanningspoging gevaar om as blote politieke instrument in die hande van nie-taalkundiges te beland.

Kortom: doelwitbepaling is van kardinale belang vir die suiwere verloop en suksesvolle evaluering van taalbeplanning.

Voordat daar egter met die stel van doelwitte begin word, moet daar klaarheid oor sekere voorwaardes vir doelwitstelling bereik word (Nahir, 1984:297):

* Verskillende doelwitte kan tegelyk nagestreef word en hulle moet nooit as onderling uitsluitend gesien word nie. Waar daar dan velerlei doelwitte geïdentifiseer word, kan dit waarde hê om sekere doelwitte as primêre doelwitte en ander as sekondêre doelwitte te bestempel. Dit is selfs ook moontlik dat daar oorvleueling tussen die verskillende doelwitte kan bestaan

* Die stel van taalbeplanningsdoelwitte moet gekoördineer word. Indien moontlik, moet slegs een instansie binne 'n sekere spraakgemeenskap verantwoordelikheid aanvaar vir die stel van taalbeplanningsdoelwitte en die implementering en evaluering

daarvan, aangesien teenstrydige doelwitte deur verskillende instansies gestel kan word.

* Taalbeplanningsdoelwitte moet nooit as statiese entiteite gesien word nie. Afhangende van die sosiale omstandighede is 'n voortdurende herformulering van die doelwitte nodig.

In aansluiting by die belangrikheid van behoorlike doelwitbepaling, verdeel Rubin (1984:8) taalbeplanningsdoelwitte in drie algemene kategorieë:

- * talige doelwitte,
- * semi-talige doelwitte,
- * ekstra-talige doelwitte.

TALIGE DOELWITTE word suiwer deur die taalsituasie gemotiveer. Omdat taal 'n sosiale gegewe is wat onlosmaaklik aan sy sprekers verbind is, is dit moeilik om blote linguistiese doelwitte vir taalbeplanning daar te stel. Derhalwe kan dié kategorie nooit alleen in berekening gebring word by taalbeplanning nie.

SEMI-TALIGE DOELWITTE word gemotiveer wanneer die noodsaak vir taalbeplanning nie op suiwer taalkundige oorwegings alleen gemaak kan word nie, maar wanneer sosio-politieke oorwegings ook in berekening gebring word. Volgens Rubin (1984) trek die taal gewoonlik nie alleen die voordeel wanneer semi-linguistiese doelwitte daargestel word nie, maar ook ander sosiale prosesse verbonde aan die taalgemeenskap wat deur die taalbeplanning geraak word. As voorbeeld van taalbeplanning wat op grond van semi-linguistiese oorwegings geneem is, noem Rubin (1984:8) die voorbeeld van die

Russiese besluit dat etniese tale voortaan in die volkseie Siriliese ortografie weergegee word, en nie meer in die volksvreemde Romeinse ortografie nie. Die voordeel wat die taal uit hierdie onderneming trek, is dat moedertaalsprekers nie meer nodig het om 'n nuwe ortografie aan te leer nie. Die politieke voordeel is dat mense aangemoedig word om eerder werke in die volkseie ortografie te lees, as dié in ander Westerse tale.

EKSTRA-TALIGE DOELWITTE kom ter sprake wanneer taalbeplanning geïnisieer word, selfs waar geen taalprobleme geïdentifiseer kan word nie. Gewaande taalprobleme word geskep sodat ander nie-linguistiese doelwitte bereik kan word. As voorbeeld hiervan, noem Rubin (1984:9) die geval van die Hausataal waar twee verskillende spellingstelsels bestaan, bloot om die nasionale verskille van hiedie mense uit te buit. Ook in Rusland het dit gebeur dat verskillende Turkse weergawes vir dieselfde klank opgeteken is, suiwer om die politieke affiniteite van sommige van die sprekers uit te buit.

Die waarde van Rubin se driedeling met betrekking tot doelwitstelling lê daarin dat die evalueringsfase meer sin het. Wanneer doelwitte nie duidelik geformuleer word nie (dit maak nie saak in watter van bogenoemde drie kategorieë dit val nie), kan die uiteindelijke sukses/mislukking van 'n taalbeplanningsonderneming hoegenaamd nie bepaal word nie.

Let ook daarop dat dit amper onmoontlik is om bloot een doelwit te hê wat 'n taalbeplanningsprogram aan die gang sit. Baie ondernemings, baie mense en 'n veelheid

van doelstellings is gewoonlik nodig om 'n enkele projek se sukses te waarborg.

Baie belangrik is die feit dat doelwitbestuur dwarsdeur die hele taalbeplanningsonderneming móét plaasvind.

Volgens Fishman (1984:44 e.v.) is dit moeilik om die doelwitte van taalbeplanning altyd op die man af te omskryf. Die doelwitte wat hy onderskei, is:

- * ontwikkeling,
- * modernisering,
- * verwesterliking.

Die waarde van bogenoemde doelwitte is dat werklike taalverandering daardeur gemonitor kan word. Dit bly egter moeilik om doelwitbepaling binne taalbeplanning in waterdigte kompartemente te plaas. Dit is duidelik dat ONTWIKKELING as doelwit by ontwikkelende tale mag geld, maar dis moeilik om werklik 'n onderskeid tussen MODERNISERING en VERWESTERLIKING ten opsigte van ontwikkelde tale tref.

Ontwikkeling as taalbeplanningdoelwit verwys byvoorbeeld na die uitbreiding van woordeskat deur nuutskeppinge. Verwesterliking impliseer gewoonlik meer verreikende taalbeplanningsaktiwiteite, byvoorbeeld op die terrein van die ortografie, skryfstelsel en selfs hoflikheidsvorme.

Die waarde van hierdie patroonmatigheid van die verskillende doelwitte ten opsigte van taalbeplanning lê daarin dat dit uiteindelik die meting van sukses

vergemaklik. Verder kan wyd uiteenlopende tale se taalbeplanningsprojekte met mekaar vergelyk word en vergelykbare resultate kan verkry word.

Ray (1960) sê dat enige taalbeplanningprojek drie doelwitte in die oog moet hou:

- * effektiwiteit,
- * rasionaliteit,
- * algemeenheid.

EFFEKTIWITEIT verwys na die mate waarin die taalgebruiker die voorgestelde taalverandering sy eie maak. Dit kom daarop neer dat die voorgestelde taalvorme maklik en ekonomies moet wees om te gebruik. Let daarop dat hierdie effektiwiteit nie daarom gaan dat taalvorme noodwendig kort moet wees nie.

RASIONALITEIT dui die mate waarin 'n taal die eise van sy tyd vir intellektuele uitdrukkingsvermoë kan bevredig, aan. Daar moet verder ook gewaak word daarteen om nie meer wóorde as idees te skep nie.

ALGEMEENHEID het te make met 'n individuele spreker se verhouding tot sy gespreksgenote. Nuwe vorme wat deur taalbeplanning daargestel word, moet bevestigend van 'n spreker se selfagting wees en moet hom toelaat om suksesvolle kommunikasie binne gespreksverband te bewerk.

Wanneer Ray se doelwitbepaling hierbo krities onder die loep geneem word, wil dit voorkom of ons hier met sodanige abstrahering te make het, dat hierdie riglyne nie in konkrete doelwitte vergestalt kan word nie.

Daarenteen moet onthou word, dat waar teorie en praktyk (selfs ten opsigte van doelwitbepaling) vir taalbe-

planning nie bymekaar uitbring kan word nie, daar nie van werklike taalbeplanning sprake kan wees nie.

Nahir (1984:295) spreek kritiek teen internasionale taalbeplanners in die algemeen uit, deur te sê dat dit wat hulle (o.a. Haugen, Fishman) as doelwitte sien uiteindelik niks meer is as die stappe ("processes involved") van taalbeplanning is nie.

Hy (Nahir, 1984:297) waarsku dat daar moeite gedoen moet word om taalbeplanningsaktiwiteite en taalbeplanningsdoelwitte uit mekaar te hou. Dit gebeur baie maklik dat eenderse aktiwiteite tot verskillende doelwitte kan lei - prakties gesien, kan gesê word dat presies dieselfde dinge gedoen kan word, ongeag of die taalbeplanners taalherlewing of taalhandhawing in die oog het.

Nahir (1984:299 e.v.) identifiseer elf doelwitte wat gestel kan word by die aanvang van taalbeplanningsaktiwiteite:

1. TAALSUIWERHEID kan twee dinge impliseer:

1.1 Eksterne suiwerheid wat daarop gemik is om 'n sekere taal van buite-invloede te beskerm. Dit wil veral wal gooi teen oormatige leenwoorde wat in tale opspring.

1.2 Interne suiwerheid behels die beskerming van die bestaande standaardtale wat op 'n gegewe stadium gebruik word teen afwykings wat spruit uit die nie-normatiewe gebruik van die kode.

2. TAALHERLEWING is 'n poging wat aangewend word om 'n taal met min moedertaalsprekers sodanig te laat herleef,

dat dit sy plek kan inneem en volstaan in kommunikatiewe prosesse. 'n Suksesvolle voorbeeld van hierdie taalbeplanningsdoelwit vind ons veral in Israel. Daar bestaan egter sekere voorwaardes voordat taalherlewing as taalbeplanningsdoelwit gestel kan word: daar móét 'n ou taal wees wat moet herleef en daar moet sterk historiese en kulturele affiniteite met die ou kultuur in die spraakgemeenskap waarneembaar wees.

3. **TAALHERVORMING** is 'n doelbewuste verandering ten opsigte van sekere aspekte van taal wat daarop gemik is om die gebruik van die taal te vergemaklik.

Dis belangrik dat taalhervorming hier in 'n eng sin verstaan word: dit gaan veral daarom dat taalgebruik in 'n sekere rigting gestuur of gerig word. Uiteraard sal hierdie rigting baie sterk beïnvloed word deur tydsgebonde ideologiese, politieke en kulturele oorwegings.

4. **TAALSTANDAARDISASIE** het direk te make met die status van 'n taal. Dit is daarop gemik om 'n streeks- of ander variant tot taal met hoë funksies verhef te kry. Let daarop dat selfs 'n uitheemse taal as amptelike taal van 'n sekere land aangewys kan word.

Taalstandaardisasie as taalbeplanningsdoelwit geniet wêreldwyd (veral in die ontwikkelende lande in Afrika en Asië) groot aandag.

Alvorens 'n sekere variant of taal tot ampstaal verhef word, moet 'n sewetal oorwegings bekyk word:

- * die demografiese verspreiding en taalsosiologie van die tale/variante onder oorweging,
- * die afgelope geskiedenis van die linguistiese situasie
- veral wat die opvoedkunde en literatuur betref,

- * die inherente struktuur en moeilikheidsgraad van die betrokke taal soos deur taalkundiges beskryf,
- * die politiese, sosiale, ekonomiese en kulturele situasie in die land,
- * die organisasie en struktuur van die opvoedkundige stelsels in die land,
- * die finansiële implikasies van 'n moontlike taalverandering,
- * die mate van meedoënloosheid wat 'n regering sal toon wanneer taalbesluite geïmplementeer moet word.

5. **TAAI.VERS. PREIDING** dui die poging aan wat aangewend word om die aantal taalgebruikers van 'n sekere taal uit te brei ten koste van 'n ander taal. Die wese van taalverspreiding as taalbeplanningsdoelwit lê dus in die hele kwessie van taalverskuiwing, maar met dié verskil dat taalgebruikers deur pogings van buite (met ander woorde wat deur taalbeplanningsorganisasies aangewend word) omgehaal word om 'n ander taal as eerste taal te gebruik.

Politiese oorwegings in veral twee- en multitalige situasies speel hier 'n kardinale rol, omdat die keuse van ampstaal dikwels val op dié taal wat as voertuig dien van 'n regering se gevoel van politieke uniformiteit.

6. **LEKSIKALE MODERNISASIE** behels die skep van nuwe woorde wat 'n taal in staat stel om in pas te bly met die snel-ontwikkellende tegnologie. Hierdie taalbeplanningsdoelwit moet as gevolg van internasionale verhoudings, massakommunikasie, verbindingnetwerke en die gevolglike mate waarin begrippe van ander tale oorgeneem word, wêreldwyd prioriteit geniet.

7. **TERMINOLOGIESE STANDAARDISERING.** Die skep van 'n eenvormige terminologiese woordeskat wat verwarring moet voorkom, veral ten opsigte van die natuurwetenskappe

en tegnologie, kan as taalbeplanningsdoelwit gestel word. Net soos met die voorafgaande doelwit (leksikale modernisasie) is terminologiese standaardisasie 'n taalbeplanningsdoelwit eie aan gevestigde standaardtale. 'n Ander aktiwiteit wat kan spruit uit terminologiese standaardisasie as taalbeplanningsdoelwit, is begripsomskrywing waar nuwe begrippe gedefinieer moet word.

8. **STILISTIESE VEREENVOUDIGING** dui op die vereenvoudiging van taalgebruik ten opsigte van die leksikon, grammatika en styl sodat dubbelsinnigheid (veral in die kommunikasie tussen professionele persone en leke) uitgeskakel kan word.

9. **INTERLINGUALE KOMMUNIKASIE** as taalbeplanningsdoelwit dui op die bevordering van linguistiese kommunikasie tussen lede van verskillende taalgemeenskappe, deur óf 'n kunsmatige taal (bv. Esperanto, Fanakalo) óf deur 'n internasionale taal van algemene kommunikasie (bv. Engels) as lingua franca te gebruik.

10. **TAALBEHOUD** as taalbeplanningsdoelwit behels die behoud van 'n sekere taal óf as kommunikasiemedium, óf as kulturele medium, óf as wyse waardeur 'n groep se identiteit uitgedruk word wanneer sy status deur politieke, sosiale, ekonomiese of opvoedkundige sake bedreig word.

Hier word twee soorte behoud aangetref:

10.1 Die behoud van dominante tale. Hierdie doelwit word algemeen aangetref binne taalgemeenskappe wat deur ander tale bedreig word ten spyte van die feit dat dié spesifieke taal 'n groot taalgemeenskap het en deur die grootste groep mense gepraat word. Die bedreiging is gewoonlik ekstern van aard en spruit uit tegnologiese, politieke, akademiese of ekonomies geïnspireerde oorwegings.

10.2 Etniese taalbehoud gaan om die bewaring van 'n minderheids-inheemse taal deurdat sy status verhoog word; dat studie daaroor aangemoedig word en dat die gebruik daarvan gepropageer word. Dis baie belangrik om daarop te let dat taalbehoud nie met taalherlewing verwar moet word nie. Dit gaan hier om maatreëls wat getref word sodat 'n taal nie sekere funksies afstaan nie, terwyl taalherlewing gerig is op die verkryging van funksies.

11. **BYKOMENDE STANDAARDISERING** as taalbeplanningsdoelwit beywer hom vir die standaardisering of modernisering van die bykomende aspekte van taal, byvoorbeeld vingertaal vir dowses, plekname en reëls vir transkripsies met dié doel dat óf dubbelsinnigheid uitgeskakel word, óf kommunikasie daardeur verbeter word óf om by veranderde politieke, sosiale en ander aspirasies aan te pas.

Dis van kardinale belang dat dit wat Nahir (1984:320) as doelwitte sien, nie verwar moet word met wat ander taalbeplanningsteoretici as die prosesse/stappe van taalbeplanning sien nie. Nahir sê wat taalbeplanners moet nastreef, terwyl die ander teoretici (volgens hom) aandui hoe die doelwitte bereik moet word.

Belangrik ten slotte, is die feit dat taalbeplanning nie kan plaasvind wanneer daar nie 'n behoorlike omlyning van doelwitte (op die lang-, sowel as korttermyn) is nie.

2.4.4 TAALPROBLEME

Taalbeplanning geskied eers nadat 'n aantal taalprobleme geïdentifiseer is. Opvallend is dat elke taalprobleem met 'n spesifieke taalbeplanningsproses verband hou. (Sien Cooper, 1984:18 e.v.)

Die volgende taalprobleme is die algemeenste:

2.4.4.1 KODE-SELEKSIE

Hierdie probleem lê gewoonlik op nasionale vlak, wanneer 'n keuse gemaak moet word tussen kompeterende tale of variëteite vir verskillende funksies. Om hierdie probleem op te los, moet taalbeplanners hulle besig hou met beleidsmakingsoplossings.

2.4.4.2 KODIFIKASIE

Wanneer die taalprobleem streeksgebonde is, byvoorbeeld wanneer stabilisasie gesoek word vir 'n sosiolinguistiese variant wat tot standaardnorm verhef moet word, is kodifikasie ter sprake. Taalbesluitnemings wat dan geneem word, raak die kodifikasie of standaardisasie van 'n spesifieke variëteit. Om een variëteit tot standaardtaal verhef te kry, moet een van die volgende dinge gebeur (Cooper, 1984:18):

- * Een variëteit word bloot tot standaardtaal verhef.
- * 'n Lingua franca kan saamgestel word uit die bestaande variëteite.

Belangrik hier is dat taalbeplanners voorsiening moet maak vir woordeboeke, spellyste, grammatikas en uitspraakgidse. Kodifikasie vorm van die belangrikste probleme wat deur taalbeplanners opgelos moet word.

2.4.4.3 UITBREIDING VAN KENNISVELDE

Wanneer die tegnologie ontwikkel en nuwe kennisvelde geskep word, kry taalbeplanners hiermee te doen in dié sin dat voldoende woordeskat geskep moet word. Hierdie probleemoplossende aktiwiteit maak, tesame met kodifikasie, van die belangrikste werk van taalbeplanners wêreldwyd uit - daar bestaan selfs sentrums vir woordeskatuitbreiding.

2.4.4.4 KULTIVERING

Taalbeplanners kan hulle ook met kultivering besig hou, daarin dat gewerk word aan differensiasie-moontlikhede tussen verskillende registers en dat uitsluitel gegee word tussen taalkorrektheid en taalstyl. In die praktyk kom dit onder andere daarop neer dat kreatiewe skryfwerk in 'n sekere variëteit/taal aangemoedig word.

Hierdie verskillende taalprobleme veroorsaak onmiddellik dat daar verskillende soorte taalbeplanning onderskei word: beleidmakende taalbeplanning, kodifiserende taalbeplanning, uitbreidende taalbeplanning en kultiverende taalbeplanning. Elke probleem genereer 'n ander soort taalbeplanningsbestuurstyl.

Fishman (1974:79) maak 'n opsomming van die verskillende soorte taalbeplanning, soos dit

deur vooraanstaande taalkundiges en kenners van taalbeplanning gesien word:

Let daarop dat die identifisering van die verskillende soorte taalbeplanning ten nouste saamhang met die verskillende taalprobleme wat opgelos moet word.

* Beleidmakende taalbeplanning hang saam kodeseleksie. Dit loop gewoonlik uit op amptelike beleidmaking rakende taalaangeleenthede deur die regering van die dag.

* Wanneer die bestaande gekose taalkode gestabiliseer en uitgebou moet word, is die taalbeplanning met kodifikasie gemoeid, deur die daarstel van grammatikas, spellyste, uitspraakwoordeboeke en ander korpuswerksaamhede.

* Wannneer die probleem dié is van snelle tegnologiese vooruitgang wat binne 'n taal geakkommodeer moet word, behels die taalbeplanning die uitbreiding en ontwikkeling van die vaktaalterminologie.

* Wanneer die probleem dié is van differensiëring van 'n spesifieke variëteit bo ander, behels die taalbeplanning die kultivering van dié spesifieke variëteit aan die hand van die aanmoediging en bekroning van kreatiewe skryfwerk binne dié variëteit.

Daar bestaan 'n noue opeenvolgingsverband tussen die verskillende tipes taalbeplanning. Ontwikkelande lande wat nog nie 'n neergelegde skryfstelsel/ortografie het nie, sal hulle grootliks bemoei met die eerste tipe taalbeplanning waar dit om beleidmaking gaan; terwyl ontwikkelde gemeenskappe begaan sal wees oor taalbeplanning wat met kultivering gepaard gaan en waar spesifiek gekonsentreer word op die neerlegging van 'n selfstandige en waardige letterkunde.

Dit moet duidelik gemaak word dat bogenoemde verskillende tipes taalbeplanning nooit los gemaak kan word van mekaar nie. Dit moet as 'n kontinue proses gesien word waar die een soort as't ware in die volgende oorgaan.

In teenstelling met bogenoemde sienings oor die soorte taalbeplanning, wat inderwaarheid maar net die stappe van die totale hiërargiese proses van taalbeplanning bedoel, onderskei Ferguson (1968:27-37) ook nog taalontwikkeling hierby .

Ferguson sien dit s6 dat taalbeplanning, en dan spesifiek taalontwikkeling, verband hou met die sosiale verbondenheid van 'n sekere stap/proses binne die stadias van taalbeplanning. Hy verbind dus die sosiale karakter van taal aan elke stap van taalbeplanning.

2.5 MIKRO- EN MAKROVLAKTAALBEPLANNING

Prinsloo (1986:267) definieer makrovlaktaal-beplanning as die "georganiseerde nastrewing van doelwitte wat daarop gemik is om taalprobleme landswyd die hoof te bied en om uitdagings op taalterrein te ontgin".

Die volgende diagram, effens aangepas uit Kennedy (1982:268) bied verklaring vir die verskillende vlakke van taalbeplanning:

Vlak van taalbeplanning	
Makro-taalbeplanning	1. Regering
	2. Ministerieel
	3. Streeksowerheid
	4. Organisasie/Instelling
Mikro-taalbeplanning	5. Plaaslike tak/departement

Makro-taalbeplanning verwys na taalbeplanningsaktiwiteite wat uiteindelik moet uitloop op 'n taalbeleid (hetsy dit op nasionale, streeks- of plaaslike vlak is). Staatkundig gesien is makro-taalbeplanning 'n aangeleentheid wat op die ou end deur die regering van 'n land deurgevoer moet word in die vorm van nasionale taalbeleidsbesluite. In teenstelling hiermee is mikro-taalbeplanning gemoeid met taalbeplanning op plaaslike vlak.

Op meer sosio-kulturele terrein beskou, het mikro-taalbeplanning te make met die rolafbakening van kultuurorganisasies en ander instellings wat hulle met taalbeplanningsaktiwiteite bemoei (Van Rensburg, 1986:255). Wanneer sodanige oranisasies of instellings op gekoördineerde wyse saamwerk tot die daarstel van 'n taalbeleid vir 'n sekere taal in 'n sekere streek of land, is hulle met makro-taalbeplanning besig.

Werklike resultaatgeoriënteerde taalbeplanning op makrovlak kan alleen plaasvind, indien die mikrovlaktaalbeplanning behoorlik deurgevoer word.

Wanneer die onderskeid mikro-/makrovlaktaalbeplanning op Afrikaans toegepas word, kan gesê word dat die taalprojekte van organisasies of instellings soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die FAK, ATF, ATKV, ATKB, SAUK as mikrovlaktaalbeplanning geklassifiseer kan word. Sodra hierdie organisasies of instellings inspraak geniet waar dit op munisipale-, streeks- of landsvlak taalbeleidsbesluite raak, is daar sprake van

makrovlaktaalbeplanning deur hierdie organisasies of instellings.

Dit moet baie duidelik gestel word dat die teorie van taalbeplanning by mikro- en makrovlaktaalbeplanning steeds dieselfde is, maar dat die omvang daarvan verskil.

2.6 GESENTRALISEERDE EN GEDESENTRALISEERDE TAALBEPLANNING

Tollefson (1981) onderskei twee verskillende benaderingswyse ten opsigte van die praktyk van taalbeplanning: * gesentraliseerde taalbeplanning,
* gedesentraliseerde taalbeplanning.

Hierdie onderskeid spruit uit die besluitnemingsprosesse wat te make het met taalprobleme. Die begrippe gesentraliseerde/gedesentraliseerde taalbeplanning verwys eerstens na die mate van inspraak wat gelewer word wanneer 'n nasionale taalbeleid geformuleer en geïmplementeer word, en tweedens na die omvang (op plaaslike, streeks- en nasionale vlakke) van wat die uiteindelijke resultaat van die taalbeplanningsaksie gaan wees.

Dit moet duidelik gemaak word dat suiwer gesentraliseerde taalbeplanning teenoor suiwer gedesentraliseerde taalbeplanning nie bestaan nie. Taalbeplanning kan hoogstens meer kenmerke van die een of ander soort hê.

Gesentraliseerde taalbeplanning word gekenmerk deur die alleeninspraak van die regering/eerstevlakbestuur in die bepaling van prioriteite en doelstellings vir taalbeplanning. Gedesentraliseerde taalbeplanning verwys na taalbeplanningsprosesse wat berus op 'n direkte en

onmiddellike inspraak van plaaslike organisasies of instellings op die nasionale vlak.

Ter wille van 'n wetenskaplike onderskeid tussen hierdie twee benaderings van taalbeplanning, onderskei Tollefson (1981:177) drie vlakke van vergelyking:

- * Aard van beplanningstruktuur.
- * Aanpassingsmoontlikhede in die beplanning.
- * Beplanningsperspektiewe.

Gesentraliseerde taalbeplanning word gekenmerk deur:

- * 'n Nou verweefde beplanningstruktuur.
- * 'n Rigiditeit in die mate waarin beplanning aangepas kan word.
- * Oorwegend makro-beplanningsperspektiewe.

Doelwitte en strategieë word sentraal deur hoofbesture of eerstevlakamptenare beplan en word op outoritêre wyse deurgevoer na die tweede en derde vlakke sodat implementering kan plaasvind. Terugvoergeleenthede van die derde en tweede vlakke terug na die eerste is nie gereedlik moontlik nie.

Gedesentraliseerde taalbeplanning word gekarakteriseer deur:

- * 'n Losse beplanningstruktuur.
- * 'n Hoë mate van aanpassingsmoontlikhede van die aanvanklike beplanning.
- * Oorwegend mikro-beplanningsperspektiewe.

Die losse beplanningstruktuur van gedesentraliseerde taalbeplanning lê in die demokratiese siening van taalbeplanning. Die taalbeplanningsliggame/-instansies op die tweede en derde vlak vertoon 'n outonomie in hul taalbeplanningswerkzaamhede. Die moontlikheid mag selfs bestaan dat dat plaaslike organisasies ánder doelwitte en

wyses van implementering mag hê as die sentrale taalbeplanningsliggaam op die eerste vlak, maar dat dieselfde breë doelstelling nagestreef word.

Van Rensburg (Van Rensburg, 1990:28-9) tref 'n onderskeid tussen 'n administrasiegerigte taalbeplanningsmodel wat gesentraliseerd te werk gaan en 'n behoeftegerigte taalbeplanningsmodel wat gedesentraliseerde kenmerke vertoon.

Die waarde van hierdie teoretiese onderskeiding lê in 'n vergemakliking van die uiteindelijke evaluering van die taalbeplanningsituasie in Suid-Afrika.

2.7	DIE	VERSILLEDE	SOORTE	TAALBEPLANNING
	GEDERTERMINER	DEUR DIE	AARD VAN	DIE BEOOGDE
	TAALVERANDERING			

2.7.1 BEGRIPSOMSKRYWING

Taalbeplanning kan in soorte geklassifiseer word op grond van die aard van taalverandering wat gemanipuleer moet word.

Die twee soorte taalbeplanning wat hieruit volg, is:

- * Korpusbeplanning.
- * Statusbeplanning.

Hierdie soorte taalbeplanning hang saam met die vraag of die vorm van die variant/taal moet verander; en of die funksies van die bepaalde variëteit/taal uitgebrei moet word.

Haugen (1966:17) sê dat alle taalprobleme herlei kan word na probleme rakende die vorm en die funksie van 'n taal. Met vorm word die taalstruktuur in ál sy fasette (sintaksis, morfologie, fonologie, leksikologie, semantiek, ortografie) bedoel; en met funksie word die veelheid van gebruike waarin die taalstruktuur kan manifesteer, bedoel.

Korpusbeplanning sal dan fokus op die vorm van die taal, terwyl statusbeplanning vir die funksie van 'n taal of variëteit sal beplan.

Cobarrubias (1983b:42) sê dat die verskil tussen korpus- en statusbeplanning die eerste keer deur Heinz Kloss in 1969 aangedui is. Met korpusbeplanning verwys hy na alle vlakke van die gesproke of geskrewe taal ten opsigte van taalstruktuur. Dit is dus duidelik dat die hele struktuur of die liggaam of die korpus van 'n bepaalde taal/variëteit aan verandering onderwerp word.

Statusbeplanning, daarteenoor, konsentreer op die funksies van 'n bepaalde taal/variëteit: met ander woorde watter funksievlakke 'n sekere taal beklee en watter hy kan wen in vergelyking met kompeterende of ander tale. Statusbeplanning is ook gemoeid met die taalbehoeftes van 'n sekere taalgroep.

Hoewel dit só is dat die onderskeid tussen status- en korpusbeplanning nie sonder bepaalde probleme verloop nie, sê Cobarrubias (1983b:42) dat hierdie onderskeid pertinente heuristiese waarde het. Een voordeel van hierdie onderskeid lê daarin dat dit 'n subdisipline (nl. taalbeplanning) wat nie altyd bo wetenskaplike verdenking staan nie, in maklik kategorieerbare en ontleedbare entiteite verdeel.

Hierdie tweedeling se bedoeling was aanvanklik om taalvernuwing wat gerig is op taalfunksies van 'n bepaalde taalgemeenskap, te skei van taalvernuwing wat spesifiek te make het met die taalstruktuur van 'n taal/variëteit.

Opvallend in verband hiermee, is ook die feit dat waar taalfunksies ter sprake kom, daar dikwels ekstra-/buitetalige faktore is wat daartoe lei dat die taalstruktuur verandering begin vertoon. Hierdie tweedeling het dus tot gevolg dat die invloed van talige, nie-talige en semi-talige faktore ten opsigte van taalbeplanning duidelik geïdentifiseer word.

Statusbeplanning ontvang nie in die taalbeplanningsliteratuur soveel aandag soos korpusbeplanning nie. Daarom is dit belangrik dat taalbeplanners behoorlik sal beplan en veral sal navors watter ekstratalige faktore bepaal hoekom tale sekere funksies verloor ten koste van ander tale.

Dit is belangrik om op daarop te let dat die tweedeling tussen korpus- en statusbeplanning nie impliseer dat hierdie twee soorte taalbeplanning onafhanklik van mekaar uitgevoer kan word nie. Besluite wat ten opsigte van die een geneem word, het gewoonlik implikasies op die ander. Om hierdie rede kan korpus- en statusbeplanning nooit los van mekaar gesien word nie.

Die interafhanklike karakter van korpus- en statusbeplanning lê daarin dat 'n sikliese opeenvolgingspatroon tussen die twee gevolg word. Soms word statusbeplanning deur korpusbeplanning voorafgegaan, byvoorbeeld wanneer 'n ondersoek na standaardisasie gedoen word om te

bepaal of 'n sekere variëteit se taalfunksies verhoog kan word. Dit gebeur ook dat korpusbeplanning deur statusbeplanning voorafgegaan word, byvoorbeeld waar veranderinge in die korpus van 'n taal lei tot verhoging van die funksievlakke van 'n taal, en dit dui op statusbeplanning.

Rubin (1983:340) spreek haar bedenkinge uit oor die werkbaarheid van die tweedeling status-/korpusbeplanning. Die rede hiervoor is die feit dat taalbeplanning wat tradisioneel as statusbeplanning deurgaan, van naderby eerder na korpusbeplanning lyk, of dat dit eerder gemoeid is met die toewysings van die gebruik van taal. Die rede vir hierdie terminologiese verwarring lê waarskynlik in die feit dat wanneer taalgebruiksveranderinge intree, hierdie verandering kunsmatig verhaas word wanneer taalstatus verhoog word.

Die begrip "statusbeplanning" is volgens Rubin (1983:340) misleidend, omdat Kloss aanvanklik bedoel het dat dit moet verwys na die verwerwing van taalregte. Dis onregverdig om alle taalbeplanning wat gemoeid is met die "language allocation"/toewysing van taalgebruik, as statusbeplanning te bestempel.

Die vraag word gevra of die onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning nie dalk al sodanig vervaag het, dat dit haas nie meer aantoonbaar is nie (Rubin, 1983:341). Impliseer verandering in grammatika of spelreëls nie outomaties 'n verandering in taalstatus nie? Sy beveel aan dat die tweedeling nie meer korpus- en statusbeplanning moet heet nie, maar korpusbeplanning teenoor taalgebruikstoewysingbeplanning.

Vir die doeleindes van hierdie studie word die tweedeling tussen korpus- en statusbeplanning steeds gehandhaaf.

2.7.2 KORPUSBEPLANNING

Daar word dikwels in die taalbeplanningsliteratuur na korpusbeplanning verwys as die instrumentalistiese benaderingswyse tot taalbeplanning (Van Der Merwe, 1989:2). Cobarrubias (1983a:21) sê dat korpusbeplanning dikwels te midde van 'n gespanne atmosfeer van verandering en konflikterende lojaliteite, belangstellings, oortuigings en lewensbeskouings plaasvind:

Aan die een kant word nuwe taalvorme se vestiging byvoorbeeld deur kliënte bewonder en begeer, maar aan die ander kant gebeur dit dalk dat die vorme self nie met die tyd tred hou nie. Om hierdie rede is werklike suksesvolle korpusbeplanning 'n baie delikate proses wat met baie buitetalige sosiale faktore rekening moet hou.

Haugen (1983:270) vertolk korpusbeplanning, as:

1. Standaardisasieprosedures
 - 1.1 ortografisering
 - 1.2 grammatisering
 - 1.3 leksikalisering
2. Funksionele uitbreiding
 - 2.1 terminologiese modernisering
 - 2.2 stilistiese ontwikkeling van taal

2.7.2.1 STANDAARDISASIEPROSEDURES

Kodifisering gaan basies daarom dat stabilisasie gesoek word vir 'n taalvariant wat as standaardvorm verhef moet word. Dit wil voorkom of hierdie tipe korpusbeplanning hoofsaaklik in ontwikkelende lande sal plaasvind, waar 'n spesifieke taalvorm nog gevestig moet word. Die eerste stap hier, is ortografisering waar 'n skryfstelsel gevestig moet word en keuses gemaak moet word wat nou verband hou met die taalstruktuur: spelreëls, uitspraakreëls, letterreepverdeling, hooflettergebruik, ensovoorts. Hier moet belangrike besluite geneem word, verkieslik deur 'n taalkundiges wat hulle sê word is.

Hierna volg gewoonlik die grammatiseringsfase waar die grammatika van 'n ontwikkelende taal opgeteken moet word. Hoewel grammatikas van veral tale wat nog nie 'n skryftradisie het nie, gewoonlik voorskrywend is, behoort grammatika-optekening eerder beskrywend te wees. Daar moet reeds op hierdie vroeë stadium van taalbeplanning met 'n normvariant gewerk word, wat uiteindelik tot standaardtaal verhef sal kan word.

Uiteindelik volg leksikalisering of die optekening van woorde in 'n taal. Hierdie afdeling van korpusbeplanning vorm by uitstek die grootste werk van taalbeplanners wêreldwyd. Net soos by grammatikalisering, behoort leksikalisering eerder beskrywend as voorskrywend te wees.

Dit is ten slotte duidelik dat daar tydens korpusbeplanning met die vorm van die taal gewerk word, met uiteindelijke doel, die daarstel van 'n NORM.

2.7.2.2 TAALUITBREIDING

Taaluitbreiding ressorteer ook onder korpusbeplanning. Waar standaardisasieprosedures veral van toepassing was op ontwikkelende taalgemeenskappe, vind taaluitbreiding/-vaslegging as vorm van korpusbeplanning veral binne ontwikkelde taalgemeenskappe plaas.

Anders gestel: taalvaslegging voer die norme wat tydens standaardisasieprosedures vasgelê is, 'n entjie verder. Hieronder word nie net die blote uitbreiding van tegnologiese terme nie verstaan nie, maar ook die elastisiteit van taal sodat dit die emosionele, verbeeldingryke en intellektuele belewenisse van mense kan akkommodeer.

Dit moet duidelik verstaan word dat korpusbeplanning 'n absolute voortgaande proses is. Indien korpusbeplanning vir 'n dinamies-lewende taal uitgevoer word, mag sy taak nooit as afgehandel beskou word. Tale waarin dit nie plaasvind nie, kan seker wees van die verhaasde kwyning daarvan.

Indien 'n ontwikkelde taal dus nie voortdurend steeds met korpusbeplanning bly voortgaan nie, loop hy die gevaar om sy status te verloor en van sy funksies prys te gee.

2.7.3 STATUSBEPLANNING

Daar word in die literatuur na statusbeplanning verwys as die sosiolinguistiese benadering tot taalbeplanning (Van der Merwe, 1989:2).

Hierdie vorm van taalbeplanning word deur Haugen (1983:275) as taalkultivering bestempel. Die norm wat in die eerste vorm van korpusbeplanning geïdentifiseer en ontwikkel is, moet verfyn word sodat dit in gebruik kan toeneem. Taalbeplanningsteoretici (Cobarrubias, 1983b:43) verklaar dat die konsep van statusbeplanning dikwels moeilik verstaanbaar is.

Haugen (1983:275) verstaan die volgende onder statusbeplanning:

1. Keuse en besluitnemingsproses
 - 1.1 Identifikasie van taalprobleem
 - 1.2 Toewysing van taalnorm
2. Implementering
 - 2.1 Korreksieprosedures
 - 2.2 Evaluering

2.7.3.1 BESLUITNEMINGSPROSES

Hierdie besluit wat ten opsigte van taal geneem word, volg gewoonlik op 'n taalprobleem wat geïdentifiseer word. Wanneer byvoorbeeld besluit word dat Taal A Taal B as amptelike taal moet vervang, geskied dit slegs nadat 'n bepaalde taalprobleem raakgesien is wat hierdie besluit gemotiveer het. Volgens Haugen

(1983:270) gaan dit in die eerste plek hier om 'n botsing tussen taalnorme wat uitgestryk moet word.

Hierdie hele besluitnemingsproses raak gewoonlik 'n hele taalgemeenskap: die gemeenskap sowel as sy leiers sien 'n taalprobleem raak en dit word op die spits gedryf deur die gemeenskapsleiers wat nuwe norme vir taalgebruik voorstel om die probleemareas só uit die weg te ruim.

Statusbeplanning het in 'n groot mate te make met beleidsbeplanning, omdat 'n spesifieke taalvorm of hele taal 'n sekere status/aansien nie geniet nie, of geniet binne 'n sekere taalgemeenskap. Hierdie vorm van statusbeplanning hoef nie noodwendig deur 'n sekere taalbeplanningsliggaam uitgevoer te word nie. Dit gebeur tewens ook dat spesifieke taalvorme deur individue geskep word en later sprekend word van 'n sekere taalgemeenskap en 'n sekere taalstatus geniet, al is dit nie normatiewe spraak nie. Let ter illustrasie op hedendaagse Afrikaanse vorme soos huidiglik, probleme aanspreek.

2.7.3.2 IMPLEMENTERING

Implementering volg nadat 'n keuse ten opsigte van 'n sekere taalvorm gemaak is en dit gekodifiseer is. Skrywers, kultuurinstansies en regerings speel 'n belangrike rol tydens hierdie fase. Hulle moet die nuutgekose taalvorm of taalvorme aanvaar, gebruikswaarde en uiteindelik taalstatuswaarde daaraan toeken. Dit gebeur hoofsaaklik deur die geskrewe woord: boeke, koerante, pamflette, tydskrifte en handboeke moet in dié spesifieke taalkode verskyn om statuswaarde daaraan te kan verleen. Massakommunikasiemedie soos die

radio en televisie moet dié kode as voertaal gebruik; dit moet deur wetgewing in howe, kerke en skole gebruik word - kortom, daar moet hoë taalfunksies aan die spesifieke variëteit verleen word.

Hoewel die indruk geskep mag word dat slegs ontwikkelende lande hulle met statusbeplanning besig hou, gebeur dit ook in gevestigde taalgemeenskappe. In ontwikkelde lande vind statusbeplanning plaas wanneer die posisie van kleiner nie-amptelike tale in heroorweging geneem word. In Kanada het dit gebeur dat die amptelike status van Frans in 1969 herbevestig is, nadat dit geblyk het dat hierdie taal taalstatus begin verloor het ten gunste van Engels (Rubin, 1983:331).

Statusbeplanning kom algemeen in die opvoeding voor waar besin moet word oor voertaalkwessies. Tog ressorteer kwessies soos die besluite rakende die taal in die handelswêreld en werkgewers/werknemerstaal ook onder statusbeplanning.

Volgens Rubin (1983:333) geniet die saak van die veranderde siening van taalprobleme die afgelope jare aandag onder statusbeplanning. Taalstatus, en dan spesifiek sake rondom amptelike tale, omgangstale en lingua francas is vroeër as aparte probleme bestempel, maar deesdae word die probleem rondom taaltoewysing/taalkeusebesluite gesien as 'n komplekse een waar alle taaltipes in 'n land of streek saam in ag geneem moet word, voordat 'n statusbesluit geneem kan word.

Variëteite of tale moet altyd in vergelyking met en in samehang met al die variëteite of tale in dieselfde taalgemeenskap gesien word, alvorens 'n taalstatusbesluit geneem kan word.

Die belangrikheid van die betrokkenheid van die kliënte (dit is die teikengroep taalsprekers op wie taalbeplanning gemik is) by statusbeplanning, kan nie onderskat word nie (Rubin, 1983:334). Hulle is immers die mense wat die nuwe taalvorme hulle eie moet maak, en wat 'n taalloyaliteit teenoor die nuwe vorme moet aankweek.

2.7.4 HULPBRONBEPLANNING

Die ontwikkeling van die bestuurswetenskappe in die afgelope jare het die noodsaak van "beplanning vir taalbeplanning" (sien Karam, 1974:112) op die voorgrond gebring. Reeds in 1963 het Robert G. Armstrong bepaal watter mobilisasie van hulpbronne nodig is om van 'n omgangstaal 'n amptelike voertaal te maak. Hulpbronne wat hier ter sprake is, is gemeet in terme van tyd, geld en mannekrag. - Iemand moet immers in verband met taalbeplanning die werk doen en iemand moet daarvoor betaal.

Belangrik ten opsigte van hulpbronbeplanning, benewens die ekonomiese sy daarvan, is die verband wat dit het met die geantisipeerde en/of werklike afloop van die taalbeplanningsproses. Op hierdie manier word die werklike afloop in terme van rand en sent en beskikbare mannekrag gemeet.

Sommige taalkundiges (Karam, 1974:112; Du Plessis, H. 1989) sien hulpbronbeplanning as 'n selfstandige soort taalbeplanning naas korpus- en statusbeplanning. Hierdie tipe taalbeplanning hou met die beskikbaarheid

van hulpbronne (d.i. mannekrag, finansiering) tydens 'n taalbeplanningsprogram verband.

Dit wil voorkom of hulpbronbeplanning eerder 'n inherente deel van enige taalbeplanningprogram is (ongeag of dit korpus- of statusbeplanning is) en nie werklik 'n aparte tipe taalbeplanning nie. Dit kan in werklikheid hoegenaamd nie daarvan losgemaak word nie. Met die beskouing van hulpbronbeplanning as selfstandige tipe, mag die indruk gewek word dat dit byvoorbeeld nie nodig is om vir hulpbronne by korpus- en statusbeplanning voorsiening te maak nie.

Die waarde van die onderskeid van hulpbronbeplanning lê daarin dat dit verdere struktuur aan die hele idee van taalbeplanning gee.

Hulpbronbeplanning kan inderwaarheid as van die eerste stappe van enige taalbeplanningsprojek beskou word. Nog voordat daar met korpus- of statusbeplanning begin word, moet eers bepaal word watter hulpbronne beskikbaar en watter gemobiliseer moet word vir die suksesvolle verloop en afloop van die projek.

Net soos evaluering is dit nodig dat hulpbronbeplanning deurlopend uitgevoer word.

2.8 STAPPE IN DIE TAALBEPLANNINGSPROSES

2.8.1 AGTERGROND

Ongeag die soort taalbeplanning wat ter sprake is, en deur watter taalprobleem dit gemotiveer word, dieselfde aantal stappe word deur die loop van die proses gevolg.

(Vergelyk Hoofstuk 7 vir 'n toepassing van 'n tipiese beplanningsproses binne die bestuurwetenskappe op die taalbeplanningspraktyk.)

Rubin (1984:6) onderskei 'n viertal stappe in elke taalbeplanningsproses. Sommige van die stappe kan weer onderverdeel word:

1. Inligtingsversameling
2. Teoretiese beplanning
 - 2.1 Bepaling van doelwitte
 - 2.2 Bepaling van strategieë/werkwyse
 - 2.3 Antisipering van gevolge van taalbeplanningspoging
3. Implementering
4. Evaluering/terugvoer

2.8.2 INLIGTINGSVERSAMELING

Inligtingversameling beteken dat die taalbeplanner alles in sy vermoë moet doen om die taalsituasie te ontleed wat as probleemarea geïdentifiseer is.

Maar dit gaan hier bepaald om meer as net die taalsituasie:

- * hy moet weet wat die behoeftes van die teikengroep is vir wie beplan moet word;
- * hy moet hom vergewis van die sosiolinguistiese omgewing waarvoor beplan moet word;

- * hy moet weet wat die heersende taalgebruikspatrone is;
- * baie belangrik is dat hy deeglik moet kennis neem van die wyse waarop die taalbeplanningsaksie verband hou met ander voortgaande sosio-ekonomiese en -politiese prosesse;
- * hy moet hom ook vergewis van ander taalbeplanningsaksies wat moontlik geloods is en wat hulle waarde is.

2.8.3 TEORETIESE BEPLANNINGSFASE

Tydens die teoretiese beplanningsfase word 'n sekere mate van besluitneming deur verskillende persone uitgevoer. Allereers moet 'n prioriteitsbepaling gedoen word en daarna word doelwitte wat met taalbeplanning verband hou, bepaal.

Volgens Rubin (1984:6) vind doelwitbepaling op verskeie vlakke plaas:

Algemene doelstellings word eers deur byvoorbeeld 'n regering bepaal en opdragte in verband hiermee word aan sekere verantwoordelike persone toegesê vir implementering.

Daarna word 'n spesifieke taalbeplanningsopdrag aan 'n sekere liggaam opgedra wat weer op sy beurt spesifieke doelwitte bepaal.

By die opstel van die doelwitte moet onder andere ook die beskikbaarheid van fondse in berekening gebring word. Daarby kan doelwitte nie bepaal word voordat die plaaslike taalsituasie deeglik in oorweging geneem is nie. Waardevol tydens hierdie doelwitbepalingsfase, is die voorspelling van die afloop of gevolge van die hele

taalbeplanningsprojek. Hierdie aspek vergemaklik die uiteindelijke evalueringsfase aansienlik.

2.8.4 IMPLEMENTERING

Die implementeringsfase in die taalbeplanningsproses is baie belangrik in dié sin dat dit dien as maatstaf van die sukses aldan nie van die doelwitbepalingsfase. Dis op hierdie punt dat 'n hele taalbeplanningsprogram kan faal of sukses behaal.

Tydens hierdie fase word 'n aantal opeenvolgende stappe onderskei:

- * mobilisasie van hulpbronne;
- * algemene finansiële en personeelbestuur ten opsigte van taalbeplanning;
- * motivering van en toesig oor die persone wat met die taalbeplanningsprogram se bestuur en sy doelwitbereiking gemoeid is;
- * die strukturering en koördinasie van dinge wat ten opsigte van dié spesifieke program met mekaar verband hou (bv. die voorbereiding en opstel van geskrewe stukke in 'n taal wat nog nie as voertaal gebruik is nie).

2.8.5 EVALUERING

Algemene evaluering vind in die volgende gevalle plaas:

- * wanneer oor die algemeen gemonitor word of dinge volgens plan verloop;

- * wanneer die rigting waarin die taalbeplanning beweeg, ontleed word;
- * wanneer spesifieke aspekte in die taalbeplanningsproses noukeurig een-vir-een geëvalueer word.

Die belang hiervan is dat enige taalbeplanner moet weet in watter mate sy taalplan sukses behaal het en waar daar misluk is. Hy moet veral bepaal in watter mate die werklike afloop van die plan verskil of ooreenkom met sy verwagte resultate, en indien dit verskil, hoekom. Die evalueringsfase is verder waardevol omdat die taalbeplanner kan insien waar hy sy werkwyse sal moet verander om sy gestelde doelwit te bereik.

Dit is van kardinale belang dat die evalueringsfase nie as die laaste stap in die taalbeplanningsproses gesien moet word nie, maar dit deurlopend moet geskied. Rubin (1984:7) sluit hierby aan deur te sê dat evaluering op alle stadiums van die taalbeplanningsproses 'n kardinale rol moet speel. Die teendeel gebeur egter: evaluering is dié taalbeplanningsfase wat wêreldwyd die minste aandag geniet.

2.8.6 SAMEVATTING

Bogenoemde uiteensetting van die verskillende stappe in die taalbeplanningsproses dien as teoretiese model vir die praktyk. Dit gebeur egter selde dat selfs goed deurdagte taalbeplanningsprogramme hiermee ooreenstem: doelwitte is dikwels versteek of swak geformuleer, die inligtingsversamelingsfase is nie altyd volledig genoeg nie en die afloop word nie altyd duidelik genoeg geantisipeer nie. Dit is belangrik dat

evaluering direk verband moet hou met die beplannings- en implementeringsfases.

Die indruk moet nie gelaat word dat taalbeplanning as 'n rigiede opeenvolgende proses gesien word waar die stappe gekompartementaliseer word en in 'n sekere volgorde op mekaar moet volg nie. In wese bestaan daar 'n onlosmaaklike interafhanklikheid tussen die verskillende stappe in die taalbeplanningsproses.

Die waarde van hierdie onderskeid tussen die taalbeplanningstappe is dat dit meehelp om taalbeplanning (wat maklik net as 'n emosionele werktuig gesien kan word om sosio-politeke doelwitte te bereik) van 'n teoreties-wetenskaplike en akademies-deurdagte onderbou te voorsien.

Ter wille van volledigheid word die aandag nou gevestig op die verloop van die verskillende stappe in die verskillende soorte taalbeplanning.

2.9. STAPPE IN DIE KORPUSBEPLANNINGPROSES

2.9.1 INLIGTINGVERSAMELING

Wanneer teruggegaan word na die definisie van korpusbeplanning, word dit duidelik dat die hele struktuur van die gesproke en geskrewe taal hierby betrek word. Inligtingversameling ten opsigte van korpusbeplanning sal dus met die totale spektrum van die

taal te make hê. Wanneer daar egter beplan word vir 'n afdeling, byvoorbeeld die uitbreiding van leksikologiese terme, sal daar net ten opsigte van woordeskat inligting ingewin word.

Van der Merwe (1989:7) sê dat elke taalkundige wat hom met watter aspek ookal van strukturele taalnavorsing besig hou, inderwaarheid met die inligtingsversamelingsfase van korpusbeplanning besig is.

2.9.2 DOELWITBEPALING

'n Werkbare hulp ten opsigte van doelwitbepaling vir korpusbeplanning is te vinde in Ferguson (1968) se onderskeid ten opsigte van korpusbeplanning, naamlik ortografisering, standaardisering en modernisering. Afhangende van die bevindinge tydens die inligtingsversamelingsfase, sal besluit word wat die spesifieke doelwitte vir bepaalde taalbeplanningsprojekte sal wees. Daar moet duidelik tydens hierdie doelwitbepalingsfase rekening gehou word met die ontwikkelingspeil van die taalgemeenskap vir wie beplan word. Daarom moet vooraf besluit word of die taalbeplanningsprogram op 'n ontwikkelende of ontwikkelde taalgemeenskap gerig word, want dít sal die uiteindelijke doelwitte bepaal.

Tydens hierdie doelwitbepalingsfase moet daar ook sekerheid wees oor wat presies van die hele taalbeplanningsprogram verwag gaan word en wat die uiteindelijke afloop daarvan sal wees.

Omdat taal 'n dinamiese sosiale gegewe is, moet ook besef word dat dit selfs mag gebeur dat 'n herformulering van doelwitte moontlik mag wees.

Korpusbeplanning word gewoonlik as makrotaalbeplanningsaangeleentheid bestempel, omdat dit vir 'n hele taalgemeenskap beplan, dikwels op nasionale vlak. Waar dit byvoorbeeld gaan om standaardisasie, word gepoog om 'n verandering in die normvariant vir 'n hele spraakgemeenskap te manipuleer.

2.9.3 IMPLEMENTERING

Implementering vir korpusbeplanning hang baie nou saam met die doelwitbepalingsfase, omdat dit gedetermineer word deur die ontwikkelingspeil van die taalgemeenskap vir wie beplan word.

Aktiwiteite soos die hersiening van grammatikaboeke, opstel van woordeboeke en spelreëls hoort tuis onder implementering.

Omdat daar altyd 'n sekere mate van funksiebepaling met die implementering van korpusbeplanning gepaard gaan, word alle vorme van korpusimplementering as statusbeplanning bestempel (Haugen, 1983:275). Die gebruik van 'n sekere kode in skole, kerk, geregshoeve en die werk aan skriftelike publikasies impliseer outomaties dat 'n sekere funksie aan 'n bepaalde kode/variëteit verleen word.

2.9.4 EVALUERING

Hoewel evaluering aan die einde van hierdie taalbeplanningskontinuum gesien word, vorm dit 'n inherente deel, nes hulpbronbeplanning, van elkeen van die fases in die taalbeplanningsproses. Aan die ander kant moet taalbeplanners na afloop van enige taalbeplanningsprojek deeglik besin of die gestelde doelwitte bereik is, aldan nie; en indien nie, hoekom nie.

Evaluering moet in homself ook die funksie behou om te kan herkurrikuleer wanneer die geantisipeerde doelwit nie bereik is nie.

2.10 STAPPE IN DIE STATUSBEPLANNINGSPROSES

2.10.1 INLIGTINGVERSAMELING

Statusbeplanning moet deur 'n deeglike situasieanalise voorafgegaan word sodat alle inligting rakende taalstatus ingewin word.

'n Bruikbare hulpmiddel hier is onder andere sensusgetalle wat 'n goeie verteenwoordigende beeld gee van hoe groot die spraakgemeenskap is waarvoor beplan word.

'n Ondersoek na die stand van tale binne 'n geografiese gebied, kan ook as inligtingversameling vir statusbeplanning beskou word.

Om inligting te versamel vir statusbeplanning is dit belangrik dat die taalhouding, -voorkeure en -afkeure van 'n spesifieke taalgemeenskap bepaal word.

2.10.2 DOELWITBEPALING

Omdat taalstatus direk verbind is aan taalfunksies (Cobarrubias, 1983b:48), sal doelwitbepaling binne statusbeplanning ook direk verband hou met die soeke na hoër taalfunksies vir 'n spesifieke variëteit.

Die spesifieke doelwitte vir statusbeplanning kan onder andere die volgende wees:

- * om 'n sekere taal tot standaardtaal verhef te kry;
- * om funksiewinste vir 'n spesifieke variëteit te verkry deur middel van propaganda en wetgewing.

Statusbeplanning kan ook kort- en langtermyn doelwitte hê. Korttermyn doelwitte sal gewoonlik op mikrovlak (byvoorbeeld op streeksgrondslag) geneem word, terwyl langtermyn doelwitte op die makrovlak gerig sal wees. Van der Merwe (1989:10) sê dat die belangrikste langtermyn doelwit die uiteindelijke bepaling van 'n taalbeleid sal wees. Hierdie langtermyn doelwit is egter afhanklik van die verwesenliking van 'n aantal korttermyn doelwitte op mikrovlak.

2.10.3 IMPLEMENTERING

Die doelwit van statusbeplanning hou gewoonlik onder andere in dat die funksievlakke van 'n sekere variëteit verhoog moet word. Die implementering hiervan is altyd met wetgewing op plaaslike, sowel as op regeringsvlak gemoeid. Voertaalbesluite en taalbeleidsbesluite is voorbeelde van die implementering van statusbeplanning.

Statusbeplanning se implementering sluit egter meer as die wetgewing in verband met taalsake in. Dit kan op subtiële manier die taalgemeenskap se taalhouding deur propaganda manipuleer.

Met implementering word hier dus enersyds wetgewing en andersyds propaganda bedoel.

2.10.4 EVALUERING

Die werklike evalueringsprosesse tussen korpus- en statusbeplanning verskil hoegenaamd nie. Net soos by korpusbeplanning, is dit by statusbeplanning 'n deurlopende proses wat inherente deel van al die fases uitmaak.

2.11 DIE EINDDOEL VAN TAALBEPLANNING

Die allereinddoel van taalbeplanning is dat só 'n ideale taaltoestand geskep sal word dat met die minimum

middele en metodes die maksimum resultate/gevolge gelever kan word (Tauli, 1974:59).

Só 'n ideale taaltoestand moet:

- * só wees dat die taal al die funksies wat nodig is vir doeltreffende kommunikasie (bv. dat gesprekke en insinuerings suiwer sal oorkom), in homself sal kan hou;
- * dié taal moet ekonomies wees, met ander woorde, spreker en aangesprokene moet met die minimum inspanning die boodskap maklik kan oordra en ontvang;
- * dié taal moet 'n estetiese vorm hê, sodat werke van literêre gehalte daarin kan verskyn;
- * dit moet 'n groot mate van elastisiteit hê, met ander woorde, nuwe terminologie en woordeskat-uitbreidings moet met gemak geakkommodeer kan word.

Dit is dus duidelik dat na afloop van voldoende korpus- en statusbeplanning 'n taal of variëteit hierdie ideale toestand kan bereik.

2.12	DIE	PERSONE/INSTANSIES	VERANTWOORDELIK
VIR TAALBEPLANNING			

Hoewel taalbeplanning die voorreg van enige individu is, is dit te betwyfel of almal suksesvolle taalbeplanners sal wees. Haugen (1966a:65) sê dat hoewel daar baie te sê is teen taalkundiges wat betrokke is by taalbeplanningsprogramme, die geskiedenis bewys het dat taalkundiges by alle suksesvolle taalbeplanningsprojekte wêreldwyd betrokke was - òf as konsultante in verband met taalstruktuur, òf as die stukrag agter taalbeplanning.

Hy gee egter toe dat taalkundiges nie altyd die beste toegerus is om taalbeplanning uit te voer nie. Taalkundiges mag s6 behep wees met die taalmeganika dat hulle nie die nuanses van die taal kan waardeer nie.

Taalbeplanning word beslis nie deur net een persoon of instansie uitgevoer nie. Dit is 'n spanpoging, wat as dit tot die einde toe gevoer word, ook die owerheid betrek.

Taalbeplanning moet altyd gebaseer wees op die werk wat deur professionele taalkundiges gedoen word. Dit moet mense wees wat opgelei en onderlê is in die vaardighede om taalkundige inligting te versamel, dit te verwerk en uiteindelik te verwerk. Hierdie taalkundige data moet aangewend word vir die stel van taalbeplanningsdoelwitte.

Dis belangrik dat taalbeplanners primêr om taalkundige redes by taalbeplanning betrokke moet wees en nie primêr as gevolg van een of ander polities-gemotiveerde of ideologiese rede nie.

Dit is egter onmoontlik dat net taalkundiges by taalbeplanning betrokke kan wees. Daar moet ten opsigte van elke fase samewerking bestaan tussen taalkundiges en ander kundige persone (politici, sosioloë, opvoedkundiges), sodat die doelwitte van taalbeplanning maksimaal gedien kan word.

Taalkundiges moet hulle staal kan wys tydens die inligtingsversamelings- en doelwitstellingsfases, sodat die wetenskaplike aanpak van dié spesifieke projek hoë prioriteit geniet. Dit is veral tydens die implementeringsfase dat die hulp van ander kundiges benodig word.

2.13 TAALBEPLANNING GESIEN AS DIFFUSIONELE PROSES

Cooper (1984:19 e.v.) praat van die hele diffusionele proses van taalbeplanning wat uiteindelik resulteer in die manipuleer van bepaalde taalverandering. En in die reël geskied taalverandering slegs as daar van taalbeplanning sprake is.

Met diffusionele proses word die volgende bedoel: **wie** aanvaar **watter** taalvorm, **wanneer**, **waar** gebeur dit, **wat** is die noodsaak daarvan, **hoe** word dit gedoen en **wie** is verantwoordelik vir die uitvoering van die taak?

2.13.1 "WIE"

Hierdie "wie" verwys na die individue van die spraak-gemeenskap op wie die taalbeplanningsprogram gerig is. Dit kan net tot waarde van die taalbeplanningsteorie strek wanneer taalbeplanners hulle vooraf vergewis van die persoonlikheidseienskappe wat aanvaarders van nie-aanvaarders en vroeë aanvaarders van laat aanvaarders in die taalbeplanningsproses onderskei.

Wanneer vooraf 'n teoretiese profiel van kliënte /voornemende aanvaarders van taalbeplanning se persoonlikheidseienskappe getrek word, kan dit veral die beplanningsfase aansienlik vergemaklik. Veranderlikes soos sosio-ekonomiese status (beroep, inkomste, vlak van opvoeding), sosio-kulturele status (ouderdom, geslag) en demografie (ligging, afstand van paaie, afstand van dorpe) mag belangrike inligting aan taalbeplanners deurgee. Ook kan psigo-sosiale veranderlikes (mate van groepslo-

jaliteit, openheid vir verandering, insig in die noodsaaklikheid vir verandering) van groot waarde wees vir taalbeplanning.

2.13.2 PROSES VAN AANVAARDING VAN NUWE TAALVORME

Hierdie "wat" verwys na die mate waarin kliënte nuwe taalvorme as produkte van taalbeplanning aanvaar. Dit gaan dus oor die proses van aanvaarding van die nuwe taalvorme.

Selfs die aanvaarding van nuwe taalvorme geskied in fases:

- * In die eerste plek is daar die bewuswordingsfase wanneer taalgebruikers van nuwe taalvorme bewus word.
- * Positiewe of negatiewe evaluering van die nuwe taalvorme.
- * Dit word gevolg deur 'n tydperk wanneer mense kennis opdoen van die nuwe taalvorme.
- * Daarna volg die frekwente gebruik van die nuwe vorme.

2.13.2.1 BEWUSWORDING VAN NUWE TAALVORME

Potensiële aanvaarders raak bewus van neologismes al weet hulle nie spesifiek wat dit beteken nie.

2.13.2.2 EVALUERING VAN DIE NUWE TAALVORME

Nadat 'n potensiële aanvaarder van 'n nuwe taalvorm bewus geword het, kan hy òf 'n positiewe òf 'n negatiewe houding teenoor die bruikbaarheid van die taalvorm inneem.

Dis interessant dat die evaluering van nuwe taalvorme deur potensiele aanvaarders, baie nou saamhang met hulle oordeel van wat ander mense (bv. die portuurgroep, ouers, onderwysers) van hulle sal dink indien hulle die nuwe taalvorm in hulle woordeskat sou insluit/nie insluit nie (Cooper, 1984:21).

2.13.2.3 KENNIS VAN DIE NUWE TAALVORME

Potensiele aanvaarders slaag gewoonlik daarin om nuwe taalvorme op bevredigende wyse aan te wend. Dit verwys gewoonlik nie na die mate waarin sprekers daarin slaag om dit linguisties korrek te gebruik nie, maar na die korrekte gebruik in kommunikatiewe verband. - Hy moet kan weet om die taalvorm korrek teenoor die regte persoon in die regte gespreksituasie te gebruik, sodat dit die kommunikatiewe interaksie bevorder. Wanneer 'n kliënt nuwe taalvorme op hierdie manier gebruik, het taalbeplanning al ver gevorder!

2.13.2.4. FREKWENTE GEBRUIK VAN TAALVORME

Waar kennis van die nuwe taalvorm gedui het op die moontlikheid om die nuwe taalvorme te gebruik, dui hierdie laaste fase van aanvaarding op die opneem en frekwente gebruik van die nuwe taalvorm in die kernwoordeskat van die taalspreker.

Dis interessant om daarop te let dat nie alle kliënte wat van 'n nuwe taalvorm bewus word, dit gunstig evalueer om in die persoonlike woordeskat op te neem. Nie almal wat eens gunstig daarop reageer, leer dit aan nie, en

nie almal wat dit aanleer, maak dit deel van hulle kernwoordeskat nie.

Wanneer taalbeplanners van ál hierdie verhinderings hoor, besef hulle des te meer presies hóé deeglik daar beplan moet word om taalverandering te manipuleer.

2.13.3 "WAT"?

Om te kan antwoord op die vraag: "Wat moet aanvaar word?", moet weer teruggekom word na die ou onderskeid tussen vorm en funksie. (Let daarop, dat ter wille van die argument aanvaar word dat taalbeplanning hier totale taalvernuwing impliseer.)

VORM verwys hier na die struktuur van vernuwing, en dan verdien veral die volgende sake aandag:

- * die mate waarin die taal wat besig is om veld te wen, struktureel ooreenstem met tale wat reeds aan die aanvaarders/kliënte bekend is;
- * die hoeveelheid stilistiese variëteite wat die normvariant het wat besig is om veld te wen.

Aanvaarders sal 'n variëteit geredeliker aanvaar indien dit struktureel min of meer ooreenstem met die reeds bekende variëteit.

Strukturele ooreenkoms en homogeniteit is twee belangrike begrippe wanneer taalbeplanning totale taalvernuwing in die oog het. Dié begrippe se belangrikheid kan verder omskryf word wanneer gelet word op strukturele kompleksiteit en vereenvoudiging van tale.

Die probleem met kompleksiteit en vereenvoudiging as karaktereienskappe van taalvernuwing is dat dit vir taalbeplanners moeilik is om vooraf te besluit watter vorme maklik sal wees om aan te leer. En dit is al bewys dat dit nie noodwendig die kortste nuwe woorde is wat met die minste artikulêre moeite uitgespreek word, wat eerste deur kliënte van taalbeplanning aanvaar word nie.

Navorsing wat deur Allony-Fainberg in 1977 (sien Cooper, 1984:24) in Jerusalem onderneem is, het bevind dat daar geen verband bestaan tussen die lengte van neologismes en die sukses van aanvaarding deur die kliënte nie. Die aanvaarding van neologismes kan direk verbind word aan die mate waarin dieselfde basiswoord/stam gebruik om soveel nuwe woorde as moontlik te vorm. Neologismes wat afleidings is van stamme waarvan nog 4 of 5 ander woorde afgelei is, is baie meer produktief as neologismes gevorm van stamme wat nie dikwels gebruik word nie, of wat vreeslik baie in die morfologie gebruik word

FUNKSIE verwys hier na die rede hoekom taalvernuwing besig is om veld te wen. Omdat taalvernuwing vir verskillende funksies deur verskillende kanale teen verskillende tempo's en vir die bereiking verskillende effekte plaasvind, is dit bruikbaar om die funksie van vernuwing as 'n aspek van die proses van taalvernuwing te ondersoek. Dit gaan dus in wese daarom om te bepaal watter funksiewinste dié spesifieke taalvernuwing vir die taalgemeenskap gaan inhou.

2.13.4 "WANNEER"?

As gevolg van die komplekse aard (omdat daar so baie sosiale en ander veranderlikes is wat in berekening gebring moet word) van taalbeplanning, is dit moeilik om die tydspan waarin taalvernuwing voltrek word, te bepaal.

Tog is tyd belangrik vir enige taalbeplanningsprojek. Dit is waardevol om tóg 'n teikendatum daar te stel vir die voltooiing van 'n taalbeplanningsprogram. Daarbenewens is dit ook waardevol om interimteikendatums vir spesifieke teikengroepe van die taalgemeenskap daar te stel. Die voordeel hiervan is dat die eie unieke, sosiale aard van elke deel van die teikenbevolking in gedagte gehou word, en dat die tyd vir voltooiing daarvan sal afhang. Verder kan die vordering wat met dié spesifieke taalbeplanningsprojek se implementering gemaak word, baie beter gemonitor en aangedui word. Verloop dinge nie volgens plan nie, is dit ook makliker om te herbeplan.

Deurlopende evalueringsgeleenthede moet definitief aan tydsfaktore verbind wees - maar met inagneming van elke kliëntelaag se eie behoeftes en vermoëns.

Só word taalbeplanning se sukses of mislukking baie meer meetbaar ten opsigte van tyd, mannekrag en effektiwiteit.

Vorderingsverslae van ander taalbeplanningsprojekte kan ook onderling aangewend word om toekomstige taalbeplanning in terme van bedryfskoste en bedryfsduur te bereken.

2.13.5 "WAAR"?

Dit gaan nie hier om die geografiese plek waar die kliënt van taalbeplanning hom bevind, wat 'n rol in sy aanvaardingsproses speel nie, maar om die lokalisering van sosiale verbintenisse wat bepaal hoekom taalvernuwing geslaagd sal wees. - Dit is dus nie die geografiese of fisiese ruimte wat belangrik is nie, maar die sosiale

ruimte wat bepaal in watter mate taalbeplanning geslaagd sal wees.

Belangrik dus, is die mate waarin taalvernuwing sosiaal aanvaarbaar sal wees vir samelewingsverbande soos die gesin, woonbuurt, portuurgroep, kerkverband, werkskring, ensovoorts.

Die kwessie van sosiale domein moet by taalbeplanners prioriteit geniet wanneer hulle met die papierwerk van taalbeplanning besig is.

Dis só belangrik, omdat sosiale interaksie as't ware die kanaal vorm waardeur taalvernuwing as vorm van taalbeplanning gekanaliseer word.

2.13.6 "HOEKOM"?

Watter faktore bepaal dat mense of instellings of taalbeplanners met taalvernuwing begin en wat bepaal dat mense/kliënte hierdie verandering aanvaar en in hulle taalgebruik opneem? Om dit te kan beantwoord, moet mens weet hoeveel gewig die doelwitte by die beplanners sowel as die kliënte dra, en of die doelwitte dalk ook ander soorte sosiale veranderinge aan die gang moet sit. - 'n Mens moet dus ook kennis neem van die mate waarin taalbeplanning 'n instrument is om ander soorte sosiale verandering te bewerk.

Die student van taalbeplanning moet ook bepaal wát die gedragsverandering is wat van 'n potensiële aanvaarder 'n werklike aanvaarder van taalverandering maak.

2.13.7 "HOE"?

Hoe vind taalvernuwing plaas? Dit is bevind dat die massakommunikasiemedia 'n belangrike bydrae kan lewer om inligting rakende taalbeplanning aan potensiële taalgebruikers oor te dra. Interpersoonlike verhoudinge speel 'n belangrike rol in die taalbeplanningsproses, omdat dit potensiële taalgebruikers kan oorhaal om die taalverandering te aanvaar. Die deurgang van inligting rakende taalbeplanning en oorrading is faktore waarsonder taalbeplanning nie geslaagd kan wees nie.

Hoewel dit kan gebeur dat mense taalverandering aanvaar omdat daar 'n doelbewuste poging aangewend is, kan dit ook gebeur nadat mense onbewustelik beïnvloed is om dit te doen. Hier is dus duidelik 'n bewustelike en onbewustelike faset aan taalverandering verbonden.

2.13.8 SLOTGEDAGTE

Hoewel die tipe taalbeplanning waarvan hier sprake is, op totale taalverandering gerig is, is hier tog duidelike bruikbare riglyne wat vir taalbeplanning in die algemeen waardevol kan wees. Deur kennis te neem van die diffusionele proses van taalbeplanning, word dit weer duidelik dat taalbeplanning 'n multidimensionele subdisipline is met sóveel veranderlikes dat die teoreties-fundamentele onderbou daarvan baie sterk en stewig gelê moet wees, anders kan taalbeplanning baie maklik uitrafel in emosionele en losse fraaiings.

2.14 SAMEVATTING

Na afloop van dié teoretiese studie oor die begronding van taalbeplanning, word dit duidelik dat ons hier te make het met 'n wetenskaplike subdissipline wat sterk fundamentele en metodologiese grondslae het. Die kuns van die sinvolle toepassing van hierdie klomp teorie is om te bepaal wat hiervan werklik bruikbaar vir die spesifieke multitale Suid-Afrikaanse situasie is.

Dit behoort duidelik te word nadat 'n grondige situasieanalise van die gegewe talesituasie gemaak is. Sien Hoofstuk 3 vir sodanige situasieanalise.

HOOFSTUK 3

DIE STAND VAN MIKROVLAKTAALBEPLANNING IN AFRIKAANS - 'N SITUASIEANALISE

3.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om die stand van taalbeplanning in Afrikaans te monitor.

Dat daar erns gemaak word met Afrikaans, is gewis en seker. Die blote bestaan van die RGN waar navorsing oor die talesituasie in Suid-Afrika gedoen word, kultuurorganisasies vir wie Afrikaans 'n saak van erns is, leerstoel aan tersiêre inrigtings waar Afrikaans gedoseer en nagevors word, uitgewers wat boeke in en oor Afrikaans uitgee, massakommunikasiemedia in Afrikaans en dat daar meer as 5 miljoen Afrikaanstalige moedertaalsprekers is, is 'n klinkklare bewys dat iemand nog êrens vir Afrikaans omgee.

Bogenoemde sake dui egter nie almal op taalbeplanning in die wetenskaplike sin van die woord nie - dit is blote bemoeiing met Afrikaans.

Die kwessie wat in hierdie afdeling tot op die been toe oopgesny moet word, is dat uiteindelik besin moet word, of die huidige bemoeienis met Afrikaans, werklike taalbeplanning (soos dit in die vorige hoofstuk verstaan word) is, of nie. In Hoofstuk 3 volg dan 'n inventaris

van verteenwoordigende taalbeplanningspraktyke vir Afrikaans. Die beoordeling van hierdie aktiwiteite teen die teorie van die wetenskap van taalbeplanning volg in Hoofstuk 4.

3.2 TEGNIESE BESONDERHEDE

3.2.1 DATAVERSAMELING

Om vas te stel wat die stand van taalbeplanning in Afrikaans is, moet van verskillende metodes van dataversameling gebruik gemaak word.

3.2.1.1 DIE VRAELYS

Vraelyste as navorsingsmetode word verreweg die algemeenste gebruik wanneer data versamel moet word. Dit is waarskynlik ook die metode wat die heel meeste verkeerd gebruik word.

Voordele van die vraelys is onder andere dat dit 'n relatiewe goedkoop manier van dataversameling is; vraelyste is maklik plooibaar en inligting kan uit 'n groot navorsingspopulasie verkry word. Ook kan 'n mate van anonimiteit aan die kant van die respondent verseker word. 'n Belangrike voordeel is dat vraelyste gewoonlik betroubare data lewer en dat dit die navorser in staat stel om, indien nodig, opvolgondersoeke te loods.

Andersyds vertoon vraelyste as dataversamelingsmetode ook sekere beperkings: in die eerste plek mis die vrae,

waarskynlik as gevolg van 'n gebrek aan ruimte, dikwels 'n mate van kwalitatiewe diepte. Daarby is die responskoers gewoonlik laag.

Daar is op die posvraelys as metode van dataversameling vir dié spesifieke studie besluit, aangesien gestruktureerde inligting bekom moes word oor die stand van kultuurorganisasies se bydraes tot Afrikaans aan die een kant, en die houding van oorwegend Afrikaanse tersiêre instellings teenoor Afrikaans as akademiese taal, aan die ander kant.

'n Definitiewe voordeel van die posvraelys in hierdie spesifieke geval, is dat ruimte gelaat is dat 'n span persone of komitee die vraelys kon voltooi en dat die respons nie van slegs één persoon, wat namens 'n hele organisasie of instelling moes antwoord, afgehang het nie.

3.2.1.2 DIE INLIGTINGSONDERHOUD

Die inligtingsonderhoud aan die hand van 'n vraelys is 'n betroubare manier van dataversameling, omdat dit die veldwerker in staat stel om gestruktureerde vrae te stel sodat die data tydens die inligtingverwerkingsfase vergelykbaar kan wees.

Inligtingsonderhoude is as 'n addisionele wyse van dataversameling vir hierdie studie gekies. Die onderhoud is só gestruktureer, dat dit as opvolggeleentheid, na die terugontvangs van die vraelys, as metode van dataversameling gebruik is.

Die nadeel van hierdie metode van dataversameling, is dat segs persone op hulle woord geneem moet word - daar bestaan

weinige geleentheid vir die kontrole van die betroubaarheid van data wat op hierdie manier ingewin word.

3.2.2 NAVORSINGSPOPULASIE

3.2.2.1 KULTUURORGANISASIES

Aangesien die vraelys se doel is om inligting te versamel van wat kultuurorganisasies se bydrae tot die handhawing en behoud van Afrikaans is, is die navorsingspopulasie in oorleg met die FAK bepaal. 'n Vraelys is gerig aan die hoofbestuur van elke geaffilieerde liggaam, met die totaal op 28 vraelyste. 'n Ewekansige steekproef is gemaak en vraelyste is aan 30 kultuurrade in al vier die provinsies gestuur.

Omdat die volle spektrum van die Afrikaanse kultuurorganisasies nie hierdeur gedek is nie, is in oorleg met mev. Boshoff van die Afrikanervolkswag, besluit om vraelyste te rig aan elf organisasies wat nie by die FAK geaffilieer is nie. Agt-en-dertig van die vraelyste is na afloop van die ondersoek terugontvang. Dit gee 'n responskoers van 57%.

Kundiges (Steyn, H.S., 1990) bestempel dit as voldoende vir die maak van betroubare wetenskaplike afleidings.

Dit word betreur dat van dié Afrikaanse kultuurorganisasies wat daarop aanspraak maak dat hulle baie vir Afrikaans doen, en dit waarskynlik ook doen, nie op die vraelys geantwoord het nie.

3.2.2.2 TERSIËRE INRIGTINGS

Ook hier is 'n beperkte navorsingspopulasie geïdentifiseer. Die doel met hierdie vraelys is om inligting te versamel sodat vasgestel kan word of tersiêre instellings 'n voertaalbeleid het, wát dit is en hoe hulle die toekoms van Afrikaans as akademiese taal sien. Vraelyste is gestuur aan al die oorwegend Afrikaanse tersiêre instellings. Dit sluit universiteite, onderwyskolleges, teknikons en tegniese kolleges in. (Aangesien daar so baie tegniese kolleges is, is 'n ewekansige steekproef gemaak en vraelyste aan hulle gestuur.)

'n Totaal van 57 vraelyste is gepos, waarvan 27 terugontvang is. Die responskoers is 47,3%.

3.2.2.3 ANDER AFRIKAANSE INSTELLINGS

Inligtingsonderhoude is gevoer met amptenare van handelsorganisasies wat 'n Afrikaanse "kleur" het en wat die Afrikanersaak deur die loop van die geskiedenis ter wille was: Volkskas, die AHI en Sanlam.

Tydens hierdie geleenthede is veral aandag gegee aan hulle houding teenoor Afrikaans as taal in die handel en watter toekomsverwagtinge hulle koester van Afrikaans as taal van die handel.

Benewens die Afrikaansgeoriënteerde handelsinstansies, is ook onderhoude gevoer met die SAUK en die RGN. Tydens die onderhoud met die hooftaaladviseur van die SAUK, op 10 Julie

1990, het die gebruik van Afrikaans as taal van die massakommunikasie en die beregtiging van Afrikaans teenoor die ander uitsaaitale onder die loep gekom. Die besoek aan die RGN het gefokus op die navorsingsaspek van taalbeplanning in Suid-Afrika.

Ten opsigte van die groot hoeveelheid korpusbeplanning wat in Afrikaans gedoen word, is die werksaamhede van die Nasionale Vakterminologiediens en die Buro van die WAT neergestip as verteenwoordigend van korpusbeplanningswerksaamhede.

Die taalbeplanningskomponent van die Onderwysdepartemente in Suid-Afrika vervul 'n belangrike rol in die hele talegesprek. Vanweë die wye omvang daarvan, is hierdie aspek buite rekening gelaat vir die doeleindes van hierdie studie.

3.2.3 DATAVERWERKING

Die rekenaarmatige verwerking van die vraelyste is deur die Statistiese Konsultasiediens aan die PU vir CHO behartig, waarna frekwensietabelle aan die navorser vir interpretasie beskikbaar gestel is.

3.3 DATA-INTERPRETASIE

3.3.1 VRAELYS AAN KULTUURORGANISASIES

Die doel met hierdie vraelys is om die bydrae van Afrikaanse kultuurorganisasies tot die handhawing en uitbouing van die posisie van Afrikaans te monitor. Die werkwyse vir hierdie afdeling is dat die konstrakte en dimensies van elke vraag in die vraelys weergegee word, wat gevolg word deur die werklike respons en 'n interpretasie van die respons.

Sien Bylaag 1 vir 'n voorbeeld van hierdie vraelys.

Vraag 1 : Biografiese vraag

Vraag 1.1 Wat is die naam van u organisasie?

- * 45, 95 % van die totale aantal respondente is by die FAK geaffilieer.
- * 43, 24% verteenwoordig kultuurrade.
- * 10,81% verteenwoordig Afrikaanse kultuurorganisasies wat nie by die FAK geaffilieer is nie.

Vraag 1.2 In watter hoedanigheid vul u die vraelys in?

- * 2,70% van die totale aantal respondente se vraelys is deur die nasionale voorsitter ingevul.
- * 21,62% is deur takvoorsitters (oorwegend kultuurrade) ingevul. Aangesien daar geen nasionale respons van die Junior Rapportryerbeweging ontvang is nie, is die plaaslike tak genader om namens hul beweging te respondeer.
- * 32,43% van die respondente verteenwoordig nasionale sekretarisse. Dis veral die vraelyste gerig aan die FAK-geaffilieerde en nie-geaffilieerde organisasies wat deur die nasionale sekretarisse ingevul is.

- * 24,32% is deur taksekretarisse ingevul. Dis veral van die kultuurrade regoor die land.
- * 18,92% van die vraelyste is ingevul deur amptenare met 'n ander portefeulje as die genoemde moontlikhede.

Vraag 1.3 **Beskik u organisasie oor 'n amptelike taalplan?** (Die bedoeling met hierdie vraag is om uit te vind of organisasies aan die hand van vooropgestelde doelwitte die posisie van Afrikaans bevorder.)

- * 5,41% van die respondente het nie op hierdie vraag geantwoord nie.
- * 37,84% antwoord dat hul kultuurorganisasies nie 'n taalplan het nie.
- * 56,76% dui aan dat die kultuurorganisasie wel oor 'n taalplan beskik.

Kommentaar

Uit die respons word dit duidelik dat kultuurorganisasies oor die algemeen (met die uitsondering van 'n paar gevalle) nie werklik die konsep taalplan verstaan nie. Taalplan impliseer nie projekte ter bevordering van Afrikaans nie, maar 'n werklike fundamentele plan wat vanuit die grondwet van die organisasie spruit, met spesifieke lang- sowel as korttermyn doelwitte.

Die blote feit dat slegs 56,76% van Afrikaanse kultuurorganisasies aandui dat hulle met bepaalde doelwitstelling Afrikaans wil bevorder, is nog nie genoeg nie. Wanneer in gedagte gehou word dat almal nie eens die begrip taalplan verstaan nie, kan die positiewe responskoers op hierdie vraag nog verder daal.

Vraag 1.4 Indien "ja" op vraag 1.3 geantwoord, omskryf hierdie taalplan

- * 56,76% (dieselfde persentasie wat positief op die vorige vraag geantwoord het) gee 'n omskrywing van hulle taalplan.
- * 43,24% vertoon hier 'n nulrespons.

Kommentaar

Uit die ontleding van die data wat by hierdie vraag as antwoord gegee is, word bevestig dat respondente oor die algemeen hier projekte ter bevordering van Afrikaans as 'n omskrywing van hulle taalplan verstaan. Sake wat hier genoem word, is onder andere studiefinansiering, redenaarskompetisies, kreatiewe skryfwerkkompetisies, koorprojekte, aanbied van taalfeesprogramme en nog ander "projekte".

23,8% van die vraelyste lewer gelukkig bruikbare data in verband met die omvang van hulle taalplan. Desnieteenstaande bly dit 'n vae omskrywing waaruit nie werklik afgelei kan word wat die taalplan presies behels nie.

Kommentaar

Samevattend kan die volgende van die respons by vraag 1 gesê word:

- * Sowat die helfte van die Afrikaanse kultuurorganisasies bemoei hulle vanuit hul grondwet met die bevordering van Afrikaans.
- * Die respons toon duidelik dat lede van die organisasies nie weet wat 'n taalplan is nie - hulle sien projekte ter bevordering van Afrikaans as 'n taalplan.

* Opvallend is die feit dat sommige respondente nie eens beseef dat die bevordering en handhawing van Afrikaans een van hul organisasie se doelstellings is nie!

Vraag 2 : Projekte ter bevordering van Afrikaans

Vraag 2.1 Word daar binne u organisasie spesiale projekte geloods om die posisie van Afrikaans te bevorder?

- * 89,19% van die respondente dui aan dat spesiale projekte ter bevordering van Afrikaans geloods word.
- * 10,81% antwoord negatief.

Vraag 2.2 Indien u "ja" op vraag 2.1 geantwoord het, dui aan hoe dit plaasvind.

- * 10,81% van die respondente toon 'n nulrespons.
- * 35,14% dui aan dat hulle projekte ter bevordering van Afrikaans op georganiseerde grondslag onderneem.
- * 10,81% dui aan dat hulle projekte op 'n spontane manier plaasvind.
- * 43,24% van die totale aantal respondente sê dat hul projekte ter bevordering van Afrikaans sowel georganiseerd as spontaan van aard is.

Vraag 2.3 Watter van die volgende projekte is die afgelope twee jaar aangepak as georganiseerde bevordering van Afrikaans?

Vraag 2.3.1 Debats-/Redenaarskompetisies met Afrikaans as voertaal

- * 35,14% van die respondente sê dat Afrikaans as voertaal gebruik word by hul redenaars- of debatskompetisies.
- * 64,86% gee aanduiding dat hulle dit nie doen nie.

Vraag 2.3.2 Debats-/Redenaarskompetisies oor die toekoms van Afrikaans

- * 5,41% van die totale aantal respondente gee aanduiding dat hulle Afrikaans op georganiseerde wyse bevorder deur debats-/redenaarskompetisies te hou oor die toekoms van Afrikaans.
- * 94,59% antwoord negatief.

Vraag 2.3.3 Praatjies oor die handhawing van Afrikaans

- * 43,24% sê dat daar wel binne hul organisasie praatjies oor die handhawing van Afrikaans gelewer word.
- * 56,76% dui aan dat dit nie gebeur nie.

Vraag 2.3.4 Praatjies oor die toekoms van Afrikaans

- * 40,54% van die totale aantal respondente hou praatjies waar besin word oor die toekoms van Afrikaans.
- * 59,46% gee aanduiding dat dit nie deel van hulle aktiwiteite is nie.

Vraag 2.3.5 Projekte wat kreatiewe werk in Afrikaans aanmoedig

- * 45,95% sê dat hulle hulle daarop toelê om kreatiewe werk in Afrikaans aan te moedig.

- * 54,05% dui aan dat hulle dit nie doen nie.

Vraag 2.3.6 Boekpryse aan leerlinge wat in Afrikaans presteer

- * 64,86% sê dat hulle boekpryse gee aan leerlinge wat in Afrikaans presteer.
- * 35,14% dui aan dat dit nie deel van hulle bedrywighede is nie.

Vraag 2.3.7 Studiebeurse aan belowende studente in Afrikaans

- * 16,22% van die respondente gee studiebeurse aan belowende studente in Afrikaans.
- * 83,78% van die respondente doen dit nie.

Vraag 2.3.8 Bevordering van die Afrikaanse skoolkoerant

- * 13,51% bevorder die Afrikaanse skoolkoerant op georganiseerde wyse.
- * 86,49% is nie hierby betrokke nie.

Vraag 2.3.9 Ander georganiseerde projekte ter bevordering van Afrikaans

2.3.9.1 8,11% van die totale aantal respondente bevorder ander kreatiewe werk, benewens dié soos gestel in 2.3.5., in Afrikaans.

Werk wat hier gedoen word, is onder andere die volgende:

- Opstelwedstryde in Afrikaans vir kleurlingskole (OVV), vir laerskole met die Boom van die jaar as tema (Tzaneen Kultuurraad).
- Kunswedstryd, waar benewens opstelwedstryd, ook nog Afrikaanse musiek, sang en voordragte gelewer word (Vrouekenkrag, Durbanse Afrikaanse Kultuurraad).
- Poësiebespreking oor belangrike hedendaagse digters (Vrouekenkrag).

*

2.3.9.2 10,81% van die respondente is binne die uitvoerende kunste besig met die bevordering van Afrikaans.

Die volgende projekte word genoem:

- Die aanbied van 'n volle taalfeesprogram waar opvoedkundige inrigtings en kerke betrek word (Paarlse Kultuurraad).
- Afrikaanse kunsfeeste (Durbanse Afrikaanse Kultuurraad).
- Kultuuraande met voordragte en Afrikaanse eenbedryf (Tzaneen Kultuurraad).
- Koorfeeste (Kemptonparkse Kultuurraad).
- Koorkompetisies en -projekte in Afrikaans (ATKB).

2.3.9.3 5,41% van die respondente loods projekte wat daarop gemik is om die posisie van Afrikaans in 'n hoofsaaklik Engelse gemeenskap te verbeter:

- 'n Tweetaligheidskompetisie tussen restaurante in 'n stedelike gebied om die gebruik van Afrikaans te bevorder (Bloemfontein Kultuurraad).
- Pogings om Afrikaanse berigte in 'n oorwegend Engelse koerant gepubliseer te kry (Pinetown-Westville Kultuurraad).

2.3.9.4 8,11% van die respondente bemoei hulle op georganiseerde wyse met vasvrakompetisies of taaleksamens:

- Interhoërskoolvasvrakompetisie oor Afrikaanse skrywers (AKPOL).
- Taaleksamens deur die Saamwerkunie van Natal.
- Navorsing tydens Groot Trekherdenkingsfees in 1988 oor die rol van die Voortrekkers ter bevordering van die Afrikaanse spreektaal (Klipriviervallei Kultuurraad - Meyerton).

2.3.9.5 2,70% van die respondente verleen finansiering in die vorm van studielenings aan studente in Afrikaans (Helpmekaarstudiefonds).

2.3.9.6 2,70% sien politieke manipulering waar die belangrikste projek ter bevordering van Afrikaans, die beywering vir 'n eie vaderland vir Afrikaners is (Afrikanervryheidstigting).

2.3.9.7 18,92% van die respondente se projekte ter bevordering van Afrikaans dek 'n wye veld en kan nie onder een bepaalde opskrif geakkommodeer word nie.

Vraag 2.4 Watter van die volgende projekte is aangepak om Afrikaans op spontane wyse te bevorder?

Vraag 2.4.1 Aanmoediging om Afrikaans te lees

* 67,57% sê dat hulle lede aangemoedig word om Afrikaans te lees.

- * 32,43% dui aan dat hulle lede nie pertinent aangemoedig word om Afrikaanse lektuur te lees nie.

Vraag 2.4.2 Deelname aan dagbladbriewekolomme oor die welsyn van Afrikaans

- * 16,22% antwoord bevestigend.
- * 83,78% skryf nie briewe aan die dagbladpers waar kommentaar gelewer word oor die stand van Afrikaans nie.

Vraag 2.4.3 Rig van vertoë oor die afskeep van Afrikaans in die handelswêreld

- * 59,46% dui aan dat hulle vertoë rig oor die wyse waarop Afrikaans in die handelswêreld afgeskeep word.
- * 40,54% sê dat hulle dit nie doen nie.

Vraag 2.4.4 Aandring om op Afrikaans bedien te word

- * 67,57% van die respondente dui aan dat hulle daarop aandring dat hulle in die sakewêreld op Afrikaans bedien word.
- * 32,43% dring nie aan op bediening in Afrikaans nie.

Kommentaar

Wanneer die response van vrae 2.4.3 en 2.4.4 met mekaar vergelyk word, rym iets nie: sodra iemand kla oor die afskeep van Afrikaans in die algemene handelswêreld, sal dit gewoon daartoe lei dat hy sal aandring om op Afrikaans bedien te word.

En hier is 'n verskil van 8,11% in die responskoers.

Dit wil voorkom of mense al so gekondisioneer geraak het, dat (om as kultuurorganisasie gereken te wees) hulle moet

voorgee dat hulle aandring om op Afrikaans bedien te word vanagter 'n winkeltoonbank. En om hierdie prestige-aansien te behou, jok hulle wanneer dit by die invul van vraelyste kom!

Vraag 2.4.5 Bevorder die suiwer gebruik van Afrikaans

* 70,27% van die respondente bevorder die suiwer gebruik van Afrikaans.

* 29,73% gee nie om vir suiwer Afrikaans nie. (Dit sluit die Afrikanervryheidstigting in wat nie kan wag vir 'n eie vaderland waar Afrikaans die enigste amptelike taal sal wees nie. Dis verder opvallend dat dit oorwegend Kultuurrade is wat nie begaan is oor die suiwer gebruik van Afrikaans nie.)

Vraag 2.4.6 Geen spontane poging is aangewend ter bevordering van Afrikaans nie

* 8,11% dui aan dat hulle kultuurorganisasies geen poging aanwend om Afrikaans op spontane wyse te bevorder nie.

* 91,89% gee aanduiding dat hulle hul wel beywer vir die spontane bevordering van Afrikaans.

Vraag 2.4.7 Ander projekte ter spontane bevordering van Afrikaans

* 78,38% gee nulrespons.

* 2,7% dui aan dat slegs die kultuurorganisasie se bereidwilligheid tot betrokkenheid by die aanbied van kunswedstryde en eistedfodds genoeg doen om Afrikaans op spontane wyse te bevorder.

* 2,7% gee aanduiding dat hulle artikels oor die stand van Afrikaans in tydskrifte bevorder. (Dit wil voorkom of die

vraag deur die betrokke respondent misinterpreteer is - dis immers 'n georganiseerde projek ter bevordering van Afrikaans.)

* 5,41% sê dat hulle op informele wyse mense se gesindheid teenoor Afrikaans wil verbeter - die plaaslike munisipaliteit en rugby-unie is tereggewys oor hulle gebruik van Afrikaans. Ander kultuurorganisasies propageer die verkope van die Afrikaanse boek. Nog ander propageer die idee van 'n Afrikanervolkstaat waar Afrikaans die enigste amptelike taal sal wees.

* 8,11% van die respondente sê dat hul betrokkenheid by georganiseerde taalprojekte ook op informele vlak uitdrukking vind.

Vraag 2.5 Watter van die volgende kwessies rakende Afrikaans wil u oplos met die aanbieding van taalprojekte?

Vraag 2.5.1 'n Verbetering van die sprekers se houding teenoor Afrikaans

* 5,41% gee nulrespons.

* 72,97% dui aan dat die aanbod van hul taalprojekte daarop gemik is om Afrikaanssprekendes se houding teenoor Afrikaans te verbeter.

* 21,62% dui aan dat hulle taalprojekte nie gemik is op 'n gesindheidsverbetering van die moedertaalsprekers nie.

Vraag 2.5.2 Die uitbreiding van die taalkorpus

* 5,41% gee nulrespons.

- * 59,46% dui aan dat hulle taalprojekte gemik is op die uitbreiding van die taalkorpus, met ander woorde die Afrikaanse woordeskat of die rykdom aan geskrewe Afrikaans.
- * 35,14% sê dat die uitbreiding van die Afrikaanse taalkorpus nie prioriteit is wanneer taalprojekte beplan word nie.

Vraag 2.5.3 'n Verhoging van die Afrikaanse taalstatus

- * 5,41% gee nulrespons.
- * 70,27% dui aan dat die aanpak van hulle taalprojekte beplan word sodat die status van Afrikaans uiteindelik daardeur verhoog word.
- * 24,32% sê dat hulle taalprojekte nie primêr gerig is op die verhoging van die Afrikaanse taalstatus nie.

Vraag 2.5.4 Die vestiging van Afrikaans se toekoms

- * 5,41% gee nulrespons.
- * 83,78% dui aan dat die vestiging van die toekoms van Afrikaans prioriteit geniet wanneer taalprojekte beplan en aangepak word.
- * 10,81% sê dat dit nie by hulle taalbevorderingsprojekte gaan om die vaslegging en bestendiging van die toekoms van Afrikaans nie.

Kommentaar

Hier wys die vraelys weer op 'n teenstrydigheid: 83% van die kultuurorganisasies is begaan oor die toekoms van Afrikaans, maar so pas in die voorafgaande vraag 2.4 het dit duidelik geword dat dit eintlik 'n relatief klein persentasie van die totale aantal kultuurorganisasies is wat werklik ter bevordering van Afrikaans se toekoms werk.

Die respons op vraag 2.5.4 dui dan aan dat die werk wat gedoen word, primêr gedoen word om die toekoms van Afrikaans vas te lê en te bestendig!

Dit klop mos nie! (Dis 'n Bybelse beginsel om te werk en te hoop. - Baie min kultuurorganisasies werk werklik, en nou hoop almal!!)

Vraag 2.5.5 Al bogenoemde sake geniet aandag wanneer taalprojekte aangepak word

* 5,41% gee nulrespons.

* 54,05% antwoord bevestigend en sê dat al die voorafvermelde kwessies prioriteit geniet by hul projekte ter bevordering van Afrikaans.

* 40,54% gee aanduiding dat sekere van die taalkwessies uitgesonder word by die aanpak van taalbevorderingsprojekte.

Vraag 2.5.6 Ander taalkwessies wat as prioriteit vir die aanpak van taalprojekte gestel word

* 89,19% gee nulrespons.

* 2,7% dui aan dat hulle kultuurorganisasie, benewens die taalkwessies soos in 2.5.1 tot 2.5.5 gestel, ook nog met die aanbod van hul taalprojekte, die Afrikaner se beeld na buite wil bevorder.

* 2,7% van die respondente dui aan dat hulle met hul taalaksies wil sorg dat Afrikaans nooit binne die multitalige situasie afgeskeep mag word nie.

* 2,7% sê dat dit primêr gaan om die oorlewing van die volk wat moet dien as waarborg vir die oorlewing van die taal.

**Vraag 2.6 Watter breë doelstellings word voor oë gehou
wanneer taalprojekte beplan word**

**Vraag 2.6.1 Aanwakker van 'n positiewe taalhouding by
moedertaalsprekers**

- * 5,41% gee nulrespons.
- * 83,78% sê dat hulle taalprogramme gemik is op die aanwakker van 'n positiewe taalhouding by die moedertaal-spreker.
- * 10,81% stel 'n positiewe taalhouding nie as prioriteit nie.

**Vraag 2.6.2 Die uitdra van 'n positiewe beeld van
Afrikaans na anderstaliges**

- * 5,41% gee nulrespons.
- * 78,38% sê dat hulle taalprojekte gemik is op die positiewe beeld van Afrikaans na anderstaliges.
- * 16,22% sê dat hulle dit nie as oogmerk het nie.

**Vraag 2.6.3 Afrikaans word gehandhaaf omdat dit een van
ons landstale is**

- * 8,11% gee nulrespons.
- * 67,57% toon aan dat bogenoemde een van die motiverings-redes is wanneer taalbevorderingsprojekte aangepak word.
- * 24,32% sê dat hierdie rede nie 'n rol speel wanneer projekte ter bevordering van Afrikaans aangepak word nie.

**Vraag 2.6.4 Al bogenoemde redes dien as motivering
wanneer taalbevorderings beplan en aangepak word**

- * 5,41% gee nulrespons.

- * 56,76% antwoord bevestigend.
- * 37,84% antwoord ontkennend.

Vraag 2.6.5 Kultuurorganisasies is onseker hoekom taalbevorderingsprojekte aangepak is

- * 13,51% gee nulrespons.
- * 86,49% is nie onseker nie.
- * 0% d.w.s. niemand beleef onsekerheid oor die motivering hoekom taalprojekte aangepak moet word nie.

Vraag 2.6.6 Ander redes wat dien as motivering vir die aanpak van taalbevorderingsprojekte

- * 91,89% gee nulrespons.
- * 8,11% toon aan dat die bevordering van Afrikaans primêre gemotiveer word vanuit die vryheidsideaal van die Afrikaner.

Kommentaar

Die volgende afleidings kan gemaak word wanneer die respons oor doelwitstelling vir beplande taalbevorderingsprojekte ontleed word:

- Die meeste kultuurorganisasies (83,78%) beplan hulle taalbevorderingsprojekte met die aanwaker van 'n positiewe taalhouding as die belangrikste dryfveer.
- Die tweede belangrikste motiveerder is die uitdra van 'n positiewe beeld van Afrikaans na anderstaliges.

Vraag 3 : Evaluering van die kultuurorganisasies se bydrae tot die bevordering van Afrikaans

Vraag 3.1 Wat was die gevolge van die projekte wat u ter bevordering van Afrikaans aangepak het?

Vraag 3.1.1	Baie positief	27,03%
Vraag 3.1.2	Positief	45,95%
Vraag 3.1.3	Neutraal	8,11%
Vraag 3.1.4	Negatief	0%
Vraag 3.1.5	Onmeetbaar	8,11%
Vraag 3.1.6	Nulrespons	10,81% gee nulrespons

Vraag 3.2 Indien u "baie positief/positief" op vraag 3.1 geantwoord het, omskryf verder

- * 27,03% gee nulrespons.
- * 21,62% sê dat die doelwitte wat by die aanvang van die taalbevorderingsprojekte gestel is, verwesenlik is.
- * 18,92% dui aan dat die projekte wat hulle ter bevordering van Afrikaans aanpak van krag tot krag gaan.
- * 13,51% van die respondente sê dat daar by hulle lede 'n pligsbesef ontstaan het ten opsigte van die bevordering van Afrikaans.
- * 10,81% vind dat die aanbod van hulle taalbevorderingsprojekte gelei het tot 'n verbetering in gesindhede, veral van die kant van anderstaliges.
- * 8,11% voel positief oor hulle taalbevorderingsprojekte aangesien die uiteindelijke vrye volkstaat waar Afrikaans die enigste amptelike taal gaan wees, nie meer onbereikbaar lyk nie.

Vraag 3.3 Indien u "negatief" op vraag 3.1 geantwoord het, omskryf verder

- * 97,3% gee nulrespons.

* 2,7% van die respondente sê daar bestaan 'n tendens onder anderstaliges om te weier om Afrikaans te praat, wat verder negatief gesteun word deur 'n oorwegend Engelse pers wat nie Afrikaanse artikels/berigte wil plaas nie.

Kommentaar

Dit word uit die respons duidelik dat 72,98% van die kultuurorganisasies oor die algemeen tevrede is met die gevolge van die taalprojekte wat hulle aangepak het. Hulle skryf die tevredenheid aan 'n verskeidenheid redes toe. Aangesien die sukses van projekte dikwels moeilik meetbaar is, val dit vreemd op dat respondente so maklik oorweldigend positief op so 'n vraag kan antwoord. - Dit wil voorkom of daar werklike openhartige eerlikheid ontbreek.

Vraag 4 : Werksaamhede ter uitbouing van die Afrikaanse taalkorpus

Vraag 4.1 Dui aan wat u organisasie doen om die woordeskat en suiwerheid van Afrikaans uit te bou

Vraag 4.1.1 Die saamstel van vakwoordeboek

- * 2,7% antwoord positief.
- * 97,3% dui aan dat hulle nie ten opsigte van hierdie aspek 'n bydrae lewer nie.

Vraag 4.1.2 Die saamstel van 'n woordelys

- * 8,11% sê dat hulle nuwe woordeboeke in Afrikaans die lig laat sien het.
- * 91,8% dui aan dat hulle nie op hierdie terrein saamwerk nie.

Vraag 4.1.3 Die daarstel van 'n telefoonnavraagdiens

- * 8,11% van die respondente sê dat hulle 'n telefoonnavraagdiens in stand hou. (Dis interessant dat, benewens die SA Akademie en die ATKV, daar ook 'n plattelandse Kultuurraad is wat sê dat hulle 'n telefoonnavraagdiens onderhou. - Verblydend!)
- * 91,89% lewer nie sodanige diens nie.

Vraag 4.1.4 Die skep van nuwe terminologie ten opsigte van snel-ontwikkelende studieterreine

- * 13,51% van die respondente werk mee om nuwe vakterme te help skep.
- * 86,49% dui aan dat hulle nie met hierdie werksaamhede besig is nie.

Vraag 4.1.5 Geen bydrae tot die uitbreiding van die Afrikaanse woordeskat nie

- * 78,38% van die respondente dui aan dat hulle nie 'n bydrae lewer ten opsigte van die genoemde kategorieë nie.
- * 21,62% sê dat hulle op die een of ander wyse bydra tot die uitbreiding van die Afrikaanse taalkorpus.

Vraag 4.1.6 Ander maniere waarop die taalkorpus in Afrikaans uitgebou word

- * 70,27% gee nulrespons.

- * 2,7% lewer 'n taalnavraagdiens wanneer mense dit nodig het (Durbanse Afrikaanse Kultuurraad).
- * 2,7 laat blyk dat hul bydrae tot die Afrikaanse taalkorpus vervat word in die taaleksamens wat hulle onderneem (Saamwerkunie).
- * 13,51% van die respondente se bydrae tot die uitbouing van die taalkorpus lê in die beskikbaarstelling van reeds bestaande vaktermelyste aan ander liggame, byvoorbeeld gholfkлубs.
- * 5,41% lewer op informele vlak 'n bydrae, byvoorbeeld deur lede aan te moedig om deur nuutskeppings heen 'n beter Afrikaanse woord vir 'n bestaande Engelse een te vind.
- * 2,7% lewer bydrae deur te let op 'n vars seggingswyse in die opstelwedstryde wat hulle aanbied.
- * 2,7% dui aan dat hulle die vertalingswerk van 'n Engelse promosieblad oor 'n toeristeaantreklikheid in Afrikaans behartig het.

Kommentaar

Hoewel die amptelike bydrae tot die Afrikaanse taalkorpus deur 'n baie klein persentasie kultuurorganisasies onderneem word (dis eintlik net die SA Akademie wat 'n wesentlike bydrae lewer), word daar verdienstelike werk, veral op plaaslike vlak, deur die Kultuurrade onderneem.

Belangrike werk ter bevordering van Afrikaans word gedoen, deur die verspreiding van bestaande termelyste aan motorhawewerkswinkels en Engelsgeoriënteerde sportklubbs. Skakeling tussen die Akademie, FAK en Buro van die WAT verseker ook dat daar ten opsigte van korpusbeplanning net uit een gesaghebbende mond gepraat word.

Vraag 4.2 Dui aan hoe u organisasie te werk gaan om die woordeskat van Afrikaans uit te bou

- * 67,57% gee nulrespons.
- * 5,41% van die respondente is kreatief besig met die daarstel van nuutskeppings.
- * 2,7% dui aan dat hulle aandeel in die uitbou van die Afrikaanse taalkorpus in hulle taaleksamens tot sy reg kom.
- * 24,32% is betrokke by óf die daarstel van nuwe terminologie, óf by die verspreiding van bestaande termelyste aan die gemeenskap.

Kommentaar

Die belangrikste bydrae tot die uitbreiding van die taalkorpus deur kultuurorganisasies, lê op die gebied van die vakterminologie. Daarenteen bestaan daar oneindige moontlikhede waarop daar ten bate van die uitbreiding van die taalkorpus gewerk kan word: kompetisies vir oorspronklike nuutskeppings kan geloods word waar beter ekwivalente vir bestaande woorde gesoek kan word; taalnavraagdienste kan op plaaslike vlak deur kundiges gelewer word.

Die punt moet duidelik gestel word dat, ten spyte van belangrike werk wat deur sogenaamde "groot" organisasies of instellings onderneem word, die uitbreiding van die taalkorpus in Afrikaans die verantwoordelikheid van elke spreker van Afrikaans is.

Vraag 5 : Die taalstatus van Afrikaans

Vraag 5.1 : In watter mate hou u organisasie hom besig met die bevordering van die status van Afrikaans?

Vraag 5.1.1 In die radiowese

- * 32,43% lewer 'n bydrae ten opsigte van Afrikaans in die radiowese.
- * 67,57% se taalbevorderingswerkzaamhede lê nie op hierdie terrein nie.

Vraag 5.1.2 Ten opsigte van die televisie

- * 29,73% dui aan dat hulle organisasies 'n rol speel wanneer dit gaan oor die bevordering van Afrikaans oor die televisie.
- * 70,27% lewer nie 'n bydrae nie.

Vraag 5.1.3 Ten opsigte van die gedrukte advertensiewese

- * 40,54% dui aan dat hulle 'n bydrae lewer ten opsigte van die gebruik van Afrikaans in die gedrukte advertensiewese.
- * 59,46% lewer nie 'n bydrae nie.

Vraag 5.1.4 Die openbare gebruik van Afrikaans op byeenkomste

- * 78,38% dui aan dat hulle die openbare gebruik van Afrikaans bevorder.

- * 21,62% sê dat werksaamhede van hierdie aard nie op hulle terrein lê nie.

Vraag 5.1.5 Die gebruik van Afrikaans in die handel

- * 67,57% dui aan dat hulle kultuurorganisasies pogings aanwend om die gebruik van Afrikaans in die handel te bevorder.
- * 32,43% sê dat hulle werksaamhede nie hierdie tipe projekte insluit nie.

Vraag 5.1.6 Geen poging is aangewend om die status van Afrikaans te bevorder nie

- * 13,51% dui aan dat hulle hoegenaamd niks doen om die status van Afrikaans te bevorder nie.
- * 86,49% gee aanduiding dat hulle pogings aanwend ter bevordering van die Afrikaanse taalstatus.

Vraag 5.1.7 Ander pogings as die genoemdes ter bevordering van die status van Afrikaans

- * 91,89% gee nulrespons.
- * 5,41% sê dat die feit dat boeke in Afrikaans gepubliseer word tesame met kultuurorganisasies se betrokkenheid daarby, die status van Afrikaans verhoog.
- * 2,7% sê dat hulle kultuurorganisasies direkte vertoë rig aan dié koerante en sake-ondernemings wat Afrikaans afskeep.

Kommentaar

Dit word uit die respons duidelik dat kultuurorganisasies oor die algemeen bedrywig is met die statusbevordering van Afrikaans.

- Dit blyk of die rig van verhoë aan die massakommunikasiemedia en handelondernemings wat Afrikaans afskeep, die vernaamste aktiwiteit is ter bevordering van die Afrikaanse taalstatus.

- Hoewel dit belangrike werksaamhede is, werk dit negatief. Dit wil voorkom of statusbeplanning deur kultuurorganisasies, hoofsaaklik as stryd teen ander tale (byvoorbeeld Engels) gevoer word, terwyl dit intussen 'n stryd vir Afrikaans moet wees.

Wanneer 'n stryd teen iets wat as bedreiging gesien word, gevoer word, bly resultate maklik uit.

Sodra kultuurorganisasies statusbeplanning sien as 'n positiewe aggresiewe bemerking van Afrikaans, die minimalisering van gemerkte retoriek in verband met Afrikaans, die uitwys van die positiewe wat reeds bereik is, die beklemtoning van die inheemsheid daarvan, die bekroning van verdienstelike werk, dan móét die status van 'n taal verhoog word.

- 'n Taal se status word deur baie dinge (onder andere die wins van funksies) bepaal, maar wanneer sy sprekers self nie sy status raaksien nie, het hy die stryd reeds verloor!

Belangrik verder, is dat taalstatus nie deur 'n negatiewe stryd gewen word nie.

Vraag 6 : Taalhouding

Vraag 6.1 Wat is die lede van kultuurorganisasies se houding teenoor Afrikaans?

6.1.1	Baie gunstig	83,78%
6.1.2	Gunstig	13,51%
6.1.3	Neutraal	0,00%
6.1.4	Negatief	0,00%
6.1.5	Baie negatief	0,00%
6.1.6	Geen respons	2,7%

Vraag 6.2 Wat word gedoen om die taalhouding van alle mense positief te beïnvloed?

Vraag 6.2.1 Aanmoediging om Afrikaans sonder skaamte in die handel te praat

- * 75,68% van die respondente antwoord bevestigend.
- * 24,32% dui aan dat hulle lede nie aangemoedig word om Afrikaans onbeskaamd as handelstaal te gebruik nie.

Vraag 6.2.2 Aanmoediging om aan leesunies te behoort

- * 24,32% van die organisasies moedig hulle lede aan om aan leesunies te behoort, óf hulle is in organisatoriese verband by leesunies betrokke.
- * 75,68% is nie by werksaamhede van hierdie aard betrokke nie.

Vraag 6.2.3 Bekroning van verdienstelike kreatiewe werk in Afrikaans

- * 27,03% van die Afrikaanse kultuurorganisasies is betrokke by die bekroning van kreatiewe werk in Afrikaans.
- * 72,97% doen nie werk in hierdie verband nie.

**Vraag 6.2.4 Aanbied van kursusse in elementêre
Praatafrikaans**

- * 10,81% dui aan dat hulle betrokke is by Praatafrikaans-kursusse wat vir anderstaliges aangebied word.
- * 89,19% is nie by sodanige aktiwiteite betrokke nie.

**Vraag 6.2.5 Beboet mense op ledevergaderings wat
Afrikaans op onsuiver manier gebruik**

- * 10,81% van die respondente dui aan dat dit algemene praktyk is om taalwagte aan te stel wat die suiwerheid van mense se taalgebruik monitor.
- * 89,19% sê dat hulle kultuurorganisasie dit nie doen nie.

**Vraag 6.2.6 Ander maniere waarop mense se taalhouding
positief beïnvloed word**

- * 81,08% toon nulrespons.
- * 5,41% sê dat hulle by die taaleksamens pryse aan die individuele presteerders en aan hulle skole oorhandig. Verdienstelike Afrikaanse vakpublikasies word met 'n prysgeld van R5 000 bekroon.
- * 5,41% sê dat deurlopende taalwaaksaamheid aangemoedig moet word.
- * 5,41% van die respondente sê die deurlopende skep van positiewe gesindhede (onder moedertaal-, sowel as nie-moedertaalsprekers) geniet prioriteit binne hulle organisasies.
- * 2,7% sê die feit dat die volk behoue móét bly om die taal te bewaar, mense se taalhouding positief beïnvloed.

Kommentaar

- Hoewel dit duidelik word dat Afrikaanssprekendes se taalhouding oor die algemeen besonder gunstig is, blyk dit uit die werksaamhede dat baie min organisasies werklik 'n bydrae lewer tot 'n eksplisiete verbetering in taalhouding.
- Indien die baie positiewe taalhouding aan 'n hoë intrinsieke motivering toeskryf, is daar rede tot dankbaarheid. Aan die ander kant, is hier dalk ook 'n "waarnemersparadoks": mense weet dit word van hulle verwag om baie positief te klink wanneer agtergekom wil word hoe hulle oor hulle taal voel.
- Dit blyk uit hierdie respons dat die werksaamhede van die kultuurorganisasies wat spesifiek gerig moet wees op die skep van positiewe taalhouding, afwesig is.

Vraag 7 : Kreatiewe werk

Vraag 7.1 Wat word binne u organisasie gedoen om kreatiewe werk in Afrikaans aan te moedig?

Vraag 7.1.1 Uitloof van pryse vir verdienstelike prosa

- * 21,62% van die organisasies bekroon verdienstelike prosa in Afrikaans.
- * 78,38% is nie met taalbevorderingsprojekte van hierdie aard besig nie.

Vraag 7.1.2 Uitloof van pryse vir verdienstelike poësie

- * 8,11% van die organisasies bekroon verdienstelike Afrikaanse poësie.
- * 91,89% antwoord negatief.

Vraag 7.1.3 Uitloof van pryse vir verdienstelike dramatekste

- * 8,11% bekroon verdienstelike Afrikaanse dramatekste.
- * 91,89% doen dit nie.

Vraag 7.1.4 Bekroning van goeie toneelspel in Afrikaans

- * 13,51% van die respondente vereer toneelspelers wat verdienstelike werk in Afrikaans lewer.
- * 86,49% doen dit nie.

Vraag 7.1.5 Bekroning van ander verdienstelike kreatiewe werk in Afrikaans

- * 24,32% lewer bydraes deur kreatiewe werk in die algemeen (opstelle, lirieke, ensovoorts) te bekroon.
- * 75,68% doen dit nie.

Vraag 7.1.6 Skep van geleenthede (byvoorbeeld werksessies) om potensiële uitblinkers te skool

- * 18,92% van die respondente antwoord bevestigend.
- * 81,08% inisieer nie sulke projekte nie.

Vraag 7.1.7 Geen van bogenoemde projekte word aangepak om kreatiewe werk in Afrikaans aan te moedig nie

- * 48,65% dui aan dat hulle geen van die bogenoemde projekte aanpak ter bevordering van kreatiewe werk in Afrikaans nie.
- * 51,35% sê dat hulle wel op die een of ander manier betrokke is by die bevordering van kreatiewe werk in Afrikaans.

Vraag 7.1.8 Ander projekte as die genoemdes, ter bevordering van kreatiewe werk in Afrikaans

- * 86,49% gee nulrespons.
- * 2,7% sê dat hulle betrokke is by die skep van moderne Afrikaanse volksang.
- * 8,11% sê dat hulle óf betrokke is by kunswedstryde, óf mense uit die gemeenskap aanmoedig om aktief deel te neem aan kunsfeeste en -wedstryde.

Kommentaar

Die volgende sake word uit die respons duidelik:

- Daar is kultuurorganisasies wat 'n pertinente bydrae lewer tot die aanmoediging van kreatiewe werk in Afrikaans.
- Die oorgrote meerderheid kultuurliggame lewer geen bydrae ten opsigte van hierdie saak nie.
- Daar bestaan derhalwe 'n duidelike behoefte, veral op plaaslike vlak, dat kultuurorganisasies, deur betrokke te raak by hulle gemeenskap en onderwyssektor, 'n rol in hierdie verband moet speel.

Vraag 8 : Die toekoms van Afrikaans

Vraag 8.1 Hoe sien u die toekoms van Afrikaans?

8.1.1 Baie positief	59,46%
8.1.2 Positief, met voorbehoud	29,73%
8.1.3 Onseker	5,41%
8.1.4 Afrikaans het geen toekoms nie	2,7%
8.1.5 Nulrespons	2,7%

Vraag 8.2 Indien u "baie positief" by vraag 8.1 geantwoord het, omskryf verder

- * 40,54% gee nulrespons.
- * 5,41% sê dat op grond van die feit dat taal kultuurgoed is, hulle baie positief oor die toekoms van Afrikaans voel. Volgens die HAT (1977:488) is kultuurgoed dié dinge wat van waarde is vir die kultuur. Die respondente het hier die verband tussen taal en kultuur as 'n rede gegee hoekom hulle positief oor die toekoms van Afrikaans voel.
- * 21,62% Omdat Afrikaans die hartklop van die Afrikaner verwoord, leef daar optimisme oor sy toekoms.
- * 5,41% van die respondente sê die taal- en nasiehouding van die Afrikaner is sterk genoeg om Afrikaans se toekomsposisie te verseker.
- * 21,62% dui aan dat die oorwig Afrikaanssprekendes (ongeveer velkleur) sal verseker dat Afrikaans se toekoms vas en seker sal wees.
- * 2,7% sê hulle optimisme spruit uit die feit dat die huidige regering en die Afrikaanse persgroepe die taal se toekoms sal verseker.
- * 2,7% gee aanduiding dat hulle baie positief oor die toekoms van Afrikaans voel, omdat die Afrikanervolk se toekoms sinoniem is met die toekoms van die taal.

Vraag 8.3 Indien u "positief met voorbehoud" op vraag 8.1 geantwoord het, stel die voorbehoude

- * 70,27% gee nulrespons.
- * 2,7% sê dat dit belangrik is dat méér as net blanke Afrikaanssprekendes as die taalgemeenskap gesien moet word.
- * 10,81% dui aan dat dit belangrik is dat elke Afrikaanssprekende betrokke moet raak by Afrikaans en 'n taalbewustheid moet aankweek ten behoeve van die taal.
- * 13,51% sê dat die huidige onsekerheid oor 'n toekomstige staatkundige bedeling sal meebring dat Afrikaanssprekendes harder vir hulle taal sal moet begin werk.
- * 2,7% se belangrikste voorbehoud ten opsigte van die toekoms van Afrikaans, is die feit dat Afrikaans tot groepstaal gedegradeer word, terwyl Engels aggressief bemark word as enigste toekomstige amptelike taal.

Vraag 8.4 Indien u "onseker" by vraag 8.1 geantwoord het, motiveer hoekom u dit sê

- * 94,59% gee nulrespons.
- * 5,41% sê dat die toekomstige politieke en sosio-ekonomiese werklikhede handhawing en bevordering van Afrikaans bykans onmoontlik sal maak.

Vraag 8.5 Indien u by vraag 8.1 geantwoord het u meen Afrikaans het nie 'n toekoms nie, motiveer hoekom u dit sê

- * 97,3% gee nulrespons.

* 2,7% sê dat die politieke beleid van die regering van die dag daartoe lei dat Afrikaans en die Afrikaner geen toekoms het nie.

Kommentaar

- Die respons oor die toekoms van Afrikaans spreek oor die algemeen van 'n optimisme aan die kant van kultuurorganisasies.
- Hierdie gunstige siening van die toekoms van Afrikaans, behoort 'n vrugbare teelaarde vir taalbeplanners te wees wat benut moet word vir toekomstige taalbeplanningsprojekte.

Vraag 8.6 Hoe sien u u organisasie se toekomstige taak ten opsigte van die uitbou van Afrikaans?

Vraag 8.6.1 Die handhawing van die status quo - m.a.w. dieselfde projekte gaan voort

- * 27,03% gee nulrespons.
- * 72,97% sê dat hulle bestaande taalbevorderingsprojekte voortgaan.

Vraag 8.6.2 Benewens dieselfde projekte, ook nog nuwes om Afrikaans te propageer

- * 32,43% gee nulrespons.
- * 48,65% dui aan dat hulle nuwe taalbevorderingsprojekte beplan.
- * 18,92% beplan nie nuwe projekte ter bevordering van Afrikaans nie.

Vraag 8.6.3 Die uitbou van Afrikaans onder blanke Afrikaanssprekendes

- * 21,62% gee nulrespons.
- * 59,46% van die respondente dui aan dat die beeld van Afrikaans onder blanke Afrikaanssprekendes uitgebou moet word.
- * 18,92% dui aan dat dit nie prioriteit moet geniet nie.

Vraag 8.6.4 Die uitbou van Afrikaans onder anderskleurige Afrikaanssprekendes

- * 21,62% gee nulrespons.
- * 54,05% stel hulleself dit ten doel om Afrikaans onder anderskleurige Afrikaanssprekendes te propageer.
- * 29,73% sê dit is nie een van hulle toekomstake nie.

Vraag 8.6.5 Die propagering van Afrikaans onder anderstaliges

- * 24,23% gee nulrespons.
- * 51,35% neem hulle voor om Afrikaans te bemark onder anderstaliges.
- * 24,32% stel dit nie as toekomsprioriteit nie.

Vraag 8.6.6 Die uitbou van Afrikaans onder anderskleurige nie-Afrikaanssprekendes

- * 32,43% gee nulrespons.
- * 40,54% dui aan dat hulle toekomstaak ten opsigte van Afrikaans onder andere die propagering van Afrikaans onder anderskleurige nie-Afrikaanssprekendes is.
- * 27,03% sien dit nie as een van hulle take ten opsigte van Afrikaans nie.

Vraag 8.6.7 Kultuurorganisasies sien nie een van die bogenoemde sake as prioriteit vir die toekoms nie

- * 8,11% van die respondente se toekomsplanne het niks met die toekoms van Afrikaans te make nie.
- * 91,89% verbind hulle daartoe om, wat hulle toekomsplanne betref, aktief met Afrikaans besig te wees.

Kommentaar

Die feit dat 91% van alle kultuurorganisasies wat op die vraelys gerespondeer het, hulle verbind om in die toekoms aktief met Afrikaans besig te wees, is verblydend.

Die appél word tot kultuurorganisasies gerig dat hierdie voornemens nie blote voornemens bly nie, maar werklike dade sal word.

Vraag 8.6.8 Ander projekte ter bevestiging van die toekoms van Afrikaans

- * 94,59% gee nulrespons.
- * 5,41% dui aan dat die ononderhandelbaarheid van Afrikaans as amptelike taal baie wyd gepropageer moet word - veral met die oprigting van 'n vrye Afrikanervolkstaat waar dit die enigste amptelike taal sal wees.

Vraag 8.7 Indien u by vraag 8.6 aangedui het dat u nuwe projekte ter bevordering van Afrikaans beplan, omskryf kortliks wat dit behels

- * 56,76% gee nulrespons

- * 2,7% dui aan dat hulle Afrikaanse taalklasse in Europa en Oos-Europa beplan met die oog op die werwing van moontlike immigrante.
- * 10,81% gee aanduiding dat hulle hul beplanning wil verfyn, ten einde by die veranderende eise van die tyd by te hou en om te voorkom dat daar gestagneer word wat taalsake betref.
- * 8,11% sê hulle toekomsprojekte gaan grootliks oor die bewusmaak van die sprekers van hulle verantwoordelikheid teenoor Afrikaans.
- * 5,41% dui aan dat hulle veral gespreksgeleenthede met anderskleuriges op plaaslike vlak wil skep sodat Afrikaans bekendgestel en uitgebou kan word.
- * 8,11% sê dat hulle hulle veral op die massakommunikasie media en die handelondernemings wil rig sodat suiwer Afrikaans bevorder kan word.
- * 2,7% dui aan dat hulle die bestaande taalfeeste wat jaarliks in Augustus gehou word, wil uitbrei na 'n Afrikaanse kunstefees waar verskillende vorme van die uitvoerende kunste op die planke gebring word.
- * 5,41% sê dat hulle toekomstige taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans kulmineer in 'n strewe na 'n volkstaat waar Afrikaans die enigste amptelike taal sal wees.

Kommentaar

Die volgende tendense word raakgesien by 'n beoordeling van die respons:

- Hoewel dit jammer is dat meer as die helfte van die respondente geen nuwe taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans beplan nie, is daar darem 43,24% wat aandui dat hulle met nuwe projekte besig is.
- Wanneer die aard van die toekomstige bedrywighede beoordeel word, wil dit voorkom of die kultuurorganisasies

vir wie dit 'n saak van erns is, werklik beplan vir die voortbestaan van Afrikaans.

- Dit kom voor of die bedrywighede deur bestaande taalprobleme geïnisiëer is - hier is dus werklik die eerste spore van ware taalbeplanning. Die probleme wat as vertrekpunt vir die toekomstige taalbevorderingsprojekte dien, is linguaal, semi- en ekstra-linguaal van aard.

Kortom: Dis jammer dat so min kultuurorganisasies taalbevorderingsprojekte vir die toekoms beplan; dis egter verblydend dat diegene wat wel hul hand hieraan waag, met werklike taalbeplanning besig is.

Wanneer na die empiriese gronde vir hulle toekomsbeplanning gekyk word, word dit duidelik dat die kultuurorganisasies wat nuwe taalbevorderingsprojekte beplan, dit doen vanuit die waarneming dat daar sekere probleemareas in Afrikaans geïdentifiseer is wat aandag moet geniet.

Toekomstige werksaamhede met verdienste is die daarstel van gespreksgeleenthede met anderskleuriges sodat die voorbehoude oor Afrikaans uit die weg geruim kan word en die bewusmaak van alle Afrikaanssprekendes van hulle verantwoordelikheid teenoor hulle taal - met ander woorde die kweek van 'n positiewe taalhouding.

Vraag 8.8 Wat verstaan u onder die "ampstaalstatus van Afrikaans"?

Vraag 8.8.1 Verskansing in die grondwet

* 18,92% gee nulrespons.

- * 72,97% sê dat hulle ampstaal verstaan as die verskansing van 'n taal in die grondwet.
- * 8,11% sê dat verskansing in die grondwet nie aan 'n taal amptelike status gee nie.

Vraag 8.8.2 Die gebruik van Afrikaans as regeringstaal

- * 35,14% gee nulrespons.
- * 59,46% sê dat die gebruik van Afrikaans as regeringstaal daaraan ampstaalstatus gee.
- * 5,41% huldig nie hierdie standpunt nie.

Vraag 8.8.3 Afrikaans as die taal van die administrasie en die wetgewing

- * 35,14% gee nulrespons.
- * 59,46% sê dat wanneer 'n taal die taal van die administrasie en wetgewing is, dit oor ampstaalstatus beskik.
- * 5,41% antwoord negatief.

Vraag 8.8.4 Afrikaans as streekstaal

- * 45,95% gee nulrespons.
- * 18,91% dui aan dat ampstaalstatus van Afrikaans onder meer ook inhou dat dit amptelik as 'n streekstaal gebruik word.
- * 35,14% antwoord ontkennend.

Dit is interessant dat slegs 18,91% van die respondente toegee dat die ampstaalstatus van Afrikaans ook kan beteken dat dit op streeksgrondslag gebruik word, veral as in ag geneem word wat taalbeplanners (Prinsloo, 1987:24-5)

voorstaan. Respondente het as kommentaar by hul antwoord by hierdie vraag aangeteken dat Afrikaans alleen amptelike status op streeksgrondslag kan hê, wanneer dit 'n landstaal is. Met landstaal word die volgende bedoel " die taal wat in die land gepraat word" (HAT, 1977:498). Dit word uit hierdie respons duidelik dat kultuurbewuste Afrikaanssprekendes dalk nie genoeg kennis neem van wat in die media oor Afrikaans, sy probleme en toekomsverwagtinge gesê word nie.

Vraag 8.8.5 'n Ander definisie van die "ampstaalstatus van Afrikaans"

- * 91,89% gee nulrespons.
- * 2,7% sê die feit dat Afrikaans volkstaal is, reeds aan hom ampstaalstatus gee. Wat presies onder volkstaal verstaan word, word nie uit die respons duidelik nie. Die HAT (1977:1010) definieer volkstaal as "die taal van die volk, of nasionale taal, of taal van die breë volkslae wat nie tot die AB-taal gereken word nie". Dit wil dan voorkom of die respondente hiermee aandui dat Afrikaans die taal is wat 'n groot bevolkingsdeel bedien.
- * 2,7% voeg gelykwaardig by die gestelde definisies dat wanneer 'n persoon wat op amptelike vlak (met ander woorde in die howe, staatsdepartemente) in sy taal bedien word, daardie taal oor ampstaalstatus beskik.

Kommentaar

Die volgende sake word uit die vraelyste duidelik oor die kwessie van ampstaalstatus van Afrikaans:

- Kultuurorganisasies huldig bepaalde idees oor wat die amptelike status van 'n taal behels.

- Verskansing in die grondwet word as die belangrikste attribuut van 'n ampstaal gesien.
- Respondente beskou die gebruik van 'n taal as regeringstaal en as taal van die administrasie en wetgewing in gelykwaardige kwantiteit as tweede belangrikste eienskappe van ampstale.
- Baie minder respondente sê dat die ampstaalstatus van 'n taal ook lê in die feit dat dit as streekstaal gebruik word.

Ten spyte van die bepaalde idees wat gehuldig word oor wat presies met die term ampstaal bedoel word, word dit duidelik dat baie min gedoen word ter bevordering van die bepaalde persepsie. (Vergelyk paragraaf 5.5.3.)

Vraag 8.9 Wat dink u is die grootste struikelblok vir Afrikaans?

Vraag 8.9.1 'n Toekomstige staatsbestel

- * 29,73% gee 'n nulrespons.
- * 21,62% sien hierdie moontlikheid as die grootste enkele bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans.
- * 13,51% stel dit as die tweede grootste struikelblok.
- * 13,51% stel dit derde.
- * 8,11% stel dit vierde.
- * 5,41% sien dit as die kleinste struikelblok vir Afrikaans.

Vraag 8.9.2 Die negatiewe taalhouding van sy moedertaalsprekers

- * 29,73% gee nulrespons.
- * 35,14% beskou dit as die grootste enkele struikelblok vir Afrikaans.
- * 2,7% stel dit tweede.
- * 5,41% stel dit derde.
- * 18,92% stel dit vierde.
- * 8,11% stel dit vyfde.

Vraag 8.9.3 Ander tale binne Suid-Afrika

- * 35,14% gee nulrespons.
- * 2,7% beskou dit as Afrikaans se grootste bedreiging.
- * 10,81% stel dit tweede.
- * 8,11% stel dit derde.
- * 10,81% stel dit vierde.
- * 29,73% stel dit vyfde.
- * 2,7% stel dit laaste.

Vraag 8.9.4 Die feit dat Afrikaans direk met "apartheid" in verband gebring word

- * 27,03% gee nulrespons.
- * 13,51% sien dit as die grootste bedreiging vir Afrikaans.
- * 24,32% stel dit tweede.
- * 13,51% stel dit derde.
- * 13,51% stel dit vierde.
- * 8,11% stel dit vyfde.

Vraag 8.9.5 Die feit dat Afrikaans as die "taal van die onderdrukker" bestempel word

- * 27,03% gee nulrespons.
- * 5,41% van die respondente sien dit as die grootste struikelblok in die weg van Afrikaans.
- * 21,62% stel dit tweede.
- * 24,32% stel dit derde.
- * 10,81% stel dit vierde.
- * 8,11% stel dit vyfde.
- * 2,7% sien dit as die kleinste struikelblok.

Vraag 8.9.6 'n Ander struikelblok in die weg van Afrikaans

- * 86,49% gee nulrespons.
- * 10,81% stel ander moontlikhede as die grootste struikelblokke vir Afrikaans. Sake wat hier aan die orde kom, is onder andere die feit dat die hele taalkwessie so verpolitiseerd geraak het; Afrikanereksklusiwiteit; die New Age-beweging wat 'n een-wêreldorde voorstaan.
- * 2,7% stel as laaste moontlikheid die feit dat die ignorering van die taalkwessie deur regeringsbeleid en in die handel struikelblokke is op die toekomsveg van Afrikaans.

Kommentaar

Interessante tendense word raakgesien in verband met kultuurorganisasies se sienings oor struikelblokke in die toekomsveg van Afrikaans:

- Die negatiewe taalhouding van moedertaalsprekers vorm volgens die kultuurorganisasies die grootste struikelblok vir die toekoms van Afrikaans.
- Die tweede grootste struikelblok is die onsekerheid rondom 'n toekomstige staatsbestel.

- Dit word gevolg deur die apartheidstigma wat aan Afrikaans kleef.
- Daarná kom ander struikelblokke as die reeds genoemdes: die verpolitiserings van die taalkwessie, Afrikaner-eksklusiwiteit, die stroming wat met behulp van New Age-idees 'n eenwêreldorde voorstaan. Laasgenoemde struikelblok word deur die Afrikanervolkswag as 'n toekomstige struikelblok uitgesonder.
- Die stigma van Afrikaans as onderdrukkerstaal lê volgende op die ranglys.
- Die kleinste bedreiging vir Afrikaans is ander tale binne Suid-Afrika.

'n Ontleding van hierdie vraag werp nuwe lig op die voorafgaande vrae in die vraelys:

- Dit is merkwaardig dat ander tale in Suid-Afrika deur die minste respondente as die grootste bedreiging vir Afrikaans gesien word, terwyl die meeste respondente se werklike werksaamhede ter bevordering van Afrikaans wentel om 'n verbetering van die taal se posisie waar dit tot die voordeel van ander tale afgeskeep word. Hier kan dan werklik 'n diskrepans uitgewys word in dit wat kultuurliggame dóén ter bevordering van Afrikaans en dit wat hulle as bedreiging vir Afrikaans sien. Kultuurorganisasies werk dus ter bevordering van 'n saak wat geen bedreiging inhou nie.
- Die feit dat die status van Afrikaans in die weegskaal is, is die afgelope jare gemobiliseer deur die feit dat Afrikaans as onderdrukkerstaal bestempel is. Net 5,5% van die totale aantal respondente sien hierdie magtige negatiewe propagandaveldtog as die grootste struikelblok vir

Afrikaans. Dit is kommerwekkend dat kultuurorganisasies die nie werklik besef nie. Hierdie oningeligtheid bied ook verklaring vir die feit dat die taalbevorderingsprojekte van kultuurorganisasies oor die algemeen, in die strydfase bly vassteek het (sien paragraaf 4.3.3).

- Méér respondente (13%) sien die konnotasie tussen apartheid en Afrikaans as die grootste enkele bedreiging. (Inderwaarheid kan hierdie gemerkte terme - "apartheid" en "onderdrukkerstaal" nie van mekaar losgemaak word nie.) Interessant is die feit dat kultuurorganisasies se werksaamhede óf tot baie onlangs toe, óf nog steeds 'n eksklusiewe karakter vertoon. Om hierdie rede staan kultuurorganisasies waarskynlik self nie onskuldig teen die aanklag dat Afrikaans as onderdrukkerstaal en met 'n apartheidstigma besmet is nie.

- Die merkwaardigste responskoers is dat die meeste kultuurliggame die negatiewe taalhouding van moedertaalsprekers as die grootste bedreiging vir Afrikaans uitsonder. Hier het ons weer 'n skreiende teenstelling: uit die respons van vraag 6 het dit duidelik geword dat taalhouding die één aspek is wat hoegenaamd nie aandag geniet by georganiseerde taalbevorderingsprojekte nie, en dit boonop nie nodig het nie, omdat hulle sê dat die lede se taalhouding reeds positief is! Kultuurorganisasies het hierdeur vir hulleself 'n braakland ter bevordering van Afrikaans geïdentifiseer. Terwyl dit duidelik geword het dat lede van kultuurorganisasies se taalhouding besonder positief is, is dit tyd om hulle taalbevorderingsprojekte te rig op die breë taalgemeenskap wie se taalhouding nie so positief is nie.

- Die stigmatiserende feit dat Afrikaans direk met apartheid in verband gebring word, word as tweede belangrikste struikelblok vir Afrikaans bestempel.

GEVOLGTREKKING	IN	VERBAND	MET	VRAELYS	AAN
KULTUURORGANISASIES					

Waardevolle inligting is bekom oor die stand van taalbeplanning in Afrikaans deur die ontleding van die vraelyste wat aan kultuurorganisasies gestuur is.

- Relatief min kultuurorganisasies verbind hulle vanuit hulle grondwet en doelstellings met die bevordering van Afrikaans. Die vraelysrespons dui aan dat respondente "bemoeienis met Afrikaans" oor die algemeen sien as taalbeplanning.

- 'n Baie klein persentasie van die totale aantal kultuurorganisasies onderneem werklik georganiseerde projekte ter bevordering van Afrikaans. Die oorgrote meerderheid bepaal hulle aandag by die deurvoer van 'n enkele georganiseerde projek en laat die taalbevordering van Afrikaans verder aan spontane, intuïtiewe aksies oor.

- Die algemeenste doelstelling voor oë by die beplanning van taalprojekte, is die aanwakker van 'n positiewe taalhouding by moedertaalsprekers. Dit blyk egter uit die ontleding van Vraag 6 dat lede se houding teenoor Afrikaans besonder gunstig is, hoewel min organisasies werklik 'n bydrae lewer tot die eksplisiete verbetering van taalhouding. 'n Besonder liggewende respons (ten spyte van hierdie positiewe inligting oor taalhouding) is dié by vraag 8.9 waar die negatiewe taalhouding van moedertaalsprekers as die grootste enkele bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans uitgesonder word.

Dit is inderdaad waar, daarom het dit tyd geword dat kultuurorganisasies iets begin dóén om hierdie negatiewe taalhouding om te swaai!

- Kultuurorganisasies is oor die algemeen tevrede met die aard en afloop van taalbevorderingsprojekte wat deur hulle aangepak is en evalueer dit gunstig. (Sien paragraaf 4.3.4. vir die volledig bespreking oor die evalueringsaspek in taalbeplanning.)

- Kultuurorganisasies lewer oor die algemeen 'n klein bydrae tot die uitbreiding van die Afrikaanse taalkorpus. Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns en in 'n mindere mate, die Telefoonnavraagdiens van die ATKV is die liggame wat verantwoordelik is vir die uitbreiding van die taalkorpus van Afrikaans.

- Hoewel kultuurorganisasies bedrywighede aanpak ter bevordering van die status van Afrikaans, is dit opvallend dat hierdie werksaamhede op 'n negatiewe manier bedryf word. Dit kom voor of statusbeplanning deur kultuurorganisasies hoofsaaklik as stryd "teen" ander tale (bv. Engels) wat as bedreiging gesien word, gevoer word.

- Dit word uit die vraelysrespons duidelik dat lede van kultuurorganisasies besonder positief teenoor Afrikaans ingestel is. Hierdie intrinsieke motivering spruit nie voort uit projekte wat kultuurorganisasies ter verbetering van die taalhouding loods nie.

- Hoewel daar kultuurorganisasies is wat 'n pertinente bydrae lewer ten opsigte van die bevordering van kreatiewe werk in Afrikaans, is die oorgrote meerderheid kultuurliggame nie met die bevordering van Afrikaans op hierdie gebied besig nie.

- Die meeste kultuurorganisasies se toekomsverwagting van Afrikaans is besonder positief. (Sien paragraaf 4.3.2.2.3

vir volledige bespreking van die toekomsgerigte aard van taalbeplanningsaktiwiteite.) Hierdie positiewe toekomsverwachting behoort deur taalbeplanners benut te word met die oog op toekomstige taalbeplanningsprojekte vir Afrikaans.

- Slegs 43% van alle kultuurorganisasies beplan nuwe taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans. Die projekte wat wél beplan word, bevat in hulle die kiem van werklike taalbeplanning. Wat van die ander 57% wat geen nuwe taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans beplan nie?

- Kultuurorganisasies sien die ampstaalstatus van 'n taal daarin dat die taal in 'n grondwet verskans moet wees.

- Dit word uit die vraag oor die struikelblokke in die weg van Afrikaans duidelik dat sommige respondente nog nie hul menings oor Afrikaans se stand, taak en toekoms finaal gevorm het nie. Dit word bevestig deur die feit dat teenstrydige antwoorde gegee is op vrae wat direkte verband met mekaar het.

3.3.2 DOELWITTE VAN KULTUURORGANISASIES

Aangesien die vraelyste nie werklike lig kon werp op die spesifieke taalbeplanningsprojekte van die onderskeie kultuurliggame nie, is dit nodig om aan die hand van 'n bronnestudie en empiriese waarneming en by wyse van persoonlike onderhoudvoering, die feitelike stand van taalbeplanning deur kultuurorganisasies vir Afrikaans te bepaal.

Uit die FAK se opsomming van sy geaffilieerde liggame (FAK, 1987) blyk dit dat sommige van die kultuurorganisasies tog

vanuit hul grondwet uit, doelwitte vir Afrikaans daargestel het.

3.3.2.1 DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

"Die hoofdoel van die Federasie is die samesnoering van Afrikaanse kultuurkragte en die handhawing en bevordering van Afrikaanse kultuurbelange" (FAK, 1987:2).

Dis jammer dat die Afrikaanse taal nie eksplisiet hierby genoem word nie, aangesien die leuse van die FAK ook Handhaaf is. Hierdie afwesigheid is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat Afrikaans as kultuurbesit gesien word. Dit word ook uit die opsomming van bedrywighede duidelik dat die FAK taalhandhawing en -bevordering as hulle belangrikste taalplan sien (FAK, 1987:3).

Die FAK het ook 'n Taalkomitee aan wie spesifieke opdragte ter bevordering van Afrikaans gegee word.

3.3.2.2 DIE AFRIKAANSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

Een van die algemene doelstellings van die ACVV is om die bevordering van die volkseie deur onder andere die gebruik van Afrikaans in gesproke en geskrewe vorm aan te moedig (FAK, 1987:5).

3.3.2.3 DIE AFRIKAANSE STUDENTEPERSUNIE

Van die toekomsprioriteite vir ASPU, is die uitbreiding van diens aan die Afrikaanse studentejoernalis en Afrikaans in die algemeen (FAK, 1987:9). Bogenoemde doelstelling is

egter so vaag dat dit nie uit die lees daarvan duidelik word wát die uitbreiding van Afrikaans presies behels nie.

3.3.2.4 DAMES AKTUEEL

Hier word duidelik gestel dat die taal van die organisasie Afrikaans is. Die doelstelling wat die naaste aan Afrikaans kom, lui: "Om geroopenheid, doelgerigtheid en kundigheid by die Afrikanervrou te kweek ten opsigte van aktuele sake soos volksverbondenheid, volkstrots en kulturele verryking van die Afrikaner" (FAK, 1987:10). Die hoofbestuur van Dames Aktueel het 'n vaste komitee wat gemoeid is met taal en media. Vanweë die feit dat hulle nie op die navorsingsvraelys geantwoord het nie, is die werksaamhede van hierdie vaste komitee nie bekend nie.

3.3.2.5 AKPOL (Die Afrikaanse Kultuurvereniging van die Suid-Afrikaanse Polisie)

Een van die hoofdoelstellings van AKPOL is: "Om die gebruik van Afrikaans, en veral suiwer Afrikaans, sowel binne as buite die SAP te bevorder (FAK, 1987:14).

3.3.2.6 DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURBOND

"Om die gebruik van Afrikaans, en veral suiwer Afrikaans, sowel binne as buite die Poskantoor te bevorder" (FAK, 1987:16), is een van die hoofoelstellings van die ATKB.

Hierdie doelstelling is tydens die 1990-ATKB-Kongres hersien tot missie met doelwitte en lui nou soos volg: "Missie:

Die uitbouing van die Afrikaanse kultuur en taal onder sy lede, die personeel van die Departement Pos- en Telekommunikasiewese, mede Afrikaanssprekendes en die totale Suid-Afrikaanse bevolking" (ATKB, 1990:7).

Van die doelwitte ter bereiking van dié missie is die loodsing van projekte binne en skakeling met -alle- Afrikaanssprekendes op plaaslike (deur hoofkantoor en takke) en nasionale (deur hoofkantoor) vlak; en die aanbieding van Afrikaanse projekte met die oog op die bereiking van die totale Suid-Afrikaanse bevolking (ATKB, 1990:7)

3.3.2.7 DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING

Die hoofdoelstelling van die ATKV is die bevordering en uitbreiding van die Afrikaanse taal en kultuur (FAK, 1987:19).

Hierdie doelstelling verkry geloofwaardigheid wanneer in gedagte gehou word dat die ATKV se stigtingsdoel was om Afrikaans sy regmatige plek, veral in die vervoerdienste van die dertigerjare van hierdie eeu, te laat inneem.

3.3.2.8 DIE AFRIKAANSE VOLKSANG EN VOLKSPELEBEWEGING

Die Afrikaanse Volksang en Volkspelerbeweging het as doelstelling die verryking en uitbouing van die Afrikaanse volkskultuur soos dit in sy verskillende vorme vergestalt word (FAK, 1987:22).

Hier is dus nie werklike bemoeiing met die Afrikaanse taal as sodanig nie.

3.3.2.9 DIE NATALSE ONDERWYSERSUNIE

Hoewel die doelstelling van die NOU "Moedertaal" is, word daar nie in die doelstellings iets van die betrokkenheid by Afrikaans vermeld nie.

3.3.2.10 DIE SUID-AFRIKAANSE NOODHULPLIGA

Hoewel die Suid-Afrikaanse Noodhulpliga in 1935 gestig is met die doel om die Afrikaanssprekende die geleentheid te bied om in sy eie taal en volgens sy eie tradisies opleiding in noodhulp te ontvang, bemoei hy hom nie vandag met taalsake nie (Boshoff, 1990).

3.3.2.11 DIE SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSUNIE

Een van die doelstellings van die SAOU is "om die belange van ... 'n eie Afrikaanse kultuur in besonder te behartig" (FAK, 1987:28).

3.3.2.12 DIE SUID-AFRIKAANSE VROUEFEDERASIE

Die SAVF beywer hom vir die behoud en vooruitgang van die Suid-Afrikaanse volk - en bewaar tegelykertyd die burgergrafte, volksmonumente en konsentrasiekampkerkhoe (FAK, 1987:30).

Hier kan geen spesifieke verwysing na Afrikaanse kultuurbesit gevind word nie.

3.3.2.13 DIE VOORTREKKERS

Een van die doelstellings is om die Afrikaner se kultuur aan die jeug oor te dra en uit te bou.

Dis interessant dat waar werksprogramme ter sprake kom en die volkseie (sang, land- en volksimbole, ontwikkeling van volkstrots) genoem word, die vermelding van die Afrikaanse taal as volksbesit, nie genoem word nie.

Aangesien dit bekend is dat die Voortrekkers met 'n herstrukturering van hul werksaamhede besig is, is navrae in hierdie verband aan die Hoofleier van die Beweging gerig. Dit is jammer dat hy, ter wille van 'n volle geskakeerde beeld van die verdienstelike werk wat deur hierdie kultuurorganisasie gedoen word, nie op die navraag gereageer het nie.

3.3.2.14 ATKV-DAMES/VROU- EN MOEDERBEWEGING VAN DIE ATKV

Die ATKV-dames se doelstelling is maatskaplik opheffend van aard in ooreenstemming met die beleid van die ATKV. Hoewel die bemoeienis met Afrikaans nooit as doelstelling gestel word nie, word die Afrikaanse vrou as teikengroep uitgesonder.

3.3.2.15 FEDERALE VROUERAAD VOLKSBELANG

Die FVRV is 'n oorkoepelende koördinerende liggaam vir 'n sewentiental vroueorganisasies en beywer hom vir die eenheid van denke en optrede van alle blanke Afrikaanssprekende vroue in die Republiek van Suid-Afrika (FAK, 1987:40).

Ook in hierdie geval word daar nie in die doelstelling iets van die beywering vir Afrikaans gemeld nie, maar die Afrikaanse vrou word uitgesonder.

3.3.2.16 FEDERASIE VAN RAPPORTRYERSKORPSE

Die amptelike taal van die Federasie is Afrikaans en doelstellings lui: "Die handhawing, bevordering en uitlewing van die Afrikaanse taal" (FAK, 1987:43).

3.3.2.17 DIE GENOOTSAP VAN VRYBURGERS VAN DIE RSA

Een van die doelstellings van die Vryburgers is om die Afrikaanse kultuur en tradisies te erken, uit te leef en op alle terreine te bevorder (FAK, 1987:44).

Hier is ook nie 'n pertinente verwysing na die Afrikaanse taal nie, hoewel dit waarskynlik as een van die kultuurgoedere gesien word.

3.3.2.18 DIE GENOOTSAP VIR AFRIKAANSE VOLKSKUNDE

Die volgende dien as doelstelling vir die Genootskap vir Afrikaanse Volkskunde: "Die algehele bevordering van kennis aangaande die Afrikaanse volkseie" (FAK, 1987:45).

Hoewel dit voorkom of die bevordering van Afrikaans by bogenoemde doelstelling inbegrepe is, word dit op geen stadium as pertinente doelwit gestel nie.

3.3.2.19 JONG DAMES DINAMIEK

Die doel van JDD is "om as ambassadeurs van die Afrikaanse kultuur 'n bydrae te lewer tot die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap..." (FAK, 1987:47).

Afrikaanse dames tussen 18 en 35 jaar behoort aan dié organisasie.

3.3.2.20 DIE JUNIOR RAPPORTYERBEWEGING

Lidmaatskap word aangebied aan blanke Afrikaanssprekende mans met as doel: die handhawing, uitlewing en bevordering van die Afrikaanse kultuur, wat die Afrikaanse taal insluit (FAK, 1987:49).

3.3.2.21 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE

Die MEI is primêr daarop gerig om die Europese immigrant by die Suid-Afrikaanse, en in die besonder, by die Afrikaanse kultuur en kultuurgemeenskap in te skakel.

Die voertaal van die MEI is Afrikaans (FAK, 1987:51).

3.3.2.22 DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

Die NCVV is 'n Afrikaanse protestantse vroue welsyns- en kultuurorganisasie (FAK, 1987:53).

Hoewel daar nie uit die doelstellings 'n betrokkenheid by Afrikaans spreek nie, word dit uit die werksaamhede duidelik dat projekte ter bevordering van Afrikaans aangepak word.

3.3.2.23 ORANJE VROUEVERENIGING

Een van die doelstellings van die OVV is "die bevordering van die Afrikaanse taal" (FAK, 1987:55) wat uitdrukking vind in die suiwer gebruik van Afrikaans.

3.3.2.24 SAAMWERKUNIE VAN NATAL

Die doelstellings van die Saamwerkunie is (FAK, 1987:58):

1. Die bevordering van die Afrikaanse taal.
2. Die skep van geleenthede vir Afrikaners en nie-Afrikaners om hulle te bekwaam in die gebruik van Afrikaans as taal.
3. Die instel van 'n Taalkommissie vir die bevordering van die Afrikaanse taal.

3.3.2.25 STIGTING SIMON VAN DER STEL

Die Stigting Simon van der Stel is in die breedste sin 'n kultuur-historiese organisasie wat hom beywer vir die bewaring van kultuur-historiese argitektoniese erfenisse (FAK, 1987:59).

Hul doelstellings en werksaamhede vind dus nie uitdrukking in die beywering vir Afrikaans as sodanig nie.

3.3.2.26 DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Die oogmerke van die Akademie is onder andere die "handhawing en bevordering van die Afrikaanse taal, letterkunde en kultuur" (FAK, 1987:60).

Sedert 1990 lui die nuwe doelstellings van die Akademie soos volg: "Die oogmerke van die Akademie as multidissiplinêre organisasie, is die bevordering van die Wetenskap, die Tegniek, die Kunste en die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans." (Coetzer, 1991.)

3.3.2.27 DIE TRANSVAALSE ONDERWYERSVERENIGING

Die doel van die TO is die bevordering van Christelike volkseie onderwys en opvoeding in en deur die skool. Die bevordering en handhawing van word nooit as doelstelling genoem nie.

Kommentaar

Wat die FAK-geaffilieerde kultuurorganisasies betref, kan dan opsommend gesê word, dat tien van die 27 onder bespreking, in hul doelstellings pertinent die bevordering van Afrikaans as doelwit noem.

Selfs by hierdie tien organisasies word die leemte gevoel aan 'n duidelik omskryfde doelstelling van die rigting wat die bepaalde kultuurorganisasie ten opsigte van die Afrikaanse taal wil inslaan.

Let goed op die feit dat hier nie die oog verloor word dat die meeste van die FAK-geaffilieerde organisasies welsynsorganisasies is nie.

Desnieteenstaande is hulle Afrikaanse kultuur- en welsyns-organisasies van wie verwag word om standpunt in te neem oor hulle Afrikaansheid.

Dit blyk vervolgens dat kultuurorganisasies oor die algemeen Afrikaans met Afrikaner gelykstel. Dit is juis die oorbeklemtoning van blank en Afrikaner wat veroorsaak dat die totale taalgemeenskap (primêr en sekondêr) nie by sommige kultuurorganisasies se taalplanne vir Afrikaans betrek kan word nie. Hierdie uitsluitende "bevordering" van Afrikaans het juis die teenoorgestelde uitwerking.

3.3.2.28 FAK-KULTUURRADE

Die kultuurrade wat by die FAK geaffilieer is, se betrokkenheid by Afrikaans vanuit hulle doelstellings, lyk soos volg: Die amptelike taal van FAK-kultuurrade is Afrikaans. Die hoofdoel wat nagestreef word, is die saamsnoer van plaaslike Afrikanerkragte en die handhawing en bevordering van Afrikanerkultuurbelange (FAK, 1989:20).

3.3.2.29 NIE-FAK GEAFFILIEERDE KULTUURORGANISASIES

Vervolgens kom die grondwette en doelstellings van die nie-FAK geaffilieerde Afrikaanse kultuurorganisasies onder die vergrootglas. Die nuutgestigte Afrikaner-Kultuurbond word as verteenwoordiging van hierdie kultuurorganisasies bespreek.

*** DIE AFRIKANER-KULTUURBOND**

Die AKB is 'n sambreelliggaam wat in November 1990 tot stand gekom het om op die grondslag van die Bybel as onfeilbare en waaragtige Woord van God Drie-enig, die volgende doelstellings na te streef:

- eenheid en koördinasie te bewerkstelling onder alle Afrikaners wat die gemelde grondslag onderskryf en

selfbeskikking vooropstel as 'n vrye volk in 'n vrye vaderland;

- sover moontlik alle Afrikanerkultuurorganisasies wat die gemelde grondslag onderskryf, te affilieer, ten einde gesamentlik deur gekoördineerde optrede alle kultuuruitinge van Afrikanervolkskap te handhaaf en te bevorder;

- persone wat die gemelde grondslag onderskryf, en die Afrikaanse taal en kultuur bevorder, as individuele lede in te skryf;

- op te tree as oorkoepelende koördineerder van Afrikanerkultuurorganisasies, hulle takke en lede, namens hulle projekte te onderneem, administratiewe en ander bystand aan hulle te verleen, en doelgerigte aksies ter bevordering van hulle doelstellings te onderneem.

Die taal van die AKB is Afrikaans en slegs blanke individuele lede en organisasies wat uit blanke lede bestaan, word deur die AKB verteenwoordig (AKB, 1990).

Vanweë die feit dat die AKB so onlangs tot stand gekom het, en daar nog nie met aktiewe werksaamhede begin is nie, word geen pertinente doelstellings ter bevordering van Afrikaans genoem nie (Van den Berg, 1991).

3.3.3 DIE KULTUURORGANISASIES SE TAALBEVORDERINGSPROJEKTE

Aangesien al die kultuurorganisasies nie op die vraelyste gerespondeer het nie en sommige ook nie (as gevolg van die gebrek aan ruimte in 'n vraelys), ál hul projekte kon vermeld nie, word daar vervolgens aan die hand van hul grondwet en doelstellings gekyk na watter taalprojekte die kultuurorganisasies loods.

3.3.3.1. DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

Dit word uit die bronnestudie duidelik dat die FAK besondere aandag aan taalhandhawing en -bevordering deur middel van omsendbriewe, onderhoude en publikasies skenk, asook deur middel van bedrywighede van die Taalkomitee en die Kunstekomitee (FAK, 1987:3).

Die FAK maak daarop aanspraak dat hulle vir die volgende taalbevorderingsaksies vir Afrikaans verantwoordelik is (FAK, s.j.):

- Die jaarlikse toekenning van een beurs vir nagraadse studie.
- Die FAK se vakdidaktiekpryse vir prestasie in Afrikaans (vir eerste en tweede taal gebruikers).
- Die beskikbaarstelling van beurse en pryse vir onderwysers van Afrikaans.
- Die beskikbaarstelling van beurse en literatuur aan buitelandse studente.
- Die toekenning van die FAK-joernalistiekprys om die Afrikaanssprekende joernalis aan te moedig.
- Propagering van Afrikaans as verkeerstaal in die handel. (Hierdie doelstelling word in samewerking met UNISA en Rapport bereik.)
- Die verering van handelsorganisasies wat Afrikaans handhaaf.
- Die verskaffing van inligtingsleesstof in eenvoudige Afrikaans vir gebruik deur pasgeletterdes. (Die FAK skeep die leesstof en is nie betrokke by die verspreiding daarvan nie.)
- Die instandhouding van 'n telefoonnavraagdiens in samewerking met die ATKV.
- Deurlopende gesprekvoering om sodoende die gebruik van Afrikaans deur die SAUK te bevorder.

- Die FAK-Kunstekomitee sorg dat die Afrikaanse film- en videobedryf voortdurend gestimuleer word.
- Die opstel en verspreiding van terminologielyste.
- Die FAK se gespreksgroep en ligteliedjieskryf-werkswinkel bevorder alle fasette van die Afrikaanse lied.
- Die bevordering van die Afrikaanse toneel deur die Kunstekompetisie.
- Die reëlins van 'n Afrikaanse sangfees vir swart hoërskole.
- Die ondersteuning en uitbouing van goeie, gewilde Afrikaanse prosa deur die toekenning van die FAK-prys.
- Die stigting en uitbouing van Afrikaanse Taalklubs in samewerking met ander kultuurorganisasies en die Maatskappy vir Europese Immigrasie (MEI).
- Bevordering van taalgetrouheid onder moedertaalsprekers.
- Teenwerk van die vermenging tussen Afrikaans en Engels onder studente, skoliere en dienspligtiges.
- Die oorrading van Afrikaanssprekendes om korrekte Afrikaans met swart mense te praat.
- Die propagering van 14 Augustus as Afrikaansdag.
- Die beywering vir die instel van 'n jaarlikse praat suiwer Afrikaans-week.
- Die FAK-Onderwyskomitee beywer hom vir die behoud van moedertaalonderrig.
- Die FAK-Onderwyskomitee beywer hom vir die oprigting en instandhouding van Afrikaanse 'kleuter- en bewaarskole.
- Die FAK stel ondersoek na die onderrig en aanbieding van Afrikaans as eerste taal.
- Die FAK se Taal- en Onderwyskomitee bevorder Afrikaans as onderwystaal onder alle rasse-groepe.
- Die bespreking van taalsake.
- Die verskaffing, in samewerking met READ, van hulpmiddele by die onderrig van Afrikaans.
- Die verspreiding van Afrikaanse leesboeke, tydskrifte en koerante onder nie-Afrikaanssprekendes.

- Die verspreiding van woordeboeke en woordelyste onder alle gebruikers van Afrikaans.
- Die bevordering van leesvermoë van sekondêre swart studente in Bloemfontein.
- Die beywering vir die instel van kursusse in taalbeplanning aan Afrikaanse universiteite (PU vir CHO, UOVS).
- Die beywering van skripsies, verhandelings en proefskrifte wat in Afrikaans geskryf is.
- Die bevordering van die Afrikaanse vaktaal.
- Die inisieer van navorsing oor aktuele taalsake.
- Die betrokkenheid by die positivering van die houding teenoor Afrikaans as skoolvak.
- Die daarstel van 'n standbeskrywing van Afrikaanse taalaksies.
- Die opstel van 'n tale- en kunstebeleid vir die Republiek van Suid-Afrika.
- Die implementering van taalbeplanning as 'n skoolvak.
- Die daarstel van kommunikasiekursusse vir nie-Afrikaanssprekende studente.
- Die toekenning van die HB Thom-wisseltrofee vir die aktiefste Kultuurraad in die land wat by taalbevordering betrokke is (Van Zyl, 1990:245).

Die indruk word met hierdie sistematiese beskrywing geskep dat die FAK hom besig hou met 'n hele aantal projekte ter bevordering van Afrikaans. Dit word egter nie duidelik presies wat die omvang van elk van die projekte is, wat die doelstellings was wat nagestreef is nie en hoe suksesvol die verloop van elk van die taalbevorderingsprojekte is nie.

Sedert 1976 volg die FAK twee taalbevorderingstrategieë ten opsigte van Afrikaans (Van Zyl, 1990:238):

* Die bevordering van Afrikaans onder blanke Afrikaanssprekendes.

* Die bevordering van Afrikaans onder anderstaliges.

In 1985 het die FAK opdrag gegee dat 'n volledige program ter planmatige bevordering van Afrikaans opgestel word:

Die planmatige bevordering van Afrikaans/Taalstrategie - 'n Skakelprogram vir 1986.

Bogenoemde ops-plan is deur 'n professionele skakel-diens voorberei wat as die promosiewerksaam van die FAK, sy Taalkomitee en verwante Afrikaanse organisasies optree (FAK, 1985:2).

Die beplande Taalstrategie het vier doelwitte voor oë:

- die daarstel van 'n telefoonnavraagdiens,
- promosie vir die gebruik van Afrikaans deur die kleinhandel,
- die opstel van steunprogramme vir die taalprojekte,
- die instelling van 'n nasionale Afrikaansdag.

Baie waardevol van hierdie Taalstrategie is die neerstip van teikendatums wanneer doelwitte bereik moet wees. Die verdienste van hierdie werk lê ook daarin dat Afrikaans werklik bemark word (sonder om dit gelyk te stel aan die bemerking van tandepasta of waspoeiërs), sodat die omgangsgebruik daarvan verhoog kan word.

Die gestelde doelwitte van hierdie skakelprogram ter bevordering van Afrikaans word vervolgens kortliks bespreek:

1. 'N TELEFOONNAVRAAGDIENS VIR AFRIKAANS

Die doel hiermee is om mense te help wat "Afrikaans soek" en om mense aan te moedig om die korrekte Afrikaans te soek en te gebruik (FAK, 1985:5).

Mense wat enkelnavrae het oor spellingkwessies moet gehelp word en by uitvoerige navrae moet mense na bekwame vertaaldienste verwys kan word.

Vir hierdie diens word voorgestel dat 'n kantoor by die ATKV toegewys word met die nodige toerusting. (Vir volledige besonderhede, sien die afdeling wat handel oor die werksaamhede van die ATKV, paragraaf 3.3.3.3.)

Advertensie as propaganda vir die gratis telefoonnavraagdiens word ook voorgestel: plakkers en bladwysers moet die werksaamhede aanvanklik bekendstel.

Daar word aanbeveel dat die telefoonnavraagdiens se werksaamhede op Dinsdag 14 Januarie 1986 moet begin.

Die propagandaveldtog moet ook uitgebrei word tot 'n nuuskonferensie vir dagblaaie, die SAUK, kabelnuusdienste en finansiële weekblaaie. Dit moet weer gevolg word deur 'n onmiddellike nuusopvolg in die vorm van kort nuusberigte vir verspreiding aan die grootste moontlike mediaspektrum.

Daar word ook voorgestel dat Rapportryerskorpse behulpzaam sal wees met die propagering van hierdie diens op plaaslike vlak. Die skakeldiens voorsien selfs idees vir opvolgpublisiteit om die telefoonnavraagdiens in die nuus te hou totdat almal daarvan kennis geneem het.

Vyf jaar later kan gesê word dat die telefoonnavraagdiens toe deur die ATKV geïmplementeer is en die werksaamhede gaan van krag tot krag.

2. DIE BEVORDERING VAN AFRIKAANS IN DIE HANDEL

Hierdie aksie wil die besef by sakelui (en dan spesifiek kleinhandelsleiers) vestig dat tweetalige klantebediening tot hul voordeel strek.

Verskillende projekte ter loodsing van hierdie strategie word voorgestel: die identifiseer van instansies en maatskappye wat praktiese Afrikaanse taalkursusse aanbied, die reël van halfdagseminare, die opstel van inventarisse van bestaande taalkursusse wat gevolg moet word deur 'n behoeftebepaling (sê nou maar vir byvoorbeeld 'n kassetkursus vir Spreektaalafrikaans vir supermark-kassiere).

Die teikengroep vir hierdie taalstrategie is die vernaamste kettinggroepe, apteke, hardewarewinkels, hotel- en restaurantbedryf en klerewinkelgroepe.

Net soos by die eerste taalstrategie (telefoonnavraagdiens), het die skakeldiens ook vir hierdie strategie bepaalde teikendatums gestel vir die bereiking van doelwitte.

Hierdie spesifieke taalstrategie hou werklik belofte in, omdat Afrikaans geen aansien in die handelswêreld geniet nie. Die loodsing van hierdie taalbevorderingsaksie kan werklik postiewe verreikende gevolge hê.

Wat die afloop van hierdie projek was en of die doelwitte bereik is, kan na vyf jaar nie gesê word nie. Dit wil voorkom of daar niks van gekom het nie.

'n Mens wil net hoop dat die gebrek aan fondse nie hier as verskoning gebruik word vir die nalaat van hierdie baie positiewe projek nie.

Uit 'n beoordeling van alle kultuurorganisasies se betrokkenheid by hierdie saak, blyk dit dat daar nog nie werklik iets van gekom het nie. Die Afrikanerbroederbond het in die eerste helfte van hierdie eeu sukses behaal met die bevordering van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse sakewêreld (sien paragraaf 3.3.3.13). Sedert die laat sestigerjare kon geen noemenswaardige sukses behaal word nie, ten spyte van die feit dat lede van kultuurorganisasies steeds bewus gemaak is van hulle verantwoordelikheid in hierdie opsig nie.

Om hierdie rede sou die uitvoering van hierdie planmatige strategie ter bevordering van Afrikaans op 'n terrein waar hy sy besig is om sy hoërtaalfunksie af te staan, dividende kon afwerp.

3. SKAKELAKSIES TER BEVORDERING VAN DIE TAALPROJEKTE

Hierdie taalstrategie is gesentreer rondom die bevordering en die verlening van sigbare erkenning aan die aktiwiteite van die FAK-Taalkomitee.

Hier het ons 'n gulde geleentheid vir werklike statusbeplanning vir Afrikaans, aangesien dit prestige verleen aan die werksaamhede van die FAK ter bevordering van Afrikaans.

Die volgende skakelaksies word genoem:

- 3.1 Beurse, pryse en toekennings
- 3.2 Geletterdheid
- 3.3 Die Handel

- 3.4 Die deurgêe van inligting (Die oproep word gedoen dat liggende - die Poskantoor, Eskom, SAP - wat by wyse van brosjures inligting deurgêe, dit in maklik verstaanbare Afrikaans sal doen)
- 3.5 Die Kunste
- 3.6 Literatuur
- 3.7 Sport
- 3.8 Taalkursusse en eksamens
- 3.9 Taalgetrouheid/Moedertaalonderrig
- 3.10 Afrikaans as tweede en vreemde taal
- 3.11 Universiteite
- 3.12 Vroueorganisasies
- 3.13 Wedstryde en kompetisies
- 3.14 Navorsing

Die waardevolle van hierdie veertien skakelaksies, is dat daar nuuswaardigheid verleen word aan projekte wat lankal reeds bestaan en dat daar outomaties dan op hierdie manier nuuswaardigheid aan Afrikaans verleen word. En dis 'n bewese feit dat wanneer 'n saak publisiteit geniet, dit bevorder word.

In watter mate hierdie doelstellings verwesenlik is, kan nie gesê word nie. Dis jammer dat die taalprojekte van die FAK-Taalkomitee nog steeds nie die publisiteit kry waarop hulle geregtig is nie.

Deur die verlening van publisiteit aan hierdie werksaamhede, sal 'n groter saak as die blote FAK-saak gedien word. En dit sal die moeite werd wees!

4. PROPAGANDA VIR 'N NASIONALE AFRIKAANS-DAG OP 14 AUGUSTUS

Die strategie is om deur tydige en doelgerigte kommunikasie hierdie geleentheid se viering by sleutelinstansies te inspireer.

Die skakeldiens verantwoordelik vir hierdie beplanning, voorsien 'n volledige tydskedule vir die implementering van die verskillende fases deur die teikengroepe.

Dit blyk by nabaat dat sekere instansies (SAUK en Onderwysinstellings) hulle wel beywer vir die viering van 'n Afrikaanse taaldag.

Deur die verdere propagering kan hierdie saak groter aansien geniet en kan die dikwelse negatiewe beeld van Afrikaans daardeur gepositiveer word.

Hierdie Taalstrategie vir die planmatige bevordering van Afrikaans het belofte ingehou, omdat hier werklik op georganiseerde toekomsgerigte grondslag beplan word vir 'n taal.

Daar is in baie beperkte mate uitvoering gegee aan die gestelde doelwitte van die Taalstrategie.

By navraag oor die vordering van hierdie werksaamhede, het dit duidelik geword dat hierdie spesifieke taalbevoor-deringsprojek se belangrikheid vervaag het en dat daar nie uitvoering aan die gestelde doelwitte gegee is nie. Dis ook baie jammer dat die saak (waarvan in elk geval amper niks tereg gekom het nie) nie eens die wye mediadekking (wat telkens die grootste propagandawyse was) geniet het wat hy homself voorgeneem het nie. Die mediadekkingskwessie behoort nie werklik as 'n struikelblok beskou te word nie, aangesien daar blote entoesiastiese werk aan verbonde is en nie finansiële implikasies behels nie.

Kommentaar

Dat die FAK met verdienstelike beplanning ter bevordering van Afrikaans besig is, staan bo verdenking. Kritiek word uitgespreek vir die implementering van taalbevorderingsprojekte deur die FAK.

Na afloop van 'n mondelinge onderhoud met topamptenare van die FAK op 24 Januarie 1991, word dit duidelik dat vyftien van die genoemde aksies ter bevordering van Afrikaans (die Taalstrategie is nie nou ter sprake nie) nie meer staande projekte is nie.

Die volgende projekte geniet, om verskeidenheid redes (sien hierna) nie meer FAK-aandag nie:

- * Die beskikbaarstelling van beurse en pryse vir onderwysers van Afrikaans.
- * Die beskikbaarstelling van beurse en en literatuur vir buitelandse studente.
- * Die propagering van Afrikaans as verkeerstaal in die handel.
- * Die verering van handelsorganisasies wat Afrikaans handhaaf.
- * Die FAK-gespreksgroep en ligteliedjieskryfwerkwinkel.
- * Die bevordering van die Afrikaanse toneel.
- * Die reëlins van 'n Afrikaanse sangfees vir swart hoërskole.
- * Die stigting en uitbouing van Afrikaanse taalklubs.
- * Teenwerk van taalvermenging tussen Afrikaans en Engels in die taalgebruik van verskillende sosiale groepe.

- * Die propagering van 14 Augustus as Afrikaansdag.
- * Die beywering vir die oprigting en instandhouding van Afrikaanse kleuter- en bewaarskole.
- * Die verskaffing, in samewerking met READ, van hulpmiddele by die onderrig van Afrikaans.
- * Die beywering vir die instel van kursusse in taalbeplanning aan Afrikaanse universiteite.
- * Die betrokkenheid by die positivering teenoor Afrikaans as skoolvak.
- * Die beywering vir die instel van taalbeplanning as skoolvak.

Verskillende redes blyk oorsaak te wees vir die feit dat bogenoemde doelstellings aan die begin van 1991 nie meer prioriteit geniet nie:

- By sommige van die projekte het die FAK as inisiëringsliggaam opgetree en is die taalbevoorderingprojekte in die hande van een van die geaffilieerde liggame oorgegee.
- Vanweë die feit dat gestelde doelwitte bereik is en die projek afgehandel is, bestaan sommige spesifieke projekte nie meer nie.
- Ander projekte bly blote ideale. Probleemareas is reeds geïdentifiseer, doelwitte ter oplossing van die taalprobleme is selfs gestel, maar die implementering van die spesifieke projekte het agterweë gebly.

'n Verskeidenheid oorsake kan aangevoer word vir die feit dat dit voorkom of sommige van die FAK-taalbevorderingsprojekte aan die nodige momentum ontbreek:

- Die FAK toon 'n versigtigheid wanneer daar met liggame soos die SAUK gesprek gevoer word, om hom nie die onmin van 'n groot organisasie soos die SAUK op die hals te haal nie. En ter wille van die feit dat verhoudinge nie vertroebel moet word nie, ly Afrikaans skade.

Ongeag die feit dat individuele lede van die FAK aan die FAK skryf wanneer SAUK-aangeleenthede hulle pla, wil dit voorkom om hierdie klagtes (ten spyte van die verteenwoordiging van die FAK in die SAUK-Advieskomitee) nie aandag geniet nie. Die deurlopende gesprekvoering met die SAUK bly dus 'n langtermyn doelwit van die FAK ter bevordering van Afrikaans.

En dit is dalk juis hierdie langtermynkwaliteit daarvan wat veroorsaak dat die nodige resultate uitbly en dat hierdie spesifieke taalbevorderingsprojek bloot 'n gepraat bly.

- Doelwitte is dikwels vaag geformuleer. Dit bring mee dat werksaamhede nie duidelik afgebaken kan word nie, wat weer daartoe lei dat geen modus operandi bestaan vir die praktiese implementering van die doelwitte nie.

Hierdie vae doelwitte bring ook uiteindelik mee dat daar geen evaluering uitgevoer kan word nie. Uiteindelik veroorsaak vae doelwitte dat die werk nie gedoen kan word nie.

- Uit amptelike FAK-dokumente word die indruk gelaat dat werksaamhede geloods word, wat intussen bloot nog in die besprekingstadium is.

Hierdie verdienstelike sake staan nie onder verdenking nie; die feit dat die indruk gewek word dat dit projekte is wat reeds in hulle implementeringsfase is, word gekritiseer.

- Die komiteestelsel waarvolgens die FAK werk, het dikwels tot gevolg dat projekte vanaf doelwitbepaling tot implementering baie lank sloer.

- Dit wil voorkom of swak interne skakeling tussen FAK-amptenare veroorsaak dat verdienstelike projekte wat in die beplanningsfase geweldige insette geverg het, se belangrikheid vervaag namate die tyd verbygaan. Die studiestuk wat in 1985 verskyn het as beplanning vir die planmatige bevordering van Afrikaans in 1986, getuig hiervan.

Goeie kontrolemaatreëls wat die vordering van projekte bepaal, tesame met voortdurende evaluering wat kontroleer of beoogde doelwitte bereik word, behoort hierdie probleem te bekamp.

- Sommige van die doelwitte wat werksaamhede ter bevordering van Afrikaans inisieer, blyk nie goed genoeg deurdag te wees nie. Wanneer die bekamping van die vermenging tussen Engels en Afrikaans as doelwit gestel word, wil dit voorkom of daar uit die oog verloor word dat hierdie gekontamineerde taalgebruik verbygaande van aard is - sodra hierdie jongmense weg is uit hierdie sosiale groep, verloor hulle taalgebruik hierdie kenmerkendhede.

- Samevattend word die indruk by die beoordeling van die taalbevorderingsprojekte van die FAK gelaat, dat daders van die woord hier ontbreek. Op papier lyk die projekte ter bevordering van Afrikaans wat deur die FAK geloods word, indrukwekkend.

Wanneer egter na die taalpraktyk gelet word, is die daadkragtige implementering van die verdienstelike idees afwesig.

3.3.3.2 DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Sedert 1990 lui die nuwe oogmerke van die Akademie soos volg: "Die oogmerke van die Akademie as multidissiplinêre organisasie, is die bevordering van die Wetenskap, die Tegniek, die Kunste en die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans." (Coetzer, 1991.)

Die werksaamhede van die Akademie getuig in 'n groot mate van hierdie verbintenis. Die Akademie is primêr op voortreflikheid ingestel en dit verleen in 'n groot mate die prestige-waarde wat aan Akademiewerksaamhede gekoppel word (Coetzer, 1991).

Die Akademie doen die volgende ter bevordering van Afrikaans (SA Akademie, 1990):

- Die Taalkommissie het die finale gesag op die gebied van die Afrikaanse spelling is verantwoordelik vir die saamstel van die AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS. Die eerste AWS is reeds in 1917 gepubliseer.

Die moontlikheid word ook ondersoek om die AWS te rekenariseer in die vorm van 'n bemarkbare Afrikaanse Spelprogram, sodat dit makliker toeganklik gemaak kan word. Die rekenarisering van die AWS is al verder as die beplanningstadium gevorder. Onderhandelinge is reeds aan die gang en die rekenaarprogram behoort spoedig beskikbaar te wees (Geldenhuis, 1991). Die moontlikhede wat hierdie beoogde gerekenariseerde AWS bied, is dat 'n werksdokument rekenaarmatig taalkundig versorg kan word.

Die Taalkommissie se belangrikste werk lê op die gebied van die Woordelys en Spelreëls. Die nuwe AWS verskyn in 1991 na 'n stilte van 27 jaar (die vorige een het in 1964 verskyn). Verskillende redes word aangevoer vir die rede hoekom daar so lank gewerk is aan die hersiening van die

AWS: nuwe lede met ander insigte is op die Taalkommissie verkies, wat voortdurende hersiening van die AWS tot gevolg gehad het; ander projekte wat as prioriteitsprojekte geïdentifiseer is moes tussendeur aandag ontvang (Coetzer, 1991).

Ander publikasies wat danksy die Taalkommissie se werksaamhede tot stand gekom het, was die Lys met Klassieke Eiename, Die Afrikaanse Voorname.

Na afhandeling van die AWS in 1991, word 'n projek oor Omgangsafrikaans beplan (Coetzer, 1991).

- Die Akademie lewer 'n groot bydrae tot die oorspronklike daarstel van Afrikaanse handboeke vir veral eerstejaarstudente, in die natuurwetenskaplike rigting. Die Akademie met sy motto van voortreflikheid maak daarop aanspraak dat hierdie werke van internasionale standaard is. Sowat 10 handboeke het as produkte van hierdie projek verskyn (Coetzer, 1991).

- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gee twee Afrikaanse akademiese tydskrifte uit wat hoë aansien onder akademici geniet: Die SA Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie en Tydskrif vir Geesteswetenskappe.

- Die Komitee vir Taalbeplanning het in Februarie 1987 met sy werksaamhede begin. Die komitee se werksaamhede het aanvanklik stadig gevorder, vanweë die onbekendheid van die onderwerp (Coetzer, 1991). Die Taalbeplanningskomitee het, na wysiging deur die Akademieraad, 'n amptelike standpunt geformuleer oor die ampstaalstatus van Afrikaans wat in 1990 aan die Staatspresident deurgegee is: "Die standpunt van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is dat Afrikaans as amptelike taal in 'n nuwe demokratiese Suid-

Afrika sy volle funksiepotensiaal moet kan vervul." (Coetzer, 1991.)

Die werksaamhede van die Taalbeplanningskomitee behels die volgende:

- * Die besinning oor die instelling van 'n nasionale Taalraad. Na 'n paar jaar se besinning is tot die besluit gekom dat die totstandkoming van 'n taalraad nie wenslik is nie, hoofsaaklik omdat die Akademie se Afrikaanse karakter dit onmoontlik maak om 'n taalraad met verteenwoordiging van alle tale in Suid-Afrika te akkommodeer (Coetzer, 1991).

- * Die Taalbeplanningskomitee sien hulle betrokkenheid hier as 'n medewerker (en verteenwoordiger van Afrikaans) om die gesprekstafel waar oor al die tale besin word.

- * Die Taalbeplanningskomitee berei homself intensief voor vir die toekomstige talegesprek in Suid-Afrika.

- * Die Taalbeplanningskomitee is besig met die saamstel van 'n databank oor al die werksaamhede in en vir Afrikaans. Op 'n navraag by geleentheid van 'n onderhoud met 'n woordvoerder van die Akademie, in watter mate die navorser kan baat by hierdie databank, is berig dat die data nog nie beskikbaar is nie.

- * Die Taalbeplanningskomitee is betrokke by die inisiëring van gesprekke oor tale wat in die land aangebied word. Die voorbeeld wat hier as illustrasie genoem word, is die Taleberaad in November 1990 by die Universiteit van Pretoria en die eendagseminaar in Januarie 1991 by UNISA.

- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns tree as beskermhere op vir die twee Afrikaansolimpiades wat in samewerking met die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie en die Saamwerkunie gereël word. 'n Afrikaansweek word vir elk van die olimpiades gehou.

- Die Saamwerkunie neem onder die beskerming van die Akademie taaleksamens af en die inskrywingstal toon bykans elke jaar 'n styging.

- Die Akademie lewer 'n belangrike taaldiens deur telefoniese en skriftelike beantwoording van taalnavrae en die voorsiening van voorligting oor taalaangeleenthede.

Die adjunk-sekretaris is verantwoordelik vir die beantwoording van taalnavrae, hoofsaaklik uit die AWS (met ander woorde Standaardafrikaanse aangeleenthede). 'n Databank vir Standaardafrikaans kom op hierdie manier tot stand. Indien daar inligting verlang word wat meerdere mening vereis, word dit tydens Taalkommissievergaderings bespreek.

Daar word gemiddeld sestig navrae per dag vanoor die hele spektrum van taalgebruik hanteer (Coetzer, 1991).

- Die Afrikaanse letterkunde word daadwerklik bevorder deur die toekenning van prestige-toekennings:

* Die Hertzogprys wat die belangrikste letterkundige prys in Suid-Afrika is, word deur die Akademieraad op aanbeveling van Letterkundige Kommissie gedoen. Die Hertzogprys word om die beurt jaarliks toegeken vir poësie, drama en prosa.

* Die Eugène Maraisprys vir 'n eerste of vroeë letterkundige publikasie.

* Die Akademieprys vir Vertaalde Werk.

* Die Scheepersprys vir Jeugliteratuur.

* Die Alba Bouwerprys vir Kinderliteratuur.

* Die Tienie Holloway-medalje vir Kleuterlektuur.

- Toekennings vir voortreflike akademiese werksaamhede in Afrikaans in die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, deur die Akademie, is:

* Die Gustav Prellerprys vir Afrikaanse literatuurwetenskap en letterkundige kritiek.

* Die Markus Viljoenmedalje wat eenmalig aan 'n persoon toegeken word vir joernalistieke prestasie in Afrikaans.

* Die Toon van den Heeverprys vir Regswetenskap wat driejaarliks toegeken word vir oorspronklike regskundige werk in Afrikaans.

* Die driejaarlikse toekenning van die CJ Langenhovenprys ter bevordering van die Afrikaanse taalwetenskap.

- Binne die Fakulteit Natuurwetenskap en Tegniek bekroon die Akademie voortreflike akademiese werk in Afrikaans met die volgende pryse:

* Die Stalsprys word eenmalig aan iemand toegeken vir 'n hoogstaande of reeks van hoogstaande publikasies in Afrikaans vir die bevordering van wetenskapsbeoefening.

Die prys kan op drie vakgebiede toegeken word:

Groep 1:

Musiek en Teaterwetenskap
Kultuurgeskiedenis
Sielkunde
Kunsgeskiedenis

Groep 2 :

Staatswetenskap
Ekonomie
Geskiedenis

Wysbegeerte

Groep 3 :

Aardrykskunde

Volkekunde

Argeologie

Afrikatale

Sosiologie

Kriminologie

Opvoedkunde

* Die Ds. Pieter van Drimmelenmedalje wat toegeken word vir die bevordering van Afrikaans op die gebied van die godsdiens.

* Die Havengaprys is 'n prestigeprys wat toegeken word vir oorspronklike uitnemende Afrikaanse navorsing op natuurwetenskaplike of tegniese gebied.

Die prys kan op die volgende vakgebiede toegeken word: Wiskunde, Fisika, Biologie, Ingenieurswese en Boukunde, Geneeskunde, Chemie, Geologie, Landbouwetenskappe.

* Die DF Malanmedalje is 'n hoë eerbewys wat aan persone toegeken word wat werk van die hoogste gehalte lewer ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur.

* Die DF du Toit Malherbeprys vir Genealogiese navorsing wat net een keer aan 'n persoon toegeken kan word vir hoogstaande publikasie of reeks van publikasies in Afrikaans op die gebied van die genealogie.

* Die Totiusprys vir Teologie en die Grondtale van die Bybel wat tweejaarliks toegeken word en net een keer aan 'n persoon toegeken kan word, vir 'n hoogstaande publikasie of reeks van publikasies in Afrikaans oor die Christelike

teologie of studie van die grondtale van die Bybel. By die bekroning word veral op voortgesette produktiwiteit gelet.

- Die Akademie geniet sitting in die beheerraad van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Die voorsitter van die Woordeboekkomitee is op die oomblik die Akademie-vertegenwoordiger (Coetzer, 1991). Die inspraak van die Akademie is beduidend, aangesien die Akademie die enigste buite-liggaam is wat inspraak het op die werksaamhede wat onder die beskerming van die Universiteit van Stellenbosch uitgevoer word.

Die werk aan die WAT vorder stadig, hoewel dit, in vergelyking met die daarstelling van soortgelyke woordeboeke oorsee (bv. Nederland), vinnig vorder. Die finansiële las op so 'n langtermynprojek is sô groot dat daar nou druk uitgeoefen word dat die projek nie aan momentum moet verloor nie (Coetzer, 1991).

- Die Akademie se Kommissie vir Onderwys (hoewel hulle nie inspraak het in kurrikuleringsaangeleenthede in verband met Afrikaans nie) monitor die posisie van Afrikaans in die onderwyssituasie en identifiseer spesifieke leemtes wat bestaan. Die grootste leemte is op die oomblik 'n sertifiseringsleemte, wat indiensnemingsmoontlikhede nadelig mag beïnvloed (Coetzer, 1991).

- Die Akademie se Kommissie vir Uitvoerende Kunste:

* is besig met die hersiening van die Musiekwoordeboek en die Teaterwoordeboek.

* skenk aandag aan die posisie van Afrikaanse rolprentbedryf. Hierdie doelstelling word bereik deur die Akademie se bekroning van die Erepennig (SA Akademie, 1981:36).

- Die Akademie is betrokke by die vertaling van verdienstelike Afrikaanse letterkunde in Engels: Afrikaans Short Stories, More Afrikaans Short Stories, Afrikaans Poems with English Translations. Op die oomblik is 'n projek aan die gang waar die gedigtebundel bygewerk word en van die moderne Afrikaanse gedigte in Engels ook weergegee word.
- Daar bestaan Afrikaanse klubs in Nigerië en Uganda wat deur die Akademie van leesstof voorsien word (Coetzer, 1991).
- Die Akademie verleen hulp in die vorm van boekskenkings aan die leerstoel vir Afrikaans aan die Universiteit van Zimbabwe met sy elf studente in Afrikaans (Coetzer, 1991) - 2 blankes, 3 Indiërs en 6 swart mense. Afrikaans word sedert 1987 as keusevak by die Zimbabwese skole aangebied.
- Die Akademie is verantwoordelik vir die verskyning van Poort, 'n bundel met verdienstelike kreatiewe werk van hoërskoolleerlinge dwarsoor die RSA.
- Ook die verskillende Werkgemeenskappe, Akademie-Afdelings en Takke is by die bevordering van Afrikaans betrokke:
- * Die Afdeling Geneeskunde van die Akademie spreek sy kommer uit oor die agteruitgang van Afrikaans as vaktaal in Geneeskunde.
- * Die Afdeling Chemie is betrokke deur 'n prys toe te ken vir die beste Afrikaanse chemieprojek by die jaarlikse GEC Expo vir jong wetenskaplikes; hulle bemoei hulle ook met die gebruik van Afrikaans by wetenskaplike simposia in Suid-Afrika en beywer hulle vir die bevordering van Afrikaanse vaktaal.
- Die voorsitter van die Akademieraad, prof. Elize Botha, het by talle geleenthede die Akademie se standpunt oor die status van Afrikaans te kenne gegee: Sy sê dat wanneer 'n

parallel getrek word tussen die ampstaalsituasie in Namibië en die posisie van Afrikaans in die huidige Suid-Afrika, daar van 'n "én/én-situasie" (INSIG, Augustus 1989) sprake is. Afrikaans beklee al langer as sestig jaar sy amptelike status, het 'n hoogs ontwikkelde letterkunde, is 'n gevestigde wetenskaptaal en dien dus as kommunikasie-middel oor baie grense heen.

Op die beskuldiging dat Afrikaans oor ideologiese bagasie beskik, kan die teenargument ingebring word dat hierdie bevrydingstryd op sekere vlakke in Afrikaans gevoer word.

- Tydens 'n onderhoud met 'n uitvoerende amptenaar van die Akademie (04-02-1991) het hy dit benadruk dat die werksaamhede van die Akademie, hoewel dit daarop gemik is om Afrikaans te bevorder, dit nooit op geforseerde wyse geskied nie. Die bevordering van Afrikaans gaan altyd gepaard met voortreflike akademiese insette.

Die blote feit dat daar Akademiese lede by openbare geleenthede optree, verleen stukrag aan die bevordering van Afrikaans (Coetzer, 1991)

Kommentaar

Dit word dan uit bogenoemde opsomming van die Akademie vir Wetenskap en Kuns se betrokkenheid by die bevordering van Afrikaans duidelik, dat daar werklik op akademiese vlak bemoeienis gemaak word met die vaslegging van die toekoms van Afrikaans. Dis baie belangrik dat Afrikaans as akademiese vaktaal gevestig en uitgebou moet word en dit is belangrik dat daar prestige gekoppel moet wees aan prestasie in Afrikaans.

Die feit dat Standaardafrikaans voortdurend hersien en aangepas word, voorkom die stagnering daarvan.

Indien deeglik kennis geneem word van die ánder prestige-gekoppelde werksaamhede, word dit duidelik dat die Akademie hom daadwerklik besig hou met die korpus- en statusbeplanning vir Afrikaans.

Tog wil dit voorkom of die werksaamhede van die Taalbeplanningskomitee van die Akademie aan die nodige momentum ontbreek: Die feit dat hulle sedert 1987 besig is en nog nie werklik 'n daadwerklike bydrae tot die stand van taalbeplanning in Afrikaans gelewer het nie, verdien kritiek. Die feit dat daar besluit is om nie die inisiatief vir die vestiging van die interkulturele taalraad te neem, word betreur. Die Akademie beskik juis oor die infrastruktuur en nodige kundigheid om hierdie belangrike projek van stapel te stuur.

Hierdie laissez-faire-houding ten opsigte van taalbeplanning klop nie met uitsprake wat deur die voorsitter van die Akademieraad, prof. Elize Botha, by die opening van die 1990-Akademiejaarvergadering gemaak is nie. By dié geleentheid is gesê dat een van die dringendste gesprekke van ons tyd dié oor 'n toekomstige talebestel in Suid-Afrika is (Beeld, 21 Junie 1990).

En wanneer die Akademie in gebreke bly om méér momentum aan sy Taalbeplanningskomitee te gee as die reël van twee taalseminare en 'n beleidsformulering oor die toekomstige amptelike status van Afrikaans, kan daar nie verwag word dat 'n sleutelrol in die gesprek rondom 'n toekomstige talebestel in Suid-Afrika deur die Akademie gespeel kan word nie.

Die Taalbeplanningskomitee sal méér as net bogenoemde moet doen om uitdrukking te gee aan die volgende woorde van die Akademieraadvoorsitter: "Die Akademie is die liggaam wat moet sorg dat taalbeplanning vir die toekoms met die belange van alle Afrikaanssprekendes moet rekening hou en dat die

breë Afrikaanssprekende gemeenskap by die gesprekke oor taalbeplanning betrek word." (Beeld, 21 Junie 1990.)

Weens ongelukkige gebeurtenisse in die verlede toe politiekery in die werksaamhede van die Akademie ingesleep is, het die Akademie 'n gemerkte eksklusiewe karakter verkry. Die vertroude word uitgespreek dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns daarin sal slaag om van hierdie etiket ontslae te raak. Hierdeur sal die verdienstelike werk wat reeds deur hierdie instelling gedoen word nog groter hoogtes bereik.

3.3.3.3 DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING

Die taalbevorderingsprojekte van die ATKV behels die volgende (FAK, s.j., FAK, 1987:19, ATKV, 1990):

- Die beskikbaarstelling van beurse vir nagraadse studente (in Afrikaans en Geskiedenis).
- Die toekenning van die ATKV-beursfonds vir senior leerlinge in Bophuthatswana.
- Die toekenning van ATKV-prestasiesertifikate vir skoolprestasie in Geskiedenis en in Afrikaans (eerste en tweede taal).
- Die ATKV-reklameprys het in 1987 ontstaan met die doel om die skeppende reklame-aanwending van Afrikaans in die advertensiewese te bevorder. Die beoordelingsnorm is oorspronklikheid, kreatiwiteit, trefkrag en die korrekte en suiwer aanwending van Afrikaans in die advertensie.

Daar bestaan vyf kategorieë waarin meegeding kan word: Televisie, Radio, Tydskrif, Koerante en Buitelug (ATKV, 1990:41).

- Die instandhouding van 'n telefoonnavraagdiens waar vrae oor Afrikaanse spellingskwessies, woordkeuse en woordbetekenis en kort vertalings, gratis beantwoord word.

Die ATKV-telefoonnavraagdiens is in 1986 in die lewe geroep ter bevordering van Afrikaans onder sowel Afrikaanssprekendes as anderstaliges. Die diens word veral goed gebruik deur individue en klein maatskappye wat nie oor die dienste van 'n voltydse vertaler beskik nie. Die feit dat daar tussen 150 en 300 navrae per maand ontvang word (ATKV, 1990:41), regverdig die bestaan van hierdie diens.

Uit die lewering van die telefoonnavraagdiens, kon die ATKV bepaal dat daar by anderstaliges 'n behoefte bestaan aan praktiese Afrikaanse spreektaalklasse.

- Die bevordering van die gebruik van Afrikaans deur die SAUK deur voortdurende gesprekvoering en die toekenning van:

- * die ATKV-prys vir TV wat jaarliks toegeken word aan die regisseur/-seusse wat in 'n bepaalde jaar die grootste bydrae gelewer het ter bevordering van die Afrikaanse kultuur op TV.

- * die Radioprys ter bevordering van die Afrikaanse taal en kultuur oor die radio.

- Die stimuleer van die Afrikaanse film- en videobedryf deur opleiding aan voornemende draaiboekskrywers, waar na alle aspekte gekyk word wat verband hou met die skryf van Afrikaanse TV-draaiboeke, die vervaardiging van TV-programme en vollengte films.

Die TV-Draaiboekkursus het in so 'n mate gegroei dat daar in samewerking met die ATKV-Skryfskool aan die PU vir CHO, 'n projek (ATKV-kursusse en nie-graadkursusse deur die

Skryfskool) geloods is met die uitsluitlike doel om TV-draaiboekskrywers te skool.

- Die bevordering van die Afrikaanse lied deur:

* Die aanbied van CRESCENDO - die grootste Afrikaanse eietydse musiekkompetisie vir jong amateur en semi-professionele kunstenaars.

Volgens die ATKV-Jaarverslag (ATKV,1990:36) toon Crescendo 'n fenomenale groeikoers. Die belangrikste gevolg van Crescendo is dat jong Afrikaanse musiektalent ontdek word en dat die kompetisie daarin slaag om nuwe Afrikaanse liedjies te genereer.

* Die sportliedjiekompetisie vir hoër- en laerskole ter bevordering van oorspronklike Afrikaanse sportliedjies. Hierdie kompetisie het tot gevolg dat bundels met sportliedjies die lig gesien het.

* Die aanbied van Musiek- en Liriekaande in verskeie sentra.

* Die aanbied van 'n Ligteliedjiewerkwinkel vir persone wat hulle musiektalent verder wil slyp en ontwikkel.

- Die bevordering van die Afrikaanse toneel deur:

* Die toekening van die CR Swart-prys vir nuutgeskrewe Afrikaanse eenbedrywe wat in 'n gegewe jaar tydens die ATKV-toneelaksie opgevoer is. Sedert die prys se ontstaan in 1963 het 92 eenbedrywe vir dié prys in aanmerking gekom (ATKV, 1990:41).

* Die aanbied van Kampustoneel wat daarop gerig is om die skryf van nuwe Afrikaanse dramas in samewerking met die Dramadepartemente van die onderskeie universiteite te stimuleer.

Interessante statistiek is dat sedert Kampustoneel se ontstaan, 45 nuwe vollengte Afrikaanse dramas opgevoer is; 15 daarvan is reeds deur die professionele teater op die planke gebring; 11 het in boekvorm verskyn en het toekennings ontvang (ATKV, 1990:38).

* Tienertoneel en Amateurtoneel is die ATKV se jaarlikse toneelaksies aan skole- en amateurgroepe om hulle die geleentheid te bied om landwyd aan kompetisies deel te neem. Sedert die ontstaan van hierdie projek is 2 528 toneelinskrywings ontvang (ATKV, 1990:38).

* 'n Afrikaanse toneelfees vir swart onderwyskolleges wat bekend staan as ATO (Afrikaanse Toneel vir Onderwyskolleges). Sedert 1985 bied die ATKV 'n jaarlikse Afrikaanse toneelfees aan vir onderwysstudente wat een of ander swart taal as moedertaal het.

Hierdie toneelfees word ook nou uitgebrei na hoërskole. Hierdeur word 'n positiewe bydrae gelewer tot beter onderlinge begrip en vertroue tussen die verskillende Suid-Afrikaanse gemeenskappe.

Die ATO is in 1989 uitgebrei deurdat 'n regisseurskursus vir dosente aan swart onderwyskolleges aangebied is (ATKV, 1990:38).

* Herfsskool vir dramaturge.

* Die aanbieding van regisseurs- en toneelspelerkursusse. Volgens die ATKV-Jaarverslag (ATKV, 1990:40) het die regisseurskursus reeds in 1964 ontstaan, en is daar sedertdien 27 kursusse aangebied.

~ Die reëlings van 'n Afrikaanse sangfees vir swart hoërskole.

- Die ondersteuning en uitbouing van goeie gewilde Afrikaanse ontspanningsleesstof deur:

* Die toekenning van die ATKV-prosaprys.

* Die ATKV-Skryfskool vir kreatiewe skryfwerk aan die PU vir CHO waar voornemende skrywers geskool word. Die probleem wat as aanleidende oorsaak vir die stigting van hierdie projek gedien het, was die feit dat daar onder Afrikaanse skrywers voldoende skeppende talent bestaan, maar dat die opleiding en afronding ontbreek het.

Sedert 1985 is daar begin met die ATKV-skryfkursus in samewerking met die departement Afrikaans-Nederlands aan die PU vir CHO, om skrywers te skool. Vanweë die sukses van hierdie werkswinkels, is daar oorgegaan tot die stigting van die ATKV-skryfskool met 'n voltydse direkteur.

Benewens die aanbied van kort skryfkursusse op deurlopende basis, word daar voortgegaan om die huidige kursus tot 'n volwaardige semester-/jaarkursus uit te bou.

* Die borg van die ATKV/Sarie-novellewedstryd.

- Die verspreiding van DIE TAALGENOOT (die lyfblad van die ATKV) aan swart skole.

- Die borgskap van die Gebruiksafrikaans-Olimpiade in samewerking met die Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie. Hierdie olimpiade het die bevordering van Afrikaans onder leerlinge wat dit as tweede taal het, ten doel.

- Die ATKV het in 1991 met werskaamhede vir die daarstel van 'n toekomstige taalplan vir Afrikaans begin.

Kommentaar

Die totale oorgegewenheid en onvermoeide ywer van die ATKV vir Afrikaans blyk uit bogenoemde verslag. Wanneer na die aanvangsdatums van projekte gekyk word, word dit duidelik dat daar nie met 'n klompie projekte begin is en daarmee volstaan word nie. Die ATKV is voortdurend met 'n behoeftebepaling besig om te bepaal watter nuwe terreine nog nie ontgin is nie - hiervan spreek die nuwe inisiatief oor 'n toekomstige taalplan vir Afrikaans. Die ATKV se sukses met mikrovlaktaalbeplanning vir Afrikaans kon bo alle twyfel bewys word. Daarom word daar met dankbaarheid kennis geneem van die feit dat hulle nou ook op makrotaalbeplanningsvlak betrokke raak.

Dit word uit die ATKV-Jaarverslag duidelik dat die projekte suksesvol verloop, dat gestelde doelwitte bereik word en dat die taalbevorderingsprojekte 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe groeikoers toon.

Die ATKV se betrokkenheid by die wel en wee van Afrikaans spreek ook daaruit dat die kongrestema by geleentheid van hul een-en-sestigste kongres Afrikaans: Allemanstaal vir die jare Negentigs, was. Die gasspreker by hierdie geleentheid was prof. Elize Botha wat oor Afrikaans gepraat het; daar is 'n paneelbespreking gehou met kundiges uit alle bevolkingsgroepe wat oor die allemanskarakter van Afrikaans gepraat het; verskeie beskrywingspunte is aanvaar wat handel oor die besluite wat die Kongres oor Afrikaans geneem het.

3.3.3.4 DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURBOND

Die taalbevorderingsprojekte van die ATKB behels die volgende (FAK, s.j., FAK, 1987:17, ATKB-Jaarverslae soos gepubliseer in DIE BONDGENOOT):

- Die ATKB het die fondsinsameling vir die oprigting van die Afrikaanse Taalmonument in 1975 op Paarlberg geadministreer. Na afloop van dié projek is die oorblywende fondse aangewend vir die totstandkoming van Afrikaanse Taalfonds in die Paarl.

- 'n Jaarlikse boekebeurstoekenning vir derdejaar- of honneursstudie in Afrikaans-Nederlands aan 'n anderskleurige student aan UNISA.

Die beurs beloop R500,00 per jaar en mag slegs vir die aankoop van handboeke of ander voorgeskrewe boeke aangewend word. Met hierdie beurs wil die ATKB help om die "gebruiksfrekwensie van Afrikaans te verbreed" (Die Bondgenoot, Julie/Augustus 1990:14).

- Die beskikbaarstelling van sertifikate, trofeë, medaljes en boekpryse vir prestasie in Afrikaans (eerste en tweede taal).

Na aanleiding van 'n onderhoud met ATKB-amptenare (31-01-91) blyk dit dat hierdie toekenning deur die plaaslike takke gemaak word.

- Die organisasie van 'n nasionale koorfees (Applous!) wat eers as musiekkompetisie georganiseer is. Sedert 1989 is dit 'n koorfees op geen kompetisiebasis nie en word die laer- en hoërskoolkoorfeeste al om die ander jaar aangebied.

Die Applous-koorfeeste word op streeksgrondslag aangebied.

- Die Anton Hartmankoorfees in Transvaal word aangebied om enersyds hulde te bring aan dr. Anton Hartman as musiekmens en andersyds om Afrikaanse koorsang onder volwassenes te bevorder. Die koorfees word in samewerking met die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Koormusiek aangebied vir volwassekore buite onderwysverband.

Sedert 1990 word, na samespreking met die FAK-Musiekkomitee, ook 'n Anton Hartmankoorfees in die Wes-Kaap aangebied.

- As aanmoediging vir jong digters, bied die ATKB sedert 1990 'n poësiekompetisie in samewerking met DE KAT aan. Die beskermheer van dié projek is prof. Ernst van Heerden. Slegs skoolgaande leerlinge onder die ouderdom van 19 mag aan dié kompetisie deelneem.

Deelnemers moet 'n portefeulje van drie gedigte as inskrywing indien. Reeds in die eerste jaar van hierdie verdienstelike projek is 225 portefeuljes, wat 675 enkelgedigte verteenwoordig, van skoliere regoor die land ontvang.

- Die bevordering van die Afrikaanse letterkunde deur die aanbied van die ATKB-kortverhaalwedstryd. Die kultuurafdeling van die Stadsraad van Verwoerdburg het die ATKB in 1987 genader met 'n aanbod om gesamentlik 'n kortverhaalwedstryd vir hoërskoolleerlinge aan te bied. Uitnodigings is landwyd aan alle blanke hoërskole gerig (hoewel enige hoërskoolleerling wat in Afrikaans skryf, welkom is om deel te neem). Die eerste prys bedra R300, die naaswenner kry R250 en die prysgeld verbonde aan die derde plek ontvang R200.

Sedert 1990 bied die ATKB die kompetisie sonder die samewerking van die Verwoerdburgse Stadsraad aan.

- Die jaarlikse aanbied van 'n landwye opstelwedstryd vir laerskole. Sedert 1989 rig die ATKB uitnodiging aan Afrikaansmedium laerskole om hulle aan te moedig om een opstel vir seuns en een vir dogters oor 'n gegewe onderwerp te stuur vir beoordeling.

- Afgevaardigdes na die ATKB-Jeugleierskursus moet 'n opstel vir beoordeling indien. Die doel van hierdie projek is, om enersyds 'n liefde vir die geskrewe woord te kweek en

andersyds om 'n vaardigheid met die geskrewe woord aan te leer.

Daarbenewens word ál bogenoemde geskrewe landwye projekte ook aangebied vir poskantooramptenare en kinders van poskantooramptenare. Bekroning van verdienstelike werk geskied hier by wyse van die oorhandiging van boekbewyse.

- Die jaarlikse reël van redenaarskompetisies:

* Redenaarskompetisie vir studente. Die ATKB bied jaarliks, sedert 1971, 'n redenaarskompetisie vir studente aan.

Kultuurbeamptes van die verskillende universiteite tree as eerste ronde-keurders op en die finale getal redenaars trek elke jaar by 'n ander universiteit saam vir die finale redenaarskompetisie.

* Redenaarskompetisie vir hoërskoolleerlinge. Gedurende 1967 het die Uitvoerende Raad van die ATKB besluit om projekte buite sy eie geledere aan te bied en is die gebrek aan 'n redenaarskompetisie vir hoërskoolleerlinge geïdentifiseer en as landwye ATKB-projek aanvaar.

Die ATKB-hoofkantoor rig 'n uitnodiging aan blanke hoërskole (hoewel anderskleurige redenaars in Afrikaans ook welkom is om in te skryf) en nooi hulle om hoogstens twee leerlinge per skool vir die redenaarskompetisie in te skryf. Sedert 1988 is daar 'n senior (st. 8, 9, 10) en 'n junior afdeling (st. 6, 7) waarin gekompeteer word.

Die getal inskrywings het sedert 1985 'n fenomenale groei koers getoon: Die getal skole het van 70, in 1985, tot 250, in 1990, gegroei. Die aantal deelnemers het 'n styging van 160 tot 780 getoon. Die verwagting is dat daar

in 1991 min of meer duisend individuele inskrywings sal wees (Van der Merwe, 1991).

* Redenaarskompetisie vir ATKB-jeug word jaarliks vir afgevaardigdes na die jeugleierskursus aangebied. Sedert 1990 word dié kompetisie voorafgegaan deur 'n kort kursus in redevoering, ter skoling van die kompetisie.

Bykomend by bogenoemde projek, het die Jeugkongres van die ATKB in 1990 besluit om 'n prestige-redenaarskompetisie vir die ATKB-jeug aan te bied, wat nié die kompetisie tydens die jeugleierskursus sal vervang nie.

- Die ATKB het 'n leemte vir die opleiding van redenaars, beoordelaars en afrigters geïdentifiseer en opleiding vir redenaars word sedert 1985 deur die ATKB in samewerking met die RAU as deel van 'n vakansieskolingskursus aangebied. Sedertdien is daar soortgelyke skolingskursusse regoor die land aangebied, wat tot gevolg het dat meer redenaars vir die kompetisies inskryf. Daar is ook gevind dat leerlinge wat die kursusse bywoon oor die algemeen beter presteer tydens die redenaarskompetisies.

- Aanvanklik was die ATKB betrokke by 'n landwyse Storievertelfees, maar sedert 1988 het dit geblyk dat dié projek sy trefkrag begin verloor het. Na oorleg met Radio Suid-Afrika en die borg, Bancura, is besluit om goeie en spontane radiogeselsers in Afrikaans te bekroon. Radio Suid-Afrika stel jaarliks 'n kortlys van ongeveer 25 onderhoude saam uit ál die baie onderhoude wat uitgesaai word.

Daarna kies 'n keurkomitee, bestaande uit Radio Suid-Afrika-vertegenwoordigers en ATKB-amptenare, 'n finale kortlys van ses onderhoude wat by twee geleenthede uitgesaai word. Luisteraars word dan versoek om die onderhoude in

gewildheidsvolgorde te plaas. 'n Rekordgetal luisteraarsinskrywings (7 000+) is in 1989 ontvang.

- Die organisasie van 'n skema om Afrikaanse literatuur deur middel van bande tot blindes se beskikking te stel is deur die ATKB, met bemiddeling van Trustbank as finansier, as projek aangebied. Die borg het ongelukkig sy borgskap van R1 500 tot R500 verminder, wat daartoe gelei het dat dié projek na 1989 skipbreuk moes ly.

- Die ATKB is op 'n besondere wyse betrokke by die wel en wee van Afrikaans deur middel van die maandblad, DIE BONDGENOOT.

Sedert die gesprek rondom Afrikaans vanaf die einde van 1989 momentum gekry het, word in bykans elke uitgawe óf berigte, óf kongresreferate óf redaksionele kommentaar oor die toekoms van Afrikaans geplaas.

- Die bevordering van Afrikaans vind ook op plaaslike ATKB-vlak plaas:

* Die Kaapstadtak het in 1989 'n opname gemaak en bevind dat binne 'n radius van een kilometer nie één restaurant in die stad oor Afrikaanse spyskaarte beskik nie. Hulle beywer hulle vir samewerking met die Kamer van Koophandel om sake reg te stel.

* Tak Algoabaai het in 1989 as langtermynprojek ter bevordering van Afrikaans, besluit om jaarliks 'n wisselskild aan 'n Afrikaanse hoërskool te skenk. Die skole kan dit dan jaarliks aan 'n leerling wat die beste in Afrikaans gevorder het, toeken tydens die prysuitdelingsgeleentheid.

- Tydens die jaarlikse ATKB-kongresse word daar gewoonlik mosies wat Afrikaans raak, aanvaar:

* Die 1989 ATKB-kongres het die volgende besluite oor Afrikaans geneem:

"UITBOUING VAN AFRIKAANS

Hierdie kongres spreek dit as sy oortuiging uit dat die uitbouing van Afrikaans 'n voorvereiste is vir die voortbestaan van die Afrikanervolk en glo dat die uitbouing ook aktief onder andertaliges en alle volke in Suid-Afrika moet geskied.

AFRIKAANS IN DIE HANDEL

Hierdie kongres spreek sy kommer uit oor die laksheid onder Afrikaanssprekendes wanneer hulle winkels, veral in stede, besoek en nie hulle eie taal besig nie. Verder word takke versoek om die bespreking van hierdie aspek gereeld op die sakelys te plaas.

AFRIKAANSE MUSIEK

Musiekbedryf

Hierdie kongres doen 'n beroep op ATKB-lede om die Afrikaanse musiekbedryf te ondersteun deur:
Afrikaanse plate en bandjies te koop, en
Uitvoerings van Afrikaanse kunstenaars by te woon"
(Die Bondgenoot, Nov/Des 1989).

* In 1990 is die volgende amptelike besluite oor Afrikaans en sy voortbestaan geneem:

"AFRIKAANS

AMPTELIKE TAAL

Die kongres doen 'n beroep op die regering om nie tydens toekomstige onderhandelinge toe te gee aan druk dat Engels die enigste amptelike taal word nie.

TAALBELEID IN DIE NUWE STAATSBESTEL

Hierdie kongres versoek die regering om te verseker dat die volgende kriteria op die amptelike taalbeleid in 'n nuwe staatsbestel van toepassing moet wees:

- (a) Die mate waarin die amptelike taal of tale toegang tot die breë massa verleen tot opvoedkundige, ekonomiese en politieke deelname;
- (b) Die mate waarin dit kommunikasie met die staatsadministrasie moontlik maak;
- (c) Die mate waarin dit interpersoonlike kommunikasie op nasionale vlak moontlik maak;
- (d) Die mate waarin dit intergroepkonflik en diskriminasie minimaliseer;
- (e) Die nuwe taalbeleid moet regstreeks aansluit by die sosiolingvistiese realiteite van Suid-Afrika; en
- (f) Die taalbeplanningsproses moet 'n rasioneel verantwoordbare proses wees.

DIE STATUS VAN AFRIKAANS

Die kongres neem kennis van uitsprake in sekere geledere dat Afrikaans in die toekoms moontlik sy amptelike status mag verloor. Waarnemings in die besigheidswêreld toon dat Afrikaans al minder erkenning geniet

ATKB-KULTUURPROJEKTE

Hierdie kongres besluit dat die Afrikaanse taal die enigste kriterium vir deelname aan die ATKB-nasionale projekte sal wees.

AFRIKAANSE KULTUUR BINNE 'N NUWE STAATKUNDIGE BESTEL

KOMMUNIKASIE

- Die keuse van amptelike tale moet deur die verteenwoordigers van al die ingesetenes van Suid-Afrika geskied.
- Op sterkte van die huidige gebruiksfrekwensie en gebruik as opvoeding-, wetenskap- en handelstaal, moet Afrikaans een van die amptelike tale bly.
- Onderrig op alle vlakke geskied in die moedertaal of die taal soos deur die ouer verkies.
- Die geletterdheidspeil van al die ingesetenes van die RSA moet verhoog word" (ATKB, 1990:11).

Kommentaar

* Die ATKB-projekte ter bevordering van veral die redenaarskuns in Afrikaans het hulleself gevestig en die statistiek bewys dat die projekte werklik 'n doel dien ter bevordering van Afrikaans.

* Die feit dat daar by die geskrewe projekte ter bevordering van Afrikaans ook nou 'n poësiekompetisie geloods word, behoort die kreatiewe skryftaaltradisie van die taal nog verder uit te bou.

* Verblydend van die werksaamhede van die ATKB, is die noue betrokkenheid by aktuele taalsake. Hierdie voorposdenke wat ook amptelikheid verkry het deurdat dit kongresbesluite geword het, maak van die ATKB 'n kultuurliggaam wat werklik die saak van die bevordering van Afrikaans op die hart dra.

3.3.3.5 DIE AFRIKAANSE TAALFONDS

Omdat die ATF die Afrikaanse taalgemeenskap wil dien, is sy Raad verteenwoordigend van die totale Afrikaanse gemeenskap (ATF, 1990:10). Die Nasionale Raad van die ATF bestaan uit verskeie lede uit die wit en bruin Afrikaanse gemeenskap en verteenwoordigers van alle Suid-Afrikaanse universiteite.

Hierdie liggaam was die eerste veelrassige kultuurliggaam wat die bevordering van die Afrikaanse taal ten doel het (Die Bondgenoot, Sep/Okt 1989:13).

In die jaarverslag (ATF, 1990:12) word dit onomwonde gestel dat hoewel die ATF se direkte betrokkenheid by projekte klein is, hy hom dit ten doel stel om as finansierder van prioriteitstaalprojekte op te tree.

Die ATF is vir die volgende taalbevorderingsprojekte verantwoordelik (FAK, s.j.; ATF, 1990):

- Die toekenning van beurse vir voorgraadse en nagraadse studie in Afrikaans. Drie beursfondse bestaan: die Unisa-beursfonds, Fort Hare-beursfonds en die ATF-beursfonds.

- Instel van ondersoek na die onderrig en aanbieding van Afrikaans as eerste taal.

- Die bespreking van en bemoeienis met taalsake. In Augustus 1990 is 'n simposium oor die onderrig van Afrikaans in 'n demokratiese Suid-Afrika by die UWK op inisiatief van die ATF aangebied. Hoewel die simposium onder die beskerming van die Democratic Teachers' Union, die KPO, Die National Education Co-ordination Committee en die National Language Project plaasgevind het, het die ATF as fasiliteerder vir dié simposium opgetree (Erasmus, 1991).

Tydens hierdie simposium is die mening uitgespreek dat 'n nuwe omvattende geskiedbeskrywing van die herkomsgeeskiedenis van Afrikaans moet verskyn (DIE BURGER, 18-08-1990).

Tydens hier die selfde geleentheid is 'n taakgroep saamgestel aan wie die opdrag gegee is om 'n breë gesprek rondom die kurrikulering van Afrikaans aan die gang te kry. Die ATF is onder andere ook uitgenooi om deel te hê aan die werksaamhede van die taakgroep (Erasmus, 1991).

- Die ATF se verskeidenheid hulpverlenende onderwysprogramme staan sedert 1989 bekend as ATF-Uitreikprogramme. Met hierdie Uitreikprogramme verwesenlik die ATF sy dienslewerende ideaal (ATF, 1990:15).

Die breë doelstelling wat met hierdie Uitreikprogramme bereik wil word, is dat die nie-Afrikaanssprekendes deur dienslewering gehelp moet word tot beter kommunikasie in Afrikaans - een van die RSA se amptelike tale. Spesifieke doelstellings verskil van projek tot projek, afhangende van die probleemarea wat geïdentifiseer is. Dit moet duidelik verstaan word dat die ATF slegs op aanvraag vanweë behoefte uit die gemeenskap, sy Uitreikprogram beskikbaar stel - daar vind dus geen propaganda plaas nie (Erasmus, 1991).

* Die eerste Uitreikprogram is in 1986 in Khayalitsha op aandrang van die matrikulante geloods. Hoewel die program aanvanklik beperk was tot ondersteunende hulp by wyse van klasgebonde onderrig, is daar mettertyd gekonsentreer op leergesentreerde selfstudiepakette.

Selfs hierdie gesentreerdheid het gaandeweg verskuif met die fokus eerder op 'n taalverwerwingskomponent, waar die leerder deur bemeestering van Afrikaans in staat gestel word om sy ervaringswêreld via Afrikaans uit te brei. Gedurende 1989/90 is ses skole by hierdie ondersteuningskomponent betrek.

Die vordering wat met die verwerwingskomponent gemaak word, is heelwat stadiger as met die ander komponente. Die ideaal

is om 10 bladsye lesmateriaal per week vir 28 weke (die volle duur van die onderrigjaar) aan leerlinge te verskaf.

* Studente van die Vaaldriehoekse kampus van die PU vir CHO verleen tweeweklikse onderrighulp in Afrikaans aan st.8- en matriekleerlinge in Sebokeng. Die doel hiermee is om die leerlinge voor te berei vir die eindjaar se eksterne eksamen.

* Die taalwerkzaamhede waar hulpverlening aan swart matrikulante in Soweto en die Oos-Rand gegee word, het in die 1989/90-tydperk met 100% toegeneem (ATF, 1990:16). Meer as 2 000 matrikulante is by wyse van direkte kontak gehelp met hulle voorbereiding vir die eksterne eksamen. Daarbenewens is 'n Afrikaanse motiveringskursus in Daveyton vir sowat 450 swart matrikulante aangebied.

* In die Vrystaat en Noord-Kaapland is 'n ondersoek geloods om die behoeftes van swart onderwysers van Afrikaans te bepaal. Daarvolgens is 'n projek ontwerp waarvolgens onderwysers gehelp is om hulle vakkennis en taalvaardigheid kon verbeter.

* Op versoek van laerskoolonderwysers van Afrikaans in Mamelodi, is 'n meningsopname gemaak om te bepaal wat die behoefte van hulp in Afrikaans is. Daar was 'n oorweldigende belangstelling in moontlike indiensopleidingskursusse, en op grond daarvan het die ATF in 1989/90 begin met kursusse vir st. 1- en st. 2-onderwysers.

- Die ondersoek na die houding teenoor Afrikaans as skoolvak word in samewerking met die UOVS geloods.

- Die ATF loods 'n projek in verskillende fases wat empiriese navorsing oor die onderrig van Afrikaans behels. Tydens die eerste fase is skoolverlaters betrek. Die tweede fase behels die uitstuur van vraelyste aan matrikulante van

die Natalse Onderwysdepartement, die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Volksraad), en die Departement van Onderwys en Kultuur (Administrasie : Raad van Verteenwoordigers). Tydens hierdie tweede fase word die projek uitgebrei om ook die onderwysers van Afrikaans te betrek.

- Die ATF is baie nou betrokke by geletterdheidsonderrig:

* Die projek in Noorder-Paarl het in 1986 begin. Die doel met hierdie projek is om die Afrikaanssprekende plaaswerker te lei na die verwerwing van basiese geletterdheid ten einde in staat te wees om homself in sy leef- en werksituasie te handhaaf. Die kursusmateriaal vir die eerste kursus sluit 'n basiese lees-, skryf- en syfervaardigheid in en is op Bybelverhale gebaseer. Die tweede kursus vloei voort uit die eerste een en sluit temas soos die telefoon, die invul van vorms, mate en gewigte en ander sake eie aan die behoefte van volwassenes in.

* Die ATF het reeds 1986/87 ondersoek ingestel na die daarstel van Afrikaanse geletterdheidsprogramme. Die RGN en Landelike Stigting was aanvanklik by hierdie projek betrokke. Die program behoort in 1991 voltooi te word en is só gestruktureer dat dit vir alle ongeletterde Afrikaanssprekendes aangepas kan word.

- Die Uitvoerende Komitee van die ATF en die Departement Nasionale Opvoeding het ooreengekom dat die ATF in die toekoms sal optree as koördineerder van alle versoeke om steun vir die onderrig van Afrikaans uit die buiteland.

- Die aanbod van kommunikasiekursusse vir nie-Afrikaanssprekendes by verskillende sentra.

* Hierdie projek se stukrag spruit uit die feit dat baie nie-Afrikaanssprekende studente om verskeidenheid redes by

Afrikaanse universiteite inskryf en dat hulle dit baie moeilik vind om die Afrikaanse vakinhoud van die kursusse baas te raak. In samewerking met die PU vir CHO het die ATF 'n kursus in Kommunikasie-Afrikaans geïmplementeer. Die uiteindelijke doel met hierdie kursus is nie alleen om die studente geleentheid te bied om Gebruiksafrikaans aan te leer nie, maar streef uiteindelik na die positivering van hierdie anderstaliges se taalhouding teenoor Afrikaans. Die voorgeskrewe handboek, Taalkompas, word deur die ATF gesubsidieer.

* Die ATF is ook betrokke by die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans aan die RAU, deesdae bekend as die Buro vir Nie-Formele Onderrig, waar Kommunikasie-Afrikaans aan alle sektore van die samelewing onderrig word. Die doel van hierdie projek is om nie-Afrikaanssprekende leerders se kommunikatiewe vermoëns in Afrikaans te bevorder, en om inligting te verskaf omtrent die aspirasies, strewes en sentimente van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking.

Die EOA bied sedert 1990 kursusse in Kommunikasie-Afrikaans aan vir werknemers van die Johannesburgse Stadsraad. Na suksesvolle voltooiing van hierdie taalkursus, baat die kandidate salarisgewys.

* Ook in Kaapstad word 'n vraag na Afrikaans vanuit die privaatsektor en die akademiese wêreld ondervind. Die ATF is ook by bevordering van Gebruiksafrikaans betrokke.

- Om sy goedgesindheid teenoor die Afrikaanse letterkunde te bewys, verleen die ATF steun aan die Afrikaanse Letterkundeverenigingstydskrif, Stilet. Deur hierdie betrokkenheid werk die ATF mee om die beeld van die Afrikaanse letterkunde uit te bou, en stel dit die ALV in staat om, ten spyte van kulturele isolasie, 'n eie tydskrif uit te gee.

- Die Woordeboekkomitee is die enigste subkomitee van die ATF, en beywer hom vir die daarstel van 'n Afrikaanse verklarende aanleerderwoordeboek (Die Basiswoordeboek van Afrikaans) en vertalende tweerigtingwoordeboeke /brugwoordeboeke vir Afrikaans en die Afrikatale. Die eerste vertalende woordeboek is 'n Noord-Sotho/Afrikaanse woordeboek onder redaksie van EB van Wyk. Die ander vertalende woordeboeke wat sal volg, is Suid-Sotho/Afrikaanse, Tswana/Afrikaanse en Xhosa/Afrikaanse woordeboeke.

- Hoewel die Taalmonument en Taalmuseum in die Paarl staatsverantwoordelikheid is, is die ATF op verskillende maniere hierby betrokke: lede van die Nasionale Raad van die ATF dien in die beheerrade van hierdie gedenkwaardighede. Die ATF is ook op ad hoc-basis betrokke by befondsing van instandhoudingswerk aan die gedenkwaardighede (ATF, 1990:11).

- Die direkteur van die ATF en lede van die uitvoerende komitee is voortdurend met beleidmakers en meningsvormers op vele samelewingsterreine in gesprek (ATF, 1990:11).

Kommentaar

Die ATF lewer, ten spyte van sy klein infrastruktuur, 'n reuse bydrae tot die planmatige bevordering van Afrikaans. Cooper (1989:45) onderskei taalverwerwingsbeplanning as 'n onderskeibare soort taalbeplanning. Die ATF hou hom by uitstek besig met taalverwerwingsbeplanning.

Deur hierdie betrokkenheid by Afrikaans slaag die ATF daarin om die negatief gelaaide konnotasie aan Afrikaans om te swaai.

3.3.3.6 DIE FEDERALE VROUERAAD VOLKSBELANG

Die FVRV het enkele jare gelede 'n Praat Afrikaans Suiwer-dag ingestel wat deur die ledeverenigings, gewoonlik op 'n dag in Oktober, toegepas word (Bothma, 1990).

Die FVRV bemoei hulle ook nog met die volgende taalsake (FAK, s.j.)

- Die bevordering van die Afrikaanse letterkunde.
- Die ondersteuning van goeie gewilde Afrikaanse ontspanningsleesstof.
- Die voorsiening van hulpmiddele by die onderrig van Afrikaans.

Wat die presiese aard en omvang van die werksaamhede is, kon nie uit die bron agtergekom word nie; daarbenewens het hulle die vraelys onbeantwoord teruggestuur.

3.3.3.7 FEDERASIE VAN RAPPORTRYERSKORPSE

Die taalgerigte werksaamhede van die Federasie behels die volgende (FAK, s.j.):

- Toekenning van sertifikate, trofeeë, medaljes en boekpryse vir prestasie in Afrikaans (eerste en tweede taal).
- Die bevordering van die Afrikaanse letterkunde.
- Die verspreiding van Afrikaanse leesboeke, tydskrifte en koerante onder nie-Afrikaanssprekendes.

Dis te betreur dat daar in die opsomming van werksaamhede (FAK, 1987:43) niks van die taalbevorderingswerksaamhede van die Federasie van Rapportryerskorpse gesê word nie, veral in die lig van die feit dat die bevordering van Afrikaans een van hulle gestelde doelwitte is.

3.3.3.8 JONG DAMES DINAMIEK

Die JDD is slegs deur die betrokkenheid by die kindertoneelwedstryde in Afrikaans by die georganiseerde bevordering van Afrikaans betrokke (FAK, s.j.:7).

3.3.3.9 JUNIOR RAPPORTRYERSBEWEGING

Die JRB is verantwoordelik vir die volgende taalbevorderingswerksaamhede (FAK, s.j.):

- Die organisasie van die jaarlikse Afrikaanse debatskompetisie vir studente en hoërskoolleerlinge.
- Die organisasie van Afrikaanse vasvrawedstryde.
- Die reëlings van die bevordering van die Afrikaanse skoolkoerant.

Net soos by die Federasie van Rapportryerskorpse noem die JRB nie in die opsomming van werksaamhede (FAK, 1987:49-50) watter werksaamhede hulle ter bevordering van Afrikaans op georganiseerde grondslag aanbied nie. Die bevordering van Afrikaans is ook 'n gestelde doelwit van die JRB.

Dit is verblydend om te sien dat die JRB toegetree het tot die gesprek rondom Afrikaans in 'n toekomstige bedeling. Die amptelike standpunt van die JRB is dat die posisie van Afrikaans as amptelike taal in 'n toekomstige Suid-Afrika onbedingbaar is.

Die JRB huldig die mening dat Afrikaans nie die alleenbesitting van 'n enkele bevolkingsgroep is nie: "'n Pleidooi vir behoud van Afrikaans as amptelike taal is dus nie 'n selfsugtige gebaar van 'n enkele bevolkingsgroep nie, maar dien 'n veel wyer belang." (Die Burger, 28 November 1990.)

Die amptelike persverklaring van die JRB lui voorts dat taal groter is as 'n politieke bestel of belangegroep. Om hierdie rede maak mense wat hulle beywer vir die verlies van die ampstaalstatus van Afrikaans hulle skuldig aan voorveronderstellings - en 'n toekomstige regverdige bedeling kan nie op voorveronderstellings gebou word nie (Die Burger, 28 November 1990).

3.3.3.10 DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE

Die MEI doen die volgende op georganiseerde grondslag ter bevordering van Afrikaans (FAK, s.j.):

- Gee aandag aan die ontwikkeling en uitbouing van en ondersteuning van Afrikaansgeoriënteerde geletterdheidskursusse deur die daarstel van die MEI-taalkursusse.
- Propagering van Afrikaans as taal waardeur waardevolle inligting bekom kan word, onder ander taalgroepe.
- Verleen hulp deur medium van Afrikaans aan nie-Afrikaanssprekendes by die invul van vorms, terminologie rakende messelary en werktuigkunde.

- Moedig die aanbied van taalkursusse vir immigrante en Engelssprekende Suid-Afrikaners aan en ondersteun die projekte.
- Is betrokke by die stigting van Afrikaanse Taalklubs waar Engelssprekende Suid-Afrikaners en anderstalige Suid-Afrikaners kan ontmoet en sosiaal saam kan verkeer.
- Verspreiding van Afrikaanse leesboeke, tydskrifte en koerante onder nie-Afrikaanssprekendes.
- Reël ken-mekaargeleenthede.

Wat die presiese afloop en sukses/mislukking van die taalprojekte is, kan nie met sekerheid gesê word nie, aangesien die respons op die vraag wat die sukses van projekte in die vraelys wil bepaal, as neutraal aangedui is.

3.3.3.11 DIE NATALSE CHRISTELIKE VROUEVERENIGING

Die NCVV se taalbevorderingsprojekte sluit die volgende in (FAK, 1987:54):

- Aanmoediging van die gemeenskap tot deelname aan Afrikaanse voordrag, musiek en toneel.
- Inisieer die jaarlikse Praat Afrikaans-week.
- Toeken van boekpryse aan tweede en derde taalleerlinge wat in Afrikaans presteer.

Vanweë die feit dat die NCVV nie op die vraelys gerespondeer het nie, kan die sukses van die genoemde projekte nie bepaal word nie.

3.3.3.12 KULTUURRADE GEAFFILIEER BY DIE FAK

Die kultuurrade wat dwarsoor die land as koördinerende liggaam optree vir organisasies wat Afrikanerbelange bevorder, se werksaamhede ten opsigte van die bevordering van Afrikaans, is die volgende (FAK, s.j.):

- Die plaaslike verering van handelondernemings wat Afrikaans as handelstaal handhaaf.
- Die ondersteuning van Afrikaanse tydskrifte en koerante deurdat hulle namens plaaslike skole inskryf en die tydskrifte versprei.
- Die monitor van die plasing van Afrikaanse berigte in tweetalige/Engelse koerante. 'n Onderzoek geloods deur die FAK het bepaal dat 51% van die kultuurrade tevrede is met die verhouding tussen Afrikaanse en Engelse berigte; 50% het gevoel dat plaaslike Afrikaanse handelondernemings nie genoeg steun in hierdie verband verleen nie.
- Die bevordering van die gebruik van Afrikaans deur die SAUK.
- Stimuleer van die Afrikaanse film- en videobedryf.
- Die reël (hoewel in 'n baie beperkte mate) van Afrikaanse sangfeeste deur swart hoërskole.
- Die stigting van leesklubs of leeskringe. In 54% van die gemeenskappe bestaan daar leesklubs.
- Die plasing, in samewerking met stadsrade en Provinsiale Biblioteekdienste, van Afrikaanse vakliteratuur in biblioteke.

- Die propagering van Afrikaanse sportliedjies.
- Die aanbied van taalkursusse vir immigrante en Engels-talige Suid-Afrikaners. Volgens die navorsing van die FAK (s.j.:10) het 40% van die respondente op plaaslike vlak pogings aangewend om immigrante by Afrikaans te betrek
- Die stigting van Taalklubs.
- Die propagering van korrekte Praatafrikaans met swart mense. Volgens die FAK-navorsing gee 54% van die kultuur-rade aandag aan dié probleem (FAK, s.j.:11).
- Die oprigting en instandhouding van Afrikaanse kleuter-en bewaarskole.
- Die benoeming van taalwagte wat suiwer taalgebruik aanmoedig by plaaslike vergaderings.
- Die bespreking van aktuele taalsake.
- Pogings om Afrikaanssprekendes by kultuurorganisasies te betrek.

Kommentaar

- Hoewel dit duidelik blyk dat Kultuurrade inderdaad by die bestendiging en bevordering van Afrikaans betrokke is, is juis hulle toegerus om nog baie méér te doen.
- Hulle betrokkenheid op plaasvlike vlak kan dit moontlik maak dat daar in elke gemeenskap waar 'n Kultuurraad bestaan, 'n bewusmakingsaksie ter bestendiging van Afrikaans kan plaasvind.
- Verdeeldheid in die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap bring mee dat Kultuurrade "'n kreeftegang gaan en doodbloei" (Van der Watt, 1990). Die Kultuurraad kan juis sy a-poli-

tiese karakter behou deur ál sy kragte aan te wend ten bate van Afrikaans.

- Dis ook onnodig om "negatiewe" dinge te doen, soos die aanstel van taalwagte wat soos polisiemanne moet waak oor die taalsedes van mense wat Afrikaans in elk geval positief gesind is!

3.3.3.13 DIE AFRIKANERBROEDERBOND

Die Afrikanerbroederbond het in 1918 tot stand gekom.

Die grondwet en doelstellings is in 1920 geformuleer en is sedertdien telkens hersien. Samevattend kan die doelstellings van die AB soos volg opgesom word:

"1. Die bewerkstelling van 'n gesonde en vooruitstrewende eensgesindheid onder alle Afrikaners wat die welsyn van die Afrikanernasie nastreef.

2. Die opwekking van nasionale selfbewussyn by die Afrikaner en die inboeseming van liefde vir sy taal, godsdiens, tradisies, land en volk.

3. Die bevordering van alle belange van die Afrikanernasie." (Pelzer, 1980:15.)

Die lidmaatskap is sedert 1920 aangebied aan blanke manspersone wat (Hollands)-Afrikaanssprekend is, aan die protestantse geloof behoort en skoon van karakter en vas van beginsel is (Pelzer, 1980:27).

Die huidige grondwet bepaal lidmaatskap tot persone wat
"(a) Afrikaanssprekend is,
(b) van protestantse geloof,

- (c) skoon van karakter en vas van beginsel, ook in die handhawing van sy Afrikanerskap, en
- (d) Suid-Afrika as hul enigste vaderland aanneem" (Pelzer, 1980:27).

Ten spyte van die feit dat die AB 'n vertroulike organisasie is en dat die stigting daarvan baie kritiek uitgelok het, het die organisasie van meet af aan baie gedoen om diskriminasie teen Afrikaners en Afrikaans te verminder. Selfs die geheimhoudingskarakter was aanvanklik ondergeskik aan hierdie ideaal. Die AB het hom in sy stigtingsjare met die volgende projekte ter bevordering van Afrikaans besig gehou (Pelzer, 1980:21-2):

- Net na die stigting van die AB is met 'n eie biblioteek begin waar boeke teen betaling, ook aan die publiek geleen kon word.
- Die AB het dadelik begin om Hollandse klasse aan te bied.
- In 1921 het die AB by wyse van 'n gedrukte pamflet belangstellendes genooi om aan 'n boekkompetisie deel te neem.
- Ook in die beginjare, het die AB 'n wisseltrofee beskikbaar gestel wat, onder die naam van die Broederbond, vir wedstryde van die Afrikaanse Kunsvereniging uitgelooft is.
- Tydens die eerste fase van die bestaan van die AB (min of meer 1918 tot 1929), wat tegelyk ook saamgeval het met die uitbouing van die Nasionale Party en die amptelike erkenning van Afrikaans, het hy hom veral toegespits op die handhawing en bevordering van Afrikaans in die skole, openbare lewe en die handelswêreld, die bevordering van moedertaalonderwys en die vestiging van die Afrikaanse letterkunde (Pelzer,

1980:95). Hierdie bemoeienis vind sy hoogtepunt in die stigting van die FAK in 1929.

Sedert 1927 het die AB 'n doelgerigte plan van aksie opgestel om meer eerbied vir Afrikaans af te dwing. Omdat die Afrikaanse taal draer is van die Afrikaanse gedagte, het die AB die handhawing en uitbouing van die Afrikaanse taal nog altyd 'n hoë prioriteit laat geniet (Pelzer, 1980:100).

Die volgende werksaamhede is in die beginjare van die Afrikanerbroederbond geloods om bogenoemde strewe doelgerig te bevorder (Pelzer, 1980:101-2):

- Afdelings is aangemoedig om Afrikaans as voertaal in alle omstandighede suiwer te gebruik.
- Omdat die publiek se samewerking in hierdie verband verkry moes word, moes kultuurverenigings onder AB-inisiatief in stede en op die platteland gestig word.
- AB-afdelings se individuele lede is aangemoedig om die historiese name van strate en plase te herstel en om aan hulle woonhuise egte Afrikaanse name te gee.
- In 1930 is besluit om die Transvaalse Provinsiale Administrasie aan te moedig om Afrikaans sy regmatige plek in swart onderwys te laat inneem, ten einde die Afrikaanse taal aan swart mense oor te dra.
- Die AB was nog altyd doelbewus betrokke by die uitbou van Afrikaans as handelstaal. Afrikaanssprekendes wat vee en produkte by die Randse Skou uitgestal het, is versoek om hulle invloed te gebruik om tweetaligheid deur te voer in kennisgewings, pryse, toegangskaartjies en beoordelaarsertifikate.
- Projekte is aangepak om die Afrikaanse boek te bevorder. Afrikaanse koerante en tydskrifte is gevra om gereeld ruimte

af te staan vir boekaankondigings en -besprekings. AB-lede is aangemoedig om Afrikaanse boeke as geskenke te gee.

In die dertigerjare is Afrikaanssprekendes aangemoedig om goeie Afrikaanse verhale en geskiedkundige insidente te boekstaaf.

- Projekte is ook geloods ter bevordering van die Afrikaanse lied. Afrikaanssprekendes is aangemoedig om oorspronklike Afrikaanse liedere te komponeer en ook om volksliedere uit Hollands en ander tale in Afrikaans te vertaal. Die AB as beïnvloedingsorganisasie het sy invloed gebruik om kinders aan te moedig om tuis en by die skool Afrikaanse liedjies te sing (Pelzer, 1980:102).

- Die AB se beïnvloedingsfeer het ook die Afrikaanse radiowese ingesluit. Reeds sedert 1930 het hulle aangedring op 'n verbetering van die Afrikaanse radioprogram. Omdat 80% van die lisensiehouers op daardie stadium Engelssprekend was, kon die Uitsaaikorporasie nie gunstig reageer op hierdie beroep van die AB nie. Daarna is vanuit AB-geledere doelbewuste pogings aangewend om Afrikaanssprekendes aan te moedig om radiolisensies uit te neem.

Die AB was ook gelukkig om met die loop van jare, deur verteenwoordiging op die SAUK-Beheerraad, 'n positiewe invloed te kon uitoefen ten bate van Afrikaans (Pelzer, 1980:108).

- Aangesien die meeste hulpbehoewendes in die eerste helfte van die twintigste eeu Afrikaanssprekend was, het die AB hom ook beywer dat 'n Afrikaanse invloed in kindersorgverenigings oor die hele land gevestig word (Pelzer, 1980:109).

- Die bemoeienis van Afrikaans in beroepsverband was nog altyd 'n prioriteitsaktiwiteit van die AB:

* Van die begin af was die AB by die biblioteekwese en die verspreiding en beskikbaarstelling van boeke deur middel van

biblioteke betrokke. Aanvanklik het die AB selfs sy eie biblioteek in Johannesburg gehad (Pelzer, 1980:114).

Sedert 1931 het die AB hom daarvoor beywer dat Afrikaans sy regmatige plek in die georganiseerde biblioteekwese moet inneem. Hy het hom daarvoor beywer dat Afrikaanssprekendes 'n aandeel sou hê in die beheer van die Sentrale Biblioteekraad en dat daarna gesorg moet word dat daar taalgelykheid moes wees by die aankoop van biblioteekboeke. Ook in 1931 is besluit om Afrikaanse studie- en leeskringe op die platteland te stig. Om hierdie kringe van voldoende lektuur te voorsien, sou die Broederbond hom beywer vir die instelling van 'n reisende biblioteekdiens.

* Daar is ook sedert die dertigerjare aandag gegee aan die erkenning van Afrikaans in die musiekeksamens van UNISA, wat toe uitsluitlik van eksaminatore uit Brittanje gebruik gemaak het. 'n Eenmankommissie van die AB het hom beywer vir die instelling van 'n Suid-Afrikaanse musiekeksamensstelsel. UNISA het toegestem tot die aanstelling van Suid-Afrikaanse musiekeksaminatore. Na hierdie deurbraak het die AB hom ook stelselmatig begin beywer vir die instel van Afrikaanse musiekeksamens (Pelzer, 1980:115).

* Die agterstand van Afrikaans in die regsweese was ook in die dertigerjare op die sakelys van die Uitvoerende Raad (UR). In 1931 het die UR deur middel van die FAK versoë gerig tot die Minister van Justisie dat geen eentalige regters, magistrats of publieke aanklaers aangestel of bevorder behoort te word nie.

In 1933 is 'n beroep op Afrikaanssprekendes en ander goedgesinde prokureurs gedoen om Afrikaanssprekende kliënte se briewe en ander stukke in Afrikaans op te stel; om Afrikaanssprekendes aan te moedig om hulle stukke in Afrikaans te laat opstel en om by die aanstelling van advokate voorkeur te gee aan persone wat bereid is om regs-

dokumente in Afrikaans te laat opstel en Afrikaans in die howe te gebruik (Pelzer, 1980:115).

* Die AB het ook aandag gegee aan die agterstand van Afrikaans in die geneeskundige dienste in Suid-Afrika. Hulle eerste aksie was daarop gemik om toe te sien dat Afrikaanssprekende geneeshere op die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Raad moes dien. Enersyds is daar by die Minister van Volksgesondheid daarop aangedring dat 'n groter aantal Afrikaanssprekende geneeshere op die Raad benoem word, en andersyds is begin om Afrikaanse geneeshere doelbewus aan te moedig om sêlf te sorg dat hulle beter verteenwoordiging kry. Aanvanklik is min sukses behaal, hoofsaaklik omdat medici sêlf min belangstelling in dié saak openbaar het (Pelzer, 1980:116).

Die AB was ook betrokke by verpleegstersopleiding in Afrikaans. Daar is in 1931 besluit dat die AB in samewerking met landwye vroueorganisasies twee Afrikaanse geneeskundige handboeke vir verpleegsters sou opstel. Vanweë besondere probleme kon die AB nie baie ver met hierdie projek vorder nie (Pelzer, 1980:116).

Uit hierdie bemoeienis met die bevordering van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse mediese wêreld, het die AB hom beywer vir die stigting van 'n mediese fakulteit aan 'n Afrikaanse universiteit. Hierdie ideaal is in 1943 verwesenlik toe 'n Afrikaanse mediese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria formeel tot stand gebring is (Pelzer, 1980:117).

- Die AB het in 1929 'n omsendbrief gestuur waarin 'n konferensie gepropageer word waarheen alle Afrikaanse kultuurorganisasies uitgenooi word om die handhawing van Afrikaans in alle opsigte te bespreek en waar 'n plan van aksie opgestel sal word wat oral in die land ten uitvoer gebring moet word (Pelzer, 1980:123).

Op 24 Augustus 1929 is die konferensie in Bloemfontein gehou waarop besluit is dat 'n nasionale Afrikaanse taal- en kultuurkongres gehou moet word met die doel om simpatieke verenigings en persone bymekaar te bring sodat 'n gesamentlike program vir die handhawing van die Afrikaanse taal op alle gebiede van stapel gestuur moet word.

- Uit hierdie AB-insiatief is die FAK in 1930 gebore (Pelzer, 1980:124). Die AB was baie aktief by die wel en wee van Afrikaans betrokke tot met die stigting van die FAK, waarna hierdie aktiwiteite in die hande van die FAK gelaat is (Pelzer, 1980:102).

- Die AB was van die begin af betrokke by die bevordering van Afrikaans in die handelswêreld waar dit afgeskeep is. Die Afrikanerbroederbond was die inisiëringsliggaam wat hom beywer het vir die totstandkoming van 'n bank met Afrikaanse kapitaal en die oprigting van Volkskas het uit hierdie inisiatief gespruit. Die AB se betrokkenheid by die Afrikaanssprekende in die handelswêreld het ook gelei tot die Ekonomiese Volkskongres in 1939 in Bloemfontein waar Federale Volksbeleggings tot stand gekom het.

- Tydens die sestigjarige van hierdie eeu het die AB by wyse van omsendbrief aan sy lede gesê dat suiwer Afrikaans met anderskleuriges gepraat moet word.

Aangesien die publikasie van Pelzer (1980) net die taalbevorderingsprojekte tot 1960 dagteken, het die huidige voorsitter, prof. J.P. de Lange, die volgende taalbevorderingsprojekte van die AB tydens 'n persoonlike onderhoud uitgelig:

- In die sestigjarige het die klem gelê op die beywering van gelykberegting van Afrikaans teenoor Engels waar dit afgeskeep word. Voorstelle is aan die hand gedoen sodat

Afrikaanssprekendes beslis, maar beleefd en taktvol moet aandrang op bediening in Afrikaans. Daar is reeds in 1966 voorgestel dat taalburo's op plaaslike vlak tot stand moet kom sodat Engels/Afrikaanse vertalings geredelik tot sake-manne se beskikking moet wees en dit dan nie nodig is om kennisgewings net in Engels te publiseer nie.

- In 1967 is doelbewuste pogings aangewend om Afrikaanssprekendes bewus te maak van die feit dat taalhandhawing 'n vanselfsprekende natuurlike deel van hulle menswees is. Die voorstel is gemaak dat taalhandhawing en -bevordering 'n vaste item op AB-takke se jaarbeplanning moet uitmaak.

- Die AB het sy volle gewig ingegooi by die ATKB-reëlins vir die oprigting van die Taalmonument en gepaardgaande taalfees in Augustus 1975.

- Voortdurende beroep is op lede gedoen om toe te sien dat aangedring word op bediening in Afrikaans in hotelle, die lugdiens en die sakewêreld. Die bevordering van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse handelswêreld het op deurlopende grondslag die aandag van die AB geniet.

- Die AB het in die sestiger- en sewentigerjare pogings aangewend om Afrikaans onder die swart bevolking te propageer. In 1975 het die propagering van Afrikaans in swart skole aandag geniet. Die kwessie dat swart mense moet besef dat dit ekonomies voordelig is om Afrikaans te ken, is onderstreep.

- Daadwerklike bemoeienis met Afrikaans in die tagtigerjare is gelewer by die betrokkenheid wat die AB by die vraelys van die FAK aan kultuurorganisasies gehad het en die bewus-making van lede van die feit dat Afrikaans toenemend in die Suid-Afrikaanse handelswêreld afgeskeep is.

- Volgens redaksionele kommentaar in INSIG (Oktober 1990) is die Broederbond gereed vir die uitdagings wat 'n oper en breër Suid-Arikaanse gemeenskap verg. Dit sluit aan by die mening van die AB-voorsitter dat die Broederbond hom in die toekoms allereers progressief gaan beywer vir 'n inklusiewe bevordering van Afrikaans (De Lange, 1991).

Kommentaar

Dit word uit bogenoemde uiteensetting duidelik dat die AB, veral in die eerste helfte van hierdie eeu, baanbrekerswerk gedoen het tot die vestiging van Afrikaans as kultuurtaal.

Hulle spesifieke bemoeienis by die status van Afrikaans (vanaf amptelike erkenning, deur die vestiging van Afrikaans in die professionele lewe tot by die verbetering van die posisie van Afrikaans in die handel) het 'n groot bydrae gelewer tot statusbeplanning vir Afrikaans.

Dit val op dat die AB-taalwerkzaamhede in die sestiger- en sewentigerjare gerig was op die verbreiding van Afrikaans in die sakewêreld en die bewusmaking van lede van hulle verantwoordelikheid teenoor die gebruik van Afrikaans.

Daar word met dank kennis geneem van die verskuiwing van die AB-fokus na 'n inklusiewe benadering ten opsigte van die bevordering van Afrikaans.

By 'n beoordeling van die totale bydrae van die Afrikanerbroederbond tot die planmatige bevordering van Afrikaans, val dit op dat werklike aktiewe bydrae in die vorm van daadwerklike optrede, in die sestigerjare opgehou het. Die bydraes wat daarna gelewer is, is hoofsaaklik in die vorm

van oproepe wat tot die lede gemaak is om Afrikaans, veral in die sakewêreld, te handhaaf.

Die tyd is verby dat Afrikaans langer op hierdie manier bevorder kan word.

Wanneer die AB dan in die huidige politieke bedeling hom ten gunste van 'n inklusiewe bevordering van Afrikaans uitspreek, is daadwerklike optrede, tesame met 'n bewusmaking van lede nodig om uitdrukking aan hierdie doelwit te gee.

3.3.3.14 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande bespreking van kultuurorganisasies se projekte ter bevordering van Afrikaans, kan sekere tendense raakgesien word:

- Uiteraard waardevolle werk word deur die paar kultuurorganisasies gedoen wat hulle met die handhawing en behoud van Afrikaans bemoei.
- 'n Baie klein persentasie van die totale spektrum kultuurorganisasies onderneem werklik planmatige projekte ter bevordering van Afrikaans.
- Dis verblydend dat daar reeds spore van ware taalbeplanning in die werksaamhede van sommige kultuurorganisasies waarneembaar is.
- Die eis word ook tot ander gerig dat dit tyd is om weg te kom van die papierwerk en beplanning en om daadwerklik uitvoering te gee aan dit wat beplan is.
- Die feit dat so 'n wye verskeidenheid projekte geloods word, verseker dat Afrikaans oor 'n wye front bevorder word.

- Dit is ook van kardinale belang dat kultuurorganisasies by 'n punt moet kom waar hulle met werklike evaluering van hulle taalbevorderingsprojekte besig sal wees. Dit gebeur al te maklik dat 'n imposante beeld op papier geskep word en dat voornemens bloot voornemens bly.

Wanneer die geheelindruk van taalbevorderingswerkzaamhede deur Afrikaanse kultuurorganisasies onder oë geneem word, word dit duidelik dat daar nog te veel leemtes bestaan. Hierdie tekortkominge kortwiek die planmatige, doelgerigte bevordering van Afrikaans (sien afdeling 4.3).

3.3.4 VRAELYS AAN TERSIËRE INSTELLINGS

Die doel met hierdie vraelys is om die houding van Afrikaanse tersiêre opvoedkundige instellings tot die handhawing en uitbouing van die posisie van Afrikaans te bepaal. Soos in afdeling 3.3.1, word ook in hierdie afdeling die konstrakte en dimensies van elke vraag bespreek, wat gevolg word deur die werklike respons en 'n interpretasie daarvan.

Sien Bylaag 2 vir 'n voorbeeld van hierdie vraelys.

VRAAG 1 : BIOGRAFIESE VRAAG

Vraag 1.1 Aan watter soort opvoedkundige inrigting is u verbonde?

* 32,14% van die totale aantal respondente verteenwoordig Suid-Afrikaanse universiteite.

- * 32,14% verteenwoordig Suid-Afrikaanse teknikons.
- * 32,14% verteenwoordig Suid-Afrikaanse tegniese kolleges.
- * 3,58% verteenwoordig Suid-Afrikaanse tegniese institute.

(Vanweë departementele beleid kon geen vraelyste deur onderwyskolleges ingevul word nie. Desnieteenstaande is inligting in verband met hierdie onderwerp verkry deur persoonlike onderhoude met woordvoerders van onderwyskolleges.)

Vraag 1.2 In watter hoedanigheid vul u die vraelys in?

- * 21,43% van die respondente beklee die amp van registrateur.
- * 3,57% verteenwoordig rektore.
- * 35,71% verteenwoordig hoofde (van veral tegniese kolleges).
- * 39,29% van die respondente beklee ander ampte as die genoemdes, byvoorbeeld dosente, departementshoofde, vise-rektore of direkteure van buro's.

VRAAG 2 : VOERTAAL

Vraag 2.1 Wat is die voertaal van die inrigting waaraan u verbonde is?

- * 46,43% van die respondente se voertaal is Afrikaans.
- * 14,29% se voertaal is Engels.
- * 39,29% se voertaal is sowel Afrikaans as Engels.

Vraag 2.2 Hoe word die voertaal deur die wet of interne regulasie beskerm?

- * 28,57% gee nulrespons.
- * 7,14% dui aan dat die ampstaalsituasie waar Afrikaans en Engels gebruik word, die voertaalbeleid van die betrokke inrigting bepaal.
- * 17,86% dui aan dat hulle voertaalbeleid afhang van 'n interne reëling.
- * 35,71% van die respondente gee aanduiding dat hulle vanweë wetlike bepaling tot hulle spesifieke voertaalbeleid verplig word.
- * 10,71% gee aanduiding dat daar geen voertaalbeleid en beskerming ten opsigte van 'n spesifieke taal is nie.

Kommentaar

- * Universiteite se voertale word deur middel van die betrokke inrigting se stigtingsakte en 'n interne universitêre taalbeleid bepaal.

Die PU vir CHO, as verteenwoordigend van die deursnee Afrikaanstalige universiteit, se voertaalbeleid lyk soos volg (PU vir CHO, 1990):

"Die taalmedium van die universiteit is Afrikaans en sy onderrig, toetse en eksamens word slegs in Afrikaans aangebied. 'n Student mag egter van die universiteit toestemming ontvang om enige skriftelike of mondelinge toets of eksamen in Engels af te lê."

- * Tegniese kolleges se voertale word deur die Wet op Tegniese Kolleges, Artikel 17 van Wet nommer 104 van 1981 gemotiveer:

"Die voertale aan 'n tegniese kollege is Afrikaans en Engels, en die omstandighede waaronder onderrig of opleiding deur middel van die een of die ander moet of kan geskied, word deur die kollegeraad met

die goedkeuring van die Minister bepaal: Met dien verstande dat waar die bedrewenheid van die doserende personeel in die gebruik van dié twee tale en die betrokke getal studente dit toelaat, die twee tale sover doenlik op gelyke grondslag vir dié doel gebruik moet word."

* Artikel 14 van die Wet op Technikons (Nasionale Opvoeding), nommer 40 van 1967, bepaal die voertaalbeleid van Technikons:

"Die voertale aan 'n technikon is Afrikaans en Engels, en die omstandighede waaronder onderrig deur middel van die een of die ander moet of kan geskied, word in oorleg met die Minister bepaal, en wel op so 'n wyse dat, indien die bedrewenheid van die doserende personeel in die gebruik van die twee tale en die getal betrokke studente dit toelaat, die twee tale sover doenlik op gelyke grondslag vir dié gebruik word."

* By Afrikaanse onderwyskolleges bestaan die beleid dat studente Afrikaans (eerste taal) op die hoër graad moes verwerf het om toelating tot sodanige onderwyskollege te hê.

* Dit blyk uit die respons dat tersiêre inrigtings oor die algemeen wél oor 'n taalbeleid ten opsigte van die bepaling van voertaalaangeleenthede beskik. Dit word ook duidelik dat daar heelwat ruimte gelaat word vir individuele toepassing van hierdie taalbeleid - inrigtings kan in 'n groot mate self besluit hoe daar uitvoering aan die taalbeleid gegee word.

Vraag 2.3 Op watter manier word die voertaalbeleid toegepas?

Vraag 2.3.1 Klasse en eksamen in Afrikaans

- * 100%, dit wil sê, nie een van die instellings het 'n eksklusiewe Afrikaanse karakter nie.

Vraag 2.3.2 Klasse word in Afrikaans aangebied en studente mag eksamenskrifte in Engels beantwoord

- * 75% toon nulrespons.
- * 25% gee aanduiding dat dit by hulle praktyk is dat klasse in Afrikaans aangebied word en dat studente die keuse het om hulle eksamen in Engels te beantwoord.

Vraag 2.3.3 Klasse word in Engels/Afrikaans aangebied en studente mag in die taal van hulle keuse eksamen aflê

- * 42,85% van die respondente toon nulrespons.
- * 57,15% antwoord bevestigend.

Vraag 2.3.4 Ander toepassingsmoontlikhede van die voertaalbeleid?

- * 75% van die respondente toon nulrespons.
- * 25% dui aan dat daar ander uitvoerings aan die voertaalbeleid gegee word, byvoorbeeld dat klasse in Engels aangebied word en skrifte in Afrikaans beantwoord kan word; of dat klasse in Engels aangebied word en dat eksamens in Engels afgelê moet word.

VRAAG 3 : HOUDING TEENoor AFRIKAANS

Vraag 3.1 Wat is u houding teenoor Afrikaans as tersiêre taal?

- * 60,71% gee aanduiding dat hulle baie positief is oor die uitdrukkingsmoontlikhede van Afrikaans op akademiese gebied.
- * 32,14% sê dat, hoewel hulle positief is, hulle sekere voorbehoude het oor Afrikaans as tersiêre taal.
- * 3,57% dui aan dat hulle onseker is oor Afrikaans se uitdrukkingsvermoë as akademiese taal.
- * 3,57% sê dat hulle enersyds positief is, maar andersyds ook onseker voel oor Afrikaans op akademiese gebied.

Kommentaar

Dis verblydend om te sien dat 60% van die tersiêre akademiese instellings se houding teenoor Afrikaans besonder positief is. Dis egter betreurenswaardig dat hierdie positiewe ingesteldheid nie uitdrukking vind in die daarstel van navorsingsgeskrifte in Afrikaans nie.

Die feit dat navorsingsartikels oor die algemeen eerder in Engels as in Afrikaans verskyn, word nie as sodanig gekritiseer nie. Die probleem lê by die indruk wat met die vraelys geskep word dat respondente baie positief ingestel is, maar dat hulle dade (naamlik die publikasie van navorsingsresultate) in Engels geskied.

Wanneer die PU vir CHO as verteenwoordigende Afrikaanse universiteit bestempel word en daar by wyse van steekproef gekyk word na die taal waarin spesifiek verhandelinge en proefskrifte verskyn, val die volgende interessante verskynsel op: Sedert 1989 word daar, spesifiek ten opsigte van die Fakulteit Natuurwetenskappe, 'n swaai na Engels as die medium waarin navorsingspublikasies verskyn, bespeur: In September 1989 het drie van die vier M.Ing.-grade toegeken vir navorsingsverslae wat in Engels verskyn het;

vyf uit die sewe proefskrifte vir die D.Sc.-graad was in Engels.

In September 1990 is al ses D.Sc.-grade toegeken vir Engelse proefskrifte en twee uit die vier graadtoekennings vir die M.Ing.-graad is vir Engelse publikasies.

Vraag 3.2 Indien u "baie positief" op die vorige vraag geantwoord het, motiveer hoekom u so sê.

- * 39,29% toon nulrespons.
- * 39,29% sê dat hulle positiewe ingesteldheid teenoor Afrikaans as akademiese taal spruit uit die feit dat Afrikaans homself reeds as akademiese taal gevestig het - sy lewenskragtigheid as tersiêre taal word bewys deur die hoeveelheid akademiese geskrifte wat in Afrikaans verskyn.
- * 3,57% van die respondente toon aan dat Afrikaans ook op akademiese gebied as bevrydingsinstrument aangewend kan word.
- * 7,14% dui aan dat hulle positiewe houding gesetel is in die oorwig Afrikaanssprekendes in die RSA. Daar is sekere plattelandse gebiede waar mense eenvoudig nie Engels magtig is nie.
- * 7,14% sê dat omdat handboeke in Afrikaans vryelik beskikbaar is, studente nie nodig het om te sukkel om die leerstof in hulle eie taal te verstaan nie. Daarby is werkgeleenthede vir Afrikaanssprekendes wat hul opleiding in Afrikaans ondergaan het, ook algemeen beskikbaar.
- * 3,57% gee aanduiding dat omdat Afrikaans besig is om sy eksklusiewe karakter te verloor, hulle baie positief oor die taal voel.

Vraag 3.3 Indien u by 3.1 geantwoord het dat u positief oor Afrikaans voel, maar sekere voorbehoude koester, stel u voorbehoude

- * 57,14% toon 'n nulrespons.
- * 10,71% sien Afrikaans as 'n taal waarin daar nie voldoende akademiese uitdrukking gegee kan word aan leerstof nie.
- * 7,14% dui aan dat omdat die Afrikaanssprekende se werkstaal so deurspek is van Engelse woorde, hulle voorbehoue koester oor die akademiese seggingskrag van Afrikaans.
- * 3,57% sê dat die opdwing van Afrikaans as medium van onderrig aan 'n heterogende groep studente Afrikaans skade kan berokken. Daar word dus gepleit vir inagneming van kulturele voor- en afkeure voordat by voorbaat in Afrikaans klas gegee word.
- * 3,57% gee aanduiding dat dit van belang is dat anderskleuriges van hulle kant af pogings moet aanwend om Afrikaans te aanvaar.
- * 10,71% sê die feit dat Afrikaans vir veral sommige swart studente 'n derde taal is, sake vir Afrikaans kompliseer.
- * 3,71% dui aan dat die onvoldoende beskikbaarheid van handboeke in Afrikaans die taal se akademiese moontlikhede benadeel.
- * 3,57% sê dat die negatiewe houding van moedertaalsprekers Afrikaans tot nadeel strek.

Kommentaar

Uit die respons word die komplekse aard van die voorbehoue wat segspersone van tersiêre inrigtings in verband met Afrikaans koester, duidelik. Ten spyte van die feit dat dit eintlik gaan om akademiese aangeleenthede, word dit duidelik hoe gepolitiseerd selfs hierdie situasie geword het. Ander sake wat opval, is die feit dat Engels as akademiese taal reeds sodanige inslag gevind het, dat Afrikaans amper nie meer sy posisie kan bly handhaaf nie.

Vraag 3.4 Indien u by 3.1 "onseker" aangedui het, motiveer u standpunt.

- * 92,86% toon 'n nulrespons.
- * 3,51% huldig die standpunt dat daar nie gevaar bestaan vir Afrikaans as huis- of algemene omgangstaal nie, maar dat dit sy voortbestaan as akademiese taal is wat in die weegskaal is.
- * 3,57% sê dat dosente met hul negatiewe siening van Afrikaans 'n inhiberende uitwerking mag hê op studente se persepsie van Afrikaans.

Vraag 3.5 Indien u by 3.1 aangedui het u meen Afrikaans het "nie 'n bestaansmoontlikheid as akademiese uitdrukkingsmiddel nie", motiveer u standpunt

- * 96,43% toon 'n nulrespons.
- * 3,57% sê dat die verpolitisering van die Afrikaanse taalkwessie die taal se bestaansmoontlikheid in die wyle ry.

Vraag 3.6 Hoe voel u oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal?

- * 3,57% toon 'n nulrespons.
- * 50% van die respondente voel baie positief oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal.
- * 25% van die respondente dui aan dat hulle positief ingestel is teenoor Afrikaans as akademiese taal.
- * 10,71% toon aan dat hulle 'n neutrale houding het teenoor Afrikaans as akademiese taal.
- * 10,71% sê dat hulle onseker is oor die toekoms van Afrikaans op tersiêre vlak.

Kommentaar

Wanneer die gevoel oor die toekoms van Afrikaans as akademiese uitdrukkingsmiddel getoets word, is dit opvallend dat sowaar 75% van die respondente positief daarteenoor is.

Vraag 3.7 Motiveer in enkele woorde hoekom u die mening soos in 3.6 gestel, huldig.

- * 3,57% toon 'n nulrespons.
- * 25% van die respondente sê dat hulle positiewe siening oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal lê in die oorwig Afrikaanssprekendes in die RSA.
- * 7,14% dui aan dat moedertaalsprekers verkies om in Afrikaans onderrig te ontvang, ten spyte van die feit dat daar 'n probleem rondom die beskikbaarheid van handboeke bestaan.
- * 10,71% dui aan die een kant aan dat Afrikaans méér is as sy blanke sprekers en dat die taalhouding van anderskleuriges nie meer so negatief teenoor Afrikaans is soos vroeër nie.
- * 21,43% gee aanduiding dat dat hulle positiewe siening van Afrikaans as akademiese taal setel in die feit dat Afrikaans homself reeds genoegsaam as tersiêre taal bewys het. Daarby is die Afrikaanse departemente aan universiteite gewoonlik geseën met baie studente.
- * 7,41% toon die onverdraagsame houding van anderstaliges teenoor Afrikaans aan en sien dit as groot struikelblok op die akademiese toekomsweg van Afrikaans.
- * 3,57% gee aanduiding dat die handboekprobleem wat die Afrikaanstalige student ondervind, 'n groot struikelblok is vir die akademiese voortbestaan van Afrikaans.
- * 21,43% van die respondente sien swaargheid vir Afrikaans op die pad vorentoe: Engels sal veld wen as toekomstige akademiese taal; die politieke onsekerheid word as rede genoem hoekom akademiese hulself nie meer in Afrikaans

uitdruk nie; die onverstaanbare Afrikaans wat deur akademici gepraat word, skrik leke af.

Kommentaar

Wanneer die positiewe en negatiewe toekomspektiewe teen mekaar opgeweeg word, blyk dit dat sowat 64% van die respondente se toekomssiening van Afrikaans positief is. Die redes vir hierdie optimisme is heeltemal aanvaarbaar. Die onbeantwoorde vraag bly egter in watter mate hierdie positiewe gees werklik uitdrukking vind in navorsingspublikasies wat in Afrikaans verskyn? (Sien Kommentaar by vraag 3.1.)

Vraag 3.8 Is u van plan om die voertaal van u inrigting te wysig?

- * 3,57% dui aan dat hulle onseker is oor die moontlike wysiging van die voertaalbeleid van die inrigting.
- * 3,57% gee te kenne dat hulle wel van plan is om te verander aan die huidige taalbeleid.
- * 92,86% sê dat daar nie 'n wysiging in die voertaalbeleid van die inrigting in die vooruitsig gestel word nie.

Kommentaar

Dit is opvallend dat, ten spyte van frekwente bespiegeling oor Afrikaans in die media, daar 'n sterk stem ten gunste van die behoud van Afrikaans as tersiêre taal van die opvoedkundige instellings uitgaan.

By nadere ontleding blyk dit dat hierdie positiewe ingesteldheid teenoor Afrikaans se seggingskrag as akademiese taal, sowel as die positiewe toekomspektief van

Afrikaans as tersiêre onderrigmedium, in 'n groot mate van die universiteite afkomstig is.

(Vir 'n bespreking van die veranderende voertaalbeleid van die UWK, sien paragraaf 3.4.4.)

3.4 DIE STAND VAN TAALBEPLANNING BINNE DIE BRUIN AFRIKAANSE TAALGEMEENSKAP

3.4.1 INLEIDING

Ten einde die data oor die stand van taalbeplanning binne die bruin Afrikaanse taalgemeenskap te versamel, is op tweërlei wyse te werk gegaan: eerstens is inligting by wyse van persoonlike onderhoud bekom, en tweedens is 'n bronnestudie gemaak oor die stand van taalbeplanning en die houding van bruin Afrikaanssprekendes teenoor Afrikaans.

3.4.2 DIE SUID-AFRIKAANSE CHRISTELIKE KULTUUR- EN WELSYN-ORGANISASIE

SACKO is die filiaalorganisasie vir agt Afrikaanse kultuurorganisasies onder bruin Afrikaanssprekendes dwarsoor die land, naamlik:

- * ACKO (Atlantis Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie)
- * WICKO (Witzenberg Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie)

- * GRECKO (Grens Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie)
- * N-WCKO (Noordwes-Kaap Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie)
- * Weskus Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie
- * OCKO (Oos-Kaapse Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie)
- * Karoo Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie
- * Noord-Kaapse Christelike Kultuur- en Welsynsorganisasie
- * 'n Loodskomitee in Eersterust in Pretoria is tans besig met die stigting van nog 'n SACKO-filiaalorganisasie in Transvaal.

Volgens die voorsitter van SACKO, ds. Petrus Strauss van Ceres, verteenwoordig SACKO tussen 40 000 en 50 000 lede.

SACKO is 'n oop organisasie wat alles in sy vermoë doen om nie-eksklusief te wees nie. Ten spyte van die multikulturele byeenkomste wat aangebied word, waar swart, blank en gekleurdes betrek word, slaag SACKO nie eintlik daarin om meer as net die bruin Afrikaanssprekendes te betrek nie (Strauss, 1991).

Die lede van die verskillende geaffilieerde organisasies se taalhouding is besonder positief, ten spyte van die tendens onder jong bruin Afrikaanssprekendes om ter wille van die prestige te verengels (Schutte, 1991, Strauss, 1991). Projekte ter bevordering van Afrikaans word veral op plaaslike vlak geloods: bruin Afrikaanse skrywers en digters word aangemoedig om in Afrikaans te publiseer. Ook word sangkompetisies gehou waar die Afrikaanse lied veral aangemoedig word. Die voorsitter van SACKO is ook lid van die hoofbestuur van die ATF.

Sedert Junie 1990 is samesprekings aan die gang om SACKO by die FAK geaffilieer te kry. Die affiliasieproses is nog nie afgehandel nie. Op navraag aan die FAK (Januarie

1991) is geantwoord dat gewag word vir reaksie van SACKO se kant om die affiliasieproses afgehandel te kry.

3.4.3 DIE KAAPLANDSE PROFESSIONELE ONDERWYSERSUNIE

Die KPO is die professionele onderwysersliggaam wat die bruin onderwysers in Kaapland verteenwoordig. Sowat 22 000 onderwysers in Kaapland se belange word deur die KPO behartig. Hul doelstelling is om onderwys te bevorder en beskikbaar te stel vir alle mense en om namens onderwysers te beding vir 'n beter bestel.

Hulle hoofdoelmerk is die strewe na een nie-rassige onderwysowerheid. Die KPO is sedert 1985 baie nou betrokke by die konsep van "People's Education" wat onder die vaandel van die National Education Crisis Committee (NECC) gestalte gekry het. Die hoofmissie van People's Education is: "People's Education means education at the service of the people as a whole, education that liberates, education that puts the people in command of their lives" (Zwelakhe Sisulu, soos aangehaal deur Van den Heever, 1987:1)

Die uitvloeisel van hierdie beweging was 'n intensiewe ondersoek na die sillabusse van veral Geskiedenis en Afrikaans. Die KPO se herbesinning oor bestaande kurrikuluminhoude het uitdrukking gevind in 'n populariseringsveldtog van die sogenaamde "Alternatiewe Afrikaans". Deur hierdie propagandaveldtog en gewysigde kurrikuluminhoud moes die idee van demokratiese onderwys deur middel van die onderrig van Afrikaans gevestig word.

Oor die begrip Alternatiewe Afrikaans is nog nie heeltemal klaarheid nie: Gerwel (1988:8) sê dat dit nié gaan oor die alternatiewe inkleding of inhoudgewing van Afrikaans in

dieselfde vorm nie. Die begrip "Alternatiewe Afrikaans" word gebruik om te verwys na 'n probleemsituasie waarvoor 'n "ander" antwoord gesoek word.

Ongelukkig hou die woord alternatief in homself 'n vaagheid opgesluit wat die presiese definisie, taakomskrywing en werksafbakening van die beweging bemoeilik.

Die oorsprong van Alternatiewe Afrikaans lê daarin dat die bruin Afrikaanssprekende bevry moes word van die identiteitskrisis wat hy beleef: daar bestaan 'n konflik tussen die Afrikaanse moedertaalspreker se siening van sy moedertaal en sy "visie van bevryding van Afrikanerdominansie" (Van den Heever, 1987:3).

Die Alternatiewe Afrikaanse beweging is verder gemobiliseer deur die feit dat vooraanstaande gemeenskapsleiers binne die bruin gemeenskap se moedertaal Afrikaans is, sowel as deur die feit dat blanke Afrikaanssprekendes hulle ook met die stryd teen Apartheid vereenselwig het (Van den Heever, 1987:4).

Die hoofdoel van die werksaamhede van die propageerders van Alternatiewe Afrikaans is, benewens 'n herinkleding van bestaande skoolsillabusse in Afrikaans, 'n ommeswaai in die simboolwaarde van Afrikaans, van onderdrukkerstaal na 'n toekomstaal met dinamiese groeikrag (Van den Heever, 1987:5).

Die KPO het in sy strewe na die bevryding van Afrikaans 'n paar publikasies die lig laat sien:

- * VAN DEN HEEVER, R. (red.) 1987. Alternative Education: Vision of a Democratic Alternative
- * VAN DEN HEEVER, R. (red.) 1987 Tree na vryheid: 'n studie in Alternatiewe Afrikaans
- * VAN DEN HEEVER, R. (red.) 1988 Afrikaans en Bevryding

3.4.3.1 TREE NA VRYHEID

Dié publikasie het in 1987 verskyn met die doel om 'n bevrydingskultuur deur medium van Afrikaans onder 'n swart gemeenskap te stimuleer, maar is ook aan blanke Afrikaanssprekendes gerig wat 'n bevryding van 'n rassistiese denkpatroon voorstaan. Tree na vryheid is só saamgestel dat dit as aktiwiteitsboek tydens die Afrikaanse lesperiode gebruik kan word. Die leesstukke daarin wat as begripstoetse bruikbaar is, handel grootliks oor die bevrydingstryd in al sy fasette in Suid-Afrika.

Daar word deurgaans aandag gegee aan Afrikaans: as mede-werker tot demokrasie; 'n ander siening as die tradisionele oor die ontstaan-geskiedenis van Afrikaans; die toekoms-moontlikhede van Afrikaans en die oorlewing van Afrikaans.

'n Volgende afdeling in die publikasie word gewy aan biografiese sketse van stryd-ers om geregtigheid. Hierdie afdeling is so opgestel dat dit as begripstoetse en stel-werk-oefeninge gebruik kan word.

Die laaste afdeling in Tree na vryheid handel oor gemeenskapsvraagstukke dwarsoor die wêreld en ook in Suid-Afrika, die identiteitskrisis van bruin mense, die geskiedenis van die totstandkoming van die ANC-Freedom Charter en 'n Afrikaanse vertaling van die vryheidsdokument.

By 'n beoordeling van Tree na vryheid kan gesê word dat dit 'n werk is met 'n sterk emosiebelaaide karakter en dat dit as gevolg hiervan, aan wetenskaplikheid inboet. Die indruk word met die boek gewek dat hier 'n bruin nasionalisme met

'n bruin taal gepropageer word, wat in konflik staan teen wit Afrikaans.

Tog kan dit nie uit die oog verloor word dat die wese van hierdie publikasie positiewe gevolge kan hê nie: die negatiewe taalhouding van bruin Afrikaanssprekendes wat skaam is vir hul moedertaal omdat 'n apartheids- en onderdrukkerstaalstigma daaraan kleef word hierdeur gepositiveer en mense word bewus gemaak van die bevrydingskrag van Afrikaans.

Du Plessis, L.T. (1988:50) se vernaamste beswaar teen Tree na vryheid is die ongebalanseerde perspektief wat dit op die totale Afrikaanse taalgemeenskap bied - die boek verskans weer 'n ander soort taalapartheid aan die ander kant van die spektrum.

3.4.3.2 AFRIKAANS EN BEVRYDING

Afrikaans en bevryding is 'n bundel met referate wat gelewer is op 'n KPO-seminaar wat in Februarie 1988 oor Alternatiewe Afrikaans aan die Skiereilandse Technikon aangebied is.

Die seminaar is gemotiveer deur die feit dat die KPO waargeneem het dat daar gebrek aan dinamika en toekomsgerigtheid in taalaanbieding op skool bestaan (Van den Heever, 1988:1). Hierdie algemene moedeloosheid en negatiewe taalhouding by leerlinge manifesteer in swak uitslae in Afrikaans op skool.

Die Alternatiewe Afrikaansseminaar se primêre doel was om die geykte taalsillabus te omvorm en te verryk (Sonn, 1988:3). Gerwel, 'n referent tydens die seminaar, stel

verskillende uitgangspunte vir Alternatiewe Afrikaans (Gerwel, 1988:10):

- * Die onderwyskundige proses wat met Alternatiewe Afrikaans gemobiliseer word, moet uiteindelik manifesteer in die skep van 'n nie-rassige en demokratiese samelewing in Suid-Afrika.

- * 'n Belangrike uitgangspunt van Alternatiewe Afrikaans is dat dit poog om nie net bruinsentries te wees nie - dit moet alle sprekers van Afrikaans in berekening bring.

- * Omdat Alternatiewe Afrikaans toekomsgerig is, moet daar na die waardevolle van die verlede gekyk word waarop die toekoms van Afrikaans gebou word.

- * 'n Ander vertrekpunt van Alternatiewe Afrikaans is die besinning van die spraakgemeenskaplikheid as antitese vir Apartheidsafrikaans (Wat Gerwel presies hiermee bedoel, is nie duidelik nie.)

- * Belangrik is die let op die demokratiese inslag van die aanbidding, gees en inhoud van Alternatiewe Afrikaans. Deur die aanbidding van Alternatiewe Afrikaans moet leerlinge agterkom dat daar 'n ander leefwêreld in Afrikaans bestaan as die een van apartheid.

- * Alternatiewe Afrikaans moet meewerk tot 'n demokratiese, nie-hiërargiese leefwêreld.

Oor die vestiging van Alternatiewe Afrikaans in die onderwysstelsel word gesê dat dit op informele wyse geïmplementeer moet word.

Brink (1988:38), ook 'n referent tydens die seminaar, dui aan dat van die belangrikste gevolge van die implementering van Alternatiewe Afrikaans, is dat dit die negatiewe taal-

houding van veral bruin moedertaalsprekers kan positieër. Alternatiewe Afrikaans se hoofdoelstelling is om identiteit te verleen aan Afrikaanse moedertaalsprekers wat strewe na bevryding.

3.4.3.3 KPO-MINIKONGRES OP BEAUFORT-WES, 23 APRIL 1988

Randall van den Heever, die nasionale voorsitter van die KPO, het op 23 April 1988 'n referaat gelewer op die minikongres van die KPO op Beaufort-Wes. Die onderwerp van die kongres was AFRIKAANS EN BEVRYDING.

By dié geleentheid het hy (Van den Heever, 1988b:84) sewe beginsels ten grondslag van Alternatiewe Afrikaans neergelê:

1. Omdat Afrikaans 'n taal van Afrika is en in Afrika geanker is, moet dit 'n progressiewe ontwikkeling ondergaan en met die Afrika-werklikheid rekening hou.
2. Alternatiewe Afrikaans moet as dinamiese voertuig dien vir die vestiging van 'n demokratiese en nie-rassige Suid-Afrika.
3. Alternatiewe Afrikaans het nie 'n alternatiewe taal-strukturering in die oog nie, maar 'n alternatiewe benadering, inhoudgewing en aanbieding van Afrikaans. Gerwel (1988:8) sê weer dat dit juis nié 'n alternatiewe inkleding van Afrikaans is nie.
4. Daar moet gewaak word teen 'n bruin inhoudgewing binne dieselfde vormlike strukture van Afrikaans.

5. Alternatiewe Afrikaans moet beskou word as deel van die proses van ontwikkeling na 'n meer aanvaarbare Afrikaans en mag nie as die finale produk daarvan gesien word nie.

6. Alternatiewe Afrikaans moet hom daarvoor beywer om Afrikaans te bevry van die bande van Afrikanernasionalisme.

7. Alternatiewe Afrikaans beywer hom vir 'n geslag Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners uit die geledere van die wit, bruin en swart gemeenskappe.

Hierdie laaste dokument waarin die kwessie van alternatiewe Afrikaans aangeraak word, toon herbesinning oor die uiteindelijke rigting wat die beweging wil inslaan. Die vaagheid waarvan daar in Tree na vryheid sprake was, is uit die weg geruim. Die alternatiewe Afrikaansbeweging praat hier uit 'n gekonsolideerde mond.

3.4.3.4 FRANKLIN SONN TYDENS DIE D.F. MALHERBE-GEDENKLESING, 1990

Franklin Sonn is nog 'n bruin Afrikaanssprekende wat as stem vir die Alternatiewe Afrikaanse beweging optree. Hy maak duidelik dat die alternatief in Alternatiewe Afrikaans nie op 'n ander soort Afrikaans dui nie, maar 'n ander kyk' na Afrikaans (Sonn, 1990:12).

Alternatiewe Afrikaans gaan van die standpunt uit dat Afrikaans die somtotaal van al sy variëteite is.

By 'n geleentheid van die jaarlikse DF Malherbe-gedenklesing aan die UOVS op 2 Mei 1990, spreek Sonn hom uit oor die toekoms van Afrikaans.

Aanvanklik stel hy etlike voorbehoude, soos verwoord deur deur twee genoemde Alternatiewe Afrikaanspublikasies - onder andere die beswaar teen eksklusiwiteit van Afrikaans en blanke Afrikaanse kultuurliggame; taalapartheid in skole waar veral Geskiedenis en Afrikaans op Afrikanersentriese wyse aangebied word; die diskriminasie teen anderskleurige Afrikaanssprekendes in toonaangewende verklarende Afrikaanse woordeboeke en die eksklusiwiteit in die Afrikaner se beskouing van die herkoms en ontstaansgeskiedenis van Afrikaans.

Ten slotte dui Sonn (1990:11) sekere groeitekens aan wat as teken van hoop bestempel kan word vir die toe-eiening van Afrikaans vir die breë Afrikaanse taalgemeenskap:

- die openheid van die Afrikaanse Skrywersgilde,
- die waardering aan sogenaamde "uitgeweke skrywers van Afrikaans" vir verdienstelike kreatiewe werk,
- 'n herlewing van die Afrikaanse toneel, veral op die Kaapse Vlakke,
- studies in Variasietaalkunde wat bewys dat die variëteite van Afrikaans nie minderwaardig is nie en wat wegkom van die gestigmatiseerde Standaardafrikaans as die enigste korrekte vorm van Afrikaans,
- die ontstaan van klein uitgewerye wat waag wanneer nuwe Afrikaanse boeke gepubliseer word,
- die oprigting van nuwe Afrikaanse gemeenskapskoerante wat werklik in diens van Afrikaans onder die breë taalgemeenskap optree.

Sonn se betoog en siening oor die toekoms van Afrikaans gaan heeltemal akkoord met wat akademici en taalteoretici (prof. Christo van Rensburg en prof. Hans du Plessis tydens die ATKV-Dinkskrum oor 'n toekomstige taalplan vir Afrikaans) self as toekomsperspektief vir Afrikaans sien.

3.4.4 DIE UNIVERSITEIT VAN WES-KAAPLAND

3.4.4.1 VERANDERDE TAALBELEID

Hoewel daar geen amptelike vermelding van die UWK se voertaalbeleid in die 1990-jaarboek is nie, is die UWK sedert sy stigting in 1960, 'n tweetalige universiteit met 'n groot Afrikaanse meerderheid. Van die begin af was Afrikaans die hoof administratiewe taal.

Opskudding is egter teen die einde van 1989 veroorsaak toe die rektor van die UWK, prof. Jakes Gerwel, 'n omsendbrief aan die personeel gerig het wat lui dat Engels voortaan die enigste administratiewe taal van die universiteit sal wees. Dit beteken dat alle kennisgewings, agendas en notules van vergaderings, dokumentasie afkomstig van die universiteitsadministrasie en amptelike vorms van die universiteit "in the first place be English" (Die Volksblad, 11-12-89:11).

Statistieke (van die universiteitsgetalle in 1989) toon aan dat 62,12% van die studente aan die UWK Afrikaanssprekend is (Taylor, 1989:11). Van die 4 458 anderstalige studente is 2 400 bruin Engelssprekende studente, wie se Afrikaans na alle waarskynlikheid net so goed soos hulle Engels is (Taylor, 1989:11). Die orige 2 058 studente is Xhواسprekend en van ander nasionaliteite en nie Afrikaans magtig nie.

Dit word dus duidelik, dat hoewel Engels 'n minderheidstaal is, dit sedert 1989 'n bevoorregte posisie by die UWK geniet. Die omsendbriewe wat aan die dekane van fakulteite, departementshoofde en hoofde van administratiewe afdelings gestuur is, is net in Engels opgestel.

Die volgende redes word aangevoer waarom Engels die hoof administratiewe taal van die UWK moet word:

- Die UWK is veronderstel om 'n tweetalige universiteit te wees, maar Afrikaans het nog altyd oorheers.
- 'n Persentasie van die UWK-studente is nie Afrikaans magtig nie.
- Deur die opgradering van Engels tot hooftaal, word die onnadenkende bevoorregting van Afrikaans geminimaliseer.
- Die gebruik van Engels as administratiewe taal aan die UWK sal aan die universiteit 'n "Suid-Afrikaanse karakter" verleen.

Gerwel (soos aangehaal deur Taylor, 1989:11) sê as gevolg van die feit dat álmal Engels verstaan (ook die platte-landse studente), daar wegbeweeg word van Afrikaans as administratiewe taal. 'n Ander oorweging is die feit dat meer mense deur die gebruik van Afrikaans uitgesluit sal word as wat die geval met Engels as voertaal sal wees.

Gerwel stel dit onomwonde dat met hierdie verandering van taalbeleid, dit nie gaan om Afrikaans as sodanig nie, maar om die feit dat "Afrikaans hom kleinlik opstel" teen ander tale (Gerwel, soos aangehaal deur Taylor, 1989:11). Gerwel (1988b) sê dat hy bly sal wees indien Afrikaans aan die UWK sal bly oorleef, maar daar is dwingender dinge waarvoor hy die stryd voer.

Dit word ook uit die koerantberig duidelik dat die universiteitsraad deur die neem van hierdie taalbeleidsbesluit wou wegbeweeg van die universiteit se skeppingsideaal, nl. om 'n bruin identiteit te bevorder, deur die verlening van 'n al-

gemene Suid-Afrikaanse karakter aan die universiteit (Taylor, 1989:11).

Op 'n vraag of die besnoeiing van staatsgeld aan universiteite 'n rol gespeel het in die beleidsbesluit wat aan die UWK geneem is, het Gerwel (soos aangehaal deur Taylor, 1989:11) negatief geantwoord, maar tóg aangedui dat vanweë die feit dat dié universiteit die snelgroeiendste in die land is, hy die hardste getref word.

Prof. Ploedemann, die voorsitter van die werkgroep wat ondersoek moet instel na 'n taalbeleid en -reëlings aan die UWK, sê dat die verandering in taalbeleid bloot om praktiese redes geneem word:

* Studente verklaar dat hulle, ter wille van die akademiese moontlikhede en sosiale mobiliteit wat deur Engels geopen en moontlik gemaak word, verkies om onderrig in Engels te ontvang (Ploedeman, 1991).

* Tagtig persent van die boeke in die biblioteek is in Engels.

Dit blyk ook dat die aandrang van spesifiek swart studente verantwoordelik is vir die vordering wat Engels as akademiese voertaal aan die UWK maak (Ploedeman, 1991, INSIG, Januarie 1988).

Daarbenewens motiveer hy die verandering in voertaalbeleid daardeur dat slegs min of meer 55-60% van die UWK-studente Afrikaanssprekend is, en dat die UWK nie werklik meer 'n universiteit met 'n "Afrikaanse" karakter is nie.

By die 1991-registrasie van die studente aan die UWK is die vraag gevra in watter taal hulle onderrig verlang. Die statistiese verwerking van hierdie gegewens is nog nie beskikbaar nie.

Ploedeman (1991) stel dit onomwonde dat Afrikaans nie gou van die kampus van die UWK sal verdwyn nie, aangesien Afrikaanssprekende studente van die universiteitsowerheid se kant aangemoedig word om hierdie taalvaardigheid as 'n bate te beskou wat optimaal benut moet word, omdat hulle kanse op akademiese prestasie groter is indien hulle ook onderrig in Afrikaans kan ontvang.

Hoewel Ploedemann hierdie verandering in taalbeleid nie sien as die uitvloeisel van politieke oorwegings nie, sê die rektor, (Gerwel, 1991) dat die UWK met hierdie besluit, "maniere soek waardeur ons almal kan saampraat en nie uit miskiening nie". Hieruit blyk dit dat daar wél miskien 'n politieke motivering agter die taalbeleidsbesluit mag lê.

3.4.4.2 REAKSIE OP DIE VERANDERDE TAALBELEID

Na die bekendmaking van die inhoud van die omsenbrief oor die wysiging van die administratiewe taal aan die UWK, het daar, uit veral die die blanke Afrikaanssprekende akademiese geledere, felle kritiek gekom:

- Prof. Jaap Steyn (UOVS) sê dat die persepsie van Afrikaans as bevrydingstaal op die UWK-kampus hierdeur geknou is. Hy vind dit ook teenstrydig dat die doelbewuste bevoorregting van Engels die onnadenkende bevoorregting van Afrikaans meebring.

- Prof. Elize Botha (voorsitter van die SA Akademie) dui aan dat Afrikaans een van sy hoëtaalfunksies aan die UWK verloor het, en dat dit meebring dat die Afrikaanse UWK-student van een van sy belangrikste regte, naamlik bediening en diens in sy eie taal, ontnem is.

- Prof. FF Odendal (voorsitter van die Taalkommissie van die Akademie) sê dat hy dit jammer vind dat kortsigtigheid aan die kant van die rektor van die UWK sal veroorsaak dat Afrikaans wat hom klaarblyklik na aan die hart lê, om politieke redes skade berokken word.

- Prof. Johann Johl (voorsitter van die departement Afrikaans aan die RAU) vind dit vreemd dat binne 'n oorwegend Afrikaanssprekende gebied soos die Wes-Kaap, die stelling gemaak word dat Engels die universiteit se mees gedeelde taal is.

Kommentaar

Dat daar opskudding was oor die veranderende taalbeleid van die UWK is seker.

Wanneer die aanleidende oorsake vir hierdie beleidsverandering wetenskaplik en objektief beskou word, word die volgende sake duidelik:

- Vanweë 'n toenemende aanvraag om akkommodasie van swart studente wie se moedertaal nie Afrikaans is nie, moes die UWK herbesin oor sy taalbeleid.

- Die feit dat daar op wetenskaplike wyse beplan is vir die veranderde taalbeleid verdien krediet. 'n Werkgroep is in die lewe geroep wat ondersoek moes instel. Die studente is ook geken in hierdie besluit - hulle kan immers aandui watter taal hulle as voertaal verkies.

- Dit wil voorkom of die vertaling van administratiewe dokumente in beide tale 'n finansiële las meebring. Omdat Engels sosiale en akademiese voordeel vir studente meebring (Ploedeman, 1991), word dit as die voertaal verkies, hoewel daar gepoog word om Afrikaans se posisie nie hierdeur skade

te berokken nie. Indien studente se potensiaal alleenlik maksimaal benut word wanneer hulle onderrig deur medium van Afrikaans ontvang, sál hulle onderrig in Afrikaans ontvang (Ploedeman, 1991).

- Die feit word betreur dat politiekery hierby ingesleep word. Indien 'n mens aanvaar dat die besluit wat deur die UWK rakende sy voertaal geneem is, op wetenskaplike, objektiewe gronde berus, is dit jammer dat 'n politieke kleur daaraan verleen word en daar van uitgediende retoriek in gelaaide begrippe soos "miskenning" gebruik gemaak word.

3.4.5 DIE NG SENDINGKERK EN AFRIKAANS

In 'n artikel oor die gebruik van Afrikaans in die NG Sendingkerk, sê Pietersen (1990:219) onomwonde dat die NG Sendingkerk nog altyd Afrikaans was en nog altyd sal wees. Afrikaans is die lingua franca van die NGSK waarin die bevrydingsteologie aan die People's kerk oorgedra word.

Die voertaal in die NGSK is Afrikaans en die mense wil niks anders as dit hê nie. Die hoop word uitgespreek dat die NGSK 'n taalstryd gespaar sal bly, aangesien "Afrikaans ons teken (is), ons bewys by uitstek (is) van hoe ons (is)" (Pietersen, 1990:219).

Hierdie amptelike standpuntinname van die NG Sendingkerk oor Afrikaans word verwelkom, veral gesien teen die agtergrond van die taalverskuiwing, weg van Afrikaans ten gunste van Engels, wat in die bruin gemeenskap aangedui word (sien paragraaf 6.2.4).

3.4.6 DIVERSE UITSPRAKE VANUIT BRUIN GELEDERE OOR AFRIKAANS

Volgens Terblanche (Die Volksblad, 29-3-90) erken prof. Richard van der Ross, voormalige rektor van die UWK, dat die Afrikaans pers 'n besondere rol speel in die hervormingsproses in Suid-Afrika.

Ook uit ander bruin geledere word positiewe klanke oor Afrikaans gehoor: Peter Marais (lid van die Presidentsraad) het op die 1990-jaarkongres van die Arbeidersparty gesê dat sowat 80 tot 90% van alle bruin mense Afrikaanssprekend is en dat daar om hierdie rede nie negatief bespiegel moet word oor die toekoms van Afrikaans nie (Beeld, 31/12/90).

Aan die ander kant word daar vanuit bruin Afrikaanssprekende geledere ook stemme gehoor wat hulle nie vereenselwig met hierdie positiewe siening oor Afrikaans nie:

- Allan Hendrickse, leier van die Arbeidersparty, het gesê dat dit onprakties is om in 'n land waar 26 tale gepraat word aan Afrikaans 'n bevoorregte posisie te verleen. Praktiese oorwegings sal Suid-Afrikaners noop om Engels as die enigste amptelike taal te erken.

- Sien paragraaf 3.4.4 vir die veranderende taalbeleid van die UWK.

Kommentaar

Ten spyte van negatiewe klanke oor die taalhouding van bruin mense teenoor Afrikaans, is die algemene gesindheid positief.

Hoewel daar opvoedkundige tekortkominge in die benadering van die Alternatiewe Afrikaansbeweging is, vervul hulle 'n belangrike bewusmakingsrol binne die Afrikaanse bruin gemeenskap. - Mense wat as gevolg van politieke oortuiging verengels, word bewus gemaak van die bevrydingskrag van Afrikaans.

Na afloop van 'n onderhoud met mnr. Randall van den Heever (28-01-91) oor Alternatiewe Afrikaans, kan tot die volgende gevolgtrekking gekom word:

die politieke teenstand teen Afrikaans is besig om te verkrummel, deels as gevolg van die hervormingsinisiatiewe wat aan die gang is, maar ook as gevolg van die feit dat die konsep van Alternatiewe Afrikaans daartoe bygedra het dat die gestigmatiseerdheid van Afrikaans as onderdrukkerstaal verander het na Afrikaans as bevrydingstaal.

3.5 DIE STAND VAN AFRIKAANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE HANDELSWÊRELD

3.5.1 INLEIDING

Dit word allerweë erken dat die posisie van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse handelswêreld nie so gunstig is wat dit behoort te wees nie.

Hoewel verskeie faktore vir die agteruitgang van Afrikaans in die handelswêreld verantwoordelik is, bestaan daar vandag nog groot handelsinstellings wat juis tot stand gekom het om die posisie van Afrikaans in 'n oorwegend Engelse ekonomie te verbeter.

Dit wil voorkom of die handhawingsbewustheid van die Afrikaanse sakeman aan die afneem is. Dr. Albert Wessels, soos aangehaal deur Steyn (1984:13), spreek sy onrustigheid uit dat die toenaderings- en samewerkingsgesindheid op ekonomiese gebied wat tussen taal- en rasse-groepe aan die ontwikkel is, mag lei tot die afname in identiteitshandhawing en groepsprestasie van die Afrikaanse sakeman. Dis duidelik dat Wessels nie die samewerking as sodanig kritiseer nie, maar dat hy sy kommer uitspreek oor die posisie van Afrikaans op ekonomiese gebied.

Selfs die gemiddelde groot Afrikaanse onderneming is besig om sy Afrikaanse karakter te verloor. Harry Laurie (soos aangehaal deur Steyn, 1984:14) sê dat die gemiddelde groot Afrikaanse onderneming op hoë vlak baie nie-Afrikaansspreekendes bevat, wat daartoe lei dat die voertaal van so 'n onderneming nie meer Afrikaans is nie. (Die Vaderland, 16-05-1978).

Ponelis (1984:35) spreek sy kommer uit oor die posisie van Afrikaans in die handelswêreld, en sê dat dit die klein jakkalsies is wat die wingerd verniel: byvoorbeeld wanneer 'n Afrikaanssprekende motorwerktuigkundige aan 'n Afrikaanssprekende kliënt se motor werk, sal hy die werkskaart na afhandeling van die taak in Engels voltooi!

Die feit dat die posisie van Afrikaans sekerlik vanaf die twintigerjare van hierdie eeu tot nou toe met rasse skrede verbeter het, kan nie misken word nie.

Senekal (1984:215) dui aan dat die groei wêl voortduur, hoewel hy toegee dat Afrikaans maar 'n kwart aandeel in die ekonomiese lewe in Suid-Afrika bekleed.

Steyn (1980:234) is van mening dat ten spyte van die vordering wat Afrikaans sedert die aanvang van die eeu op die ekonomiese gebied gemaak het, Engels die vernaamste

werkgewerstaal in die stede bly. Net sowat 15 van die 100 topmaatskappye in die private sektor staan onder beheer van Afrikaanssprekendes.

Dit word ook genoem dat Afrikaanssprekendes 'n agterstand het in die drie hoofberoepsgroepe: professionele en tegniese beroepe, administratiewe, uitvoerende en bestuursposte en derdens verkoopswerkers (Steyn, 1980:234).

Wat die werklike toedrag van sake is met betrekking tot Afrikaans en die Afrikaanssprekende in die handelswêreld, behoort met 'n empiriese studie bepaal te kan word.

Die doel met hierdie ondersoek is om te monitor in watter mate organisasies wat tot stand gekom het om die posisie van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse handelswêreld te verbeter, uitvoering gegee het aan hulle skeppingsideaal.

Die volgende instansies is by hierdie ondersoek betrek: die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI), Sanlam en Volkskas as verteenwoordiging van handelsinstellings met 'n Afrikaanse karakter.

3.5.2 DIE AFRIKAANSE HANDELSINSTITUUT

Die AHI is in 1942 net na afloop van die groot arm-blankevraagstuk gestig as produk van die inisiatief van die Reddingsdaadbond. Die doel met die stigting van die AHI was die daarstel van 'n werkgewersorganisasie wat sou kon bydra om die jong ontluikende Afrikaanse sakemanne te help om 'n vastrapplek in die sakewêreld te vind (Wessels, 1982:5).

Die aanleidende oorsake wat as aansporing gedien het om die Afrikaner 'n vastrapplek in die sakewêreld te gee met die stigting van die AHI, was:

- * die feit dat teen Afrikaanssprekende werknemers gediskrimineer is toe hulle onwillig was om deel te wees van die magte wat aan die Tweede Wêreldoorlog deelgeneem het;
- * rassediskriminasie teen Afrikaanse sakeondernemings;
- * pogings om Afrikaanse koerantgeboue af te brand;
- * weiering om Afrikaanssprekende klante in Afrikaans te bedien.

Die beleid van die AHI was vanaf die stigting duidelik pro-Afrikaans, maar tog nie anti-Engels nie. Die stigting van die AHI was primêr daarop gerig om die Afrikaner in die sakelewe te organiseer, voorligting te gee en eie Afrikaanse belange te bevorder en te beskerm (AHI, 1982:26-7).

Mnr. FF de W Stockenström, uitvoerende direkteur van die AHI in 1982, het op daardie stadium die volgende standpunte as toekomsperspektief vir die AHI gestel:

"(Die AHI) sal voortgaan, om met behoud van sy Afrikaanse karakter, in die nouste samewerking met sy sustersorganisasies sy kant te bring. Die AHI, getrou aan sy tradisie van die verlede en sy roeping om oor die Afrikaanse sakeman se belange te waak, sal moet bly op die voorpunt van ekonomiese denke en diensbaarheid aan sy lede ... en Suid-Afrikaanse burgers in hulle onderskeie volkereverband" (Stockenström, 1982:24).

Aangesien die ledetal van die AHI na byna 'n halfeeue se bestaan 10 500 sterk is (FAK, 1987:12), en dit velerlei organisasies se belange op die hart dra, is die AHI vandag nog 'n organisasie om mee rekening te hou.

Hulle werksaamhede ter bevordering van die Afrikaanse sakeman se belange gaan onverpoosd voort.

Hoewel daar stemme opgaan dat daar weggedoen moet word van Afrikaans in die naam van die Handelsinstituut, bly die standpunt dat dit nie in die gedrang moet kom nie, aangesien die afwesigheid van Afrikaans die identiteit van die AHI gaan skaad (Von Ludwig, 1991).

Die missie en doelstellings van die AHI lui nog steeds dat die karakter eie aan die AHI uitgebou moet word, die Afrikaanse aandeel in die sakesektor uitgebou moet word en die voertaal van die AHI bly Afrikaans.

'n Segspersoon van die AHI met wie 'n onderhoud gevoer is (06-02-1991), het dit duidelik gestel dat die voertaalbeleid van die AHI nie in die gedrang behoort te kom nie.

Die AHI is tewens ook betrokke by die huidige nasionale gesprek oor Afrikaans: Die president van die AHI, mnr. Gerrie Steenkamp, sê hy maak die afleiding die AHI en SABEK (Suid-Afrikaanse Besigheidskamer) se gevoel oor Afrikaans is nie dieselfde nie (Beeld, 23-02-91). Hierdie stelling spruit uit die feit dat SABEK die Privaatsektor-Onderwysraad (Prisec) se aanbeveling gesteun het dat moedertaalonderrig net in die aanvangsjare op skool gebruik moet word. Die AHI is die enigste werkgewersorganisasie wat teen hierdie aanbeveling beswaar gemaak het (Beeld, 23-02-91).

3.5.3 SANTAM EN SANLAM

Hierdie twee groot ondernemings is die eerste groot moderne Afrikaanse ondernemings wat tot stand gekom het. In die tweede dekad van hierdie eeu was die blanke Afrikaner geweldig verarm. 'n Groepie mense het tot die besef gekom dat die Afrikaner alleen weer 'n houvas op die lewe kon kry, indien daar vir hom werkgeleenthede geskep word. Veral die

jong geslag moes opgelei word om 'n vastrapplek in die sakelewe te kon kry.

Op 28 Maart 1918 is die Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransiemaatskappy Bpk. (SANTAM) geregistreer. Die naam van die organisasie is ook pertinent in Afrikaans geregistreer en nie in albei landstale soos aanvanklik besluit is nie (Scannell, 1968:11).

Dit was die eerste onderneming waarvan die oprigtingsakte in Afrikaans opgestel is (SANLAM, s.j.:ongepagineer).

'n Week na die regsitrassie van SANTAM is die afdeling wat lewensversekering moes hanteer - die Suid-Afrikaanse Lewensassuransiemaatskappy (SANLAM) - geregistreer.

In die halfeeufeesbundel ter herdenking van die stigting van hierdie maatskappye, sê Wassenaar (1968: ongepagineer) dat die opkoms van die Afrikaner as sakeman naas die Engelsman bewys het dat dit vir die een groep moontlik was om te vorder sonder dat die ander groep daardeur skade ly. "Sanlam het die simbool geword van die Afrikaner se vermoë om hom deur intelligente, eerlike en harde werk in die sakewêreld te handhaaf." (Wassenaar, 1968:ongepagineer.)

'n Uitvoerende amptenaar van Sanlam gee toe dat Afrikaans nie meer 'n prioriteitaangeleentheid vir 'n sakeonderneming soos Sanlam is nie. Tydens 'n onderhoud het hy gesê dat die Afrikaanssprekende reeds sy plek in die sakewêreld beklee en dat dit nie meer nodig is om as Afrikaanssprekende 'n sakeonderneming te bedryf nie.

Hoewel die Afrikaanse karakter van Sanlam nog bestaan, word byna 'n derde van die transaksies met Engelssprekendes beklank (Söhnge, 1991).

3.5.4 VOLKSKAS

Volkskas het in 1934 ontstaan op inisiatief van JJ Bosman by wie die gedagte van 'n volksbank ontstaan het. Die aanleidende oorsake hiervan was dat Afrikaanse amptenare vanweë viktimisasie uit 'n handelsbank bedank het. Nadat daar vertoë deur die Afrikanerbroederbond gerig is teen die bank, en geen bevredigende antwoorde gevind kon word nie, het die AB hom vir 'n bank met Afrikaanse kapitaal begin beywer. ~ Die totstandkoming van Volkskas was die verwesenliking van hierdie ideaal.

Volkskas het ekonomiese veiligheid vir die Afrikaner gebring en hom ekonomiese mag gegee (AHI, 1982:33). Die feit dat Volkskas die Afrikaner met finansiering gehelp het, en dat hy nie nodig gehad het om kapitaal op ander plekke te soek nie, het Afrikaans 'n vastrapplek in die handel gegee (Die Volkshandel, 1963:45)

Die amalgamasie van Volkskas met die SAGE-groep in 1991, moes 'n bepaalde invloed op hulle beeld as "Afrikaanse" bank uitoefen. 'n Segsman van Volkskasbank, (Snyman, 1991) sê Afrikaanssprekendes vorm die grootste marksegment van die bank. Doelbewuste pogings is aangewend om 'n meer Suid-Afrikaanse karakter aan die bank te verleen: onder andere die verskuiwing van die Volkskashoofkantoor van Pretoria na Johannesburg. Hierdie strewe na 'n Suid-Afrikaanse karakter word op só 'n manier gedoen dat Afrikaanssprekendes nie daardeur vervreem word nie (Snyman, 1991).

Die mark in Suid-Afrika het sodanig verander dat Afrikaanswees of Engelswees nie meer belangrik is nie. Om hierdie rede streef Volkskas na 'n breër Suid-Afrikaanse karakter (Snyman, 1991).

3.6 NAVORSINGSEENHEDE OOR DIE ONDERRIG VAN TALE

3.6.1 DIE EENHEID VIR DIE ONDERRIG VAN AFRIKAANS

In die vroeë sewentigerjare van hierdie eeu is die behoefte in Johannesburg geïdentifiseer dat daar 'n leemte bestaan vir die daarstel van geleenthede waar Afrikaans aan anderstaliges geleer moet word.

Die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans (EOA) is aan die Randse Afrikaanse Universiteit tot stand gebring met die doel om die onderrig van veral Tweedetaalafrikaans of Afrikaans aan vreemdtaliges te bevorder. (RAU, 1985:3.)

Verskillende teikengroepe is geïdentifiseer:

- * Engelssprekende Suid-Afrikaners wat om sosiale en professionele redes hulle Afrikaans wil opknap;
- * immigrante;
- * die swart gemeenskap, binne sowel as buite formele onderwysverband.

Die onderrig van Afrikaans aan die swart gemeenskap het om verskeie redes hoë prioriteit geniet:

- Die 1976-gebeure het swart mense negatief teenoor Afrikaans gestem, wat die posisie van Afrikaans as onderrigtaal, sowel as die status van Afrikaans as doeltaal benadeel het.
- Die RGN-landstale-ondersoek het aan die lig gebring dat Afrikaans tot 1975 die belangrikste brood-en-bottertaal was wat die meeste in die werksituasie gebruik is.

- Na 1976 het die handel en nywerheid Afrikaans begin vermy en daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die gemeenskap en die proses van mannekragontwikkeling die beste deur medium van Engels gedien kan word.

- Daar is bevind dat 'n groot aantal organisasies (English Academy, ELTIC, British Council en INTUS) hulle daarvoor beywer het om die onderrig van Engels doeltreffend te maak.

Aangesien daar nie op daardie stadium veel vir Afrikaans gedoen is nie en die EOA hierin 'n belangrike rol kon speel, het die Eenheid tot stand gekom (RAU, 1985:4).

Uit die verslag van die Hoofkomitee van die RGN-Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA (1981) blyk dit dat daar 'n strewe binne die onderwys bestaan na eenheid, gelykheid, openheid, interafhanklikheid en samewerking met die eis dat daar in onderwysinhoud gestreef moet word na die bereiking van verdraagsaamheid, aanvaarding en die oorbrugging van agterstande (Strydom, 1990:1). Ten einde die leerder in staat te stel om 'n vreemde taal maksimaal aan te leer, moet 'n taalonderrigprogram sy vertrekpunt binne die parameters van die sosiale werklikheid neem. Indien dit nie gebeur nie, sal sodanige taalonderrigprogram nie aan die eise van demokratisering en funksionalisering voldoen nie (Strydom, 1990:1).

Die grondslag waarop die EOA gevestig is, is dat die leerder deur die verwerwing van die teikentaal in staat gestel moet word om sy lewensomstandighede te verbeter, 'n voller sosiale lewe te lei en sosiale en politieke bedingingsmag moet verkry. - Hy moet met ander woorde, betekenisvol met ander mense kan kommunikeer.

Begripsomskrywing: Kommunikasie-Afrikaans sluit nie net die elementêre groetvorme en basiese beginsels van Afrikaans in nie, maar die skep van moontlikhede dat leerders persoon-

likheidsontwikkeling ondergaan in hulle bestudering van die taal. Dit sluit verkenning in die poësie en prosa van Afrikaans in waar die klank en totale seggingskrag van Afrikaans oorgedra word. (Strydom, 1991)

Die onderrig van Afrikaans aan swart onderwysers van Afrikaans is as 'n hoëprioriteitprojek geïdentifiseer, aangesien die meeste onderwysers, wat nie eens moedertaalsprekers van Afrikaans is nie, se kwalifikasies nie goed was nie.

Die EOA het die moontlikheid ondersoek om hom deur indiensopleiding toe te spits op die swart onderwyser van Afrikaans, sodat die konsep van Afrikaansonderrig aan swart skoolkinders van sy negatiewe konnotasie ontslae kon raak (RAU, 1985:4).

Nowe skakeling met die FAK het daartoe gelei dat daar in 1979 'n ondersoek geloods is met die doel om doeltreffende tegnieke en leemtes te identifiseer, behoeftes te bepaal en moontlik aanbevelings te maak oor die rol wat die EOA, moontlik in samewerking met ander instansies, kan speel om die onderrig van Afrikaans te bevorder. Hierdie doel moes op verskillende maniere bereik word: navorsing, produksie van kursusse of ondersteunende materiaal, hulp met indiensopleiding en ander dienslewering (RAU, 1985:5).

Benewens die kursusmateriaal, indiensopleiding- en ander dienslewerende funksies van die EOA, was die werksaamhede op 'n sterk wetenskaplike basis: deur die jare het verskillende navorsingsverslae verskyn waarin verslag gedoen word van teoretiese en empiriese studie wat betrekking het op die onderrig van Afrikaans aan vreemdtaliges, ook het 'n omvattende verslag verskyn waarin 'n leksikon van die kernwoordeskat van Kommunikasie-Afrikaans saamgestel is.

Die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans het as selfstandige eenheid ophou bestaan, vanweë die nie-winsgewende karakter daarvan en die rasionalisasiebeleid van universiteitsowerhede en inkorting van universiteitsubsidies (Strydom, 1991).

Die werksaamhede van die Eenheid gaan egter onveranderd voort as onderafdeling van die RAU se Buro vir Nie-Formele Onderrig waar die bevordering van Afrikaans nog steeds hoë prioriteit geniet. Ander tale wat vir kommunikasie en kulturele verryking belangrik is, sal ook deur die Buro vir Nie-Formele Onderwys bevorder word.

Die Eenheid sal in sy veranderde vorm self fondse moet genereer vir die voortgang van die projekte en bemarkingstrategieë sal gevolg moet word ten einde die werksaamhede self-onderhoudend te maak.

Die ATF en die Afrikaanse Persfonds is by die werksaamhede van die Eenheid betrokke, vanweë die finansiële steun wat dit verleen.

Die volgende statistiek (Strydom, 1990:2) bewys hoe groot die omvang is van die werk wat deur die EOA gedoen word:

Die inskrywingstal vir die aandklasse by die RAU het sedert 1985 'n styging getoon:

*	1985	:	43
*	1986	:	79
*	1987	:	106
*	1988	:	154
*	1989	:	178
*	1990	:	200

Die nie-formele opleidingsgeleenthede buite die universiteit is deur die volgende getal kandidate deurloop:

- * Kursusse in die handel en nywerheid: 240
- * Indiensopleiding vir Afrikaansonderwysers binne die swart gemeenskap: 1 200
- * Winterskole vir swart matrikulante: 7 500 kandidate sedert 1985.

Die Eenheid se werksaamhede ter bevordering van Afrikaans behels die volgende:

- Nie-formele klasse in Afrikaans word by die RAU aangebied op in verskillende modules: 'n beginners-, intermediêre en gevorderde vlak van leerstof vir potensiele sprekers van Kommunikasie-Afrikaans.
- Werkwyse: Aanvanklik word die aanbieding verlewendig deur praktiese situasies te simuleer. Daarna word gekonsentreer op sake soos die volgende: hoekom is dit die moeite werd om Afrikaans te leer?, waarom het Afrikaans 'n bestaansreg in die land?,
- Na sowat 200 uur blootstelling aan die taal, behoort potensiele leerders hulself in Kommunikasie-Afrikaans verstaanbaar te kan maak.
- Die inskrywingstal vir volwassenes wat in 1991 al die kursusse volg, is om en by 80 (Strydom, 1991).
- Die kursus in Kommunikasie-Afrikaans wat aangebied word vir die werknemers van die Johannesburgse Stadsraad, impliseer 'n salariswaardetoevoeging vir suksesvolle deurlopers van die kursus.

- Die RAU het by wyse van 'n beleidsbesluit bepaal dat al die swart werknemers van die universiteit die kursus in Kommunikasie-Afrikaans moet volg.

Kommentaar

- Dit word uit bogenoemde uiteensetting oor die werksaamhede van die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans duidelik, dat hier uiters waardevolle werk gedoen word ter bevordering van Afrikaans.
- Die feit dat die kursus, sonder om humanitêr te wees, die verbetering in lewenskwaliteit in die oog het, verdien krediet.

3.6.2 INTUS

Die Instituut vir Taalonderrig (INTUS) van die Universiteit van Stellenbosch het op 1 Julie 1975 tot stand gekom.

Die Instituut se navorsing oor taalonderrig word deur die behoefte van die samelewing in Suider-Afrika bepaal (US, 1990:159) en daarom is die navorsing oor 'n bepaalde taal nie die hoofdoelwit nie. INTUS se hoofdoel was van die totstandkoming af om die dringendste taalbehoefte in Suid-Afrika te identifiseer, navorsing daaroor te doen, kursusse te ontwikkel, aan te bied en opleiding te verskaf wat kan bydra tot die taalbehoefte van die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap (INTUS, 1990:1).

In die negentigerjare kom dit voor of die taalbehoefte veral lê op die terrein van beter en doeltreffender taalonderrig.

Die behoefte bestaan veral binne die geledere van die swart onderwys (INTUS, 1990:1).

Al die onderrig en opleiding wat deur die Instituut onderneem word, word ter wille van navorsing gedoen.

INTUS gee in samewerking met die Interuniversitêre Komitee vir Taalonderrig 'n tydskrif, Per Linguam, uit.

Die klem van INTUS se werksaamhede val op die volgende:

- taalverwerwing en kognitiewe ontwikkeling en die implikasies daarvan vir taal- en geletterdheidsonderrig;
- ontwikkeling van en eksperimentering met taal- en geletterdheidskursusse vir spesifieke of algemene doeleindes;
- aspekte van interkulturele kommunikasie en die implikasies daarvan vir taal- en geletterdheidsonderrig;
- die effek van taal- en geletterdheidsonderrig op produktiwiteit en menseverhoudinge;
- die rol van tegnologie in taal- en geletterdheidsonderrig;
- innoverende benaderings tot taal- en geletterdheidsonderrig;
- toetsing en evaluering in taal- en geletterdheidsonderrig;
- opleiding en indiensopleiding van onderwysers, instruktors en bestuurslui;
- seminare/simposia/konferensies in verband met al die genoemde aspekte.

Sedert die ontstaan van INTUS is daar min of meer 100 verskillende taalprojekte ten bate van verskillende Suid-Afrikaanse tale aangepak.

Die volgende projekte ter bevordering van Afrikaans is geloods (INTUS, 1990):

- 1977 : Evaluering van Afrikaanse reeks vir swart hoërskole;
- 1977 : Fouteanalise van die Afrikaans van Engelssprekende leerlinge;
- 1977 : Afrikaans vir Engelssprekende sakemanne;
- 1978 : Afrikaans vir andertaliges;
- 1978 : Afrikaans vir Japannese teologiese studente;
- 1979 : Afrikaans vir immigrante;
- 1979 : Afrikaans vir Engelssprekende studente aan die US;
- 1979 : Afrikaans vir sakemanne;
- 1985 : Afrikaans Tweede Taal vir Kollegestudente;
- 1986 : Afrikaans vir swart TV-kykers;
- 1986 : Afrikaans vir Transkei (sillabus);
- 1986 : Afrikaans vir Indiërparlementariërs;
- 1987 : Afrikaans vir Transkei (sillabus vervolg);
- 1989 : Intermediêre Afrikaanskursus vir sakemanne;
- 1989 Die evaluering en kurrikulumontwikkeling binne die raamwerk van 'n integrerende kommunikatiewe taalonderrig-model vir Afrikaans Tweede Taal op Junior Sekondêre skoolvlak;
- 1990 : 'n Brugkursus vir swart eerstejaarstudente aan die Militêre Akademie te Saldanha. Dit sluit onder andere 'n vierwekekursus in Afrikaans in.

INTUS het as instituut teen die einde van 1990 ophou bestaan, en ander organisatoriese strukture is geskep om die werk te laat voortgaan.

Kommentaar

Wanneer ook die nie-Afrikaanse kursusse onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat daar wyd deur INTUS gewerk word: onderwysgerig, staat of semi-staatsgeoriënteerd, handel en nywerheidsgerig en ook kursusse wat op die breë publiek gerig is.

Dit blyk uit bogenoemde lang inventaris dat INTUS veral nou betrokke was by die daarstel van taalkursusse in Afrikaans. Sommige van die kursusse was sodanig in aanvraag dat hulle tot vier keer toe herhaal moes word (Die kursus in Afrikaans vir Indiërparlementariërs).

'n Ander besondere werksaamheid is INTUS se noue betrokkenheid by kurrikulumontwerp vir Afrikaanssillabusse.

Die vertroude word uitgespreek dat hierdie verdienstelike werksaamhede nie tot niet sal gaan met die sluiting van INTUS nie.

3.6.3 NATIONAL LANGUAGE PROJECT

Die National Language Project (NLP) is 'n instituut verbonde aan die Universiteit van Kaapstad wie se werksaamhede in die eerste plek daarop gerig is om die ongeletterheidsprobleem in Suid-Afrika op te los, en tweedens om Engels as lingua franca in die land gevestig te kry. (Vergelyk Hoofstuk 6 vir 'n bespreking van die laasgenoemde faset van die NLP se werksaamhede.)

Die taalwerksaamhede van die NLP is die volgende (NLP, s.j.):

- Die NLP verleen ondersteuning en moedig samewerking aan tussen instansies gemoeid met geletterdheids- en tweede-taalonderrig. Die koördinerig van hierdie werksaamhede word as belangrik aangedui, omdat hulpbrone en opleidings-geriewe daardeur gerasionaliseer kan word.

Die NLP bestempel hierdie koördinerigstaak as 'n langtermynprojek wat lewenskragtig gehou moet word sodat 'n diens aan onderdrukte mense gelewer kan word (NLP, s.j.:3);

- Die NLP is aktief betrokke by die taaldebat en gesprek ter bevordering van geletterdheid in Suid-Afrika. Hul kwartaallikse publikasie, Language Project Review bied 'n forum vir hierdie gesprek. Alle mense wat by taal as sodanig belange het, word geleentheid gebied om hul standpunt in hierdie publikasie te stel;

- Die NLP is ook met navorsing besig oor taalbeplanningsaktiwiteite en taalbeleidsaspekte van buurlande wat bruikbaar mag wees vir die post-apartheid Suid-Afrika. Besondere aandag word gegee aan die korpus- en statusbeplannings van die verskillende inheemse tale in Suid-Afrika (NLP, s.j.:3).

Die NLP loods die volgende praktiese programme ter bereiking van hul ideaal van die bevordering van Engels en die betrokkenheid by geletterdheidsonderrig:

- Die NLP is by wyse van die kommunikatiewe benadering van taalonderrig besig om kursusmateriaal saam te stel vir die aanleer van tale. In die Wes-Kaap word reeds geletterdheidskursusse aangebied in die tale wat in dié streek gepraat word. Dit blyk dat dit veral die Xhosaprogramme is wat in aanvraag is.

Ondersteunende lesmateriaal word ook aangebied: riglyne vir lesplanne, kassette met musiek en dialoog, muur- en flits-kaarte wat nie-rassisties, nie-seksisties en nie-etnies is (NLP, s.j.:4).

Op aandrang van die gemeenskap het die NLP in 1989 begin werk aan 'n geletterdheidsprogram in Afrikaans. Twee aand-klasse per week is aangebied in 'n streek waar niemand anders geletterdheidskursusse aanbied nie.

In 1990 is begin met maandelikse werksinkels wat gemik is op die uitruil van praktiese idees vir tweedetaalonderrig. Die bedoeling is dat hierdie inligting uiteindelik in onderwyshandleidings vervat moet word vir algemene verspreiding.

- Sedert die ontstaan van die NLP is daar versoeke vir vertaalwerk uit die gemeenskap ontvang. Na afloop van 'n uitvoerbaarheidstudie in 1989 is daar oorgegaan tot die daarstel van so 'n vertaaldienst. Op die oomblik lewer die NLP 'n hulpdienst aan ander vertaaldienste en word dokumente in Afrikaans, Engels en Xhosa vertaal (NLP, s.j.:6).

3.6.4 KOMMENTAAR

In die breë gesien werk institute aan universiteite doelgerig mee tot die bevordering van tale in Suid-Afrika.

Wanneer na die werksaamhede van elk van bogenoemde institute/navorsingsinstellings gekyk word, blyk dit dat elkeen sy eie spesifieke doelstellings het wat bereik moet word.

Dit lei daartoe dat die totale spraakgemeenskap in Suid-Afrika deur hulle werksaamhede gedek word.

Vertroue word uitgespreek dat daar koördinerende selfs ten opsigte van taalwerksaamhede wat op hierdie vlak onderneem word, sal plaasvind.

3.7 DIE SAUK EN AFRIKAANS

3.7.1 DIE TAALBELEID EN TAALVERWANTE AKTIWITEITE VAN DIE SAUK

Steyn (1980:413) sê dat dit vir enige taal van die uiterste belang is om as 'n radio- en televisietaal gebruik te word. Wanneer 'n taal se sendtyd byvoorbeeld ingekort word, staan so 'n taal 'n sterk kans om agteruit te gaan.

Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK), bestaan hoofsaaklik uit twee komponente: die Uitsaaidienste (Radio, Televisie, Nuus) en die Hulpbronnediens (Advertensies, Finansiële Dienste, Rekenaardienste, Regsdienste, Tegnieke Afdeling, Mannekrag).

Omdat die SAUK voorsiening moet maak vir die behoeftes van 'n groot multitalige luisteraars- en kykerspubliek, beplan hy sy werksaamhede aan die hand van 'n taalbeleid (SAUK, s.j.).

Die SAUK besef dat hy 'n taalverantwoordelikheid het en dat dit sy missie is om die kultuurbelange van die Afrikaanse, Engelse en swart gemeenskappe te bevorder (SAUK, s.j.).

Die SAUK streef daarna om hierdie opgeleedde taalverantwoordelikheid op "die voortreflikste wyse" na te kom" (SAUK, s.j.).

Dit word duidelik gestel dat die formuleer van nasionale taalstrategieë nie deel van die taakomskrywing van die SUK is nie (SAUK, s.j.). Tog verbind die SAUK hom as gespreksgenoot "tot die formulering van taalstrategieë" en sien homself as aktiewe bevorderaar van taaldoelwitte waartoe die nasionale taalgesag van 'n bepaalde taalgemeenskap homself verbind het (SAUK, s.j.).

Bogenoemde doelstelling van die SAUK word in die besonder bereik deur die werksaamhede van die Komitee vir Taaladvies (KTA), die Language Advisory Committee en die Taalburo van die SAUK.

Die Taalburo se belangrikste funksies is (SAUK, s.j.):

- Die organisasie en bedryf van die Komitee vir Taaladvies en die Language Advisory Committee wat as die twee normgewende taalinsettings van die SAUK funksioneer.
- Die verstrek van mondelinge en skriftelike advies oor taalaangeleenthede, soos spelling, skryfwyse en die uitspraak van woorde aan SAUK-werknemers, luisteraars, kykers en ander belangstellendes.
- Skakeling met akademiese instellings soos universiteite en taal- en kultuurverenigings.
- Die bekendmaking van die SAUK se taalbeleid en die resultate van taalnavorsing wat deur die Taalburo onderneem word in referate, artikels en praatjies.

Die gesag van die KTA ten opsigte van die gebruik van Afrikaans is binne die SAUK die hoogste, aangesien hulle die

gaping vul tussen woorde wat in bestaande woordeboeke opgeneem is en die behoefte aan nuwe woorde wat van dag tot dag binne die SAUK opduik.

Die KTA bestaan uit meer as twintig top SAUK-amptenare, tesame met buitelede uit die breë Suid-Afrikaanse akademiese gemeenskap. Daar word ses keer per jaar vergader om oor normering van taalgebruik binne die SAUK te besin (Prinsloo, 1990).

Hoewel daar nie eksplisiete taalnorme deur die SAUK neergelê word nie, vergewis uitsaaiers hul daarvan dat luisteraars en kykers krities na hulle taalgebruik luister (Prinsloo, 1989:13).

'n Sleutelaktiwiteit van die uitsaaibedryf is taalversorging (SAUK, s.j.). Om hierdie rede onderneem die Korporasie, om in hulle werksaamhede, aan die gestelde waardes en norme gestand te doen.

Doelwitte wat die SAUK ter bereiking van die algemene doelstelling om die kultuurbelange van onder andere die Afrikaanse gemeenskap te bevorder, is:

- Die gebruik van die gepaste soort Afrikaans vir 'n spesifieke soort program. Die Afrikaanssprekende sêlf moet besluit of die taalgebruik (formeel of informeel) pas by 'n sekere uitsending.
- Die erkenning van Afrikaanse taalvariante en die ongeforspeerde gebruik van daardie variante in minder formele uitsendings en besprekingsprogramme oor taal en kultuur.

- Die noue samewerking met Afrikaanse taal- en kultuurorganisasies sodat Afrikaans in sy verskeidenheid bevorder kan word.

- Die bly op die voorpunt en die vergewis van veranderinge wat op taalgebied plaasvind deur die werksaamhede van die KTA en die Taalburo.

Werksaamhede wat deur die SAUK onderneem word ter bereiking van die gestelde doelstellings en doelwitte, is:

- Die doelmatige versameling van taalinligting en die doeltreffende verspreiding daarvan sodat die gebruik van die korrekte taalinligting deur die Taalburo-kliënte bevorder kan word.

- Dit kom in die praktyk daarop neer dat samesprekings deur die SAUK met vooraanstaande taalkundiges wat in die KTA dien, gevoer word; dat daar navorsing oor taalkwessies onderneem word; en dat hierdie inligting uiteindelik gerefereer word sodat dit vir voornemende taalgebruikers toeganklik gemaak kan word (SAUK, s.j.).

Wanneer norme vir taalgebruik neergelê word, word daar allereers 'n eis om kommunikeerbaarheid gestel (Prinsloo, 1989:3). Die vorm van Afrikaans waarop besluit word om 'n boodskap oor te dra, móét kommunikasietaal wees. Daarby kom die eis dat dit in 'n "gepaste soort Afrikaans" uitgesaai moet word - die register waarin uitgesaai word, moet pas by die tipe program.

Omdat die eis om kommunikeerbaarheid hoë prioriteit geniet waneer uitsaaitale ter sprake kom, gaan dit primêr om

Afrikaans as spreektaal en nie as skryftaal nie (Prinsloo, 1989:5).

Vanweë die wesensaard van die SAUK (en trouens van enige ander uitsaaidiens) om aktuele internasionale en nasionale gebeurtenisse onmiddellik aan sy kykers- en luisteraarspubliek oor te dra, kan dit gebeur dat die nodige woordeskat ontbreek.

Omdat woordeboeke se inligting reeds by verskyning van daardie woordeboeke verouderd is, moet die Taalburo deur die werksaamhede van die KTA sêlf in sy behoefte aan nuwe woor-deskat voldoen. Volgens Prinsloo (1989:6) bevat die databank van die Taalburo ongeveer 26 000 taalinskrywings. Hierdie werk word hoofsaaklik gedoen deur die buitelede van die KTA, waarvan die meeste van hulle dien op die Taalkom-missie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die werksaamhede van die KTA behels ook besluite wat in verband met die Afrikaans wat in oorgeklankte programme gebruik word, geneem word.

Die beleid van die SAUK in verband met die Afrikaans van oorgeklankte programme, is dat wanneer 'n uitdrukking as 'n aanwys vir Afrikaans beskou word, dit selfs maar direk uit Engels ontleen kan word. 'n Voorbeeld wat Prinsloo (1989:9) in hierdie verband noem, is "die laaste strooi" uit die En-gelse "the last straw".

Daar word ook 'n bepaalde standpunt gehuldig oor uit-spraakkwessies van vreemde plekname in Afrikaans. Die be-ginsel is dat die name so na as moontlik aan die oorspronk-like klank uitgespreek moet word, mits daar nie 'n tradi-sionele Afrikaanse ekwivalent bestaan nie. Om uitdrukking hieraan te gee, word van gewone Afrikaanse klanke gebruik gemaak om vreemde tale na te maak (Prinsloo, 1989:11).

Die SAUK se Taalburo voer 'n "verbete stryd oor klemplasing" in Afrikaans (Prinsloo, 1989:12). Hoewel korrekte klemplasing hoë prioriteit geniet, kom dit voor of die Taalburo nie werklik suksesvol in sy pogings is nie (Prinsloo, 1989:12).

Aangesien die taalgebruik in advertensieflitse dikwels problematies is, geniet hierdie probleem die intense aandag van die Taalburo (Prinsloo, 1989:13). Dit blyk dat die feit dat die Engelse teks met sy Engelse idioom dikwels net so in Afrikaans vertaal word, vir die ongelukkigheid verantwoordelik is.

Die werkwyse wat deur die Taalburo gevolg word by 'n geleentheid wat maandeliks plaasvind, is dat die advertensieteks eers goedgekeur moet word voordat die advertensieflits vervaardig kan word.

Dit gebeur selfs ook dat indien die taalfoute nie reggestel word nie, die uitsending van so 'n advertensieflits geweier kan word, wat 'n verlies van tot R20 000 (vir 'n radioflits) kan beloop (Prinsloo, 1989:13).

Probleme word ook ondervind met advertensieklungels wat in Afrikaans gesing word deur Engelse sangers met 'n swaar Engelse aksent. Volgens Prinsloo (1990) wys die advertensiematskappy self die sanggroep aan wat die deuntjie moet sing en het die SAUK nie beheer daaroor nie.

Kommentaar

- Dit word uit bogenoemde uiteensetting duidelik dat die SAUK daadwerklik by die bevordering van Afrikaans betrokke is. Baie goeie werk, veral ten opsigte van die korpus van Afrikaans, word gedoen. Daarbenewens word daar ook aandag

gegee aan taalnavorsing deur insetsels in die Woensdagaand-program Die taal wat ons praat. Die uitdrukkingsmoontlikhede van Afrikaans geniet ook aandag in pretprogramme soos Tel jou woorde.

- Ten spyte van hierdie verdienstelike werk wat gedoen word, flits die gevaarlike vir Afrikaans by die SAUK. Die status van Afrikaans, is om verskillende redes, by die SAUK in die gedrang:

* Aangekoopte oorsese programme is baie duur en om hulle in Afrikaans oorgeklank te kry, neem nie alleen baie tyd in beslag nie, maar stel geweldige eise aan die vertaler en sinchroniseerder en kos uiteindelik baie geld om oorgeklank te kry. Deur die programme dan by wyse van 'n koppeluit-sending in die oorspronklike klankbaan te hou, bewys dat oorklanking eintlik tyd- en geldmors is en berokken Afrikaans daarby onberekenbare skade. Dit lei daartoe dat die teoretiese moontlikheid bestaan dat net die nuus byvoorbeeld op 'n Vrydaglaataand in Afrikaans aangebied word.

Statistiek opgestel deur uitsaainavorsers (Van Vuuren & De Beer, 1990:12) dui aan dat bykans 'n vyfde van die Afrikaanssprekende kykerspubliek verkies om oorgeklankte programme in die oorspronklike taal (meestal Engels) te hoor.

Die gevaar bestaan dat méér Afrikaanssprekende kykers dalk by 'n volgende meningsopname die oorspronklike klankbaan mag verkies; en by 'n volgende geleentheid nóg meer. Hierdie afwaartse spiraal het 'n belemmerende invloed op Afrikaans.

* Die tweetalige programme, wat van hoogstaande gehalte is en werklik kykwaardig is, wat in die Afrikaanse tydgleuf

aangebied word, bevat dikwels méér Engelse as Afrikaanse insetsels.

* Tydens Engelse nuusbuletins word onderskrifte in Engels gegee wanneer daar 'n Afrikaanse onderhoud uitgesaai word. Dit gebeur gewoon nie wanneer Engelse onderhoude tydens Afrikaanse nuusbuletins gebeeldsend word nie.

(Op navraag wat die rede van hierdie doelbewuste bevoorregting van Engels deur die SAUK is, is geantwoord dat die meeste Afrikaanssprekendes in elk geval Engels verstaan en daarom behoort hulle nie probleme met die verstaan van Engels te ondervind nie (Prinsloo, 1990).)

* Hoewel dit soms andersom gebeur, gebeur dit baie dikwels dat Engelse advertensies in die Afrikaanse tydgleuf uitgesaai word. Ten spyte van die streng taalkeuring waaraan advertensies onderwerp word, is daar tog voorbeelde soos die tandepaste-advertensie waar van die "Close Up-gevoel" sprake is. - 'n Voorbeeld van 'n besondere woordspeling - maar Afrikaans word daardeur skade berokken.

* Uit die statistiek van navorsing uitgevoer deur die Direktoraat Uitsaainavorsing (Van Vuuren & De Beer, 1990) blyk dit dat die meeste kykers na die programme van TV1 en TV4 Afrikaanssprekend is. Gewoon om hierdie rede is dit nie regverdig dat Afrikaans deur die SAUK afgeskeep word nie.

3.7.2 STATISTIEK OOR DIE LUISTERAARS- EN KYKERSGEHORE VAN DIE SAUK

Die navorsingsafdeling van die SAUK is voortdurend met wetenskaplike navorsing besig om te bepaal of die SAUK in

die verwagting van hul gehore voldoen. Hierdie navorsing het bevind dat min of meer 12 miljoen mense daaglik na die radio-uitsendings van die SAUK luister, terwyl 12 miljoen volwasse kykers na die televisie-uitsendings kyk (Van Vuuren & De Beer, 1990:4). TV1 het daaglik 'n gehoor van 5,7 miljoen volwasse kykers. Van die radiodienste, is Radio Zulu die gewildste (Van Vuuren & De Beer, 1990:5).

Baie interessante statistiek, is dié van die taalverdeling van die televisiekykers (Van Vuuren & De Beer, 1990:6):

48% van die kykers na TV1 is Afrikaanssprekend
29% is Engelssprekend
12% is Ngunisprekend
11% is Sothosprekend

26% van die kykers na TV4 is Afrikaanssprekend
27% is Ngunisprekend
25% is Sothosprekend
22% is Engelssprekend

'n Tendens wat sedert 1983 opgemerk is, is die feit dat daar wat die verhouding tussen Engels en Afrikaans by TV1 en TV4 betref, 'n relatiewe verskuiwing binne die bruin gemeenskap ten gunste van Afrikaans plaasgevind het (Van Vuuren & De Beer, 1990:8). Hierdie verskuiwing word verklaar deur die relatiewe verliese aan Afrikaanssprekendes by Radio Suid-Afrika en die gemeenskapsdienste.

Die statistiek ten opsigte van tweetalige televisieprogramme lyk soos volg: blanke Afrikaanssprekende kykers en die meeste Engelssprekende blanke kykers is tevrede met tweetalige programme en is so gewoond daaraan dat dit nie pla nie. 49% Asiërs en 22% Engelssprekende blankes sou

verkies dat dit net in Engels gebeeldsend word, al sou dit beteken dat daar minder Engelstalige programme wees. 28% bruin mense het egter gevoel dat die programme slegs in Afrikaans moet wees (Van Vuuren & De Beer, 1990:13).

Die SAUK maak daarop aanspraak dat hy deur middel van sy radio-uitsendings voldoen aan die luisteraarsbehoefte: die streekdienste saai in dié taal uit wat die streektaal van die besondere deel uitmaak (Van Vuuren & De Beer, 1990:16):

- * 92,5% van die luisteraars na Radio Suid-Afrika is Afrikaanssprekend.

- * 7,4% is Engelssprekend.

- * 80,7% van die luisteraars na Radio South Africa is Engelssprekend.

- * 19,3% is Afrikaanssprekend.

- * 61,1% van die luisteraars na Radio 5 is Engelssprekend.

- * 38,8% is Afrikaanssprekend.

- * 76,9% van die luisteraars na die gemeenskapsdienste is Afrikaanssprekend.

- * 23,1% is Engelssprekend.

'n Omvangryke studie is in 1989 deur die SAUK oor die mediagebruik van swart mense onderneem. Vierduisend swart mense is persoonlik ondervra waarvolgens by wyse van mondelinge vrae op verskillende moeilikheidsvlakke, die taalbevoegdheid van die respondente getoets is (Van Vuuren & De Beer, 1990:19).

Voorbeelde van die moeilikheidsvlakke van die vrae is:

- * Eenvoudigste vlak: "Hoe laat is dit?"/"Which day of the week is it?"
- * Volgende vlak: "Hoe dikwels gaan u stad toe?"/"How many years have you been living in this house?"
- * Komplekse vlak: "Verkies u om fiksie- of nie-fiksieboeke te lees?"/"When you are listening to a piece of music being played on the radio or at a party, which instrument do you most like to hear?"

Op die meer komplekse vlak, het 5% van die totale swart bevolking aangedui dat dat hulle 'n begrip van gesproke Afrikaans het, en 17% van die totale swart bevolking verstaan hierdie vlak van gesproke Engels (Van Vuuren & De Beer, 1990:20). Wanneer al die moeilikheidsgrade saam gegroepeer word, verstaan 50% van die totale swart bevolking hierdie elementêre Praatafrikaans en 43% van die swart bevolking Praatengels (Van Vuuren & De Beer, 1990:19-20).

Ander statistiek wat nie net vir beleidsbepalings van die SAUK waardevol is nie, maar ook met groot vrug in taalnavorsoing gebruik kan word, is dié oor die huistaalgroepeerings (nie slegs moedertaalaanduiding nie). Let daarop dat daar by wyse van steekproefneming tot hierdie gevolgtrekking gekom word (Van Vuuren & De Beer, 1990:21):

21% van die bevolking praat Zulu as huistaal
 18% Xhosa
 16% Afrikaans
 9% Engels
 9% Noord-Sotho
 8% Tswana
 7% Suid-Sotho
 4% Tsonga
 2% Ndebele
 2% Swazi

2% Venda

2% gee 'n ander huistaal aan

Wanneer die Afrikaanse statistiek van nader bekyk word, blyk dit dat meer as 80% van die bruin bevolking Afrikaans as huistaal het en net minder as 60% van die blankes Afrikaans as huistaal gebruik (Van Vuuren & De Beer, 1990:22).

Kommentaar

Hoewel statistiese bewyse nie die alfa en omega van taalbeplanning is nie, moet daar deeglik kennis geneem word van navorsing wat in hierdie verband onderneem word.

Die feit dat 48% van die TV1-gehoor Afrikaanssprekend is, terwyl slegs 29% Engelssprekend is, moet mos voldoende bewys wees vir die feit dat daar na die behoefte van die Afrikaanse kyker omgesien móét word.

Kommerwekkende statistiek is dié oor die swart mense se begrip van elementêre Engels en Afrikaans. Nie alleen is dit rigtinggewend vir die toekomstige taalbeplanning van die SAUK nie, maar wys dit op 'n geweldige leemte wat daar ten opsigte van die Afrikaanse en Engelse geletterdheidspeil van swart mense bestaan.

3.8 DIE AFRIKAANSE PERSWESE EN AFRIKAANS

Sedert die begindae van Afrikaans het die Afrikaanse pers 'n belangrike rol ter bevordering van die taal gespeel. Die

Afrikaanse Patriot het ten tyde van die Eerste Vryheidsoorlog bygedra tot 'n nasionale oplewing onder Kaapse Afrikaners wat uiteindelik daartoe gelei het dat Nederlands sedert 1882 sekere taalregte in die Kaapkolonie verwerf het (Steyn, 1980:405). Na afloop van die Tweede Vryheidsoorlog het die Hollands-Afrikaanse koerante hulle beywer vir gelyke taalregte en die gebruik van Afrikaans as skryftaal aangevoerd. In die afgelope jaar het die Afrikaanse koerante weer hulle taalsensitiwiteit getoon en talle berigte en redaksionele kommentare gewy aan die toekoms van Afrikaans.

Op dié trant kan nog voorbeelde aangehaal word wat 'n bewys lewer van die belang van die gedrukte media vir die voortgang of agteruitgang van 'n taal.

Steyn (1980:326) sê dat Afrikaans nie sonder die massamedia sal kan standhou nie en brei daarop uit deur te sê dat die groei van Afrikaans sonder die inagneming van die rol wat die Afrikaanse koerantwese hierin gespeel het, ondenkbaar is (Steyn, 1980:405).

Van Deventer (1990:3) sê dat die taaldiens van die verlede nie in die een of ander stadium opgehou het nie, maar dat die Afrikaanse koerant vandag nog waghou oor taalverwaarlosing; dat hy 'n forum bied vir briefwisseling; dat die Afrikaanse boek, musiek en toneel bevorder word. - Kortom: die Afrikaanse koerant maak vandag nog aanspraak daarop dat hy 'n aktiewe bevorderaar is van die Afrikaanse taal.

Die Sondagkoerant, Rapport, sê dat hy in 1989 regstreeks R487 000 bestee het vir die bevordering van Afrikaans (Van Deventer, 1989:12).

Die Afrikaanse pers is van mening dat hy in tye van politieke woelinge in Suid-Afrika veral die bruin mense

Afrikaanslesend hou: Rapport word Sondae deur 357 000 bruin mense gelees en Die Burger daaglik deur 149 000 (Van Deventer, 1990:5).

Desnieteenstaande beleef die Afrikaanse koerantwese sy eie krisis:

- Ten spyte van die feit dat Afrikaanse dagblaaie daaglik deur 800 000 lesers gelees word en Rapport Sondae meer as 'n miljoen eksemplare versprei, lees slegs 302 uit elke 1 000 inwoners in Suid-Afrika daaglik 'n Afrikaanse koerant (Van Deventer, 1990:4). Hierdie statistiek vergelyk besonder sleg met die oorsese koerantleserspubliek: in Japan lees 580 uit elke 1 000 inwoners koerant en in Finland 566 uit elke 1 000.

- Van Deventer (1990:5) sê dat die Afrikaanse koerant probleme met veral advertensies, wat aan koerante hul hoofinkomste bied, ondervind.

Nie alleen word probleme ondervind om méér advertensies in Afrikaans te bekom nie, maar eentalige advertensieskrywers wat hoofsaaklik in Engels skryf, se advertensieteks in Afrikaans is krom en onpubliseerbaar.

As oplossing vir dié probleem loof die ATKV in vyf verskillende kategorieë pryse uit vir die gebruik van keurige Afrikaans in die reklamewêreld. Nasionale Pers bied in samewerking met M-Net 'n Pluimpiewedstryd aan waar die aandag gevestig word op advertensies in goeie Afrikaans en kreatiwiteit, en oorspronklikheid aangemoedig word ten opsigte van die gebruik van Afrikaans in die advertensiewese (Van Deventer, 1990:5).

- Die instelling van televisiereklame in 1978 maak die SAUK die grootste enkele mededinger van die Afrikaanse perswese

rakende die werwing van advertensies. Die televisiewese is "laat begaan terwyl hy sy hap aan die advertensiekoek, ten koste van koerante, steeds buitensporiger vergroot het" (Van Deventer, 1990:7).

In ander lande waar daar ook mededinging tussen die pers en televisienetwerke bestaan, is ander maatreëls getref om die gedrukte media te beskerm: in Frankryk is die papierprys vasgepen, die belasting vir dagbladpers is verminder en spesiale lae tariewe vir die versending van koerante is ingestel. In Nederland word 'n deel van die inkomste uit televisieadvertensies onder die koerante verdeel (Steyn, 1990:407).

As gevolg van beleidsaangeleenthede word koerante ook (met die uitsondering van M-Net) "toegang tot die eter geweier" (Van Deventer, 1990:7). Elders in die Westerse wêreld is dit nie nie praktyk nie.

Verhoë wat in hierdie verband tot die regering gerig is, het op niks uitgeloop nie. Hierdie verontregting kan nie alleen daartoe lei dat die Afrikaanse koerantwese geweldige ekonomiese verliese ly nie, maar dit kan ook die voortbestaan van Afrikaans skaad (Van Deventer, 1990:7).

- Die produksiekoste van koerante het, as gevolg van 'n buitengewone styging in verspreidingskoste en papierpryse, die hoogte ingeskiet. Van Deventer (1990:8) sê dat die oorsaak hiervan die regering se beskerming van binnelandse papiervervaardigers teen buitelandse mededinging is.

- Koerante se inkomste ly geweldig skade weens die heffing van AVB op omslagpryse en advertensies. Hierdie las van R80 miljoen per jaar op die media en advertensiebedryf, het sedert 1984 daartoe gelei dat koerante geweldige verliese gely het.

Wanneer die belastingkwessie met oorsese lande vergelyk word, blyk dit dat geen vorm van belasting op omslagpryse van koerante gehef word nie en indien dit wel gebeur, is die belastingheffing teen 'n breukdeel van die algemene koers (Van Deventer, 1990:8). In ander lande (Frankryk, Wes-Duitsland, Nederland) word daar selfs belastingtoegewings aan die koerantwese gemaak (Van Deventer, 1990:9).

Die belastingheffing op advertensies veroorsaak ongelukkigheid aangesien dit 'n verdubbeling van belasting meebring deurdat dieselfde koste-item meer as een keer belas word (Van Deventer, 1990:8).

- Die Afrikaanse koerant beleef 'n geweldige agterstand teen die Engelse koerantwese, daarin dat laasgenoemde 'n positiewe groeikoers onder die swart en bruin gemeenskappe toon.

Steyn (1980:407) sê dat die persentasie mense wat Afrikaans lees in die toekoms kleiner gaan word. Die huidige onderwysbeleid binne swart onderwys bepaal dat leerlinge se voertaal tot st. 3 hul moedertaal moet wees, waarna deur medium van Engels skoolgegaan word. Sodoende word 'n Engelse leserspubliek gekweek.

- Van Deventer (1990:10) spreek sy ernstige kommer uit oor die skade wat die Afrikaanse koerant ly weens die verskeurdheid binne Afrikanergeleedere.

Omdat die koerant sy rol sien as "'n voorverkenner van 'n nuwe Afrikaanse denkwêreld" (Van Deventer, 1990:10), sodat hy daardeur vir homself en vir Afrikaans nuwe horisonne kan open, word daar geweldige kritiek teen die deursnee Afrikaanse koerant uitgespreek.

"Die pynlike is dat hy nie uit taalvyandige oorde nie, maar uit taalbevriende oorde as verraaier gebrandmerk word." (Van Deventer, 1990:10.)

Daar word bespiegel dat hierdie breuk geweldige implikasies mag inhou vir Afrikaans en die Afrikaanse koerant (Van De-venter, 1990:10) in die nuwe landsomstandighede wat binnegegaan word.

Kommentaar

Dat daar nog baie meer oor die Afrikaanse koerant en sy bydrae tot die groei of kwyn van Afrikaans gesê kan word, is seker.

Uit die voorafgaande uiteensetting het dit duidelik geword watter belangrike rol die Afrikaanse koerant deur die dekades ter bevordering van die Afrikaanse taal gespeel het. Dit word ook duidelik dat die koerant vandag nog beseft dat hy 'n taalverantwoordelikheid het wat hy onderneem het om na te kom.

Maar dit word ook duidelik dat daar bepaalde gevaarlike flikker wat moontlik aan hierdie suksesverhaal van die Afrikaanse koerant en die bevordering van Afrikaans 'n ongelukkige einde mag gee.

Die feit dat die swart bevolking in Engels skoolonderrig ontvang, het 'n negatiewe uitwerking op die Afrikaanse koerantbedryf, omdat hierdie mense gewen word vir die Engelse koerantbedryf.

Dit kom voor dat, soos met so baie ander verdienstelike dinge, finansiële oorwegings 'n baie bepalende rol speel. - 'n Uitbreiding van die Afrikaanse leserspubliek onder alle gemeenskappe kan nog altyd nagestreef word. Wanneer produksiekoste egter deurlopend verhoog word vanweë papiervervaardigingmonopolieë, 'n onregverdige mededinging oor advertensies met die uitsaai- en televisiemedium ondervind word, en daar nie gehoor gegee word aan bepaalde

versoeke nie, dan kom dit voor of ons voorland 'n sukkelende Afrikaanse perswese kan wees wat ook vir die taal wat hy dien, rampspoed kan inhou (Van Deventer, 1990:11).

3.9 WOORDEBOEKE IN AFRIKAANS

Alle taalhandboeke wat in Afrikaans geskryf word, word as korpusbeplanning bestempel. Belangrike werk ten opsigte van korpusbeplanning word ook deur medewerkers van woordeboeke in Afrikaans gedoen. Die WAT as verteenwoordiger van soorgelyke korpuswerksaamhede word uitgesonder omdat dit die grootste projek ter optekening van die Afrikaanse woordeskat is.

Wanneer na soortgelyke projekte oorsee gekyk word, val dit nie vreemd op dat die werk nie klaarkry nie. Die Woordenboek der Nederlandsche Taal se eerste aflewering het in 1864 verskyn en die werksaamhede is tot op hede nog nie afgehandel nie (Coetzer, 1991).

Die erkenning van Afrikaans as amptelike taal in 1925 dagteken min of meer die aanvang van die werksaamhede aan die Afrikaanse Woordeboek (Snijman, 1975:8). Die bedoeling was in daardie stadium om 'n woordeboek van die omvang van Van Dalen se Nederlandse woordeboek binne drie jaar te voltooi met woordverklarings, verklarende sinne en woordafleidings (Snijman, 1975:11). Toe die werk na drie jaar nog nie afgehandel is nie, het die Universiteit van Stellenbosch die verantwoordelikheid vir die voltooiing hiervan aanvaar.

Op 25 Mei 1973 is die Wet op die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Wet nommer 50 van 1973) goedgekeur. Hier-

die wet het op 1 April 1974 in werking getree en het bepaal dat die Buro van die WAT 'n regspersoon is en met setel aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel is (US, 1990:137)

Die Beheerrraad van die WAT bestaan uit ses persone, waarin die staat, die Universiteit van Stellenbosch en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verteenwoordig is.

Sewe dele van die WAT het tot dusver verskyn:

Deel I (A-C) in 1950,
Deel II (D-F) in 1955,
Deel III (G) in 1957,
Deel IV (H-I) in 1961,
Deel V (J-KJ) in 1968,
Deel VI (KLA-KOL) in 1976,
Deel VII (KOM-KOR) in 1984.

In die tydperk 1989 tot 1990 is daar tegelyk aan dele VIII (KOS tot einde van K) en IX (L) gewerk (SA Akademie, 1990:33). Die WAT werk aan die hand van 'n kaartversameling wat weer vir betroubaarheid deur kundiges op verskeie vakterreine gekontroleer word. Die kaartjieverameling staan tans op meer as 3 miljoen (US, 1990:137). Die versamelwerk word gedoen uit literêre, vaktegniese en populêre geskrewe bronne, sowel as uit die gesproke streektaal, groeptaal en algemene omgangstaal.

Die Buro van die WAT poog om deur sy werksaamhede 'n volledige beeld van die Afrikaanse taalskat met sy menigvuldige betekenis en gebruike te gee (US, 1990:137).

Kommentaar

Hoewel waardering uitgespreek word vir die monumentale korpuswerk wat deur die Buro van die WAT onderneem word, word die eis aan momentum aan hulle gestel - hoofsaaklik vanweë die finansiële implikasie van so 'n langtermynprojek.

3.10 DIE NASIONALE VAKTERMINOLOGIEDIENS

Die Nasionale Vakterminologiediens (NVD) lewer 'n bydrae tot Afrikaans deurdat nuwe terme wat produkte is van tegnologiese vooruitgang en 'n kennisontploffing in Afrikaans geakkommodeer word en aan sprekers van Afrikaans oorgedra word.

Volgens Combrinck (1991) beskik Afrikaans oor ten minste 250 terminologiewoordeboeke.

- Die NVD beskik oor 'n gerekenariseerde vaktaldatabasis, die Nasionale Termbank, wat oor ingeskakelde gebruikers beskik. Die grootste hoeveelheid terme op die NTB is in die twee amptelike tale, hoewel die NTB meertalig gestruktureerd is en taaldata in 'n verskeidenheid tale kan bevat.

- Die NVD se woordeboekprogram (Lexikon 4.0) vir gebruik op persoonlike rekenaars, het s6 'n stadium van afgerondheid bereik dat dit as standaardfasiliteit aan medewerkers beskikbaar gestel kan word. Die program is ewe geskik vir vakterminografie as vir gewone leksikografie en kan een-, twee- of meertalige, sowel as verklarende woordeboeke hanteer (SA Akademie, 1990:16).

- Die NVD lewer 'n terminologiese en taalnavraagdiens aan die gemeenskap. Alle probleemterme en nuwe terme wat by hierdie geleentheid hanteer word, word gedokumenteer en voorlopig verwerk sodat dit vir navraagdoeleindes direk deur gekoppelde gebruikers op die Nasionale Termbank beskikbaar is.
- Die NVD is in ondersteunende hoedanigheid by verskillende vaktaalontwikkelingsprojekte betrokke, ten einde vaktale op nasionale vlak te bevorder. Afsien van die eie projekte waarmee die NVD besig is, het hulle ook ondersteuning verleen aan ander vaktaalontwikkelingsprojekte (SA Akademie, 1990:16).
- Publikasies wat in die jongste verlede as resultaat van hierdie bedrywighede verskyn het, is onder andere:
Staatkundige en Verwante Terminologie,
Woordeboek van Biblioteekkundige, Inligtingkundige en Verwante Terme ,
Kernbedryfwoordeboek ,
Stadsbeplanningsterme ,
Tuinboukundige Woordeboek ,
Chemiewoordeboek .
- Die NVD verleen hulp aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ten opsigte van die hersiening van reeds bestaande vakwoordeboeke.
- Die NVD is ook betrokke by terminologieprojekte wat buite die NVD bedryf word, byvoorbeeld onder andere 'n Poskantoorwoordeboek en Afkortings in Verpleegkunde.

Kommentaar

Wanneer 'n taal oor behoorlike bruikbare vakterme beskik, word die vakspesialis sowel as die leek in staat gestel om die begrippe te gebruik. Dit lei daartoe dat die frekwensiegebruik daarvan verhoog word. Die werksaamhede van die Nasionale Vakterminologiediens is daarop gerig om die onderskeid wat tussen vaktaal en omgangstaal bestaan op te hef, sodat die terme gemeengoed kan word (SA Akademie, 1990:18)

3.11 SAMEVATTING

Hoewel daar nie op volledigheid aanspraak gemaak kan word van die volledige stand van taalbeplanning in Afrikaans nie, word daar gepoog om 'n verteenwoordigende beeld te gee van die aktiwiteite wat ter bevordering en bestendiging van Afrikaans aangepak word.

'n Beoordeling van hierdie taalbeplanningsaktiwiteite teen die agtergrond van die teorie van taalbeplanning, volg in Hoofstuk 4.

HOOFSTUK 4

'N BESINNING OOR DIE TEORIE VAN TAALBEPLANNING EN DIE MIKROVLAKTAALBEPLANNINGSPRAKTYK VIR AFRIKAANS

4.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om die praktyk van taalbeplanning vir Afrikaans, soos uiteengesit in Hoofstuk 3, te meet aan die teorie van taalbeplanning, soos uiteengesit in Hoofstuk 2. Dit word gedoen sodat bepaal kan word in watter mate mikrovlaktaalbeplanningspraktyke vir Afrikaans beantwoord aan die teoretiese vereistes van taalbeplanning as wetenskap.

'n Volgende doelwit is die vasstelling van die invloed van hierdie taalbeplanningspraktyke vir Afrikaans op die situasie van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse politieke konteks.

4.2 TAALBEWEGINGS EN TAALBEPLANNING

4.2.1 INLEIDING

Volgens Steyn (1980:78) en Du Plessis, H. (1984:166-7) bestaan die groei van 'n taal tot volwaardige kultuurtaal uit drie fases:

- * Bewusmaking waarin intellektueles die res van die bevolking bewus wil maak van die taal se agterstand en hulle wil aanspoor tot taalgetrouheid en taaltrots.
- * Die werklike stryd waar daar deur stryd heen geswoeg word om die wins van sekere funksies vir die taal.
- * 'n Na-strydfase of 'n handhawingsfase waar die taalbeweging óf gekonsolideer word, óf waar nuwe winste in taal-funksies bykom, óf waar 'n taal van sy funksies verloor.

4.2.2 BEWUSMAKINGSFASE

Wat die stand van die bewusmakingsfase vir Afrikaans betref, is dit duidelik dat hierdie fase 'n beduidende aandeel in die geskiedenis van Afrikaans gehad het. Hoewel daar verskil in mening oor die hoeveelheid taalbewegings bestaan, is daar eenstemmigheid oor die feit dat Afrikaans wél 'n bewusmakingsfase deurleef het.

Du Plessis, L.T. (1986) onderskei 'n vyftal taalbewegings, te wete die Oosgrenstaalbeweging (1861-1872), die Maleier-Afrikaanse taalbeweging (1872-1957), die Bybel-vertalingsbeweging (1872-1878), die Afrikanerbondbeweging (1880-1898) en die Naoorlogse Afrikaanse Taalbeweging (1914-vandag).

4.2.3 STRYDFASE

Die strydfase vir Afrikaans (soos vir enige ander taal) hang baie nou saam met ander sosio-politieke en kulturele kwessies. - Reeds met die oprigting van 'n Afrikaanse skool waar die Islam bevorder moes word, in 1862, het dit nie gegaan om die bevordering en vestiging van Afrikaans as sodanig nie, maar om die vestiging van die Mohammedaanse godsdiens (Du Plessis, L.T., 1986:30). Pannevis se bemoeienis met Afrikaans in die vroeë sewentigerjare van die vorige eeu was nie daarop gemik om Afrikaans te bevorder nie, maar om die Bybel binne bereik van die mense te bring; die stigting van die ATKV in 1930 was primêr daarop gerig om te beding vir die posisie van die Afrikaanssprekende wat homself binne 'n Engelsgeoriënteerde spoorwegstelsel bevind het.

Dit word dus duidelik dat waar daar stryd om taal gevoer word, dit gewoonlik hand aan hand gaan met ander doelwitte wat bereik moet word. Ongeag die feit dat ander doelwitte gewoonlik deur middel van 'n taalstryd bereik word, móét 'n taalbeweging talig wees.

Nadat Steyn (1980:83 e.v.) genoem het dat die belangrikste deel van 'n taalstryd die stryd om hoë funksies in die staatsdiens, weermag, geregshoe en wetgewende liggame is, onderskei hy sekere kenmerke van taalstrydfases:

- Die amptelike erkenning van 'n taal as ampstaal is 'n belangrike oogmerk van enige politieke stryd.
- Taalstryd word ook gekenmerk deur 'n stryd om groter gebruik in private ondernemings. Leiers van taalbewegings beywer hulle vir die daarstel van werkgeleenthede vir hul

eie mense in winkels, banke, koöperasies en ander onderne-
mings.

- Die onderwys word noodwendigerwys ook by enige taalstryd
betrek. Indien daar 'n flou nasionale bewussyn by 'n taal-
groep of -gemeenskap bestaan, gebeur dit maklik dat hulle
taal as onderwystaal tot niet gaan.

- Om 'n taal geskik te maak vir die uitvoering van sekere
hoëtaalfunksies, is dit deel van taalstryde se werksaamhede
om 'n taal tot volwaardige kultuurtaal verhef te kry. Dit
beteken dan dat die taal "bruikbaar" gemaak moet word vir
die handel, administrasie, weermag, onderwys, wetenskaps-
beoefening en alle moontlike samelewingsterreine.

- 'n Taal móét skryftaal kan wees. Dit beteken onder an-
dere dat besluit moet word watter variëteit tot standaard-
norm verhef moet word. Dit gaan ook daaroor dat so 'n taal
met gemak letterkundige, sowel as wetenskaplike dokumente
moet kan akkommodeer.

Daar word erken dat die stryd fase vir Afrikaans, met die
amptelike erkenning daarvan as ampstaal in 1925, geëindig
het (Du Plessis, H., 1984:166).

Hoewel daar sekerlik argumente ten gunste van hierdie
stelling aangevoer kan word, kan die saak ook van 'n ander
kant belig word: Die pogings om Afrikaans in die han-
delswêreld gevestig te kry, deur byvoorbeeld die werk-
saamhede van die Afrikanerbroederbond het almal ná 1925 hul
beslag gekry; die stigting van die FAK, die ATKV, die
Voortrekkers was ook ná 1925.

Dit word uit bewyse duidelik dat, hoewel Afrikaans reeds in
1925 amptelike status ontvang het, die werklike stryd fase

eers in 1948 met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party afgesluit is.

4.2.4 HANDHAFFASE

4.2.4.1 DIE VERSKILLENDSE AKTIVITEITE EIE AAN DIE HANDHAFFASE

Die handhaaffase dui op daardie tydperk van 'n taalbeweging nadat 'n taal amptelike erkenning begin geniet het. 'n Taal kan drie rigtings inslaan ná afsluiting van die strydfase (Steyn 1980:86):

- Die taalgemeenskap kan die taal se posisie konsolideer;
- Ten spyte van die hoë funksies wat die taal verwerf het, kan dit agteruitgaan;
- Die taalstryd kan tot imperialisme oorgaan.

4.2.4.1.1 KONSOLIDERING

Met konsolidering word bedoel dat die taal se posisie versterk moet word (Steyn, 1980:86). Dit beteken met ander woorde dat die stryd, hoewel anders gevoer, verander, maar nie mag ophou tensy die mededingende taal werklik geen bedreiging meer inhou nie.

Die konsolideringsfase impliseer dus dat die stryd as't ware nog voortgaan, maar dat die doelwitte en werkwyses waarvolgens gewerk word, verander.

4.2.4.1.2 IMPERIALISME

'n Ander moontlikheid vir tale na afloop van die strydfase waar amptelike erkenning aan 'n spesifieke taal verleen is, is dat hierdie nasionalisme tot chauvinisme mag oorgaan wat aan die taalbeweging 'n imperialistiese kleur gee (Steyn, 1980:88).

Du Plessis, H. (1990) voer bewyse aan wat bewys dat Afrikaans in die na-strydfase hiermee besig is:

Afrikaans (en dan by name die sprekers van Afrikaans) word as verwoester van intergroepverhoudings bestempel, juis omdat die gesprek nog altyd beperk was "tot die afgeslote klein enklaves van apartheid" (Du Plessis, H., 1990:1). Daar bestaan ten opsigte van sowel die korpus as die status van Afrikaans negatiewe imperialistiese begrippe wat hierdie handhaaffase waarin Afrikaans hom bevind tot oneer strek.

Esterhuyse (1986) lê veral klem op die imperialistiese houding ten opsigte van die Afrikaanse taalkorpus. Hy beoordeel die HAT en sê dat die samestellings in hierdie woordeboek "taalgestalte aan apartheidstrukture moes verleen" en dat gekleurdes hierin as "minderwaardig en ondergeskik in die Suid-Afrikaanse samelewing" geteken staan (Esterhuyse, 1986:36).

Ook die hantering van Afrikanersentriese voorgeskrewe werke word gekritiseer. Daar word voorgestel dat skoolhandboeke van die "eksklusiewe Afrikaner-meestersimbole gesuiwer moet

word" (Esterhuyse, 1986:45). Hierdie meestersimbole is onder andere die volgende:

- * Wetlike gesag word nie bevraagteken nie;
- * Blankes is meerderwaardig, swartes is minderwaardig;
- * Die Afrikaner het 'n spesiale verhouding tot God;
- * Suid-Afrika behoort regmatig aan die Afrikaner;
- * Die Afrikaner word bedreig.

Esterhuyse (1986:48 e.v.) dui aan hoe die apartheidsideologie neerslag gevind het in die sillabusse van Afrikaans. Sewe kategorieë word uitgesonder op grond waarvan voorgeskrewe gedigte in die Senior Verseboek onaanvaarbaar is vir die totale Afrikaanse spraakgemeenskap:

- * Afrikanersentriese gedigte.
- * Geïsoleerde rassistiese woorde (bv. witmenskind, meidjie, Hotnotstaal).
- * Ongunstige kleurassosiasies.
- * Sosiaal-sensitiewe poësie met kontra-produktiewe effekte.
- * Stereotiperende gedigte.
- * Gedigte wat 'n verbintenis met 'n spesifieke godsdiens toon.
- * Kaaps-Afrikaanse gedigte en 'n rassestereotipering.

Wat die voorgeskrewe Afrikaanse prosa betref, voer Esterhuyse (1986:87) aan dat dit slegs werke is wat binne die "Christelik-Nasionale apartheidsparadigma" staan wat oorweeg word vir voorskrywing en dit ontsê leerlinge die geleentheid om met "kontemporêre werke en toekomsproblematiek" kennis te maak.

Die grootste beswaar teen Afrikaanse taalhandboeke is die verswyging van die variëteite van Afrikaans en die bevoorregting van Standaardafrikaans. Kritiek word ook uitge-

spreek teen die Boeridiome, die eksklusiewe blankgerigte stelwerkopdragte en begripstoetsleesstukke.

Ten opsigte van die korpusvlak kan ook gesê word dat die negatiefste Afrikaanse woord sekerlik apartheid is - ongeag wat die bedoeling was wat hierdie politieke bestel ten grondslag gehad het (Du Plessis, H. 1990:3). - Hierdie woord is sekerlik dié Afrikaanse woord wat uitvoerstatus verwerf het.

Wat die imperialisme op statusvlak betref, kan duidelik aangetoon word dat daar deur die loop van jare 'n eksklusiewe karakter was aan alles wat Afrikaans was: kultuurorganisasies, skole, tersiêre instellings en die uitsaaiwese.

'n Volgende voorbeeld van taalimperialisme op statusvlak lê daarin dat Standaardafrikaans tot die enigste korrekte norm verhef is met 'n gevolglike miskiening, uit sekere oorde, van al die ander variëteite van Afrikaans - dit vind baie duidelike neerslag in skoolsillabusse vir Afrikaans.

Dit word dus uit voorgaande bespreking duidelik dat, hoewel die bedoeling nie aanvanklik was om aan Afrikaans 'n imperiale kleur te gee nie, omstandighede daartoe gelei het dat Afrikaans in sy handhawingsfase met die apartheidstigma tot onderdrukkerstaal gemerk is.

4.2.4.1.3 KNYNING VAN 'N TAALBEWEGING

In die derde plek kan dit in die na-strydfase van 'n taalbeweging gebeur dat stagnasie intree en dat die taalbeweging dan doodloop. 'n Taalbeweging wat nie gestimuleer word deur stryd aan die politieke, ekonomiese en kulturele fronte nie, is tot mislukking gedoem (Steyn, 1980:90).

Stryd aan die ekonomiese front is vir 'n taal voordelig omdat dit die opheffing van 'n bevolking ten doel het en sodoende verhoed dat daar om ekonomiese redes taalverplasing na 'n ander ekonomies-voordelig taal plaasvind. Die politieke stryd sorg dat daar amptelike gelykberegtiging plaasvind en die kulturele stryd dra daartoe by dat 'n taal nog kulturele aantrekkingskrag bly behou (Steyn, 1980:90).

4.2.4.1.4 WAAR STAAN AFRIKAANS NOU?

Beoordeel aan bogenoemde kenmerke van taalbewegings en wat hulle moet wees en nie moet wees nie, word dit reeds duidelik presies waar Afrikaans hom bevind:

Afrikaans het 'n pertinente bewusmakingsfase deurloop en dit het na 'n strydfase gelei wat as't ware verkeerdheid verloop het: die amptelike erkenning van Afrikaans dagteken as't ware die chronologiese middelpunt van die taalstrydwerkzaamhede. Hierdie taalstrydwerkzaamhede het in 1948 met die bewindsaanvaarding van die Nasionale Party 'n einde bereik.

Ná 1948 bevind Afrikaans hom in die handhaaffase, waar die taalstryd deur 'n gevoel van nasionalisme en chauvinisme

oorgegaan het tot imperialisme. Hierdie imperialisme het gelei tot taaldiskriminasie op status- sowel as korpusvlak.

En dit lei nou in die negentigerjare daartoe dat Afrikaans besig is om van sy funksies prys te gee en die wesentlike gevaar loop om te kwyn en tot niet te gaan.

Die empiriese feite in die afdeling 4.3 onderskryf juis bogenoemde stelling.

4.2.5 'N HANDHAWINGSPROGRAM

Wanneer daar in die na-strydfase van 'n taalbeweging gekonsolideer wil word, is dit belangrik dat sekere wesentlike sake in gedagte gehou moet word (Van Rensburg, 1984:179 e.v.):

- Dis belangrik dat so 'n handhawingsprogram die hoë- sowel as die laetaalfunksies in die oog moet hê.
- Die tyd moet reg wees vir die loods van 'n taalhandhawingsprogram.
- Die taal waarvoor 'n handhawingsprogram beoog word, moet handhaafbaar wees.
- Die sprekers en handhawers se handhawingsingesteldheid moet gunstig wees.
- 'n Handhawingsprogram moet met duidelike doelwitte voor oë geloods word.

'n Taalhandhawingsprogram moet in die na-strydfase geloods word en nie in die bewusmakings- of strydfases nie. 'n Taal

is handhaafbaar indien hy reeds oor 'n skryftaaltradisie beskik, hy reeds sekere funksies verwerf het en hy oor standaard- en nie-standaardvorme beskik. 'n Taal is handhaafbaar indien daar op planmatige wyse beplan word vir sy behoud en herbeplan word indien dit blyk dat vorige pogings onsuksesvol was (Van Rensburg, 1984:179).

'n Baie belangrike voorwaarde vir 'n handhawingsprogram vir 'n taal, is die handhawingsingesteldheid van sowel sy sprekers as sy handhawers. Van Rensburg (1984:180) tref 'n onderskeid tussen 'n interne handhawingsingesteldheid by sprekers en handhawers, en 'n eksterne handhawingsingesteldheid wat te make het met die taalbeleid van 'n land.

Die handhawingsingesteldheid van die sprekers van 'n taal dui op die totale gemotiveerdheid en oorgegewenheid van al die sprekers van 'n taal om eendragtig saam te werk tot die beswil van 'n taal. Sprekers moet dus in die posisie gestel word om sêlf by handhawingsprojekte betrokke te wees; hulle moet bewus wees van hulle verantwoordelikheid teenoor die taal en hulle moet rasioneel bewus gemaak word van die feit dat 'n blote emosionele handhawing sonder die bereidwilligheid om te werk, die taal nie tot voordeel sal strek nie.

Ook handhawers se ingesteldheid teenoor taalhandhawing moet korrek wees: Dis van kardinale belang dat handhawers taktvol te werk moet gaan, omdat bombasme nie tot sprekers sal deurdring nie; handhawers moet a-polities te werk gaan, aangesien sentimente (na watter kant toe ook al) die saak kan laat skade ly.

Die eksterne handhawingsingesteldheid teenoor 'n taal gaan oor die taalbeleid van die owerheid. Van Rensburg (1984:183) dui duidelik aan, dat die taalbeleid van die regering as sodanig, en nie dié van die regerende party nie, belangrik is.

Dit word dus duidelik dat al bevind 'n taal homself in die die na-strydfase, daar sekere voorwaardes en werkwyses is wat gevolg moet word om 'n taal optimaal te kan handhaaf.

Gemeet aan die voorwaardes soos gestel deur Van Rensburg (1984), hierbo, is dit duidelik dat Afrikaans baie duidelik handhaafbaar is, en dat dit sekerlik die regte tyd vir handhawing is.

Maar hier eindig dit: die interne handhawingsingesteldheid van Afrikaanssprekendes is om verskeie redes (o.a. 'n gees van onbetrokkenheid, die stigma van Afrikaans as onderdrukkerstaal, die hakkejag op onsuierhede en anglisismes en die eksklusiwistiese karakter van alles wat Afrikaans is) nie gunstig nie. Handhawers kon nog nie daarin slaag om hul eie ingesteldheid positief te kry nie (die werksaamhede van die GHA bewys dit - sien Steyn, 1980:244), net sommige van die handhawers slaag daarin om polities neutraal te bly en die koördinasie tussen handhawers is so sleg dat verskillende projekte met dieselfde oogmerk deur verskillende instansies aangepak word.

Die emosionele, lukrake manier wat tot nog toe die handhawingspraktyk vir Afrikaans was, het 'n baie groot aandeel in die onbenydenswaardige posisie waarin Afrikaans homself tans bevind.

4.3 TAALBEPLANNINGSAKTIVITEITE IN AFRIKAANS GEMEET AAN DIE TEORIE VAN TAALBEPLANNING

4.3.1 INLEIDING

Vervolgens word daar indringend gekyk na die stand van taalbeplanning vir Afrikaans. Die werkwyse is soos volg: daar word baie vlugtig na die taalbeplanningsteorie verwys en dan word die taalbeplanningspraktyke vir Afrikaans daaraan gemeet.

4.3.2 TAALBEPLANNING OF NIE TAALBEPLANNING NIE?

4.3.2.1 INLEIDING

Taalbeplanning kan gedefinieer word as 'n toekomstgerigte taalprobleemoplossingshandeling wat deur manipulasie doelbewuste taalverandering aan die hand van 'n stel doelwitte probeer bewerk, en wat in die proses rekening hou met die sosio-kulturele omgewing waarin die taalprobleem voorkom.

Dit word dan duidelik dat taalbeplanning altyd 'n multi-dimensionele karakter het en nooit bloot 'n linguistiese kwessie kan bly nie.

Wanneer die totale taalsituasie vir Afrikaans onder die vergrootglas geplaas word, is daar definitiewe elemente van taalbeplanning onderskeibaar:

- Statusbeplanning deur onder andere die werksaamhede van die meeste Afrikaanse kultuurorganisasies.
- Korpusbeplanning deur onder andere die werksaamhede van die Nasionale Vakterminologiediens.
- Taalverwerwingsbeplanning deur onder andere die werksaamhede van die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans (deesdae die Buro vir Nie-Formele Onderrig aan die RAU) en die Afrikaanse Taalfonds.

Dit kom egter voor of ons ten opsigte van taalbeplanning vir Afrikaans werklik met 'n koördineringsprobleem te make het. Elke organisasie/instelling werk op sy eie terrein en behaal dikwels ook sukses. Die gevolg is dat daar dikwels duplisering van werksaamhede is: Geletterdheidskursusse in Afrikaans word byvoorbeeld op die oomblik deur drie organisasies óf aangebied óf die moontlikheid van aanbieding word ondersoek (ATF, ATKV, NLP).

Die gebrek aan doeltreffende koördineringslei daartoe dat werksaamhede gedupliseer word en dat daar as gevolg hiervan aan effektiwiteit, hulpbronne en mannekrag ingeboet word.

Samevattend: Oor die algemeen gesien is dit duidelik dat daar taalbeplanningspraktyke vir Afrikaans plaasvind. Die gebrek aan koördineringslei veroorsaak dat daar duplisering in werksaamhede is en dit lei daartoe dat Afrikaans skade ly.

4.3.2.2 DIE INHERENTE EIENSKAPPE VAN TAALBEPLANNING

Om taalbeplanning van blote taalbemoediening te onderskei, moet fyn opgelet word na sekere eienskappe eie aan taalbe-

planning wat nie by taalbemoeyenispraktyke aangetref word nie.

4.3.2.2.1 DIE GEORGANISEERDE KARAKTER VAN TAALBEPLANNING

Alle soorte taalbeplanning behels ten diepste die bestuur van verandering. Die sukses van taalbeplanning word uiteindelik net gemeet aan die mate waarin die beplande verandering verwesenlik is, of waarin dit verhoed is. Gestruktureerde verandering kan alleen plaasvind wanneer daar 'n mate van organisasie bestaan.

Let daarop dat daar nie rigiditeit in die georganiseerdheid hoef te bestaan nie en dat die mate van organisasie selfs van projek tot projek kan verskil.

Hierdie georganiseerdheid lê in 'n behoorlike identifisering van 'n taalprobleem, die stel van 'n doelstelling wat nagestreef moet word, spesifieke doelwitte ter bereiking van daardie doelstelling, 'n breë uiteensetting van die modus operandi wat gevolg moet word en die hulpbronne wat gemobiliseer moet word, die antisypering van die resultate van die projek en gulde evalueringseleenthede waar deeglik oor die verloop en afloop van 'n projek besin word.

Nog voordat 'n grondige studie van die taalbeplanningsituasie vir Afrikaans gemaak word, kan reeds gesê word dat 'n taalbeplanningsgeorganiseerdheid vir Afrikaans ontbreek. Die feit dat daar nie, wat taalaangeleenthede betref, koördinasie tussen kultuurliggame bestaan nie, dui reeds op die ongeorganiseerde karakter.

Uit die vraelyste aan kultuurorganisasies word dit duidelik dat 35,14% van die respondente op georganiseerde grondslag

taalbevorderingsprojekte aanpak. 43,24% sê dat hul projekte op spontane sowel as georganiseerde grondslag plaasvind.

Laasgenoemde vraag is met opset misleidend, want taalbeplanning kan nie tegelyk georganiseerd en spontaan wees nie.

OPMERKING: Die verhouding taalbevordering/taalbeplanning lewer toenemend probleme. Die volgende redenasie mag dalk lig werp op hierdie verhouding: Taalbevordering is die bewuste of onbewuste wete van Jan Alleman dat hy iets vir 'n taal, in hierdie geval Afrikaans, moet doen. Wanneer taalbeplanning dan as bewuste gekoördineerde kanalisering van hierdie wete optree, verkeer taalbevordering en taalbeplanning in harmonie met mekaar, en kan taalbevordering as een van die resultate van taalbeplanning bestempel word.

Slegs 'n bietjie meer as 'n derde van alle Afrikaanse kultuurorganisasies wat op die vraelys geantwoord het, gee dus aanduiding dat hulle hul op 'n bewuste, gekoördineerde manier met Afrikaans bemoei. Daar bestaan dus ook alle rede om te glo dat dit net 35% van alle kultuurorganisasies is wat aan die hand van 'n stel doelwitte besig is om hulle met Afrikaans te bemoei.

4.3.2.2.2 TAALBEPLANNING HET 'N PROBLEEMOPLOSSINGSKARAKTER

Daar kan geen taalbeplanning plaasvind alvorens een of ander taalprobleem nie geïdentifiseer is nie. Taalbeplanning vertoon altyd 'n probleemoplossingskarakter.

Dit word uit die uiteensetting in hoofstuk 3 duidelik dat die taalbevorderingsprojekte wat deur die verskillende instansies en organisasies geloods word, min of meer almal deur 'n spesifieke taalprobleem gemotiveer word. Let in hierdie verband op die werksaamhede van die ATF en die ATKV wat werklik aan die hand van 'n behoeftebepaling besluit op watter projekte gekonsentreer word.

Aan die ander kant gebeur dit alte maklik dat daar vaagomlynde projekte aangedui word wat duidelik bewys dat 'n taalprobleem nie die spesifieke taalprojek geïnisieer het nie. Een van die kultuurorganisasies dui die "aanwakker van taaltrots by moedertaalsprekers" as taalprojek aan. Die vaagheid aan hierdie stelling dui daarop dat hierdie taalprojek nie deur 'n taalprobleem geïnisieer is nie.

Uit die vraelysrespons het dit duidelik geword dat kultuurorganisasies se taalbevorderingsprojekte nie spruit uit navorsing wat probleme identifiseer nie. Op die vraag oor die taalhouding van lede, dui 83,78% aan dat die taalhouding van hulle lede besonder positief is. Op die vraag oor wat daar gedoen word om hierdie positiewe taalhouding te bewerk, word dit duidelik dat baie min organisasies werklik werk aan hierdie taalhouding. Wanneer later weer gevra word watter struikelblokke Afrikaans moet oorkom, word die negatiewe taalhouding van moedertaalsprekers as die grootste struikelblok aangedui.

Dit word uit die vorige paragraaf duidelik dat 'n klok hoor lui is, maar dat niemand weet waar die klepel hang nie! Taalbeplanning vir Afrikaans vertoon dus in 'n groot mate nog nie 'n probleemoplossende karakter nie.

4.3.2.2.3 TAALBEPLANNING IS TOEKOMSGERIG

Wanneer taalbeplanning werklik taalbeplanning wil wees, moet die aksies wat daaruit spruit 'n baie sterk toekomsgerigte karakter hê. Dit word uit die beredenering in paragraaf 2.4.1 duidelik dat dit belangrik is dat toekomsgerigte taalbeplanning 'n bevestiging moet wees van 'n nuwe identiteit, van nuwe sprekers wat op só 'n manier aan mekaar verbind is, dat hulle glo hulle was nog altyd verbonde.

Die toekomsgerigte aard van taalbeplanning lê nie alleen in die stel van doelwitte vir die toekoms en die antisipering van die resultate nie, maar primêr in die verwerping en aanvaarding van taalbesluite van die verlede en die versoening daarvan met die hede.

Wanneer die werksaamhede van die verskillende instansies of organisasies wat op die een of ander manier met taalbeplanning gemoeid is, aan hierdie maatstaf gemeet word, blyk dit dat hierdie toekomsgerigte karakter in 'n groot mate skipbreuk ly:

- Dit word uit die vraelyste aan kultuurorganisasies duidelik dat 51,35% nie nuwe taalbevorderingsprojekte vir die toekoms beplan nie.

Die afleiding word daarom gemaak dat hierdie toekomsgerigte karakter eie aan werklike taalbeplanning nie oor die algemeen tot uitdrukking kom binne die werksaamhede van die Afrikaanse kultuurorganisasies nie. Uitsonderings bestaan daar wel: die ATF met sy geletterdheidsprogramme, die ATKV met sy bemoeienis met die Afrikaanse toekomstige taalplan en die ATKB met sy herformulering van sy missie en doelstellings dui werklik daarop dat daar organisasies is wat toekomsgerig te werk gaan.

- Ten spyte van die feit dat Afrikaanse tersiêre inrigtings oor die algemeen positief oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal is, gebeur dit toenemend dat navorsingsverslae, veral binne die Fakulteite van Natuurwetenskappe, in Engels gepubliseer word.

Hierdeur word as't ware reeds geproklameer dat die voertaal van akademiese geskrifte in die toekoms eerder Engels moet wees. Hierdie eis om toekomsgerigtheid bewys dat Afrikaans as akademiese taal waarskynlik nie die pyp gaan rook nie.

- Handelsinstellings se toekomsprojeksies noop hulle om afstand te doen van hulle Afrikaanse "karakter". Vanweë die kleinerwordende Afrikaanse mark, strewe handelondernemings, veral banke wat as tradisionele Afrikaanse instellings begin het, doelbewus na 'n breë "Suid-Afrikaanse" karakter (Snyman, 1991). Die toekomsgerigtheid van hierdie besluit lê daarin dat die Afrikaanssprekende se posisie in die Suid-Afrikaanse handelswêreld nie meer as Afrikaanssprekende verseker word nie.

Omdat daar dus nie lankal vir Afrikaans met die oog op die toekoms beplan is nie, het dit nou te laat geword. Die huidige taalbeplanningspraktyk bewys dat daar lankal aan die toekomsgerigte eis voldoen moes word om die posisie van Afrikaans te verseker.

Daarenteen is daar tog organisasies wat aan hierdie toekomseis voldoen wanneer taalbeplanning ter sprake kom: Die RGN slaag danksy sy wetenskaplike onderbou hierin. Daar is byvoorbeeld in 1983 aangedui dat, met die oog op die nuwe grondwetlike bedeling in die Republiek van Suid-Afrika, dit wenslik is om 'n taalatlas vir taalkommunikasie saam te stel sodat toekomstige taalbeleidskwessies op empiriese gronde

kan staan (Prinsloo, 1984:149). Hierdie taalAtlas is in 1990 voltooi en dit maak werklike wetenskaplike taalbeplanning, wat nie op blote emosionele oorwegings berus nie, moontlik.

4.3.2.2.4 DIE MANIPULERING VAN DOELBEWUSTE TAALVERANDERING

Werklike taalbeplanning werk met die oog op 'n doelbewuste taalverandering wat gemanipuleer moet word - daar mag geen laissez faire-houding wees nie.

Dit blyk uit hierdie navorsing in Hoofstuk 3 dat min van die taalbeplanning wat vir die toekoms van Afrikaans onderneem word, aan hierdie spesifieke vereiste voldoen.

Dis wel waar dat baie gedoen word ter bevordering van Afrikaans, maar dit word uit die empiriese ondersoek vir hierdie studie duidelik dat wesentlik min gedoen word vir die beplanning van die toekoms van Afrikaans.

Tog is dit duidelik dat taalbevorderingsprojekte 'n bepaalde posisie in die hiërargie van taalbeplanning bekleed, maar dit moet as 'n klein onderafdeling van statusbeplanning gesien word en kan nooit alleen as 'n middel tot 'n doel, naamlik die doelbewuste manipulering van 'n taalverandering gesien word nie.

Deur die toekenning van boekpryse en sertifikate deur takke van kultuurorganisasies, word daar wel aktief ten bate van Afrikaans gewerk, maar word effektiwiteit ingeboet deurdat hierdie enkele bedrywigheid nooit taalverandering kan bewerkstellig nie.

Hoewel alle klein en groot taalbevorderingsprojekte uiteindelik 'n doelbewuste taalverandering in die oog het, het dit tyd geword dat almal wat energie verbruik ten bate van Afrikaans, dit gekoördineerd en aan die hand van 'n stel doelwitte doen. - Die doelbewuste manipulering van 'n taalsituasie sodat dit verandering bewerk, is onmoontlik wanneer elkeen wat die behoefte daartoe voel, in sy eie hoekie bly sit en werk dat dit klap!

'n Doelbewuste manipulasie is alleen moontlik wanneer doelmatig deur ál die partye beplan word. (Die onderhandelings tafel vir die nuwe Suid-Afrika staan reeds gedek en die woordvoerders namens Afrikaans hoop om ook daar te gaan aansit. - Intussen kon daar nog nie daarin geslaag word om sêlf saam te besluit watter taalverandering doelbewus gemanipuleer moet word nie.)

4.3.3 DOELWITBEPALING

Die belangrikheid van behoorlike doelwitbepaling vir taalbeplanningsprojekte kan nógit oorbeklemtoon word nie, omdat die afwesigheid van behoorlike doelstellings lei tot die afwesigheid van meetinstrumente aan die hand waarvan die suksesvolheid aldan nie, van 'n taalbeplanningsprojek gemeet word. Wanneer doelwitte ontbreek, lei dit noodwendig daartoe dat sodanige taalbeplanningsprojek in onvermoë bly om die probleme wat so 'n projek geïnisieer het, op te los.

Taalbeplanningsdoelwitte hóéf nie talig te wees nie. Rubin (1984:8) onderskei talige, semi-talige en ekstra-talige taalbeplanningsdoelwitte (sien paragraaf 2.4.4).

Omdat taal 'n sosiale gegewe is wat onlosmaaklik aan sy sprekers verbind is, is dit moeilik om blote talige taalbeplanningsdoelwitte daar te stel. Semi-talige doelwitte word gestel wanneer die noodsaak vir taalbeplanning nie alleen op suiwer taalkundige gronde gestel kan word nie, maar wanneer sosio-politieke oorwegings ook in berekening gebring moet word. Ekstra-talige taalbeplanningsdoelwitte kom ter sprake wanneer geen werklike taalprobleme nie, maar gewaande taalprobleme geïdentifiseer word, sodat die taalbeplanning wat daaruit spruit ánder nie-linguistiese doelwitte kan bereik.

Nahir (1984:299 e.v.) onderskei elf soorte taalbeplanningsdoelwitte waaronder taalbeplanningsaktiwiteite oor die algemeen met gemak geakkommodeer kan word (sien paragraaf 2.4.4):

- * taalsuiwerheid: - eksterne suiwerheid
 - interne suiwerheid
- * taalherlewing
- * taalhervorming
- * taalstandaardisasie
- * taalverspreiding
- * leksikale modernisering
- * terminologiese standaardisering
- * stilistiese vereenvoudiging
- * interlinguale kommunikasie
- * taalbehoud
- * bykomende standaardisering

Dis belangrik om te onthou dat taalbeplanningsdoelwitte nooit staties moet wees nie, maar dat dit moet kan aanpas by veranderende omstandighede. As gevolg van hierdie aanpasbaarheid van taalbeplanningsdoelwitte is dit ook so dat

dieselfde taalbeplanningsprojek tegelyk verskillende doelwitte kan nastreef.

By die beoordeling van die doelwitbepaling van Afrikaanse instansies betrokke by taalbeplanning, val dit allereers op dat baie min van die kultuurorganisasies die handhawing en bevordering van Afrikaans selfs in hulle algemene doelstelling vermeld.

Dit is onrusbarend dat slegs 56,76% van die kultuurorganisasies wat op die vraelys gerespondeer het, aandui dat hulle organisasie aan die hand van 'n taalplan besig is met die bevordering van Afrikaans. Wat verder opval, is dat hierdie organisasies nie verstaan wát met die begrip taalplan bedoel word nie. Hiermee word 'n breë doelstelling bedoel aan die hand waarvan projekte ter bevordering van Afrikaans geïnisieer word. Dit gaan dus nie oor die aanbied/nie aanbied van taalbevorderingsprojekte nie. Dit gaan daarom of daar vanuit die grondwet bemoeienis met Afrikaans gemaak word.

Dit blyk dan ook uit die vraelys dat die meeste organisasies die aanbied van taalbevorderingsprojekte as taalplanne sien.

Die feit dat die FAK as sambreelliggaam van die meeste Afrikaanse kultuurorganisasies nie in sy doelwitstelling die bevordering van Afrikaans as doelwit vermeld nie, word betreur (sien paragraaf 3.3.2.1).

AKPOL stel in sy doelstelling dat dit gaan om die bevordering van suiwer Afrikaans. Deur die loop van die strydfase van 'n taalbeweging gaan dit gewoonlik om die bevordering van suiwer taalgebruik. Afrikaans bevind homself nou in die

handhaaffase waar dit van Afrikaanssprekendes verwag word om die posisie van Afrikaans te konsolideer.

In plaas van konsolidering, verkry die taalbeweging nou 'n imperialistiese karakter omdat die begrip suiwer Afrikaans in homself 'n elitisme opgesluit hou wat dui op die meerderwaardigheid van Standaardafrikaans teenoor die ander variëteite van Afrikaans.

Teen die agtergrond van hierdie taalimperialisme, moet ook die eksklusiwisme gesien word wat eie is aan sommige Afrikaanse kultuurorganisasies: die Junior Rapportryerbeweging bied sy lidmaatskap aan blanke Afrikaanssprekende mans (sien paragraaf 3.3.2.20). Die JRB met sy gevestigde blanke karakter behoort nie deur die skraping van dié gemerkte woord te veroorsaak dat daar 'n toestroming uit anderskleurige Afrikaanssprekende geledere na die beweging sal wees nie.

Die Federale Vroueraad Volksbelang (sien paragraaf 3.3.2.15) as oorkoepelende koördinerende liggaam vir 17 vroue-organisasies beywer hulle ook vir die samesnoering van "alle blanke vroue in die RSA".

Hierdeur word daar dadelik 'n eksklusiwisme aan alle vroue-organisasies gekoppel wat deur die FVRV saamgesnoer word.

Een ding staan soos 'n paal bo water: Afrikaans (wat meer is as die somtotaal van ál sy sprekers) kan homself gewoon nie meer die luukse veroorloof om toegeëien te word deur slegs die blanke deel van sy taalgemeenskap nie - en dan gebeur dit daarby dat die toe-eiening so pertinent vanuit die doelstellings van kultuurorganisasies verkondig word.

Daarteenoor word daar waardering uitgespreek teenoor die kultuurorganisasies wat hul doelstellings voortdurend hersien om tred te hou met die eise van die tyd: Die ATKB (paragraaf 3.3.2.6) en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (paragraaf 3.3.2.26).

Dit word algemeen aanvaar dat projekte ter bevordering van Afrikaans vanuit spesifieke doelwitte gemotiveer word. Beoordeel aan die norme wat Rubin (1984) stel, word dit duidelik dat daar talige, nie-talige en ekstra-talige doelwitte onderskeibaar is.

Onder die talige doelwitte tel onder andere die volgende:

- * die werksaamhede van die Nasionale Vakterminologiediens;
- * die daarstel van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls;
- * die telefoonnavraagdiens van die ATKV;
- * die werksaamhede van die Buro van die WAT;
- * die sportliedjiekompetisie van die ATKV;
- * die werksaamhede van die ATKV-Skryfskool;
- * die poësie- en kortverhaalwedstryde van die ATKB;
- * die werksaamhede van die woordeboekkomitee van die ATF.

Die meeste van die taalbevorderingsprojekte wat deur die verskillende organisasies of instellings aangepak word, hoort tuis onder semi-talige taalbeplanningsdoelwitte. Omdat taal nooit van sy sprekers losgemaak word nie, het die projekte wat ter bevordering van Afrikaans aangepak word, altyd die een of ander uitwerking op die ingesteldheid van die sprekers van die taal.

Die geletterdheidsprogramme wat deur verskillende organisasies of instellings aangepak word, die Uitreikprogramme van die

ATF, die prestige-toekennings van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die verskillende kompetisies ter bevordering van Afrikaans is almal voorbeelde van semi-talige doelwitte.

Die huidige bespiegelings en aktiwiteite ter beveiliging van die toekoms van Afrikaans in die nuwe Suid-Afrika is ook voorbeeld van semi-talige taalbeplanning omdat dit hier oor méér as net die taal Afrikaans gaan.

Voorbeelde van ekstra-talige taalbeplanning bestaan ook vir Afrikaans. Tydens die 1976-gebeure waar Afrikaans as afgedwonge voertaal in swart skole as rede vir die ongelukkigheid aangegee is, is Afrikaans gerieflik as kapstok gebruik vir baie ander griewe. By ses van die sewe skole wat op 16 Junie 1976 betoog het teen die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium, was Engels die enigste voertaal; by die ander skool is slegs Geskiedenis deur medium van Afrikaans onderrig (Steyn, 1980:288).

Hierdie ongelukkigheid wat 'n dramatiese wending vir Afrikaans en sy toekoms ingehou het, is ten onregte oor die boeg van Afrikaans gegooi, terwyl dit maar 'n klein onderafdeling van die werklike ontevredenheid was.

Gewaande taalprobleme is dus geskep sodat die taalbeplanning wat hieruit gespruit het, ander nie-talige doelwitte kon bereik.

Die werksaamhede wat aanvanklik gespruit het uit die Alternatiewe Afrikaanse-beweging (sien paragraaf 3.4.3) vertoon ook in 'n groot mate 'n oorsprong uit ekstra-talige doelwitte: die oogmerk hiermee was om taal as politieke bewusmakingsinstrument te gebruik om die idee van "people's education" te versprei. Veral die publikasie Tree na

vryheid boet aan wetenskaplikheid in ter bereiking van hierdie ideaal.

Wanneer taalbeplanningsaktiwiteite in Afrikaans gemeet word aan die elf doelwitstellings wat Nahir (1984) identifiseer, pas die taalprojekte soos volg;

* Hoewel taalsuiwerheid in die strydfase van Afrikaans prominensie geniet het (sien veral die werksaamhede van die Afrikanerbroederbond in die eerste helfte van hierdie eeu) is daar nou nog kultuurorganisasies wat hulle hiervoor beweer: die FAK, FVRV, NCVV, AKPOL.

Daar is geen fout met die bevordering van die suiwerheid van Afrikaans nie, mits in gedagte gehou word dat daar nie 'n elitisme mee verkondig word wat ander variëteite van Afrikaans as minderwaardig afmaak nie.

* Taalhervorming wat dui op 'n doelbewuste verandering ten opsigte van sekere problematiese aspekte van 'n taal om die gebruik daarvan te vergemaklik, word ook vir Afrikaans aangetref. Die betrokkenheid van die ATF en institute soos INTUS by die herstrukturering van skoolsillabusse vir Afrikaans werk in hierdie rigting.

* Die aanbod van geletterdheidskursusse in Afrikaans, die toekenning van studiebeurse en boekpryse aan anderstaliges, hoort tuis onder taalverspreiding as taalbeplanningsdoelwit waar dit gaan om die uitbreiding van die gebruikswydte van 'n taal.

* Taalstandaardisasie as taalbeplanningsdoelwit word gewoonlik reeds in die strydfase van 'n taalbeweging afgehandel waar 'n taal amptelike status begin geniet en reeds oor genoegsame hoëtaalfunksies beskik.

Die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns hoort nou nog onder hierdie taalbeplanningsdoelwit tuis: die daarstel van die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls en die toekennings vir oorspronklike voortreflike akademiese en letterkundige werk in Afrikaans, dra daartoe by dat die hoëtaalfunksies gevestig raak.

* Leksikale modernisering, terminologiese standaardisering en stilistiese vereenvoudiging as taalbeplanningsdoelwitte omvat die werk wat daar ten opsigte van die korpus van Afrikaans gedoen word: die Nasionale Vakterminologiediens, die Buro van die WAT en ander projekte wat die uitbreiding van die Afrikaanse leksikon voor oë het, ressorteer hieronder.

* Taalherlewing, waar pogings aangewend word om 'n taal onder sy eie gebruikers te propageer sodat dit sy plek kan volstaan in alledaagse kommunikatiewe prosesse, sluit die volgende tipes Afrikaanssentrise projekte in: die toekening van pryse en beurse vir studente in Afrikaans, die aanbied van taalfeeste, kunswedstryde, redenaarskompetisies, Afrikaanse musiekkompetisies, die bevordering van Afrikaans in die handelswêreld deur allerlei toekennings en die vae "bevordering van taalgetrouheid onder moedertaalsprekers".

* Die doelwit waaronder baie van die taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans saamgevat kan word, is taalbehoud. Hierdie doelwit is daarop gemik om die behoud van 'n taal te verseker wanneer sodanige taal se status deur politieke, sosiale, ekonomiese of opvoedkundige gevare bedreig word.

Projekte aangepak en wat nog aangepak moet word deur die Taalbeplanningskomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Taalkomitee van die FAK, die taalbeplanningswerksaamhede van die ATKV, die beskrywingspunte op die ATKV-kongresse, die FAK se Onderwyskomitee se bemoeienis met moedertaalonderrig en die beïnvloedingswerk van die Afrikanerbroederbond is alles daarop gerig om te werk tot die behoud van Afrikaans te midde van dit wat hom bedreig.

By nabaat word dit duidelik dat, veral die kultuurorganisasies, hulle by uitstek besig hou met taalherlewing. Soos reeds vantevore opgemerk, vertoon hierdie werksaamhede 'n los ongekoördineerde struktuur wat 'n wollerigheid aan die projekte gee. Die feit dat baie kultuurorganisasies se werksaamhede oorvleuel, dat sommige taalprojekte se doelstellings baie vaag geformuleer word en dat ander weer met projekte besig is, sonder om tred te hou met die eise van die tyd, bring mee dat sodanige kultuurorganisasies se bona fides in twyfel getrek word en dat hulle aan geloofwaardigheid moet inboet. Daarby word die indruk dan gewek dat hierdie instellings dan nie werklik met taalbeplanning in die ware sin van die woord besig is nie.

Dit is van belang dat nooit uit die oog verloor word dat hierdie doelwitte nie statiese entiteite is nie. Die sosiale omgewing waarbinne taalbeplanning plaasvind, moet

die herformulering van hierdie doelwitte kan meebring, indien nodig. Dit is ook moontlik dat verskillende doelwitte tegelyk nagestreef kan word.

Die teoretiese indeling van Nahir (1984) vertoon definitief bepaalde gebreke, omdat alle taalbevorderingsprojekte of bemoeienisse met 'n taal nie gemaklik in die gestelde kompartemente ingepas kan word nie:

Taalbeplanning op grond van navorsing (bv. die werksaamhede van die RGN en die empiriese taaldataversameling van LiCCA) en die uitsaai- en koerantwese.

In verband met die doelwitstelling van die verskillende taalbevorderingsprojekte wat oor die breë spektrum ten bate van Afrikaans aangepak word, word dit duidelik dat daar 'n leemte bestaan:

* Die meeste van die Afrikaanse kultuurorganisasies bepaal nie in hul grondwet dat hulle die bevordering van Afrikaans as prioriteit sien nie.

* Wanneer die grondwet dan iets van die bevordering van Afrikaans vermeld, geskied dit in sulke verouderde gemerkte terme, dat Afrikaans hierdeur meer kwaad as goed gedoen word.

* Die taalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans gemeet aan Nahir (1984) se indeling, vertoon 'n interessante patroon: die meeste van die aktiwiteite word gerig deur taalherlewing as doelwit waar dit gaan om die propagering van die taal onder 'n gedeelte van die moedertaalsprekers. Hierdie taalherlewingsaktiwiteite vertoon ongelukkig 'n los struktuur wat getuig van lukrake, spontane besluitneming. Voorafgaande stelling word waar bewys deur die feit dat daar weinig sukses behaal word met hierdie spesifieke projekte. Indien hulle suksesvol sou wees, sou die moedertaalsprekers

van Afrikaans vandag nie sêlf aan die toekomsmoontlikhede van hul taal getwyfel het nie.

4.3.4 DIE EVALUERINGSASPEK VAN TAALBEPLANNING

'n Wesenseienskap van enige behoorlike beplanning (en daarom ook van taalbeplanning) is deurlopende evaluering. Evaluering en doelwitbepaling is interafhanklik van mekaar: indien behoorlike doelstellings ontbreek, is dit onmoontlik om meetinstrumente te skep aan die hand waarvan 'n taalbeplanningsprojek se sukses gemeet kan word.

Evaluering van taalbeplanning vind plaas wanneer:

- * oor die algemeen gemonitor word of die taalbeplanningsprojek volgens die gestelde doelwit vorder;
- * die rigting waarin die taalbeplanning vorder, ontleed word;
- * spesifieke aspekte in die taalbeplanningsproses noukeurig een vir een geëvalueer word.

Die belangrikheid van evaluering, wat as 'n deurlopende proses tydens enige taalbeplanningsprojek gesien moet word, lê daarin dat die taalbeplanner hierdeur moet kan bepaal in watter mate die werklike verloop en afloop van die taalbeplanningsprogram verskil of ooreenkom met sy verwagte resultate, en indien dit verskil, wát die rede daarvoor kan wees.

Evaluering is verder waardevol, omdat die taalbeplanner kan insien waar hy sy werkwyse sal moet verander om 'n gestelde doelwit te bereik.

Dit word uit die literatuur en die praktyk duidelik dat behoorlike taalbeplanningsevaluering (wat vir sy sukses afhanklik is van behoorlike doelwitbepaling) taalbeplanning se stiefkind is.

Bogenoemde stelling word waar bewys deur die vraelyste aan kultuurorganisasies. 27,03% van die respondente gee negatiewe aanduiding oor hulle evaluering van die taalbevorderingsprojekte wat hulle aangepak het. Die 72,98% wat hulle taalprojekte positief evalueer, grond die redes vir hulle optimisme op die volgende drogredenasies (Let daarop dat die woordelike aanhaling van die respons telkens weergegee word.):

* Die goeie gees waarin mense, wat nie suiwer Afrikaans praat nie, aanvaar om tereggewys te word;

* Afrikaners wend ernstige pogings aan om Afrikaans suiwer te besig en die gebruik daarvan op ander oor te dra. (Hierdie "evaluasie" gee nie alleen 'n doelstelling weer nie, maar dui ook op die "strydfase"-idee waar dit gegaan het om suiwerheid. - Afrikaans bevind hom immers nou reeds in die handhaaffase.)

* Ons lede probeer om Afrikaans korrek te handhaaf. (Dis nie evaluering nie!)

* Afrikaanssprekendes is dankbaar en anderstaliges het respek vir ons standpunt en doen moeite om ook in Afrikaans te kommunikeer. (So 'n vae evaluasie sê niks!)

* Die lede voel baie sterk oor die handhawing van Afrikaans.

* Die organisasie voel eensgesind om Afrikaans aggressief te bemark. (Dit is immers 'n gevoel - hoogstens van die hoofkantoor - wat miskien as 'n doelstelling kan deurgaan. Vergeet daarvan dat dit evaluering is!)

* Die skep van toetsingsgeleenthede vir jeuglede van 'n organisasie wanneer hulle in matriek is. (Dit dui implementeringsgeleenthede aan, en nie evaluering nie.)

* Die vooruitsig van 'n eie volkstaat waar die taal gans die volk gaan wees. (Dit is 'n ideaal en nie evaluering nie.)

* Die taal kan alleen oorleef as die volk oorleef. (Net soos voorgaande is dit 'n ideaal, nie evaluering nie.)

* Boekpryse aan leerlinge stimuleer die saak. (Die volgende vrae kan met reg gevra word: "Watter saak? Wat was die afloop? Is leerlinge regtig so positief teenoor Afrikaans wanneer hulle 'n boekprys ontvang?")

* Die kultuurraad is uit die aard van die saak daar om Afrikaans te handhaaf en uit te bou. (Hierdie gearriveerdheid bewys mos dat daar geen doelwitte en gepaardgaande taalprojekte was nie!)

Bogenoemde aanhalings kom uit kultuurorganisasiegeleedere wat die projekte wat hulle ter bevordering van Afrikaans aangepak het, as positief evalueer.

Al voorgaande aanhalings kan baie dinge wees, maar hulle is nie evaluering nie.

Hierdie feite wys op die onrusbarende werklikheid van die stand van taalbeplanning oor die algemeen in die Afrikaanse kultuurwêreld. Die feit word hiermee onderstreep dat kultuurorganisasies oor die algemeen nie begrip het van wat

evaluering is nie. En die feit dat hulle nie weet wat evaluering is nie, roep uit dat hulle nie aan die hand van 'n stel doelwitte werk nie. En dit gee 'n klinkklare bewys dat die meeste kultuurorganisasies nie met taalbeplanning besig is nie!

4.3.5 DIE VERSKILLENDEN SOORTE TAALBEPLANNING

4.3.5.1 INLEIDING

Daar word vervolgens gelet op die verskillende soorte taalbeplanning. Twee benaderings word onderskei waarvolgens taalbeplanning in soorte verdeel kan word: 'n benadering waarvolgens taalbeplanningsoorte onderskei word op grond van die verskillende soorte taalprobleme wat dit inisieer; en 'n benadering waarvolgens taalbeplanningsoorte onderskei word op grond van die aard van die taalverandering wat gemanipuleer moet word.

Daar bestaan uiteraard oorvleueling, omdat die taalbeplanning wat uiteindelik uitgevoer word, nog presies dieselfde bly, ongeag van die taalprobleem/taalverandering-benadering.

Die waarde van die verwysing na die twee verskillende benaderings lê daarin dat daar aan die taalbeplanningsaksie pertinente wetenskaplike verwysing gegee kan word.

4.3.5.2 DIE VERSKILLENDEN SOORTE TAALBEPLANNING GEÏNISIËER DEUR VERSKILLENDEN TAALPROBLEME

Werklike taalbeplanning kan eers plaasvind nadat 'n aantal taalprobleme geïdentifiseer is wat opgelos moet word.

Die algemeenste taalprobleme wat die verskillende soorte taalbeplanning inisieer, is die volgende (Cooper, 1984:18 e.v.):

- Kode-seleksie : dui 'n taalprobleem aan wat nasionaal van aard is. Die probleem is dat 'n keuse gemaak moet word tussen verskillende kompeterende tale/variëteite vir verskillende funksies.
- Kodifikasie : dui 'n streeksgebonden taalprobleem aan en word geïdentifiseer wanneer stabilisasie vir 'n variant gesoek word wat as standaardvariant verhef moet word. Ander kodifikasieprobleme word omvat deur korpuswerksaamhede soos die saamstel van grammatikas, woordeboeke en spel- en uitspraaklyste.
- Uitbreiding : die uitbreiding van die tegnologie en gepaardgaande kennisontploffing maak 'n bevatlike woordeskat nodig.
- Kultivering : word as taalprobleem geïdentifiseer wanneer daar verskillende taalregisters bestaan en uitsluitlik gegee moet word tussen taalkorrektheid en taalstyl. In die praktyk bring die oplossing van hierdie taalprobleem gewoonlik mee dat kreatiewe werk in 'n spesifieke register aangemoedig word.

Die soort taalbeplanning waarop uiteindelik besluit sal word as die aangewese een vir die spesifieke taalsituasie, hang dus uitsluitlik af van watter taalprobleem opgelos moet word.

Op die keper beskou, word dit duidelik dat hierdie soorte taalbeplanning streng gesproke in die strydfase en die tydperk direk ná die strydfase plaasvind, nog voordat daar met konsolidering begin word.

Op die Afrikaanse taalbeplanningsituasie toegepas, lyk die verskillende soorte taalbeplanning, geïnisieer deur die verskillende taalprobleme, soos volg:

- Kode-seleksie dui op die amptelike erkenning van Afrikaans, naas Engels, as een van die amptelike tale van Suid-Afrika in 1925.

- Kodifikasie vir Afrikaans het plaasgevind in die tydperk van die taalgeskiedenis toe Transvaalse Afrikaans tot norm-variant verhef is. Kodifikasie dui tegelyk ook op die groot hoeveelheid korpuswerksaamhede soos grammatikas en woordeboeke.

- Uitbreiding dui op die behoefte wat aan voldoende woordeskat bestaan na aanleiding van 'n snelle tegnologiese vooruitgang en kennisontploffing. As gevolg van die durendheid van kennisuitbreiding, bly uitbreiding 'n taalprobleem wat 'n sekere soort taalbeplanning inisieer.

- Kultivering as taalprobleem dui op werksaamhede wat uitsluitel moet gee tussen taalkorrektheid en taalstyl - dit is werksaamhede wat in 'n groot mate tydens die strydfase plaasvind, omdat dit gaan om die neerlê van 'n norm-variant wat aanvaarbaar is vir letterkundige, sowel as wetenskaplike werke.

Vroeëre letterkundige werke wat die potensiaal van Standaardafrikaans as skryftaal maksimaal moes ontgin, word hier as taalbeplanningswerksaamhede bedoel.

Met voorafgaande uiteensetting word bewys dat taalbeplanning nie net in die handhaaffase van 'n taal se geskiedenis tuisshoort nie (Van Rensburg, 1983:23), maar ook 'n pertinente plek in die stryd fase van 'n taal moet beklee.

4.3.5.3 DIE VERSKILLENDEN SOORTE TAALBEPLANNING OP GROND VAN DIE AARD VAN DIE TAALVERANDERING WAT GEMANIPULEER MOET WORD

4.3.5.3.1 AGTERGROND

Taalbeplanning kan in soorte geklassifiseer word op grond van die aard van die taalverandering wat gemanipuleer moet word.

Die twee soorte wat tradisioneel hieruit spruit, is status- en korpusbeplanning. Hierdie tweedeling spruit uit die onderskeid wat getref moet word tussen taalbeplanning wat gerig is op die vorm van die taal/variëteit (korpusbeplanning) en taalbeplanning wat gerig is op die funksies van die taal/variëteit. Haugen (1966:17) sê dat alle taalprobleme uiteindelik herlei kan word na probleme rakende die vorm en die funksies van 'n taal.

Daar kan met sekerheid aangeneem word dat die bedoeling met die onderskeid korpus-/statusbeplanning aanvanklik was om taalvernuwing wat gerig is op die taalstruktuur van 'n taal te skei van taalvernuwing wat spesifiek te make het met die taalfunksies van sodanige variëteit.

Dit is belangrik om daarop te let dat die tweedeling tussen status- en korpusbeplanning nie daarop dui dat hierdie twee soorte taalbeplanning onafhanklik van mekaar uitgevoer kan word nie. Daar bestaan 'n interafhanklike karakter tussen

die twee taalbeplanningstipes. Hierdie interafhanklikheid kom in die sikliese opeenvolgingspatroon, wat tussen die twee soorte bestaan, tot uiting. Besluite wat ten opsigte van die een soort taalbeplanning geneem word, het gewoonlik implikasies op die ander (sien paragraaf 4.3.5.3.4.)

Sekere taalbeplanningsteoretici (o.a. Rubin, 1983) spreek hulle bedenkinge uit oor die werkbaarheid van die tweedeling status-/korpusbeplanning. Sy (Rubin, 1983:340) sê dat taalbeplanning wat as tradisionele statusbeplanning deurgaan, van naderby eerder na korpusbeplanning lyk, of dat dit eerder gemoeid is met die toewysing van die gebruik van taal. Die vraag word gevra of die onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning nie dalk al sodanig vervaag het nie, dat dit nie meer aantoonbaar is nie. 'n Verandering in grammatika en spelreëls het outomaties 'n verandering in taalstatus tot gevolg (Rubin, 1983:341).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die onderskeid status-/korpusbeplanning steeds gehandhaaf, aangesien hierdie tweedeling bepaalde heuristiese waarde het.

Haugen (1983:275) sien korpusbeplanning as:

1. Standaardisasieprosedures

- 1.1 Ortografisering
- 1.2 Grammatisering
- 1.3 Leksikalisering

2. Taaluitbreiding

- 2.1 Terminologiese modernisering
- 2.2 Stilistiese taalontwikkeling

Standaardisasieprosedures word as taalbeplanningsaksie veral op ontwikkelende taalgemeenskappe gerig, terwyl taaluitbreiding eintlik op ontwikkelde taalgemeenskappe betrekking het. Taaluitbreiding/taalvaslegging voer die norme wat

tydens standaardisering vasgelê is, 'n entjie verder. Standaardisering is daarop gerig om ten opsigte van ortografisering, grammatisering en leksikalisering 'n norm daar te stel.

Taaluitbreiding/taalvaslegging gaan nie net om die blote uitbreiding van tegnologiese terme nie, maar dit gaan ten diepste daarom om die elastiese seggingskrag van 'n taal te verhoog, sodat dit die emosionele, verbeeldingryke en intellektuele belewenisse van sy sprekers kan verwoord.

Baie belangrik is dat korpusbeplanning nooit as afgehandel beskou mag word nie. Geen taal kan dit bekostig dat daar nie meer vir sy korpus beplan word nie. Indien korpusbeplanning nie meer plaasvind nie, loop die taal gevaar om van sy taalfunksies te verloor en sy status prys te gee.

Haugen (1983:275) verstaan die volgende onder statusbeplanning:

1. Keuse en besluitnemingsproses in verband met normvariant
 - 1.1 Identifikasie van taalprobleem
 - 1.2 Toewysing van taalnorm
2. Implementering (deur wetgewing of propaganda)
 - 2.1 Korreksieprosedures
 - 2.2 Evaluering

Dit gaan gewoonlik by statusbeplanning om 'n botsing tussen taalnorme wat uitgestryk moet word. Statusbeplanning kom algemeen voor in die opvoeding waar besin moet word oor voertaalkwessies. Die taalstatus van amptelike tale, om-

gangstale en lingua francas is komplekse statusbeplanningskwessies.

Cooper (1989) onderskei ook 'n derde tipe taalbeplanning wat gemotiveer word vanuit die taalverandering wat gemanipuleer moet word, naamlik taalverwerwingsbeplanning. Hieronder word geletterdheids- en taalkursusse bedoel wat aangebied word om voornemende sprekers van 'n taal te skool.

Hierdie derde tipe taalbeplanning word onderskei, omdat taalverwerwing implikasies op korpus- sowel as statusvlak het. Taalverwerwingsbeplanning kan deurgaans as korpusbeplanning, omdat dit ortografisering, leksikalisering en grammatisering behels, en dit kan as statusbeplanning geklassifiseer word, omdat dit gaan om die wins van funksievlakke.

(Hierdeur word weer geïllustreer watter probleme mag opduik wanneer daar 'n rigiede onderskeid tussen korpus- en statusbeplanning getref wil word.)

4.3.5.3.2 KORPUSBEPLANNING VIR AFRIKAANS

Hoewel korpusbeplanning vir alle tale uitgevoer word, sal die korpuswerkzaamhede van taal tot taal verskil. Ontwikkelende tale sal hulle met ander korpusaktiwiteite besig hou as ontwikkelde tale wat reeds as kultuurtale gevestig is.

Wanneer korpusbeplanning vir Afrikaans gemeet word aan die verskillende stappe in die taalbeplanningsproses, onderstreep dit die interafhanklikheid en ineengevlegtheid van hierdie stappe.

* Inligtingversameling volg direk op die identifisering van taalprobleme. Dit word by wyse van 'n situasieanalise gedoen waar inligting oor ál die aspekte rakende die taalgemeenskap ingewin moet word. Dwarsdeur die geskiedenis van die korpusbeplanning vir Afrikaans, moes daar 'n tydperk van inligtingversameling gewees het. Op die oomblik kan die moontlikheid wat ondersoek word, wat mag lei tot Taalkommisiewerk van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns oor Omgangsafrikaans, as voorbeeld van 'n taalbeplanningsprojek in sy inligtingsversamelingsfase, genoem word.

* Doelwitbepaling vir korpusbeplanning moet voortdurend hersien word, omdat die taalbehoefte van 'n taalgemeenskap voortdurend verander. Reeds sedert die verskyning van die eerste Afrikaanse Woordelys en Spelreëls, moes hiermee rekening gehou word - anders sou daar nooit hersiene uitgawes van hierdie publikasie verskyn het nie.

Die werksaamhede op taalkorpusvlak wat daarop gerig is om die ander variëteite van Afrikaans, naas Standaardafrikaans, te belig, dui ook op hierdie siening dat doelwitbepaling 'n plooibare onderafdeling van taalbeplanning moet kan uitmaak. Dokumente wat as resultaat van hierdie doelwit verskyn het, is onder andere: Taalapartheid en Skoolafrikaans (Jan Esterhuyse) en Tree na Vryheid (Randall van den Heever), die verskeidenheid studies in die Afrikaanse Variasietaalkunde.

Dit word dus duidelik dat doelwitbepaling vir die korpusbeplanning van 'n sekere taal nooit as afgehandel beskou kan word nie, omdat 'n taal nie 'n statiese entiteit is nie.

Drie soorte doelwitbepaling vir korpusbeplanning word onderskei:

- * **Ortografisering** (waar spreektaalaangeleenthede in die skryftaal neerslag moet kry);
- * **Standaardisering** (waar 'n sekere variëteit tot standaardtaal verhef moet word);
- * **Modernisering** (wat dui op konsolidering en voortdurende beplanning sodat die taal kan bybly by die behoeftes van die taalgemeenskap wat woordeskat en seggingskrag betref).

Dit blyk uit die korpuswerksaamhede vir Afrikaans dat aldrie hierdie soorte doelwitte reeds nagestreef is: Ortografisering vind deesdae neerslag in die werksaamhede van die Taalkommissie van die Akademie en in die KTA-werksaamhede van die SAUK.

Standaardisering dui op werk wat lankal gedoen is met die amptelike erkenning van Afrikaans, maar dui ook op werk wat die Akademie vir Wetenskap en Kuns vandag nog doen ten bate van die vestiging van Standaardafrikaans as normvariant (Van Rensburg, 1986).

Maar dis eintlik op die gebied van modernisering as korpusdoelwit dat vandag vir Afrikaans gewerk word: woordeboekprojekte, terminologiedienste, taaldienste en handboekprojekte streef almal modernisering as doelwit na.

Dit is juis hierdie eis om modernisasie wat daartoe lei dat 'n groot woordeboekprojek soos die WAT nie aan momentum moet verloor nie.

Dit word dus duidelik dat, gemeet aan die teorie van korpusbeplanning, daar bepaalde werk ten bate van die korpus van Afrikaans gedoen word. Dit blyk ook dat korpus-

bepanning vir Afrikaans reeds 'n gevestigde karakter het -
'n eienskap wat die posisie van Afrikaans in 'n toekomstige
staatkundige bedeling in Suid-Afrika behoort te versterk.

4.3.5.3.2.2 KULTUURORGANISASIES SE BYDRAE TOT DIE KORPUSBEPLANNING VIR AFRIKAANS

Uit die inventaris van kultuurorganisasiewerksaamhede (sien
paragraaf 3.3.3) ter bevordering van Afrikaans, word dit
duidelik dat baie min van die taalprojekte wesentlik gemik
is op 'n uitbreiding van die taalkorpus.

Projekte wat as suiwer korpusprojekte kan deurgaan, is die
FAK se bydrae tot die nie-vakgerigte terminologielyste, die
telefoonnavraagdiens van die ATKV, die werksaamhede van die
Woordeboekkomitee van die ATF en die MEI se betrokkenheid by
die verspreiding van terminologielyste.

Die vraelys aan kultuurorganisasies bevestig hierdie
vermoede: 78,38% van die respondente dui aan dat hulle nie
bydraes lewer tot die korpus van Afrikaans nie.

4.3.5.3.2.3 DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Die Akademie lewer 'n wesentlike bydrae tot die korpus van
Afrikaans:

* Die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls wat as model van
Standaardafrikaans beskou word, se eerste uitgawe het reeds
in 1917 verskyn.

* Die Akademie was betrokke by 'n groot hoeveelheid vakwoordelyste in Afrikaans wat deur die Vaktaalburo uitgegee is.

* Die werksaamhede van die Taalkommissie van die Akademie het ook gelei tot publikasies wat 'n bydrae tot die Afrikaanse taalkorpus gelewer het: die Lys met Klassieke Eiename, Afrikaanse Voorname.

* Die Akademie gee twee vaktydskrifte in Afrikaans uit: Die Tydskrif vir Geesteswetenskappe en Die SA Tydskrif vir Natuurwetenskappe en Tegnologie.

* Die Taaldiens van die Akademie lewer 'n bydrae tot die korpus van Afrikaans, daarin dat taalnavrae beantwoord word.

* Die sitting van die Akademie op die beheerraad van die Buro van die WAT.

* Diverse publikasies van die Akademie lewer 'n bydrae tot korpusbeplanning vir Afrikaans: Poort en die vertalingspublikasies waar verdienstelike Afrikaanse letterkundige werke in Engels vertaal is.

4.3.5.3.2.4 AFRIKAANSE TERSIËRE INRIGTINGS

Bydraes tot die korpus van Afrikaans word deur Afrikaanse tersiëre inrigtings gelewer deur vaktaalpublikasies en navorsingsverslae wat in Afrikaans gepubliseer word.

4.3.5.3.2.5 DIE BURO VAN DIE WAT EN DIE NASIONALE VAKTERMINOLOGIEDIENS

Hierdie twee instellings se werksaamhede is uitsluitlik gerig op die uitbreiding van die korpus van Afrikaans.

Hulle lewer werklik 'n wesentlike bydrae tot korpusbeplanning vir Afrikaans.

Leksikale ontwikkeling vorm die hoofbestanddeel van alle korpuswerkzaamhede, aangesien 'n taal se doeltreffendheid gemeet word aan die funksionaliteit van sy woordeskat.

Benewens die werkzaamhede van die NVD en die Buro van die WAT, beskik heelwat staatsdepartemente oor terminologiese afdelings: die Pos- en Telekommunikasiewese, die Vervoerdienste en die Suid-Afrikaanse Weermag. Ander instansies wat ook op die Afrikaanse leksikonvlak bedrywig is, is die WNNR, Yskor, Eskom, Sasol, Krygkor, munisipaliteite en provinsiale administrasies (Morris, 1985:75).

Ten spyte van die veelheid werkzaamhede op die Afrikaanse leksikonvlak, beskou kenners (Morris, 1985:76) dit nie as voldoende nie.

Die redes hiervoor is:

- * Daar bestaan 'n tekort aan opgeleide terminoloë.
- * As gevolg van 'n gebrek aan koördinasie, word werkzaamhede gedupliseer.
- * Vanweë die gebrek aan 'n grondige situasieanalise, is 'n behoorlike prioriteitsbepaling nie gedoen nie.
- * 'n Gebrek aan insae deur wetenskaplike en tegniese kenners bring mee dat die begrippe 'n gebrek aan lewensvatbaarheid toon.
- * Die afwesigheid van 'n teoretiese onderbou.

Kortom: Verdienstelike werk word op korpusvlak gedoen, maar vanweë 'n gebrek aan oorhoofse koördinering en 'n behoorlike langtermynbeplanning, kan dit gebeur dat leksikale werkzaamhede vir Afrikaans tred met die tyd verloor.

4.3.5.3.2.6 DIE SAUK EN DIE AFRIKAANSE KOERANTWESE

Omdat die SAUK gemoeid is met aktuele internasionale nuuswaardigheid, moet daar voldoende woordeskat bestaan om hierdie nuusgebeure in Afrikaans aan die luisteraars- en kykerspubliek oor te dra. Die SAUK, deur die werksaamhede van die KTA, lewer 'n groot bydrae tot die korpus van Afrikaans.

Spesifieke korpusbydraes is:

- * Deurlopende taalversorging van die items wat uitgesaai word in versorgde Spreektaalafrikaans;
- * Besluite in verband met die taalgebruik in oorgeklankte programme;
- * Voortdurende skep van nuwe, funksionele woordeskat;
- * Aandag aan uitspraakkwessies in Afrikaans;
- * Klemplatingsuitsprake;

Die Afrikaanse koerantwese het veral in die eerste helfte van die eeu 'n bydrae tot die korpus van Afrikaans gelewer in die bydrae wat hulle gelewer het om die normvariant van Afrikaans as skryftaal gevestig te kry. Deesdae word 'n korpusbydrae gelewer deur die rubrieke oor taalsake wat gepubliseer word.

4.3.5.3.2.7 INSTITUTE AAN UNIVERSITEITE

Die ontbinde Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans wie se werksaamhede voortgesit word deur die Buro vir Nie-Formele Onderwys aan die RAU, se korpusbydrae lê in die navorsing wat gedoen word in verband met Kommunikasie-Afrikaans: 'n samevattende lys met kernwoordeskat is saamgestel wat as

navorsingskonteks optree vir die kursusse in Kommunikasie-Afrikaans wat aangebied word (sien paragraaf 3.6.1).

INTUS se bydrae lê in die verskeidenheid navorsingspublikasies oor die onderrig van Afrikaans (sien paragraaf 3.6.2).

4.3.5.3.2.8 SLOTSOM

Bogenoemde uiteensetting gee aanduiding van die korpusbeplanningsprojekte wat ten bate van Afrikaans aangebied word.

Let daarop dat hier nie op volledigheid aanspraak gemaak word nie, omdat alle taalkundige navorsing, wat oor enige aspek van die gesproke of geskrewe taal (te wete die fonologie, morfologie, sintaksis, leksikologie, ortografie) onderneem word, deel van korpusbeplanning uitmaak (Van der Merwe, 1989:110).

Opsommenderwys word dit duidelik dat daar ten opsigte van Afrikaans (dit wil sê die standaardnorm en die nie-standaardvorme) van werklike korpusbeplanning sprake kan wees. - Dit wil ook voorkom of korpusbeplanning deur kultuurorganisasies eerder die uitsondering as die reël is.

4.3.5.3.3 STATUSBEPLANNING VIR AFRIKAANS

Statusbeplanning gaan oor die beplanning van die funksievlakke (sy dit hoë- of laetaalfunksies) van 'n sekere taal/variëteit.

Cobarrubias (1983:43 e.v.) onderskei, in navolging van Heinz Kloss (die vader van die tweedeling status-/korpus-beplanning), vier kategorieë van statusbeplanning:

* Die oorsprong van die taal wat amptelike status geniet. Hier is endoglossiese, eksoglossiese en gemengde ampstaalsituasies ter sprake. Endoglossiese ampstale is inheemse ampstale, eksoglossiese ampstale is van uitheemse, koloniale oorsprong en gemengde ampstaalsituasies dui op lande waar 'n inheemse, sowel as koloniale taal as amptelike tale gebruik word.

* Op grond van die stand van ontwikkeling van so 'n amptelike taal, onderskei Cobarrubias (1983:43) ses soorte taalstatus:

(i) 'n Ten volle gemoderniseerde, volwasse standaardtaal wat deur modernisering op korpusvlak homself op sekondêre en tersiêre onderrigvlak kan handhaaf.

(ii) 'n Klein standaardtaal, wat vanweë relatief min sprekers in 'n beperkte mate interlinguaal kan kommunikeer.

(iii) 'n Argasiese standaardtaal wat vanweë die moderne eise nie meer voldoende is nie.

(iv) 'n Jong standaardtaal wat reeds gestandaardiseer is en bepaalde hoëtaalfunksies geniet.

(v) 'n Ongestandaardiseerde gealfabetiseerde taal wat so pas ortografisering afgehandel het, maar waar standaardisering nog nie plaasgevind het nie en wat baie beperkte hoëtaalfunksies geniet.

(vi) 'n Taal wat nog nie geortografiseer is nie en bloot as spreektaal gebruik word.

* Die derde kategorie rakende statusbeplanning, gaan om die status van 'n taal in staatkundige aangeleenthede. Verskillende staatkundige bedelings wat invloed op amptelike tale kan uitoefen, word genoem: monotalige situasies,

multitalige situasies, ampstale op streeksgrondslag en gedeeltelike amptelike status.

* 'n Belangrike statuskwessie, is die hoeveelheid moedertaalsprekers wat 'n amptelike taal besit. Daar bestaan duidelike korrelasie tussen die hoeveelheid sprekers in vergelyking met 'n totale bevolking van 'n sekere taal en daardie taal se amptelike status (Cobarrubias, 1983:45). Omdat daar egter ekstra-linguistiese faktore in berekening gebring moet word, kan hierdie korrelasie tussen die aantal moedertaalsprekers en die amptelike status van 'n taal nooit eenduidig wees nie.

Hierdie voorgaande kategorieë behoort aanduiding te wees van die kompleksiteit van statusbeplanning. Die leemtes in hierdie siening van statusbeplanning, is dat taalstatuskwessies soos die gebruik van die taal as kerktal, regstaal en onderrigtaal nie ter sprake kom nie. Hoewel bogenoemde vier kategorieë statusbeplanning net op die makrovlak plaas, moet dit duidelik gestel word dat statusbeplanning ook aandag op mikrovlak moet kry.

Statusbeplanning op mikrovlak behels in 'n groot mate propaganda vir 'n sekere taal.

4.3.5.3.3.1 STATUSBEPLANNING VIR AFRIKAANS : 'N OORSIG

Gemeet aan die verskillende stappe in die statusbeplanningsproses, word dit duidelik dat, soos met korpusbeplanning, statusbeplanning 'n voortgaande proses is waar die verskillende stappe 'n sterk interafhanklike karakter vertoon.

* Inligtingversameling vir statusbeplanning geskied wanneer ondersoek geloods word na die stand van 'n taal of tale in 'n sekere streek. Inligting rakende die taalkennis, taalgebruik en taalvoorkeur van 'n sekere taalgemeenskap moet ingewin word (Van der Merwe, 1989:110).

Die LiCCA-projek is tans onder andere met hierdie inligtingversameling besig, so ook die ATKV met hulle taalbeplanningsprojek vir Afrikaans. Die ATF (met hulle ENOVA-projek en hulle voortdurende gesprek met meningsvormers en beleidmakers oor Afrikaans) is met inligtingversameling met die oog op statusbeplanning besig. Die SAUK se empiriese navorsing oor die statistiek van kykers- en luisteraarspubliek is 'n belangrike projek wat waardevolle data kan lewer vir toekomstige statusbeplanning.

* Doelwitbepaling vir statusbeplanning vervul 'n kardinale plek in die beplanningsproses, aangesien dit hier gaan om die beplanning van hoë- en laetaalfunksies van 'n taal/variëteit.

Daar kan op verskillende manier vir taalfunksies beplan word: deur wetgewing kan daar sekere funksies aan tale toegeken word of sprekers se taalhoudings kan gemanipuleer word deur positiewe of negatiewe propaganda vir 'n sekere taal te maak.

Opsommenderwys lyk doelwitbepaling vir statusbeplanning dus soos volg (Van der Merwe, 1989:113):

- die verheffing van 'n sekere taal of variëteit tot standaardtaal;
- die doelbewuste poging om deur middel van wetgewing of propaganda sekere funksiewinste of -verliese by 'n sekere taal te bewerk.

Wanneer hierdie doelwitte gemeet word aan die taalbeplanningspraktyke vir of teen Afrikaans, word dit duidelik watter afmetings taalbeplanning aanneem:

- Negatiewe statusbeplanning wat die verlies van hoëtaal-funksies by Afrikaans wil bewerk, is duidelik aan die werk: Die NLP propageer baie duidelik die voordele van Engels as toekomstige lingua franca vir Suid-Afrika; die Alternatiewe Afrikaanse Beweging in bruin Afrikaanse geledere wys op die negatiewe eienskappe van Standaardafrikaans as normvariant; die taalbeleidsbesluite van die UWK dui op die onvermoë van Afrikaans om as akademiese uitdrukkingsmiddel gebruik te word.

- Samesprekings wat tussen die kultuurorganisasies en die regering plaasvind oor die toekoms van Afrikaans, dui op pogings wat aangewend word om Afrikaans sy funksies te laat behou.

- Oor die algemeen kan die meeste taalbevorderingsprojekte ten bate van Afrikaans wat deur kultuurorganisasies aangepak word, as statusbeplanning geklassifiseer word, omdat dit onder andere ook sorg vir propaganda wat vir Afrikaans gemaak word.

* Implementering. Aangesien taalstatusbeplanning gaan om die beplanning vir 'n taal se funksies, moet dit op mikrovlak gaan om die manipulasie van die sprekers. Propaganda vorm dan ook die hoofbestanddeel van die implementeringsfase van statusbeplanning op mikrovlak.

Propaganda vorm die manier waarop die taal waarvoor statusbeplanning uitgevoer word, "bemark" word. Persone of instansies of organisasies wat met statusbeplanning op mikrovlak besig is, moet dus onvermoeid werk om sprekers te wys op die voordele wat die aanleer van 'n spesifieke taal

hulle kan bied. Dit geskied óf deur wetgewing óf deur propaganda.

Die absolute noodsaak van propaganda as werktuig om statusbeplanning ten bate van Afrikaans te bewerk, moet beklemtoon word.

* Evaluering moet deurlopend tydens enige beplanningsprojek uitgevoer word. Deurlopende evaluering is belangrik omdat dit die taalbeplanner in staat stel om weer by die doelwitbepaling te begin, indien dit duidelik word dat die taalbeplanningsprojek nie die gewenste resultate behaal nie.

4.3.5.3.3.2 KULTUURORGANISASIES SE BYDRAE TEN OPSIGTE VAN DIE STATUS VAN AFRIKAANS

Dit blyk uit die vraelys dat 86,49% van die kultuurorganisasies wat op die vraelys geantwoord het, aandui dat hulle 'n bydrae lewer tot die status van Afrikaans. Statuswerk-saamhede wat veral aandag geniet, is die bevordering van die openbare gebruik van Afrikaans en die rig van vertoë tot koerante om te kla oor die grootskaalse afskeping van Afrikaans. Dit is opvallend dat die vraelysrespons aandui dat die rig van vertoë tot die SAUK nie hoë prioriteit geniet nie, terwyl die verslag van kultuurorganisasiewerksaamhede uit die literatuur dit pertinent as 'n aktiwiteit van die meeste kultuurorganisasies aandui.

Uit die literatuurstudie blyk dit dat die volgende projekte ter bevordering van die status van Afrikaans aangepak word:

* DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

Die toekenning van beurse, vakdidaktiekpryse, nagraadse studiebeurse, joernalistiekpryse, die bemoeiing met moeder-taalonderrig en die bevordering van Afrikaans as onderwys-taal.

Die Taalstrategie wat in 1985 opgestel is, maar wat, vanweë 'n verskeidenheid redes nie geïmplementeer is nie, dien as goeie voorbeeld van statusbeplanning (sien paragraaf 3.3.3.1.). Die geleenthede wat in die vooruitsig gestel is om Afrikaans in die handel te bevorder, behoort, indien dit uitgevoer sou word, definitiewe funksiewinste vir Afrikaans kan beteken op 'n terrein waar die taal die afgelope jare verliese gely het (sien paragraaf 3.5).

Dieselfde sou gesê kon word vir die strategie om sigbare erkenning te verleen aan reeds bestaande FAK-Taalkomiteeprojekte. Deur die verlening van propaganda aan projekte ter bevordering van Afrikaans, sou die status van die taal ook daarby kon baat. - Dit is jammer dat hierdie strategie, net soos die vorige een, skipbreuk gely het.

Ook die taalstrategie wat daarop gemik was om propaganda te verleen aan 14 Augustus as Afrikaansdag, is nie deur die FAK geïmplementeer soos in die vooruitsig gestel nie.

- Op hierdie manier is gulde geleenthede verby laat gaan om mee te werk aan die statusbeplanning vir Afrikaans.

* DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURVERENIGING

Die toekenning van beurse en prestasiesertifikate aan verdienstelike studente van Afrikaans dra tot die statusbeplanning van Afrikaans by. Die groot aantal toekennings wat deur die ATKV gemaak word vir ander verdienstelike werk in

Afrikaans, lewer 'n bydrae tot sowel die korpus as die status van die taal (sien paragraaf 4.3.5.3.4).

*** DIE AFRIKAANSE TAAL- EN KULTUURBOND**

Ook hierdie kultuurorganisasie se taalprojekte is sowel korpus- as statusgerig. Projekte wat 'n bydrae tot spesifiek die statusbeplanning van Afrikaans lewer, is die beskikbaarstelling van boekpryse, sertifikate, trofee en medaljes vir prestasie in Afrikaans. Die beskrywingspunte op die ATKB-Kongresse in verband met Afrikaans dui ook hulle betrokkenheid by die statusbeplanning vir Afrikaans aan.

Die ATKB was in die besonder by hulpbronbeplanning vir die Taalmonument betrokke, daarin dat hulle die befondsing daarvoor behartig het.

*** DIE AFRIKAANSE TAALFONDS**

Die ATF se betrokkenheid by die statusbeplanning van Afrikaans behels die toekenning van beurse vir voorgraadse en nagraadse studente in Afrikaans; die ondersoek wat geloods word na die aanbieding van Afrikaans Eerste Taal; die ATF se empiriese navorsing oor die onderrig van Afrikaans en die koördineringsrol van die ATF vir die buitelandse onderrig van Afrikaans.

Die ATF lewer 'n besondere bydrae tot die hulpbronbeplanning van veral statusbeplanning in Afrikaans: hulle is betrokke by die instandhouding van die Taalmonument, daar is 'n besondere betrokkenheid by die befondsing van taalprojekte en ook tree die ATF as fasiliteerder op vir die hedendaagse gesprek oor die status van Afrikaans.

* DIE AFRIKANERBROEDERBOND

Omdat die AB se bydrae tot die bevordering van Afrikaans grootliks beïnvloedingswerk is, kan al hul taalprojekte as statusbeplanning geklassifiseer word.

* DIE MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE

Die MEI se bydrae tot statusbeplanning vir Afrikaans lê in die propaganda wat hulle maak van Afrikaans as taal waarin waardevolle inligting bekom kan word en hulle betrokkenheid by taalklubs waar immigrante, Engelstalige Suid-Afrikaners en Afrikaanssprekendes sosiaal saam kan verkeer.

* FAK-KULTUURRADE

Die Kultuurrade gee aanduiding dat hulle op plaaslike vlak met statusbeplanning vir Afrikaans besig is: die monitor van die plasing van Afrikaanse berigte in tweetalige plaaslike koerante; die verering van plaaslike handelsorganisasies wat Afrikaans as handelstaal handhaaf; die propagering van gewone Praatafrikaans met swart mense; die boekpryse, sertifikate en toekennings op plaaslike vlak aan alle leerlinge wat in Afrikaans presteer.

* DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

Deurdat die Akademie van die standpunt uitgaan dat voortreflikheid op talle terreine bekroon word, word daar 'n groot bydrae tot die statusbeplanning van Afrikaans gelewer.

Die literêre, geesteswetenskaplike sowel as natuurwetenskaplike akademiese toekennings en die ander bekronings vir prestasie dien as voorbeelde van hierdie betrokkenheid by die statusbeplanning van Afrikaans (sien paragraaf 3.3.3.2).

4.3.5.3.3 AFRIKAANSE TERSIÊRE INRIGTINGS

Afrikaanse tersiêre inrigtings lewer 'n baie beskeie bydrae tot die status van Afrikaans.

Verskeie bewyse verifieer bogenoemde stelling:

* In sekere fakulteite bestaan die tendens dat navorsingsverslae toenemend in Engels gepubliseer word (sien paragraaf 3.3.4).

* By wyse van steekproef is bepaal dat die Universiteit van Kaapstad as Engelstalige universiteit hom die reg voorbehou om, indien dit nodig blyk te wees, 'n toelatingstoets aan voornemende studente voor te lê waar hulle gebruiksvaardigheid van Engels getoets word (UK, 1990:3). Sodanige bepaling kon nie by Afrikaanstalige universiteite opgespoor word nie: PU vir CHO, UOVS, US, RAU.

4.3.5.3.4 AFRIKAANSE HANDELSINSTELLINGS

Dit is aangetoon dat die posisie van Afrikaans in die Suid-Afrikaanse handelswêreld besig is om agteruit te gaan (sien paragraaf 3.3.5).

Hoewel daar nog beperkte bydraes vir die statusbeplanning van Afrikaans gemaak word, bestaan die tendens dat handelsondernemings hulle eerder rig op die totale Suid-Afrikaanse mark.

Die AHI, vanweë sy besondere karakter, slaag nog daarin om 'n wesentlike statusbydrae te lewer: die blote teenwoordigheid van die woord Afrikaans in die naam van hierdie organisasie, dui reeds op statusbeplanning. Daarby het die president van die AHI, mnr. Gerrie Steenkamp, hom by 'n vergadering van die Pretoriase sakekamer, pertinent oor Afrikaans en die toekomsmoontlikhede van die taal uitgespreek:

"U en my optrede as Afrikaanssprekendes, ons lewenswyse, ons reaksie en gesindheid teenoor anderstaliges, sal bepaal hoe sterk ons as Afrikaanssprekendes uit die stryd sal tree" (Steenkamp, 1991).

4.3.5.3.3.5 DIE SAUK EN DIE AFRIKAANSE KOERANTWEESE

Hoewel die SAUK merkwaardig baie doen vir die korpus van Afrikaans, word statusbeplanning afgeskeep. Die kritiek soos uitgespreek in paragraaf 3.7, moet in hierdie verband saamgelees word.

Hoewel die Afrikaanse koerant tot nou toe 'n werklike bydrae tot die status van Afrikaans gelewer het, deurdat dit 'n leserspubliek uit alle lae van die taalgemeenskap aangespreek het, word voorspel dat hierdie laetaalfunksie kleiner gaan word. Die rede hiervoor is dat die persentasie mense wat Afrikaans in die toekoms gaan lees, kleiner gaan word (Steyn, 1980:407).

Die statusbeplanningsrol vir Afrikaans deur die Afrikaanse koerant, gaan dus toenemend kleiner word.

4.3.5.3.4 TAALBEPLANNINGSWERKSAAMHEDE VIR AFRIKAANS WAT IMPLIKASIES OP DIE STATUS- SOWEL AS DIE KORPUSVLAK HET

Op die keper beskou kan die meeste van die werksaamhede wat deur veral die kultuurorganisasies ten bate van Afrikaans onderneem word, nóg as korpusbeplanningsaktiwiteite, nóg as statusbeplanningsaktiwiteite bestempel word.

Dit is veral by die werksaamhede van die kultuurorganisasies waar hierdie sikliese interafhanklikheid tussen status- en korpusbeplanning geïllustreer word.

Die werksaamhede behels gewoon statusbeplanningsaktiwiteite met korpusimplikasies, of korpusbeplanningsaktiwiteite met implikasies op die statusvlak. Die onlosmaaklike interafhanklike karakter van hierdie twee soorte taalbeplanning word baie duidelik hierdeur geïllustreer: Die FAK-joernalistiekprys en die ATKV-reklamepryse kan as sodanig as statusbeplanning deurgaan, maar wanneer in gedagte gehou word dat daar eers 'n stuk Afrikaanse korpus moes wees op grond waarvan hierdie toekennings gemaak kon word, word dit duidelik dat hierdie aktiwiteite voorbeelde van status- sowel as korpusbeplanning is.

Ander projekte vir Afrikaans wat hierdie tweeledige karakter vertoon, is:

- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se betrokkenheid by die taaleksamens van die Saamwerkunie van Natal, by die Afrikaansolimpiade en die Suid-Afrikaanse Taalbondeksamens.
- Die FAK-prys vir goeie gewilde Afrikaanse prosa;
- Die meeste van die ATKV-projekte hoort hier tuis: die TV-Draaiboekkursus, Crescendo, die sportliedjiekompetisie, die prystoekening vir Afrikaanse treffers oor Radio Suid-Afrika, die Ligteliedjiewerkwinkel, al die ATKV-toneel-

bevorderingsprojekte, die Herfsskool vir dramaturge, die Afrikaanse sangfees vir swart kore, die ATKV-prosaprys, die werksaamhede van die ATKV-skryfskool, die ATKV/Sarie-novellewedstryd.

- Die ATKB se Applouskoorfeeste, die poësiekompetisie, die kortverhaalkompetisie, die opstelwedstryd vir laerskole, die redenaarskompetisies, die skolingsgeleenthede van voornemende redenaars, die radiogeselskapkompetisie.

- Die ATF se Uitreikprogramme.

- Die JRB se landwye debatskompetisie, die bevordering van die Afrikaanse skoolkoerant.

4.3.5.3.5 TAALVERWERWINGSBEPLANNING VIR AFRIKAANS

Uiteindelik bly daar nog projekte oor wat nie gemaklik tuishoort onder óf die status- óf die korpusbeplanning vir Afrikaans nie.

Cooper (1989) onderskei, benewens korpus- en statusbeplanning, ook nog taalverwerwingsbeplanning wat 'n gerieflike opskrif bied waaronder hierdie tipe aktiwiteite saamgevat kan word. Taalverwerwingsbeplanning dui op die taalprojekte wat daarop gemik is om voornemende sprekers van 'n taal daartoe te lei om sodanige taal te bemeester.

*** KULTUURORGANISASIES**

Net 10,81% van die vraelysrespondente dui aan dat hulle kursusse in elementêre Praatafrikaans aanbied.

Uit die literatuurstudie en onderhoude wat gevoer is, word dit duidelik dat die volgende kultuurorganisasies by taalverwerwingsbeplanning betrokke is:

- Die FAK verskaf inligtingsleesstof in eenvoudige Afrikaans aan pasgeletterdes; hulle behartig die verspreiding van Afrikaanse leesstof onder nie-Afrikaanssprekendes.
- Die ATKV het so pas die leemte aan geletterdheidskursusse in Afrikaans op die patroon van die SAUK-TV se "Siyafunda"-reeks geïdentifiseer. Daar word op die oomblik aandag aan dié projek gegee (Kok, 1991).
- Die ATF is baie nou by geletterdheidsonderrig in Afrikaans betrokke en het met aanvanklike steun van die RGN en Landelike Stigting reeds 'n geletterdheidsprogram opgestel wat gereed is vir verspreiding; die betrokkenheid by kommunikasiekursusse vir nie-Afrikaanssprekendes by verskillende sentra (sien paragraaf 3.3.3.5).
- Die Rapportryerbeweging lewer 'n bydrae tot taalverwerwingsbeplanning deur die verspreiding van Afrikaanse leesboeke en tydskrifte onder nie-Afrikaanssprekendes.
- Die MEI gee aandag aan die ontwikkeling en uitbouing van geletterdheidskursusse in Afrikaans en bied spesifiek 'n MEI-taalkursus aan vir immigrante en Engelssprekende Suid-Afrikaners.

*** EENHEID VIR DIE ONDERRIG VAN AFRIKAANS**

Die EOA hou hom by uitstek besig met taalverwerwingsbeplanning. Dit blyk uit paragraaf 3.6.1, waar die werksaamhede van die EOA uiteengesit word, dat hierdie tipe taalbeplanning, net soos status- en korpusbeplanning, ook gemotiveer word vanuit 'n bepaalde taalprobleem. Dat daar aan die hand

van 'n stel doelwitte gewerk word, dat teikengroepe geïdentifiseer word en dat deurlopende evaluering plaasvind.

Uit die taalverwerwingswerkzaamhede wat deur die EOA aangebied word, word dit duidelik dat hierdie aktiwiteite definitiewe implikasies het op die status- en die korpusvlak.

* INTUS

Benewens die bydrae wat INTUS gelewer het tot die navorsing oor tale in Suid-Afrika, voordat die werkzaamhede tot niet gegaan het, was daar 'n noue betrokkenheid by geletterdheidsonderrig in die gebruik van Afrikaans vir spesifieke omstandighede. (Sien paragraaf 3.6.2).

* NATIONAL LANGUAGE PROJECT

Die NLP is betrokke by taalverwerwingsbeplanning, deurdat hulle ondersteuning verleen en samewerking aanmoedig tussen instansies wat met geletterdheids- en tweedetaalonderrig gemoeid is. (Sien paragraaf 3.6.3).

* SLOTGEDAGTE

Dit is opvallend hoeveel instansies met geletterdheidsonderrig in Afrikaans besig is. By navraag blyk dit dat die instansies nie werklik bewus is van die ander soortgelyke bestaande projekte nie.

Die aanbeveling word gemaak dat instansies kennis neem van geletterdheidsprojekte wat aangebied word en dat daar op gekoördineerde basis gebruik gemaak word van bestaande

kursusse, sodat 'n duplisering van werksaamhede uitgeskakel kan word.

4.4 EVALUERING VAN DIE STAND VAN TAALBEPLANNING VIR AFRIKAANS

Opsommend kan die volgende van die stand van taalbeplanning in Afrikaans gesê word:

* Hierdie hoofstuk het begin met 'n uiteensetting van die eienskappe van 'n taalbeweging. Gemeet hieraan, word dit duidelik dat Afrikaans hom in die na-stryd-/handhaaffase bevind. Dit is opvallend dat hierdie handhaaffase vir Afrikaans nie streng gesproke begin het met die amptelike erkenning van Afrikaans in 1925 nie, maar met die bewinds-aanvaarding van die Nasionale Party in 1948.

Hierdie handhaaffase van Afrikaans vertoon sterk imperialistiese trekke en dit kan as primêre oorsaak aangevoer word vir die feit dat Afrikaans op die oomblik gevaar loop om sekere hoëtaalfunksies te verloor.

* Dit word uit die verskeidenheid werksaamhede duidelik dat daar wel organisasies of instansies is wat gemoeid is met taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans. Wanneer in ag geneem word hoeveel kultuurorganisasies daar wél is wat geen bydrae tot Afrikaans lewer nie, is dit betreurenswaardig dat daar so min is wat aktief werk ter bevordering van Afrikaans.

Dit is belangrik dat taalbevordering van werklike taalbeplanning geskei word, aangesien daar ten spyte van raakpunte, wesentlike verskil tussen die twee aktiwiteite

bestaan. Die verhouding tussen taalbeplanning en taalbevordering word vir die doeleindes van hierdie studie soos volg gesien: wanneer taalbevordering bestempel word as 'n bewuste of onbewuste wete van 'n moedertaalspreker dat hy iets tot die voordeel van sy taal moet doen, en taalbeplanning gesien word as 'n bewuste koördinerings van hierdie wete, kan taalbevordering as een van die resultate van taalbeplanning gesien word.

* Al is die begrip taalbeplanning 'n relatief jong begrip in die Suid-Afrikaanse sosiolinguistiek - K.P. Prinsloo het die begrip vir die eerste keer in 1980 gebruik in 'n artikel wat in Maart 1980 in Tydskrif vir Geesteswetenskappe verskyn het - word dit uit hierdie studie duidelik dat taalbeplanningsaktiwiteite reeds sedert die eerste taalbewegings vir Afrikaans plaasvind.

* Taalprojekte wat as werklike taalbeplanning met sekere wetenskaplike eise bestempel wil word, moet aan sekere voorwaardes voldoen. Gemeet aan hierdie spesifieke voorwaardes, lyk die taalbeplanningsprentjie vir Afrikaans nie so rooskleurig nie. (Let daarop dat hier oor die algemeen kritiek uitgespreek word - verdienstelike werk word wél vir Afrikaans deur sommige kultuurorganisasies gedoen.

Eerstens moet taalbeplanning georganiseerd plaasvind. Dit blyk of elke instansie of organisasie wat die behoefte daartoe voel, homself op die taalbeplanningsakker vir Afrikaans waag, sonder dat daar enige koördinasie tussen liggame onderling bestaan. Hierdie ongeorganiseerdheid werk kontra-produktief, omdat dit meebring dat baie organisasies dieselfde projekte aanpak. Nie alleen vind daar duplisering plaas nie, maar word geld en mannekrag op dié manier verspil. Hierdie oorvleueling in werksaamhede wys op 'n ander taalbeplanningsvereiste wat nie nagekom is nie: daar was geen behoorlike inligtingversamelingsfase waar 'n

behoorlike situasieanalise gedoen is, aan die hand waarvan weer doelwitte bepaal is nie.

Taalbeplanning vertoon 'n probleemoplossingskarakter. Dit is nie waar van taalbeplanningsaktiwiteite oor die algemeen vir Afrikaans nie: vaagomlynde taalprojekte wat nie wesentlik gemik is op die oplossing van 'n taalprobleem nie, is algemeen aangetref.

Taalbeplanning vertoon 'n toekomsgerigte karakter. Die uitgediende begrippe waarmee sommige kultuurorganisasies hul taalprojekte aankondig, bewys die teendeel. Tydens die strydfase van 'n taalbeweging waar dit gaan om die vestiging van 'n standaardnorm, word die eise om suiwerheid dikwels gehoor. In die handhaaffase waar dit gaan om die konsolidering van die standaardtaal, moet daar gewerk word om verdere funksiewinste.

Wanneer baie van die Afrikaanse taalprojekte (wat in die negentigerjare van hierdie eeu ten uitvoer moet kom) beoordeel word, klink die eis om suiwerheid nog steeds op! Dit dui daarop dat hierdie projekte terugkrabbel verlede toe, en hoegenaamd niks verstaan van die toekoms-karakter van taalbeplanning nie.

Taalbeplanning werk altyd aan die hand van 'n doelwit. Baie min van die Afrikaanse kultuurorganisasies stel die bevordering van Afrikaans as 'n algemene doelstelling. Dit verklaar miskien ook hoekom daar kultuurorganisasies is wat identiteitskrisisse beleef: indien daar ten minste gestaan het dat hulle die posisie van Afrikaans moes bevorder, sou die samesnoering en opheffing van "Afrikanerkultuur" vanself gekom het! Daar kan geen Afrikanerkultuur sonder Afrikaans wees nie.

Dit word ook duidelik dat sommige van dié kultuurorganisasies wat wél die bevordering van Afrikaans as breë

doelstelling het, werklik aktief werk ter bestending van die posisie van Afrikaans.

Taalbeplanning kan nie plaasvind indien daar nie voortdurende evaluering plaasvind nie. Die vraelysrespons waar evaluering getoets word, bewys dat kultuurorganisasies nie presies weet wat evaluering is nie, laat staan die feit dat dit deurlopend moet geskied.

* Uit 'n beoordeling van die taalkorpuswerkzaamhede ten bate van Afrikaans, word dit duidelik dat daar reeds gevestigde korpuspraktyke vir Afrikaans aantoonbaar is. Hierdie tradisie van taalkorpusbedrywighede versterk die posisie van Afrikaans in 'n toekomstige grondwetlike bedeling, aangesien die werk reeds gedoen is en 'n kultuurtaal reeds gevestig is. Dit blyk ook dat kultuurorganisasies geen wesentlike rol in die korpuswerkzaamhede vir Afrikaans speel nie.

* Ten opsigte van statusbeplanning word dit duidelik dat werkzaamhede bedrywig is wat enersyds daarop gemik is om positiewe status te verleen aan Afrikaans, en andersyds om negatief te werk en mee te bring dat sommige hoë taal-funksies in die gedrang kom. Kultuurorganisasies werk oor die algemeen positief mee tot die bevordering van die status van Afrikaans op mikrovlak.

* Die meeste van die taalwerkzaamhede van kultuurorganisasies het status- sowel as korpusimplikasies. Hierdie feit illustreer die sikliese, interafhanklike karakter van die twee soorte taalbeplannings.

* Daar is vervolgens taalbeplanningsaktiwiteite onderskeibaar wat nie as status- of korpusbeplanning geklassifiseer kan word nie. In navolging van Cooper (1989) word hierdie bedrywighede as taalverwerwingsbeplanning benoem. Verskeie taalverwerwingsprojekte vir Afrikaans word onderskei. Dit is egter opvallend dat daar in 'n groot mate

oorvleueling in werksaamhede bestaan. Indien daar beter onderlinge koördinasie tussen die betrokke instellings bestaan, kan dit meebring dat mannekrag en tyd gespaar word en dat daar optimale bevordering van Afrikaans kan plaasvind.

4.5 SAMEVATTING

Hoewel daar pertinente verdienstelike taalbeplanningswerksaamhede vir Afrikaans aangetoon kan word, kan die taalbeplanningspogings vir Afrikaans in die geheel gesien, nie positief beoordeel word nie.

Die redes hiervoor is dat daar nie gekoördineerd gewerk word nie, wat meebring dat daar ook nie doelgerig beplan word nie. Hierdie ongekoördineerdheid is grootliks daarvoor verantwoordelik dat daar 'n gebrek aan doelmatige taalbeplanning vir Afrikaans bestaan. Die feit dat elkeen wat daarna voel, doen wat sy hand vind om te doen, en doen wat hy dink goed is vir die taal, is grootliks daarvoor verantwoordelik dat Afrikaans (ten spyte van positiewe dinge wat in sy guns tel) as die swartskaap van die Suid-Afrikaanse tale bestempel word. Hierdie losse taalbeplanningspraktyke het meegebring dat Afrikaans homself kwalik sal kan handhaaf in 'n toekomstige staatkundige bedeling.

'n Oplossing vir hierdie losse struktuur is dat daar so gou as moontlik (nog voordat verder gewerk word aan die bevordering van Afrikaans) goeie koördinering plaasvind.

Dit sal meebring dat:

- * behoorlike werkafbakening plaasvind sodat werk nie oorvleuel nie;

- * daar oor prioriteite besin kan word;
- * behoorlike doelwitbepaling kan plaasvind;
- * strategieë uitgewerk kan word;
- * geantisipeer kan word in watter rigting daar vir Afrikaans beweeg moet word en
- * dat voortdurende evalueringsgeleenthede daargestel word met die moontlikheid om die doelstellings aan te pas indien nodig.

HOOFSTUK 5 MAKROVLAKTAALBEPLANNING IN 'N MULTITALIGE SUID-AFRIKA : TEORIE EN PRAKTYK

5.1 INLEIDING

Hoofstuk 4 se fokus was gerig op die mikrovlaktaalbeplanningspraktyke vir Afrikaans. Die doel met hierdie hoofstuk is om indringend te let op makrovlaktaalbeplanning vir Suid-Afrika.

'n Begripsomskrywing van terme wat betrekking het op makrovlaktaalbeplanning word gegee. 'n Bespreking van taalbeleidsbeplanning en die toepaslikheid daarvan op die veeltalige Suid-Afrikaanse samelewing word gevoer. Daarna kom die konsititusionele bereëling van taal ter sprake. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kritiese beoordeling van reeds geformuleerde taalbeleidsvoorstelle vir Suid-Afrika.

5.2 BEGRIPSOMSKRYWING

5.2.1 MAKROVLAKTAALBEPLANNING

Prinsloo (1986:267) definieer makrovlaktaal-beplanning as die "georganiseerde nastrewing van doelwitte wat daarop

gemik is om taalprobleme landswyd die hoof te bied en om uitdagings op taalterrein te ontgin".

(Sien paragraaf 2.5 vir 'n volledige begripsomskrywing van die begrip makrovlaktaalbeplanning.)

5.2.2 TAALGEMEENSKAP

'n Taalgemeenskap dui op die versameling gebruikers van 'n taal sonder dat hulle noodwendig in dieselfde geografiese ruimte versamel hoef te wees. Binne meertalige verband moet 'n onderskeid getref word tussen primêre en sekondêre taalgemeenskappe (Ponelis, 1984:32 e.v.).

5.2.2.1 PRIMÊRE TAALGEMEENSKAP

Die begrip primêre taalgemeenskap dui op 'n taalgemeenskap wat 'n sekere taal, byvoorbeeld Afrikaans, as hul eerste taal of moedertaal gebruik.

Aangesien die begrippe eerste taal en moedertaal begripsprobleme kan oplewer, word die begrip huistaal in landwye sensusopnames gebruik.

'n Moedertaal dui letterlik die taal aan wat aan moedersknie geleer is en 'n mens se moedertaal is gewoonlik jou eerste taal. Wanneer daar om die een of ander rede 'n taalverskuiwing plaasvind ten gunste van 'n ander taal, word laasgenoemde taal dan die huistaal. Die implikasie is in elk geval dat 'n spreker se eerste taal ook sy huistaal is.

5.2.2.2 SEKONDÊRE TAALGEMEENSAP

Die begrip sekondêre taalgemeenskap dui op dié mense wat nie 'n sekere taal as huistaal gebruik nie, maar wat dit as verkeerstaal kan beheers.

5.3 'N MULTITALIGE SUID-AFRIKA

Multitaligheid is 'n verskynsel wat dwarsoor die wêreld voorkom. In Namibië word by die 30 tale gepraat (Prinsloo, 1984b:124) en in Togo word 35 etniese groepe onderskei, maar meer as 40 taalgroepe (Kozelka, 1984). - Die talesituasie in Suid-Afrika is dus nie uniek nie.

Ponelis (1984:31) tref 'n onderskeid tussen aktiewe en passiewe meertaligheid. Aktiewe meertaligheid dui op 'n oorkoepelende sosiale stelsel wat hier in Suid-Afrika uiteenval in 12 hooftaalgroepe. Passiewe meertaligheid dui op onderwysmeertaligheid waar dit gaan om die onderrig van sekere tale op skool. Hierdie meertaligheid is passief, omdat die tale wat op dié manier aangeleer word, nie primêr gesproke taal is nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie, word op die aktiewe meertaligheidssituasie in Suid-Afrika gekonsentreer, waar Afrikaans en Engels as die amptelike tale optree saam met 10 Afrikatale wat nie binne die RSA ampstaalstatus geniet nie.

Die huistaalgroeperinge van die bevolkingsgroepe in die Republiek van Suid-Afrika (TBVC-lande uitgesluit) het persentasiegewys, volgens die 1980-sensusopname, soos volg daar uitgesien (Prinsloo, 1984a:145):

Zulu	25%
Afrikaans	21%
Engels	13%
Xhosa	12%
Noord-Sotho	10%
Suid-Sotho	8%
Tswana	6%

Dit blyk oor die algemeen dat die totale Suid-Afrikaanse bevolking 'n goeie spreektaalkennis van die twee amptelike tale het. (Vir breedvoeriger bespreking vergelyk die slot van hierdie paragraaf.)

Op geletterdheidsvlak (dit wil sê as lees- en skryftaal) dui 37% van die totale bevolking aan dat hulle Afrikaansgeletterd is, en 41% dat hulle Engelsgeletterd is. 70% van die totale bevolking het aangedui dat hulle 'n swart taal of tale praat, en 35% dat hulle dit kan lees en skryf.

Uitsaainavorsing wat in 1990 deur die SAUK onderneem is, het die volgende statistiese bevindinge oor huistaalgroepeerings in Suid-Afrika (Van Vuuren & De Beer, 1990:21) wat by wyse van steekproefneming uitgevoer is:

Zulu	21%
Xhosa	18%
Afrikaans	16%
Engels	9%
Noord-Sotho	9%
Tswana	8%
Suid-Sotho	7%
Tsonga	4%
Ndebele	2%
Swazi	2%
Venda	2%
Ander	2%

Van Vuuren en De Beer (1990:22) gee ook aanduiding dat 80% van die bruin bevolking Afrikaans as huistaal aantoon en net minder as 60% van die blanke bevolking gebruik Afrikaans as huistaal.

Schuring (1990:30) maak op grond van sensusgegevens sedert 1918, vooruitskattings oor huistaalgroeperings, bevolkingsgroei en taalkennis in Suid-Afrika (TBVC-lande ingesluit):

TABEL 1
TOTALE BEVOLKING IN SUID-AFRIKA

1980	:	30492200
1990	:	39526000
2000	:	51421000

TABEL 2
HUISTAALGROEPERINGS VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BEVOLKING

	Afrikaans	Engels	Afrikatale
1980	16,20%	9,07%	72,60%
1990	15,66%	8,68%	73,27%
2000	14,73%	8,75%	74,78%

TABEL 3
AFRIKAANS AS HUISTAAL VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE IN S.A.

	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes
1960	1,82%	58,90%	89,19%	0,51%

1970	1,70%	57,42%	88,35%	0,33%
1980	1,28%	56,54%	85,47%	0,36%

TABEL 4
DIE SPREEKTAALKENNIS VAN AFRIKAANS VAN ALLE BEVOLKINGS-
GROEPE

	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes	% Totaal van bevolking
1960	13,87%	84,41%	96,57%	20,19%	38,20%
1970	22,40%	85,23%	96,04%	24,03%	40,61%
1980	29,58%	86,04%	95,50%	29,37%	43,59%

TABEL 5
ENGELS AS HUISTAAL VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE IN S.A.

	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes
1960	14,61%	37,87%	10,54%	0,01%
1970	32,00%	37,75%	11,38%	0,01%
1980	84,20%	38,14%	12,56%	0,14%

TABEL 6
DIE SPREEKTAALKENNIS VAN ENGELS VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE

	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes	% Totaal van bevolking
1960	81,28%	81,27%	40,05%	14,20%	30,16%
1970	89,18%	84,23%	47,18%	19,10%	34,29%
1980	97,07%	87,19%	54,31%	26,34%	40,42%

TABEL 7
NGUNI-GROEP AS HUISTAAL VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE IN S.A.

Zulu	Xhosa	Swazi	Ndebele	Ngunitaalgroep

1980	21,36%	18,41%	2,28%	1,77%	43,82%
1990	21,61%	17,44%	2,34%	2,02%	43,41%
2000	22,52%	16,68%	2,39%	2,12%	43,70%

TABEL 8
SOTHO-GROEP AS HUISTAAL VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE IN S.A.

	N.Sotho	S.Sotho	Tswana	Sothotaalgroep
1980	8,75%	7,15%	7,69%	23,59%
1990	8,70%	6,71%	9,11%	24,52%
2000	9,15%	6,46%	9,92%	25,53%

TABEL 9
TWEETALIGHEIDSPREEKTAALKENNIS (BEIDE AFRIKAANS EN ENGELS)
VAN ALLE BEVOLKINGSGROEPE IN SUID-AFRIKA

	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes	% Totaal van bevolking
1960	13,04%	66,28%	36,64%	8,42%	21,24%
1970	21,05%	70,30%	43,75%	13,93%	26,11%
1980	29,06%	74,32%	50,86%	20,62%	31,45%

TABEL 10
SPREEKTAALKENNIS VAN AFRIKAANS EN ENGELS IN S.A.

	Afrikaans (geen Eng.)	Engels (geen Afr.)	Eng./Afr.	Nie Eng/Afr
1980	12,14%	8,96%	31,45%	47,45%
1990	11,65%	8,54%	34,21%	45,60%
2000	10,36%	8,44%	37,99%	43,21%

Die tendense wat uit bogenoemde tabelle duidelik word, verdien taalbeplanners se aandag omdat sulke empiriese gegewens wat oor die loop van jare bymekaar gemaak is dui op

bepaalde groei- of kwynpatrone aan die hand waarvan 'n taal se toekoms bepaal kan word. Dit is ook veral belangrik aangesien doelbewuste manipulasie ('n wesenskenmerk van taalbeplanning) se doelwitte aan die hand hiervan bepaal kan word.

Prinsloo (1984:a:144) sê dat dit opvallend is dat ten spyte van die veelheid tale wat in Suid-Afrika gepraat word, die twee amptelike tale redelik algemeen deur die totale bevolking geken en gebruik word. Die sensusgegewens van 1980 dui aan dat 31,45% van die totale bevolking tweetalig is. Projekties wat gemaak word (Schuring, 1990:35), dui aan dat 34,21% van die bevolking in 1990 aandui dat hulle Afrikaans en Engels ken en verstaan, en in 2000 behoort 37,99% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking 'n spreektaalkennis van sowel Afrikaans as Engels te hê.

Wanneer gelet word op swart mense se spreektaalkennis en begrip van Engels en Afrikaans, word dit duidelik dat die algemeenheid nie so algemeen is nie. Die SAUK se Uitsaainavorsingafdeling (Van Vuuren & De Beer, 1990) het bewys dat op 'n baie elementêre vlak, net 50% van alle swart mense Praatafrikaans verstaan en net 43% Praatengels. 'n Effens komplekser graad van Praatafrikaans en Praatengels word deur nog minder swart mense verstaan: 5% van die totale swart bevolking het 'n begrip van Afrikaans en 17% van Engels.

Hierdeur word bewys dat Suid-Afrika wesenlik 'n geletterdheidsprobleem ten opsigte van swart mense se kennis van die amptelike tale ondervind. Dit moet dringende aandag kry.

In 1980 het die swart mense in Suid-Afrika 73,75% van die totale bevolking uitgemaak, in 1990 was dit 76,63% en daar word beraam dat teen die jaar 2000, 79,82% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking swart sal wees.

Hierdie feit sal baie deeglik in berekening gebring moet word in toekomstige makrovlaktaalbeplanning vir Suid-Afrika.

Die absolute betroubaarheid van sensusstatistiek kan nie altyd gewaarborg word nie. Vergelyk ter illustrasie die volgende voorbeeld: Prinsloo (1984a:144) dui aan dat volgens 'n 5%-steekproef van die 1980-sensusopname, 48% van die totale RSA-bevolking aandui dat hulle Afrikaans kan praat.

Uit die statistiese gegewens wat Schuring (1990:31) aanbied, word dit duidelik dat die spreektaalkennis van Afrikaans op 43,59% van die totale bevolking gereken word.

Daarteenoor vertoon Grobler (1990b:59) se inligting 'n ander prentjie: hiervolgens het 59% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking 'n spreektaalkennis van Afrikaans.

Volgens Prinsloo (1984a:144) se 5%-steekproef van die 1980-sensus dui 44% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking aan dat hulle 'n spreektaalkennis van Engels het. Schuring (1990:32) sê dit is 40,42% en Grobler (1990b:59) sê dat 57,1% van die Suid-Afrikaanse bevolking aandui dat hulle 'n spreektaalkennis van Engels het.

Wie moet geglo word? Dit word uit elk van die drie bronne duidelik dat hulle afleidings op die 1980-sensusgegewens gegrond is. 'n Verklaring vir die verskil in interpretasie van data uit dieselfde bron, lê in die in- of uitsluiting van die TBVC-lande. Die interpretasieverskil van die spreektaalkennisvlak van Afrikaans kom neer op 16%.

Die vraag moet gevra word of die insluiting of uitsluiting van die TBVC-lande só 'n groot verskil in interpretasie kan maak. Dit is dus moeilik om 'n korrekte beeld te vorm uit

beskikbare statistiek (wat dieselfde bron het) oor die multitaligheid van Suid-Afrika. Die betroubaarheid van bogenoemde inligting staan gevolglik onder verdenking.

Dit is van die uiterste belang dat 'n feitelik korrekte prentjie met behulp van statistiek weergegee moet kan word.

In die lig van hierdie warboel van interpretasie, word die vraag na die wenslikheid van 'n taalatlas deur die RGN tien jaar na die beskikbaarstelling van die sensusdata, gevra. 'n Duideliker prentjie van die multitalige Suid-Afrikaanse opset kon geskets geword het, indien daar van die 1991-sensussyfers gebruik gemaak kon word.

Die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse taalsituasie lê verder nie alleen in die multitalige aspek daarvan nie, maar veral in die ineengestremeldheid daarvan: al elf hierdie hooftaalgroepe is geografies, sosiaal, ekonomies en opvoedkundig ineengestremel en elkeen van hulle het 'n sekere simboolwaarde vir sy primêre taalgemeenskap.

Daarbenewens is veral Standaardafrikaans en Standaardengels sterk gestigmatiseer: Standaardafrikaans word gesien as die taal van die onderdrukker en Standaardengels as die taal van die bevryder (Webb, 1990a:20).

5.4 DIE KONSTITUSIONELE BEREËLING VAN TAALSAKE

5.4.1 DIE 1983-GRONDWET

Volgens die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet nommer 110, Artikels 89, 90 en 91, word die ampstaalsituasie soos volg beheers (Suid-Afrika, 1983:39):

"89. (1) Afrikaans en Engels is die amptelike tale van die Republiek en word op gelyke voet behandel, en besit en geniet gelyke vryheid, regte en voorregte.

(2) Alle stukke, verslae en verrigtings van die Parlement word in albei die amptelike tale gehou en alle wetsontwerpe, wette en kennisgewings van algemene openbare betekenis of belang wat deur die Regering van die Republiek uitgegee word, moet in albei die amptelike tale wees.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) kan 'n Wet van die Parlement of 'n kragtens 'n Parlements wet uitgevaardigde proklamasie van die Staatspresident waarby 'n swart gebied tot 'n selfregerende gebied binne die Republiek verklaar word of 'n latere Wet van die Parlement of 'n latere proklamasie van die Staatspresident (wat by onstentenis van 'n ander magtigende bepaling kragtens hierdie subartikel uitgevaardig kan word)

(a) voorsiening maak vir die erkenning van een of meer swart tale vir enige van of al die volgende doeleindes, te wete - (i) as 'n addisionele amptelike taal of as addisionele amptelike tale van daardie gebied; of

(ii) vir gebruik in daardie gebied vir amptelike doeleindes deur of kragtens daardie Wet of latere Wet of deur so 'n proklamasie voorgeskryf; en

(b) bepalings bevat wat die gebruik van so 'n swart taal buite bedoelde gebied magtig vir sodanige doeleindes wat met die sake van dié gebied in verband staan en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat deur of kragtens daardie Wet of latere Wet of so 'n proklamasie voorgeskryf word.

90. Alle stukke, verslae en verrigtings van 'n provinsiale raad word in albei die amptelike tale gehou, en alle konseppordonnansies, ordonnansies en kennisgewings van openbare betekenis of belang wat deur 'n provinsiale administrasie uitgereik word,

en alle kennisgewings uitgereik en alle regulasies of verordeninge gemaak en alle dorpsaanlegkemas opgestel deur 'n instelling of liggaam beoog in Artikel 84 (1) (f) van die vorige Grondwet moet in albei die amptelike tale wees.

91. Wanneer enigiets van staatsweë of deur of in opdrag van 'n instelling of liggaam beoog in Artikel 84(1)(f) van die vorige Grondwet in 'n nuusblad gepubliseer word, moet die publikasie gelyktydig in albei die amptelike tale plaasvind en, in die geval van elke taal, in 'n nuusblad wat in die regsgebied van die betrokke owerheid in omloop is en hoofsaaklik in daardie taal verskyn, en moet die publikasie in elke taal sover doenlik dieselfde ruimte in beslag neem: Met dien verstande dat waar in die betrokke gebied 'n nuusblad wesenlik in albei die amptelike tale verskyn, die publikasie in albei tale in daardie nuusblad kan geskied."

Artikel 89 van Wet 110 van 1983 word beskerm deur Artikel 99(2):

"99. (2) Geen herroeping of wysiging van die bepalings van artikel 89 of van hierdie subartikel of van ooreenstemmende bepalings van 'n wet wat in die plek daarvan gestel word, is geldig nie tensy die wetsontwerp wat die herroeping of wysiging bevat, in elke Huis deur minstens twee derdes van die totale getal lede daarvan goedgekeur is." (Suid-Afrika, 1983:43.)

Artikel 99(2) maak die wysiging van die taalklousule moeiliker as in vorige grondwette van die RSA, want artikel 89 kan alleen gewysig word indien daar in elke huis van die parlement 'n tweederdemeerderheid ten gunste van die wysiging stem (Booyesen, & Van Wyk, 1984:145).

5.4.2 DIE SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE, WERKSTUK 25, PROJEK 58 : GROEPS- EN MENSEREGTE

5.4.2.1 UITSPRAKE OOR TAAL IN DIE MENSEREGTE-AKTE

Binne die kader van die hervormingspolitiek in Suid-Afrika het daar in 1989 'n werkstuk van die Suid-Afrikaanse Regskommissie (voortaan SAR) verskyn wat die kwessie van groeps- en menseregte indringend bekyk het. Die taalkwessie in Suid-Afrika het ook aandag geniet in die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Regskommissie.

Daar word aanvaar dat die Regskommissie se werkstuk as 'n tipe "bloudruk vir 'n post-apartheid Suid-Afrika" dien (Steyn, 1990a:39). Die SAR (1989:413) tref 'n onderskeid tussen groepsregte en groepswaardes en sien kultuur, godsdiens en taal as groepswaardes. Taalwaardes kan nie as groepsregte beskerm word nie, omdat 'n groep nie regsobjektiwiteit dra nie. Hierdie regte (met ander woorde dié van godsdiens, kultuur en taal) moet in 'n menseregte-akte beskerm word langs die weg van individuele regte. Daar word voorgestel dat taalwaardes deur howe bereël word en nie deur die wetgewer of regering nie. Dit is dan ook howe wat die botsende groep- en individuele belange teenoor mekaar moet afweeg (Steyn, 1990a:39).

In die SAR (1989:412) se beredeneringslyn voordat die Menseregte-akte geformuleer word, aanvaar hulle die volgende beginsels:

- "1. Geen wetgewing of uitvoerende handeling mag inbreuk maak op die behoefening deur 'n individu, afsonderlik of gesamentlik met andere, van sy kultuur, godsdiens en taal nie.
2. Geen wetgewing of uitvoerende handeling mag diskrimineer teen of bevoorregting toepas ten gunste van die kultuur, godsdiens of taal van 'n besondere individu of groep van individue bo dié van andere nie; met dien verstande dat wetgewing die amptelike tale van 'n gebied mag bepaal.
3. Wanneer daar in 'n geding, ingestel deur 'n belanghebbende individu beweer word dat wetgewing of 'n uitvoerende handeling inbreuk maak op die kulturele, godsdienstige of taalwaardes van die individu of van 'n groep individue, bereg die hof

die gemelde bewering met inagneming van die belange van alle ander individue en groepe van individue."

Die SAR (1989:413-4) maak die volgende afleidings:

"(a) Die Kommissie meen dat onderskei moet word tussen politieke groepsregte en ander groepswaardes. Laasgemelde sluit in kultuur, godsdiens en taal.

(b) Die Kommissie meen dat minderheidsbeskerming in ons land noodsaaklik is, want om die regte van minderheidsgroepe te ignoreer, sal lei tot nimmereindigende stryd.

(c) Die doel van gemelde beskrywing moet wees om dit vir alle groepe moontlik te maak om in vrede langs mekaar en met mekaar te leef met behoud van elkeen se eienskappe. Dit kan alleen gedoen word as diskriminasie teen minderhede uitgeskakel word en minderhede beskerm word.

(d) In ons gemeenskap moet kultuur-, godsdiens- en taalwaardes beskerm word, nie as "groepsregte" nie, want 'n groep dra nie regsobjektiwiteit nie. Dié regte moet in 'n menseregte-akte beskerm word langs die weg van individuele regte.

(f) Die inhoud van die kultuur, godsdiens en taalwaardes wat in 'n menseregte-akte beskerm moet word, moet deur die houe en nie deur die wetgewer bepaal word.

(g) Die afweging van botsende groeps- en individuele belange moet ook aan die houe en nie die wetgewer nie, oorgelaat word.

(i) Die bewoording van klousules in 'n menseregte-akte om bogemelde beginsels te dek, moet voorsiening maak vir

- vrywillige assosiasie en dissosiasie
- natuurlike groepe
- die toepassing van inheemse of geloofsreg
- die beskerming van kultuur, godsdiens en taal."

Die Menseregte-akte (SAR, 1989:476 e.v.) verwoord die standpunte oor taalsake in die volgende artikels:

"Artikel 2

Die reg op menswaardigheid en regsgelykheid wat insluit dat daar nie gediskrimeer word op grond van ras, kleur, taal, geslag, geloof etniese afkoms ... nie.

Artikel 17

Die reg van elke persoon of groep om hom te disassiosieer van ander individue of groepe: Met dien verstande dat indien sodanige disassosiasie diskriminasie daarstel op grond van ras, kleur, godsdiens, taal of kultuur, geen openbare of staatsfondse direk of indirek ter bevordering van die belange van die persoon of groepe wat aldus diskrimineer, beskikbaar gestel mag word nie.

Artikel 21

Die reg van elke individu om afsonderlik of gesamentlik met ander sy kultuur, godsdiens en taal vrylik te beoefen.

Artikel 22

Die reg van elke individu dat geen diskriminasie ten aansien van sy kultuur, godsdiens of taal toegepas word nie en dat geen bevoorregting ten gunste van die kultuur, godsdiens of taal van andere toegepas word nie: Met dien verstande dat wetgewing die amptelike tale van 'n gebied mag bepaal: Met dien verstande voorts dat wanneer in 'n geding, ingestel deur 'n belanghebbende individu of individue, beweer word dat wetgewing of 'n uitvoerende of administratiewe handeling op die kulturele-, godsdienstige- of taalwaardes van enige individu of groep individue inbreuk maak, die hof die gemelde bewering sal bereg met inagneming van die belange van ander individue of groepe van individue."

Dit is opvallend dat daar spesifiek melding gemaak word van die nie-diskriminerende aard van toekomstige taalsake.

Dit val ook op dat hierdie individuele regte (dit is kulturele, godsdienstige en taalbelange) baie moeilik definieerbaar is. Die SAR definieer hulle met opset ook nie verder nie, omdat "die reg, die waarde of norm" deur die menseregtehandves geïdentifiseer word, maar nie in detail gedefinieer of vasgepen hoef te word nie, omdat dit op die werksterrein van die howe lê. Daarby word genoem dat 'n menseregtehandves negatiewe juridiese beskerming aan sekere regte, belange of waardes gee (SAR, 1989:396).

Howe verpersoonlik 'n gemeenskapsgevoel en formuleer juri-diese, morele en etniese opvattinge van die gemeenskap. Die SAR (1989:396) verklaar dat hulle daagliks met sulke sake besig hou en daarom bekwaam genoeg is en oor genoegsame soepelheid beskik om te bepaal wat die kulturele, godsdienslike en taalwaardes van 'n gemeenskap moet wees.

5.4.2.2 KRITIEK TEEN DIE TAALARTIKELS VAN DIE MENSEREGTE-AKTE

* Ondefinieerbaarheid van taalwaardes

Sedert die voorlegging van die Menseregte-akte is daar punte van kritiek uitgespreek teen hulle voorgestelde bereëling van taalsake.

Steyn (1990a:40) is nie tevrede met die oënskynlike ondefinieerbaarheid van die begrip taalwaardes nie, en stel die volgende dertien taalwaardes (wat nie almal net so op die Suid-Afrikaanse situasie toegepas kan word nie) as legitieme taalwaardes voor:

Taalregte of taalwaardes moet ten minste dui op die reg van die individu om sy eie taal gebruik of te laat gebruik:

1. in 'n kerk wat tradisioneel daardie taal besig;
2. in nie-amptelike dokumente soos testamente en kontrakte;
3. in kommunikasie met staatsinstellings - wat die reg insluit om dokumente soos belastingvorme en moontlike dagvaardings daarin te ontvang en wette, ordonnansies en regulasies van owerhede daarin te mag raadpleeg;
4. wanneer hy deur wetgewing of 'n uitvoerende handeling verplig word om hom in diens van die staat te stel, byvoorbeeld militêre diens te verrig;

5. wanneer hy na bewering 'n wetsoortreding begaan het en in 'n geregshof verhoor moet word, wanneer hy iemand aankla of 'n siviele regsgeding aanhangig maak;
6. by geografiese naamgewing;
7. waneer hy 'n koerant, tydskrif of boek uitgee;
8. waneer staats- of semi-staatsinstansies wat staatsgeld bestee, met die bevolking kommunikeer;
9. wanneer sy kinders onderrig in staatskole ontvang;
10. indien moontlik, 'n territoriaal afgebakende en onaan-tasbare gebied;
11. begunstiging van die kultuurlewe van die groep en van wetenskaplike ondersoek na die eie geskiedenis, taal en kul-tuur;
13. beskikking oor 'n regverdige en wellic oorgewaaardeerde aandeel aan die staatsmiddele wat aan kultuur bestee word.

Dit is duidelik dat die owerheidsbelange (hiermee word die regering van 'n staat, kanton, provinsie, stad) in Artikel 22 slegs by implikasie genoem word en nie duidelik uitgespel word nie. Wetgewing wat taalbelange bereël en besluite oor taalsake word immers deur owerhede bepaal. En dit is ower-hede wat die taalvrede moet probeer bewaar. Hierdie taalvrede word op verskillende maniere deur owerhede bepaal (Steyn, 1990a:40):

- taalgelykberegting,
- erkenning van een van die landstale as ampstaal,
- erkenning dat geeneen van die landstale ampstaal is nie, maar dat 'n koloniale taal gebruik word.

Die SAR (1989) se onbevredigende formulering van wat taal-regte is en hoe dit beskerm word, kan moontlik lei tot botsende belange (Steyn, 1990a:41):

- Botsing tussen die owerheid aan die een kant en die taalbewuste individu en taal aan die ander kant. Hierdie

situasie vind uitdrukking wanneer miskennende taalwette op individue afgedwing word.

- Botsing tussen die owerheid en tale aan die een kant teenoor die individu. Die SAR (1989:413) dui aan dat die doel van die beskerming van onder andere die taalwaardes is dat dit vir alle groepe moontlik moet wees om in vrede langs en met mekaar te leef met behoud van elkeen se eienskappe. Dit kan alleen gedoen word as diskriminasie teen minderhede uitgeskakel word en minderhede beskerm word.

Hierdie oogmerk mag aanleiding gee tot optredes wat oënskynlik lyk na 'n miskenning van die individu se regte, omdat die nasionale belang (naamlik die handhawing van taalvrede) bo die taalbelange van die individu gestel word (Steyn, 1990a:41).

- Botsing tussen owerheids en individuele belange aan die een kant met taalbelange aan die ander kant. Steyn (1990:42) illustreer dié moontlikheid met die volgende voorbeeld: Vanweë bepaalde druk op ekonomiese en kulturele gebied kan lede van 'n taalgroep genoodsaak wees om 'n ander taal op te neem. Wanneer so 'n taalverskuiwing dan plaasvind, het die lede van die taalgroep dus in hul eie belang, in die belang van die owerheid en in die belang van die taalgroep wie se taal hulle kies, opgetree. Hulle optrede is egter in stryd met die belange van hul eie taalgroep.

Hierdie sogenaamde botsende belange kom in wese op niks anders as taaldiskriminasie neer nie - en dit is juis wat die werksaamhede van die SAR wil verhoed.

* Ampstaalmiskenning

Die argumente in die Menseregte-akte van die SAR lei daartoe dat toekomstige taalregte deur 'n handves van menseregte beskerm moet word, en dat daar geen aandrang op ampstaalsta-

tus van tale moet wees nie. Howe behoort voldoende uitspraak te kan lewer oor hierdie kwessies.

Dit is egter 'n bewese feit dat hofgedinge tradisioneel baie lank sloer voordat uitspraak gelewer word. Uiteindelik mag dit meebring dat nuwe taalpatrone intussen gevestig raak (vanweë allerlei redes, byvoorbeeld onder andere negatiewe propaganda) wat daartoe lei dat hofuitsprake nie meer ad rem is nie.

Schuring (1991:17) dui aan dat Artikel 22 bevoorregting van tale oor die algemeen verhoed. Die bepaling **Met dien verstande dat wetgewing die amptelike tale van 'n gebied mag bepaal** dui tog aan dat daar van owerheidsweë af 'n bereëling van taalsake mag wees.

Hierdie uitspraak is te beperk om aan 'n taal ampstaalstatus te gee, want gebied dui bloot op 'n streek en nie op 'n land nie. Schuring (1991:17) se kritiek sluit ook in dat daar nie spesifiek aangedui word of sodanige amptelike taal waarvan in Artikel 22 sprake is, regstatus geniet nie.

Steyn (1989:317) waarsku dat die weiering om 'n taal as mede-ampstaal te erken aanleiding kan gee tot nuwe taalstryde. En die beskerming van minderheidsgroepe is dan een van die doelstellings van die SAR (1989:413): "... want om die regte van minderheidsgroepe te ignoreer, sal lei tot nimmereindigende stryd".

Hierdie leemte aan uitspraak oor ampstale kan as die grootste leemte in die Menseregte-akte se standpunt oor die beskerming van tale beskou word (Steyn, 1990a:45). Die beskerming van individuele regte is nie genoegsaam om 'n taal te beskerm nie. Amptelike erkenning van tale is medebepalend vir hulle voortbestaan (Steyn, 1989:317).

Ten slotte kan gesê word dat die SAR valse gerustheid skep oor taalregte en "gee hy aan politieke partye 'n voorwendsel

om hul verantwoordelikhede vir behoorlike reëlins op hierdie terrein van hulle af te skuif" (Steyn, 1989:317).

5.5 DIE AMPSTAALSITUASIE IN SUID-AFRIKA

5.5.1 INLEIDING

Die Republiek van Suid-Afrika het ten spyte van sy multitalige karakter met sy elf hooftaalgroepe, net Engels en Afrikaans as amptelike tale.

Die taaldebate in Suid-Afrika het spesifieke momentum in Februarie 1990 gekry toe die ANC en SAKP gewettig, mnr. Nelson Mandela vrygelaat is en die aankondiging gemaak is dat die politieke hervormingsproses onomkeerbaar is en met rasse skrede vooruitgaan. Daarbenewens het Namibië onafhanklik geword en het die grondwetgewende vergadering Engels as die enigste amptelike taal aanvaar - dit ten spyte van die feit dat Afrikaans deur die meeste mense aldaar gepraat en verstaan word.

Hierdie gebeure het leek sowel as kenner met nuwe oë na Afrikaans, sy toekomsverwagting en oorlewingskanse laat kyk.

5.5.2 AMPTELIKE TAAL : 'N DEFINISIE

Schuring (1990:7) sê 'n amptelike taal is 'n taal wat regerings op sommige of alle regeringsvlakke gebruik in die uitvoering van hulle plig, en 'n amptelike taal dui ook op die taal waarin inwoners van 'n streek of land die reg het om met so 'n regering te kommunikeer.

Fishman (1977:36) definieer 'n amptelike taal as 'n taal wat deur 'n gesagdraende liggaam (byvoorbeeld 'n regering) vir spesifieke doeleindes gebruik word.

UNESCO (1970:689) definieer 'n amptelike taal as 'n taal wat in die uitvoerende, wetgewende en regsplegende bedryf van 'n regering gebruik word. 'n Amptelike taal hoef nie inheems aan 'n bepaalde gebied te wees nie, maar is dikwels wêreldtale wat internasionale kommunikasie bevorder.

Die begrip nasionale taal/volkstaal dui op die taal van 'n politieke, sosiale of kulturele entiteit (UNESCO, 1970:689). Fishman (1977:36) voeg daarby dat 'n nasionale taal gewoonlik sterk simboolwaarde besit en gewoonlik ook dui op 'n inheemse taal.

Al kan daar baie definisies aan ampstale gegee word, is daar een vereiste waaraan tale moet voldoen om 'n ampstaal te wees: dit moet amptelikheid geniet van owerheidsweë af. Hierdie owerheid kan dui op regering, kantonregering, provinsiale raad, onderwysdepartement, staatsinstelling of munisipaliteit.

Kortom: waneer 'n instelling/organisasie met gesag, by wyse van pertinente besluit, 'n sekere status aan sodanige taal toeken, geniet so 'n taal amptelike status.

Afrikaans geniet hierdie amptelike status reeds sedert 8 Mei 1925.

Steyn (1980:32) sê dat een seker manier om 'n taal te onderdruk, is om hom sy amptelike status te ontnem in 'n gebied waar die mense so 'n taal gebruik.

Die talesituasie, en daarmee ook die kwessie van ampstale in Suid-Afrika, is egter so kompleks dat dit nie met simplistiese oplossings opgelos kan word nie. Vanweë die diversiteit vertoon die multitalige Suid-Afrika tegelyk taalkenmerke eie aan ontwikkelde, sowel as ontwikkelende lande. Hierdie feit bemoeilik die makro-taalbeplanning omdat taalreëlins verskillend lyk in verskillende omstandighede.

Wanneer na die oorhoofse bereëling van taalsake in Suid-Afrika gekyk word, val dit op dat dit op so 'n manier gedoen word dat Suid-Afrika as 'n derdewêreldland hanteer word. Hierdie derdewêreldwerskaamhede spreek die duidelikste uit die feit dat Engels as enigste toekomstige ampstaal vir 'n post-apartheid Suid-Afrika bepleit word as instrument om "eenheid" te skep (Steyn, 1990a:45).

5.5.3 'N HERWAARDERING VAN DIE AMPSTAALSTATUS VAN AFRIKAANS

5.5.3.1 INLEIDING

Die afgelope dekade het bespiegelings oor taalsake in Suid-Afrika sporadies voorgekom. Hierdie debat, wat spesifiek begin konsentreer het op die ampstaalstatus van Afrikaans het die afgelope twee jaar in hewigheid toegeneem.

Wanneer gelet word op die polemieke in Suid-Afrikaanse dagblaie oor Afrikaans, word twee verskillende soorte

bemoeienisse duidelik: aan die een kant is daar 'n begaanheid oor die toekomsverwagtinge van Afrikaans en aan die ander kant is die ampstaalstatus van Afrikaans in die gedrang.

Vervolgens word aandag gegee aan die ampstaalstatus van Afrikaans en word noukeurig gelet op argumente ten gunste van die behoud en argumente ten gunste van die verlies aan ampstaalstatus van Afrikaans.

5.5.3.2 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE BEHOUD VAN DIE AMPSTAALSTATUS VAN AFRIKAANS

In die volgende afdeling word ongeredigeerde uitsprake van verskeie persone weergegee wat ten gunste is van die behoud van Afrikaans as ampstaal:

* Prof. FIJ van Rensburg (Naweek-Volksblad, 31 Maart 1990) lewer 'n pleidooi vir die behoud van die ampstaalstatus van Afrikaans. Hy voer etlike redes aan vir sy pleidooi:

- Afrikaans is die taal wat deur die meeste mense in Suid-Afrika geken en verstaan word.
- Afrikaans is die taal met die wydste verspreiding.
- Die belangrikste letterkunde in Afrika het in Afrikaans tot stand gekom.
- Afrikaans is 'n outentieke simbool aan Afrika as Engels. Vanweë die skerp geartikuleerdheid van die konsonante toon dit duidelike ooreenkoms met die Afrikatale.
- Afrikaans het (naas Engels) 'n baie stewige infrastruktuur.
- Afrikaans se aanspraak op amptelike status staan so sterk as enige ander taal se aanspraak.
- Afrikaans se aanspraak naas Engels op ampstaalstatus staan vandag teweens nóg beter as in 1925: dit het verhou-

dingsgewys teenoor Engels gevorder, dit het Engels oor 'n breë front laat inboet (Ongelukkig gee Van Rensburg nie voorbeelde van die inboetgeleenthede nie. - MV)

- Die negatiewe houding uit bruin en swart geledere teen Afrikaans hoef nie as iets permanents beskou te word nie. 'n Groot persentasie swart mense se Afrikaans is beter as hulle Engels.

- Van Rensburg (1990) is van mening dat die huidige oproep dat Afrikaans "gedepolitiseer" moet word, in wese 'n oproep is dat Afrikaans sy amptelike status moet prysgee. Hierdie depolitiseringsaksie kom enersyds van vyande van Afrikaans en andersyds van vriende. Laasgenoemde se houding spreek grootliks van boetedoening oor die onreg wat dan deur Afrikaans gepleeg sou gewees het. Hulle sê dan ook dat 'n verlies aan amptelike status niks nadeligs vir Afrikaans sal inhou nie.

Van Rensburg (1990) sê dat die vyande van Afrikaans nie voel dat hulle as sodanig deur Afrikaans te na gekom is nie, maar hulle wil deur hierdie houding gewoon Engels se posisie versterk.

- Van Rensburg (1990) stel dit onomwonde dat een van die belangrikste slypgeleenthede vir enige taal, die bekleding van amptelike status is. 'n Taal wat sy status as amptelike taal verloor, moet hierdie slypgeleenthede ontbeer. As gevolg van hierdie ontbering ly dit daartoe dat so 'n taal agter raak in vergelyking met ander tale.

- Die vraag word gevra waarom daar 'n nuwe taalstryd ontketen moet word met die in-gedrang-bring van die amptelike status van Afrikaans. In plaas daarvan kan die energie bestee word aan 'n positiewe bydrae vir 'n nuwe Suid-Afrika. "Wat Afrikaans nodig het, is nie oorlog nie, maar 'n weldadige kragsontplooiing." (Van Rensburg, 1990.)

- Die oplossing vir hierdie taaldebat is eenvoudig: Die lewenskragtigheid en waarde van Afrikaans wat hy oor 'n lang tydperk getoon het, moet bloot erken word. Gewone elementêre hoflikheid moet wedersyds betoon word.

- Betreffende Engelssprekendes se verhouding tot swart volkere, sê Van Rensburg (1990), dat ten spyte van die feit dat swart mense verkies om hulle hoëtaalbehoefte deur Engels te bevredig, swart mense die geleentheid gebied moet word om hulle laetaalbehoefte (byvoorbeeld as onderrigtaal naas hul eie taal) ook in Afrikaans te vervul.

- Die voorstel word gemaak dat waar daar in 'n toekomstige grondwetlike bedeling 'n afskaling van tale moet wees om byvoorbeeld 'n swart taal te akkommodeer, daar gelyke afskaling ten opsigte van Afrikaans en Engels sal wees. Die voorbeeld word gegee dat waar Engels naas 'n swart taal in die onderwyssituasie gekies word, Afrikaans ook die geleentheid as keusetaal moet hê.

In Beeld (30 Mei 1990) sê Van Rensburg dat elke staat 'n amptelike taal of tale nodig het vir sy gladde funksionering. Die natuurlike keuse is om daardie tale wat die veelsydigste ontwikkel is daardie status te gee.

Dit sou onbillik wees van 'n regering om een van die twee waaroor Suid-Afrika tans beskik, te kies ten koste van die ander. Afrikaans en Engels beskik elkeen oor eiesoortige funksionele kwaliteite en hulle vul mekaar dus aan.

Dit is onregverdig om ter wille van internasionale betrekking Afrikaans sy amptelike status te ontnem, omdat daar ook 'n kommunikasiesektor binnelands is wat bedien moet word. En dit is spesifiek op hierdie gebied dat Afrikaans op sy eie selfstandige bene kan staan en vir homself 'n posisie opgebou het wat van wesenbelang is vir die staat se behoefte aan gladde funksionering.

Hierdie positiewe eienskap kanselleer die negatiewe idee dat Afrikaans nie as internasionale kommunikasiemiddel kan optree nie, met reg uit.

Só besien, kan Engels en Afrikaans mekaar aanvul en gelyke aanspraak op ampstaalstatus geniet.

Op die beswaar dat 'n taal wat as amptelike taal aangewys word, bevoordeel word in vergelyking met ander tale, sê Van Rensburg dat dit sy sprekers is wat hierdie posisie vir die taal verdien het.

"Daar rus gevolglik 'n verantwoordelikheid op die moedertaalsprekers van 'n amptelike taal om te sorg dat dit sy voortreflikheid behou en die funksionele bruikbaarheid daarvan verder verfyn." (Van Rensburg, Beeld, 30-05-90)

* **Hennie Aucamp** (Die Burger, 20 Oktober 1991) stel hom baie sterk op teen vooraanstaande Afrikaanse letterkundiges in die taaldebate, soos gepubliseer in INSIG (Mei 1991), vir wie Afrikaans oënskynlik nie veel werd is nie. Aucamp noem hul sentimente "modesimpatieë". Hy sê om jou taal te verrai, aan selfmoord grens.

Hierdie dislojaliteit van Afrikaanse skrywers teen die behoud van die ampstaalstatus van Afrikaans, word deur Aucamp 'n "Raka-ideologie" genoem wat die ondermyning van Afrikaans voor oë het.

"Is Afrikaans eers van binne-uit ondergrawe en van amptelike status beroof, is die verskynsel Afrikaner daarmee heen. Want die taal is "gansch het volk"."

* **Lina Spies** sê dit is merkwaardig dat nóg die staatspresident nóg swart leiers in Suid-Afrika hulle by die taaldebate laat insleep waar dit gaan oor die ampstaalstatus van Afrikaans. Dit is die Afrikaanse skrywers en literatore wat roep om die afskaling van die ampstatus van Afrikaans. Volgens haar (Die Kerkbode, 24 Augustus 1990) het geen taal wat amptelike status verwerf het en dit moes prysgee,

daarna 'n bloeitydperk binnegegaan nie. So 'n taal bloei hom dood.

Indien Afrikaans sy ampstaalstatus verloor, sal Spies voel of 'n Stradivarius uit haar hande geruk is.

* In die briewekolom van Die Burger (6 Julie 1990) vra ds. **Ockie Raubenheimer** hoeveel van die honderde amptelike tale in die wêreld nou eintlik internasionale tale is. Selfs Chinees wat die grootste moedertaal op aarde is, geniet nie internasionale status nie. Mnr. Michail Gorbatsjof wat met sy amptelike Russies nie Engels magtig is nie, word nie daarvan weerhou om sy land in die internasionale arena te verteenwoordig nie.

Ten spyte van al die onreg wat deur Engelssprekendes aan Afrikaanssprekendes gepleeg is (Lord Charles Somerset se taalordonnansie, die donkiekaarte, die Tweede Vryheidsoorlog se konsentrasiekampe en afgebrande plase), het niemand nog daaraan gedink om Engels van sy amptelike status te beroof nie.

* **Marthinus van Schalkwyk**, LV vir Randburg, sê hy meen die Afrikaner is bereid om oor baie dinge te skik, maar wil Afrikaans as amptelike taal bly behou. Van Schalkwyk sien nie Suid-Afrika se ampstaalkrisis se oplossing in die vermindering van die aantal ampstale nie, maar in die daarstel van 'n stelsel van verskeie amptelike tale op streeksgrondslag.

* **Ds. Dries Beukes** (Die Transvaler, 13 Oktober 1990) bepleit die behoud van die amptelike status van Afrikaans omdat die verlies van dié status die verkondiging van die Evangelie baie direk raak. Indien Afrikaans sy amptelike status sou verloor en skoolonderrig deur medium van Engels geskied, sal die oordra van geloofswaarhede (wat alleen optimaal in die moedertaal kan geskied) tuis direk daardeur geraak word. Die verskil tussen spreek- en onderrigtaal mag

moontlik daartoe lei dat Bybelse waarhede nie deur kinders wat in 'n tweedetaal onderrig ontvang, begryp word nie.

* J.C. Steyn (INSIG, Mei 1990) sê dit is 'n bewese feit dat geen taalgemeenskap, wat ter wille van ander tale wil afstand doen van die funksies wat hy reeds bewys het hy kan vervul, groei en vooruitgaan nie.

Amptelike status is vir 'n taal belangrik, omdat dit lewensruimte vir 'n taal skep en die uitoefening van menseregte waarborg.

Omdat ampstaal erkenning 'n kwessie van magspolitiek is, kan geen voorspellings oor die status van Afrikaans gewaag word nie.

Daar is egter argumente te noem wat die teenstanders van Afrikaans as toekomstige amptelike taal stof tot nadenke gee: Afrikaans word oor die hele land deur die meeste mense verstaan; Afrikaans is sodanig verfyn dat dit baie funksies vervul; Afrikaanssprekendes het nooit die taalregte van ander ingeperk nie, maar uitgebrei - wat nie die geval sou wees indien ander regerings aan bewind sou wees nie.

Steyn vra of die amptelike erkenning van Afrikaans in 'n geïntegreerde Suid-Afrika onder 'n hoofsaaklik swart regering enige nut sal hê: Engels is reeds die mees gebruikte taal van die politiek en sal daarom die taal van die wetgewing en uitvoerende gesag word.

* Dr. Gerrit Viljoen (INSIG, Maart 1990) sê hy kan nie sien dat 'n toekomstige Suid-Afrika vreedsaam geloods kan word, as dit nie die bestaande erkenning van Afrikaans, soos van Engels en moontlik ook ander tale, in die grondwet behou nie.

Hy spreek die vertroue uit dat dit nie nodig sal word om Afrikaans as verhandelbare bedingingsinstrument op die onderhandelingsstafel te plaas nie.

Daar is egter 'n voorwaarde aan verbonde: Afrikaanssprekendes self sal moet laat blyk dat hulle nie bereid is om in 'n nuwe Suid-Afrika die status van hulle taal prys te gee nie.

En meteens kom die kern van die probleem van die toekomstige ampstaalstatus van Afrikaans te voorskyn. Dit blyk uit Hoofstukke 3 en 4 van hierdie studie dat Afrikaanssprekendes oor die algemeen nie werklik meer aan hulle taal erg het nie. Of hulle hulle vasberadenheid te kenne sal gee oor die behoud van die ampstaalstatus van Afrikaans, is op hierdie stadium nog 'n vraag.

Viljoen stel Afrikaans gelyk met ander tale as amptelike tale van die toekoms en sê dat Afrikaans sy posisie in die nuwe Suid-Afrika sal moet bly handhaaf.

"Die les wat ander lande geleer het wat roekeloos met taalregte en taalsentimente omgegaan het, is baie duur." (Viljoen, INSIG, Maart 1990.)

Dr. Viljoen was ook die spreker by die Lentegradeplegtigheid van die PU vir CHO in September 1990, en het gesê dat die voortsetting van Afrikaans, soos Engels as amptelike landstale, nie eens 'n debatsonderwerp behoort te word nie.

* Staatspresident FW de Klerk, wat ook hoofbeskermheer van die ATF is, het ten tyde van die jaarlikse nasionale raadsdinee van die ATF op 7 Junie 1990 in Bloemfontein, gesê dat wanneer oor taal in die nuwe Suid-Afrika onderhandel word, hy nie kan sien dat Afrikaans in die gedrang sal wees nie. "Ons is dit aan Afrikaans verskuldig om hom sy regmatige plek in 'n nuwe Suid-Afrika te gee." (De Klerk, 1990.)

5.5.3.3 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE VERLIES VAN DIE AMPSTAAALSTATUS VAN AFRIKAANS

5.5.3.3.1 DIE BESWARE TEEN AFRIKAANS AS AMPSTAAL

Die redenasies in hierdie afdeling, soos in die voorafgaande paragraaf, word ongeredigeerd weergegee.

* Etienne van Heerden (Rapport, 8 April 1990) sê dat hy geïrriteerd voel oor al die debatte oor die toekoms van Afrikaans. Hy sê dat Afrikaans ruik en proe na Afrika.

Hy sê onomwonde dat daar nie geknoei moet word om Afrikaans kunsmatig aan die lewe te hou nie. Dit kan vertolk word dat hy nie voel dat daar grondwetlike beskerming aan die taal verleen moet word nie.

* André P. Brink (Die Burger, 3 Augustus 1990) sê dit sal juis vir Afrikaans 'n genade wees om nie in die toekoms meer 'n amptelike taal te wees nie. Ontdaan van sy amptelike status en die magsindrome van 'n amptelike taal, sal dit vir Afrikaans moontlik wees om "menstaal" te wees.

Hy voorsien dat Engels as gemeenskaplike bindingstaal in Suid-Afrika sal optree en dat Afrikaans saam met die ander inheemse tale op streeksvlak as eerste- of tweedetale sal dien.

Hy sê dat Afrikaans weer nuwe vooruitsigte op groei gekry het toe die bevolking en die gewone mense besluit het om die taal terug te neem uit die wurggreep van apartheid en die blanke beheergroep.

* John Schutte, direkteur van die Taalstaatsdiensburo (Die Burger, 7 Desember 1990), sê dit is te duur om aan alle tale in Suid-Afrika gelyke status te gee. Hy sê dat mense onrealistiese verwagtinge vir die gelykheid van alle tale in Suid-Afrika koester, omdat hulle maatskaplike gelykheid op

alle vlakke wil sien. Alle tale het miskien gelyke potensiaal, maar almal is nie ewe bruikbaar as amptelike tale nie.

Schutte kom tot die gevolgtrekking dat die hulpbronne wat gebruik sou kon word tot die ontwikkeling van nóg bykomende ampstale, eerder aangewend moet word om mense die geleentheid te bied om deur medium van Engels toegang tot die akademiese wêreld te verkry.

* Dr. Beyers Naudé (INSIG, Mei 1990) sê hy het 'n probleem wannneer geëis word dat die posisie van Afrikaans in 'n toekomstige grondwet vasgelê word. Hy is nie tevrede dat minderheidsgroepe se regte in 'n konstitusie verskans word nie, omdat dit probleme kan skep. (Naudé sê nie watter probleme nie - MV.)

Naudé glo nie dit sal moontlik wees om die amptelike status van Afrikaans in 'n nuwe grondwet te handhaaf nie. Aangesien Engels deur die meeste mense in Suid-Afrika as tweede-taal gebruik word, is dit die aangewese taal om as amptelike taal te gebruik. Deur Afrikaans op te dwing aan die meerderheid mense in die land, sal die teenoorgestelde uitwerking hê as wat oorspronklik beoog is: in ons angswallige pogings om Afrikaans te bewaar, sal dit verloor word. Hy sê ook dat 'n taal nie noodwendig agteruit sal gaan indien hy van sy amptelike status ontnem word nie. 'n Taal is inherent verbonde aan die mense wat hom praat.

In ander multitalige lande moes hulle dié taal as amptelike taal kies wat die gemaklikste omgangstaal is - in Suid-Afrika sal dit outomaties Engels wees.

Naudé beklemtoon die feit dat die Afrikaner deur sy optrede (onder meer deur apartheid wat aan mense opgedwing is) 'n sterk verzet teen Afrikaans geskep het. Om hierdie rede sal dit nie vreemd aandoen indien die ANC by die onderhandelings tafel sou sê dat hy Afrikaans eenvoudig nie as een van die amptelike tale kan aanvaar nie.

* **Fanie Olivier** (INSIG, Mei 1990) sê "dis verby met Afrikaans as amptelike taal". Om praktiese redes (ekonomies en staatkundig) moet die keuse op Engels val. Hy sê ook dat die wegneem van ampstaalstatus nie die binne-goed van die taal sal aanraak nie.

Olivier kritiseer persone of instansies wat sê dat die amptelike posisie van Afrikaans ononderhandelbaar is - dit is die bestaan van 'n taal wat ononderhandelbaar is.

* **Gerrit Olivier** (INSIG, Mei 1990) is van mening dat die huidige stemme wat opgaan ten gunste van die behoud van die amptelike status van Afrikaans nie water dra nie. Daar moet geen dwang opgelê word om Afrikaans sy posisie in 'n nuwe bedeling te laat vind nie.

* **Chris Barnard** (INSIG, Mei 1990) betoog dat dit wetboeke was wat aan Afrikaans die bitter smaak gegee het wat dit vandag vir baie mense het. Hierdie spesifieke feit is die rede dat Afrikaans so in diskrediet is dat daar op die oomblik oor sy voortbestaan gedebatteer word. Barnard stel voor dat tale amptelike status op streeks-grondslag moet geniet.

* Die ampstaalstatus van Afrikaans geniet ook die aandag van politieke partye: die **KP** en **HNP** sê dat die politieke verwikkelinge in ons land daarop dui dat Afrikaans nie meer as ampstaal behoue sal kan bly nie (Steyn, 1990b:305).

5.5.3.3.2 KATEGORISERING VAN DIE BESWARE

Wanneer goed gelet word op die standpunte van diegene (meestal Afrikaanse skrywers) wat wil toesien dat Afrikaans sy ampstaalstatus moet verloor, val die hoofbesware in 'n paar kategorieë uiteen.

* Daar is diegene wat sê dat wanneer Afrikaans sy ampstaalstatus behou, dit met dwang gepaard sal gaan en verset teen die taal sal uitlok.

'n Voortsetting van aspekte van die huidige beleid hoef geen weerstand uit te lok nie: Watter nie-Afrikaanssprekendes sal weerstand bied of te na gekom voel indien belastingvorme, wette en wetsontwerpe óók in Afrikaans beskikbaar is of wanneer Afrikaans ook naas ander tale, in die massakommunikasiemedia gebruik word (Steyn, 1990b:305).

Weerstand en wrywing teen die wetlike toepassing van 'n taal is egter heeltemal moontlik op die volgende terreine: die keuse van onderrigmediums; die aanstelling en bevorderingsmoontlikhede van amptenare; die besteding van owerheidsgeld.

Ten opsigte van die eerste saak is daar nie probleme nie, want die keuse van onderrigmedium word na 1976 nie meer afgedwing nie. Ten opsigte van die invloed van taalkennis by die aanstelling en bevordering van amptenare kan daar bloot bespiegel word, omdat niemand weet wat die houding van 'n toekomstige regering teenoor Afrikaans sal wees nie. Steyn (1990:306) sê die NP sal nie in 'n nuwe Suid-Afrika aan die bewind wees nie. - Om hierdie rede is die dwang-elementbeswaar nie geregverdig nie.

Die taal wat in werklikheid afgedwing gaan word, is Engels - ook al geniet die ander tale in Suid-Afrika in beginsel gelyke regte.

Hoewel die uitoefening van taalregte finansiële implikasies het, kos die nalewing van taalregte nie fortuine nie (Steyn, 1990b:306). Dit veraangenaam die lewe van mense om staatsdokumente en belangrike kennisgewings in hul eie taal te ontvang.

* Affirmatiewe aksie (Steyn, 1990b:306) gaan daardoor dat Afrikaans sy amptelike status ontnem word en dat dit aan die ander tale (byvoorbeeld Nguni- of Sothotale) gegee word.

Die bedoeling is dat Afrikaans dan moet "wag" sodat hierdie tale die geleentheid kry om gelyk te kom met Afrikaans. Hier word dus as't ware onreg gepleeg deur die onreg van die verlede reg te stel. - 'n Mens sou dit ook 'n tipe regstellende diskriminasie kon noem.

Dit is vreemd dat hierdie beleid nie vir Engels voorgestel word nie (Steyn, 1990b:306-7). Die vraag word gevra of Engels met minder onreg in Suid-Afrika gevestig is as Afrikaans.

Hierdie affirmatiewe aksie kom neer op "koelbloedige selektiewe morele selektiwiteit" indien beleidmakers Afrikaans wil straf en aan ander tale opsigtelike bevoordeelde posisies wil toeken (Steyn, 1990b:307).

* Heelwat voorstanders van die idee dat Afrikaans sy ampstatus moet verloor, sê dat 'n taal se voortbestaan nie afhang van die "seën van die grondwet" nie.

Dit moet duidelik gemaak word dat geen taal van grondwetlike bepalinge alleen afhanklik is vir sy voortbestaan nie. En dit is ook nie die bedoeling van diegene wat die behoud van amptelike status van Afrikaans bepleit nie. 'n Taal se volle funksiepotensiaal kan alleen ontwikkel word, wanneer dit grondwetlik beskerm word.

* Die mening word ook uitgespreek dat 'n verlies aan status nie die voortbestaan van Afrikaans bedreig nie.

Fanie Olivier (Rapport, 18 Maart 1990) sê dat Zoeloesprekers nie met sulke lawwe angste rondloop nie.

Daar kan egter géén vergelyking tussen Afrikaans- en Zoeloesprekende taalgemeenskappe getref word nie: die Zoeloes is hoofsaaklik eentalig en vorm 'n relatief landelike gemeen-

skap met 'n hoë geboortesifer. Afrikaanssprekendes is gewoonlik tweetalig, vertoon 'n lae geboortesifer en woon in 'n gemoderniseerde en oorwegend stedelike gemeenskap.

Eentalige taalgemeenskappe is nie onderworpe aan die druk van taalverskuiwing nie, terwyl tweetalige taalgemeenskappe (vanweë 'n verskeidenheid redes - byvoorbeeld beroepsgerigte onderwys, druk van die massamedia) blootgestel is daaraan.

Hierdie beswaar teen die behoud van Afrikaans se amptstaalstatus dra nie water nie, want onvergelykbare entiteite word met mekaar vergelyk.

* Voorstanders van die aflê van die amptelike status van Afrikaans sê dat skrywers nie gaan ophou skryf nie en dat die Afrikaanse letterkunde sal bloei indien dit nie meer amptaal is nie.

Die implikasies van 'n verlies aan amptstaalstatus vir Afrikaans lê op drie terreine wat die skrywers van Afrikaans ten nouste gaan raak (Steyn, 1990b:308):

- demografiese implikasies,
- ekonomiese implikasies,
- kulturele implikasies.

Dit is demoraliserend om te skryf in 'n taal wat lyk of dit geen toekoms het nie en waarvan die aantal lesers gaan afneem. Skrywers sal hulle dus tot Engels wend as die medium waarin hulle kreatiewe werk verskyn.

Die ekonomiese gevolge is dat heelwat mense wat by Afrikaans betrokke is (vertalers, taalversorgers, onderwysers en dosente van Afrikaans, Afrikaanse radio-en TV-aanbieders) hulle werk sal verloor. Dit sal 'n negatiewe invloed op die aantal potensiële lesers en boekkopers van die Afrikaanse letterkunde hê.

Enige taal moet die reg hê om in die kultuurlêwe van 'n taalgemeenskap te leef. Indien dit nie gebeur nie, sal dit lei tot die agteruitgang van sekere registers, byvoorbeeld die wetenskapsregister en die staatsapparaatregister. Omdat die letterkunde put uit al die verskillende registers, sal dit 'n negatiewe invloed uitoefen, indien Afrikaans nie meer vir verskillende hoë en lae taalregisters gebruik word nie. Wanneer die Afrikaanse wêreld beperk word, moet die Afrikaanse letterkunde negatief daardeur beïnvloed word.

* Daar is ook mense wat sê dat Afrikaans in die verlede bo verdienste bevoordeel is en daarom nie reg het op toekomstige ampstaalstatus nie.

Steyn (1990:308) bewys dat geen taal in Suid-Afrika ooit so bevoordeel is soos Engels nie en sê dat sulke uitlatings die vyande van Afrikaans in hulle kwaad sterk.

5.5.3.4 GEVOLGTREKKING

Dit word uit bogenoemde besware teen die behoud van die ampstaalstatus van Afrikaans in 'n toekomstige staatkundige bedeling duidelik, dat daar wetenskaplik gegronde antwoorde gegee kan word op doemprofete se besware teen die toekomstige amptelike erkenning van Afrikaans.

Dit kom voor of daar geen taligheid as motivering agter die redenasies ten gunste van die verlies van die amptelike status van Afrikaans lê nie. Die argumente is polities-emosioneel van aard. Geen taalbesluit kan geneem word sonder 'n talige wetenskaplike begroning nie.

Dit kom uit die argumente voor of die voorstanders van die idee dat Afrikaans sy ampstaalstatus moet prysgee, die

taligheid daarvan vergeet het. Emosionele argumente sonder wetenskaplike begronding blyk die oorsaak te wees vir hierdie negatiewe houding oor die status van Afrikaans.

Dit word uit paragraaf 5.5.3.3 duidelik dat die insleep van van die amptelike status van Afrikaans by die grondwetlike debat oor die nuwe Suid-Afrika van alle taalwetenskaplike gronde ontdaan is.

Dit is duidelik dat die redes wat aangevoer word waarom Afrikaans dan nie sy amptelike status moet behou nie, wetenskaplik ongegrond is. Dit berus op blote emosionele beredenerings. Dit het gelukkig ook duidelik geword dat daar vir elkeen van hierdie bewerings taalwetenskaplike teenredenasies gevind kan word wat die onwetenskaplikheid daarvan bevestig.

5.6 MAKROVLAKTAALBEPLANNING VIR SUID-AFRIKA

5.6.1 INLEIDING

Dit is tot dusver duidelik dat Suid-Afrika 'n multitalige land met elf hoofgroepe tale en twee amptelike tale is. Die demografiese verspreiding van taalgroepe en hulle taalkennis is in oënskou geneem. Die ampstaalkwessie en spesifiek die besware teen die behoud van Afrikaans as een van die toekomstige amptelike tale het reeds aandag geniet.

Vervolgens word gepoog om by wyse van wetenskaplike ondersoek te bepaal hoe 'n taalbeleid vir hierdie multitalige situasie daar moet uitsien.

5.6.2 DIE TEORIE VAN TAALBELEIDSBEPLANNING GEMEET AAN DIE EMPIRIESE TALESITUASIE IN SUID-AFRIKA

Schuring (1990) onderskei sewe beginsels wat 'n rol moet speel in die formulering van 'n taalbeleid:

- * regverdigheid,
- * regsgeldigheid,
- * gemeenskaplikheid,
- * bevordering van kommunikasie,
- * aanvaarbaarheid,
- * uitvoerbaarheid,
- * gelykheid.

Hierdie beginsels moet kan lei tot 'n taalbeleid wat gekenmerk word deur "akkommodasie" : 'n taalbeleid waardeur aan al die tale onder bepaalde voorwaardes status gegee word. Hierdie akkommodasie beteken verder dat daar aan Afrikaans en Engels en die ander tale soveel as moontlik amptelikheid gegee word.

5.6.2.1 REGVERDIGHEID

Regverdigheid as taalbeleidsbeginsel beteken dat alle tale in Suid-Afrika en die totale multitalige Suid-Afrikaanse situasie in berekening gebring moet word wanneer taalbeleidsbesluite geneem word.

Hierdie eis om regverdigheid is moeilik haalbaar wanneer die komplekse verspreidingspatrone van tale in die multitalige Suid-Afrikaanse konteks in berekening gebring word.

Die huistaalverspreiding van tale in Suid-Afrika gee aanduiding hoe moeilik dit sal wees om 'n absoluut regverdige taalbeleid vir 'n toekomstige Suid-Afrika daar te stel:

* 16% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking (TBVC-lande ingesluit) se huistaal is Afrikaans;

* 9% se huistaal is Engels.

* Die nege Afrikatale wat ook amptelike status in die onafhanklike state geniet se huistaalverspreiding lyk s6:

Zulu	21%
Xhosa	18%
Swazi	2%
Noord-Sotho	9%
Suid-Sotho	7%
Tswana	8%
Tsonga	4%
Venda	2%

* Immigrantetale wat geen amptelike status geniet nie (byvoorbeeld Portugees, Duits, Italiaans, Hollands, Asiatiese tale en ander) vorm die huistaal van 2% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking.

'n Mens hoef geen kenner te wees om te kan sê dat ook die geografiese verspreiding van tale in Suid-Afrika 'n baie komplekse verspreidingspatroon vertoon nie. Suid-Afrika kan in streke verdeel word waar 11 van die 12 huistale dominant voorkom (Grobler et al., 1990).

Die volgende statistiek is van belang wanneer gelet word op die huistaalverspreiding van Afrikaans (Grobler, 1990a:10):

Afrikaans vorm die dominante huistaal in die volgende streke: In die Wes-Kaap dui meer as 80% van die bevolking

aan dat Afrikaans hul huistaal is. In die Kaapse Skiereiland, die sentrale en Oos-Kaap en Noord-oos Kaap is Afrikaans die huistaal van tussen 20% tot 80% van die bevolking.

In Transvaal en spesifiek in die Pretoriastreek dui 40% tot 60% van die bevolking Afrikaans as huistaal aan.

Wanneer gelet word op die bevolkingsdigtheid, word dit duidelik dat die gebiede waar Afrikaans as dominante huistaal aangegee word, baie yl bevolk is - tussen 5 000 en 100 000 mense per landroosdistrik. Die geografiese areas wat deur hierdie landroosdistrikte gedek word is oor die algemeen ook groter as in ander gevalle.

Engels vorm 'n baie lae huistaalverspreiding dwarsdeur die land: tussen 0,1% en 20,0% (Grobler, 1990:10). Hoër Engelse huistaalkonsentrasies word aangetref in die Kaapse Skiereiland en PWV-gebied (tussen 0,1% en 60%) en die Durban-Pinetowngebied (20,1% tot 80%).

Xhosa vorm die dominantste huistaal in Ciskei, Transkei en die Oos-Kaap; Zulu in Kwa-Zulu en Natal; Suid-Sotho in Qwa-Qwa en die OVS; Tswana in Bophuthatswana en omliggende gebiede; Noord-Sotho in Lebowa en sentraal Transvaal; Tsonga in Gazankulu; Swazi in Ka-Ngwane en Suidoos-Transvaal en Ndebele in Kwa-Ndebele.

Vanweë taalstreke waar daar meer as twee huistaalgroepeerings voorkom, is die groepering van huistale volgens streke, relatief (Schuring, 1990:4).

Die eis om regverdigheid as taalbeleidsbeginsel eis dat alle tale met hulle komplekse verhoudingstrukture in berekening gebring moet word wanneer 'n taalbeleid geformuleer moet word.

5.6.2.2 REGSGELDIGHED

Daar is drie maniere waarvolgens 'n taal regsgeldigheid kan bekom:

- * Alle taalregte word deur 'n handves van menseregte beskerm.
- * Een of meer tale kan amptelike status geniet.
- * Een of meer tale kan vergunde amptelike status geniet.

Hierdie belangrike taalbeleidsbeginsel bepaal die mate waarvoor daar vir 'n taal voorsiening gemaak word in die wetgewing van 'n land.

Vanweë die kompleksiteit van die taalsituasie in Suid-Afrika, sal dit dalk makliker wees om geen taalwetgewing te hê nie (Schuring, 1990:5). Die voordeel hiervan sou wees dat alle tale gelyke status sal geniet. Maar omdat minderheidstale deur die loop van die wêreldgeskiedenis tradisioneel onderdruk is, sal die afwesigheid van taalwetgewing nie die unieke Suid-Afrikaanse talesituasie bevredigend kan reël nie. Die bevredigendste manier waarop minderheidstale beskerm kan word, is deur taalbepalings in 'n handves van menseregte (sien paragraaf 5.4.2).

Duidelike argumente kan aangevoer word hoekom ampstaalkwessies nie slegs deur 'n menseregte-akte gereël moet word nie (sien paragraaf 5.4.2.2).

Daar is inderdaad Afrikalande wat oor geen amptelike tale beskik of beskik het nie: Somalië, Ghana, Guinea, Tanzanië (Schuring, 1990:6). Hierdie afwesigheid van neergelegde amptelike tale het meestal chaotiese resultate: In Tanzanië word daar op lukrake manier afwisselend van Engels en Swahili as amptelike tale gebruik gemaak. Dit het tot gevolg dat die kognitiewe ontwikkeling van skoolkinders skade gely het.

Ter wille van vooruitgang en voorspoed in 'n land is dit van die uiterste belang dat dit oor 'n amptelike taal of tale moet beskik.

Benewens 'n menseregte-akte en die aanwys van amptelike tale, kan 'n taal ook regsgeldigheid verkry deur dat 'n owerheid of regeerder bepaal dat so 'n taal vergunde amptelike status verkry. Dit beteken dat so 'n taal, bykomend tot reeds bestaande amptelike tale gebruik mag word. 'n Vergunde amptelike taal word dus as't ware naas die bestaande amptelike tale geduld wanneer mense met die staat kommunikeer en andersom. Die verskil tussen amptelike tale en vergunde amptelike tale is dat eersgenoemde verpligtend gebruik word en daar 'n opsionaliteit lê in die gebruik van vergunde amptelike tale.

Schuring (1990:7) sê dat 'n vergunde amptelike taal gewoonlik 'n nasionale taal is.

'n Voorbeeld van vergunde amptelike tale in Suider-Afrika word in die Transkei aangetref waar bepaal word dat Xhosa die amptelike taal is, maar dat Sesotho, Engels en Afrikaans gebruik mag word vir administratiewe, wetgewende en regsdoeleindes.

Wanneer die drie tipes regsgeldigheidsbeginsels in hiërargiese orde geplaas word, is die bekleding van amptelike status die hoogste, gevolg deur vergunde amptelike status en derdens deur regsgeldigheid wat aan tale verleen word deurdat dit deur 'n menseregte-akte beskerm word.

5.6.2.3 GEMEENSKAPLIKHEID

Gemeenskaplikheid as taalbeleidsbeginsel dui daarop dat dié taal of tale wat amptelike status geniet, wydverspreid verstaan en gebruik moet word. In Tanzanië is byvoorbeeld Swahili, as die lingua franca van Oos-Afrika, gekies as amptelike taal.

Dit word uit die beredenering in paragraaf 5.3 duidelik dat Afrikaans en Engels die algemeenste in Suid-Afrika verstaan en gepraat word en daarom aan hierdie eis om gemeenskaplikheid voldoen.

Indien een van hierdie twee tale van hulle amptelike status afstand moet doen, om sodoende eenheidskeppend te werk te gaan, sal dit verskeurdheid tot gevolg hê (Schuring, 1990:11).

Die praatkennisverspreiding van Afrikaans en Engels in Suid-Afrika lyk volgens die RGN-Taalatlas (Grobler, et al., 1990:59 e.v.) soos volg:

59% van die totale bevolking gee aanduiding dat hulle 'n praatkennis van Afrikaans het - 19,8% hiervan vorm die primêre taalgemeenskap en 39,1% die sekondêre taalgemeenskap. Grobler (1990b:59) meen dat die aantal mense per landdrosdistrik wat aandui dat hulle Afrikaans magtig is, méér is as diegene wat aandui dat hulle Engels magtig is.

57,1% van die totale bevolking gee aanduiding dat hulle 'n praatkennis van Engels het - 11,4% van hierdie persentasie vorm die primêre taalgemeenskap en 45,7% die sekondêre taalgemeenskap.

Wanneer die persentasies taalgemeenskappe met 'n spreek-taalkennis van Afrikaans en Engels met mekaar vergelyk word,

word dit duidelik dat die sekondêre taalgemeenskap vir Engels groter is as dié vir Afrikaans (45,7% teenoor 39,1%). Hierdie persentasieverskil kom neer op 1 646 668 meer mense wat, naas hulle moedertaal, ook 'n spreektaalkennis van Engels het, as wat vir Afrikaans die geval is (Grobler, 1990b:59).

Die geografiese verspreiding van die spreektaalkennis van Afrikaans lyk soos volg:

- In Kaapland, uitgesonderd die distrikte van Vryburg (60,1% - 80%) en die Oos-Kaapstreek (0,1% - 60%) dui meer as 80% van die inwoners ouer as 15 jaar aan dat hulle 'n spreektaalkennis van Afrikaans het.

- In die westelike deel van die OVS dui meer as 80% van die bevolking aan dat hulle 'n spreektaalkennis van Afrikaans het. Die streke oos van Hoopstad-Bloemfontein en suid van Bothaville-Frankfort wissel tussen 20,1% en 80%.

- Die Durban en Pietermaritzburgstreke in Natal se spreektaalkennis van Afrikaans wissel tussen 40,1% en 60%. Ander streke in Natal toon 'n lae spreektaalkenniskoers (0,1% - 40%).

- In die suid-westelike dele van Transvaal en in die Pretoria-Cullinandistrikte het meer as 80% van die bevolking 'n spreektaalkennis van Afrikaans. Die ander streke in Transvaal vertoon 'n koers van tussen 40% en 80%, uitgesonderd Barberton, Oberholzer, Westonaria en die selfregerende state (20,1% - 40%) en Wakkerstroombestreek (0,1% - 20%).

Die geografiese verspreiding van Afrikaansmagtige persone se konsentrasie word op die platteland aangetref. Die stedelike gebiede (uitgesonderd Pretoria) se spreektaalindeks van Afrikaans lê in die groep 40,1% tot 60%. Natal vertoon oor die algemeen 'n lae spreektaalkoers vir Afrikaans.

Die geografiese verspreiding van persone wat aangedui het dat hulle 'n spreektaalkennis van Engels het, lyk soos volg:

- In die Kaapprovinsie vertoon die Kaapse Skiereiland en Port Elizabethdistrikte 'n verspreiding van meer as 80%. Die distrikte van Oos-Londen, Kimberley, Mosselbaai lê in die 60,1% tot 80%-kategorie. Die gebiede wat in direkte omstreke van bogenoemde hooggekonsentreerde areas lê, se verspreidingsindeks is tussen 40,1% en 60%.

- In die Bloemfontein en Sasolburgdistrikte in die OVS gee 60,1% tot 80% van die bevolking aanduiding dat hulle 'n spreektaalkennis van Engels het. In 10 ander distrikte lê die spreektaalindeks tussen 40,1% en 60%. In die oorblywende OVS-distrikte is die spreektaalindeks 20,1 - 40%.

- Meer as 80% van die inwoners van die distrikte van Durban, Inanda, Pietermaritzburg en Pinetown in Natal het 'n spreektaalkennis van Engels. In Newcastle is die indeks 60,1% tot 80%.

- In Transvaal, in die distrikte van Benoni, Germiston, Johannesburg, Pretoria en Randburg is die verspreidingsindeks van die spreektaalkennis van Engels meer as 80%. In die naasliggende gebiede - Middelburg/Witbank-, Nelspruit/Waterval-Boven- en Pietersburgdistrikte is die indeks 40,1% tot 60%. In die oorblywende dele van Transvaal (uitgesonderd Wakkerstroom waar dit 0,1% tot 20% is) is die verspreidingsindeks van die spreektaalkennis tussen 20,1% en 40%.

Dit word duidelik dat die hoogste konsentrasie van mense met 'n goeie spreektaalkennis van Engels in die stedelike gebiede is en ook in ander groot dorpe soos Kimberley, Oos-Londen en Mosselbaai.

In ander multitalige wêreldlande (byvoorbeeld Switserland) word aan die eis om algemeenheid beantwoord deurdat verskillende amptelike tale in verskillende kantons gebruik word. Wanneer in Suid-Afrika gehoor gegee word aan die voorgestelde nege streeksowerhede, behoort die verskillende amptelike tale vir verskillende streke oplossing te bring vir die ampstaalkwessie.

Die Switserse model is nog nie in Afrikalande aanvaar nie, omdat dit enersyds 'n administratiewe lomp stelsel is en andersyds omdat dit nasionale eenheid belemmer (Schuring, 1990: 9).

Ter wille van nasionale eenheid gebeur dit in Afrika dat net een amptelike taal aanvaar word. Namibië met Engels as enigste amptelike taal dien as voorbeeld.

Schuring (1990:10) stel dit duidelik dat multitaligheid nooit as 'n bedreiging vir nasionale eenheid bestempel moet word nie.

Dit is belangrik dat die gemeenskaplikheidsbeginsel nie met taalassimilasie verwar moet word nie. Assimilasie geskied wanneer een taal alle ander tale vertrap en verswelg in die bereiking van sy amptelike status.

5.6.2.4 BEVORDERING VAN KOMMUNIKASIE

Een van die primêre beginsels van 'n amptelike taalbeleid is dat effektiewe kommunikasie moontlik gemaak moet word.

In 'n multitalige Suid-Afrikaanse samelewing word doeltreffende kommunikasie verhinder deur 'n gebrek aan kennis van mekaar se tale.

Hierdie kommunikasiebeginsel impliseer dat daar in Suid-Afrika uiteindelik 'n multitalige taalbeleid tot stand moet kom. Afrikatale sou dus naas Afrikaans en Engels 'n ampstaalposisie moet kan beklee.

Die eis om kommunikasie hou verder in dat 'n slegs Engels- of slegs Afrikaans-beginsel vir die daarstel van 'n amptelike taalbeleid nie uitvoerbaar is nie.

Dit is reeds in paragraaf 5.3 aangedui dat Afrikaans en Engels die wydverspreidste tale in Suid-Afrika is.

Daar kon oor die jare heen 'n toename in mense se begrip van dié twee tale aangetoon word (Schuring, 1990:11). In 1946 kon 35% van die totale bevolking (TBVC-lande ingesluit) Afrikaans praat en in 1980 was dit 44%. In 1946 kon 28% van die totale bevolking Engels praat en in 1980 was dit 40%.

Volgens vooruitskatting behoort die positiewe groeikoers in die toekoms gehandhaaf te word (Schuring, 1990:11). Hierdie stelling is waar van Engels omdat swart kinders deur medium van Engels van standerd 3-vlak af skoolgaan. Dit is egter nie waar van Afrikaans nie, omdat hy van hierdie hoëtaal-funksie afstand moes doen binne swart onderwysgeledere.

Die Suider-Afrikaanse bevolking se tweetaligheidsvlak ten opsigte van Afrikaans en Engels het ook met die jare toegenem. In 1970 was 26,11% van die totale bevolking (TBVC-lande ingesluit) Engels sowel as Afrikaans magtig. In 1980 was dit 31,45% en in 1990 was dit 34,21%. Die vooruitskatting word gemaak dat teen die jaar 2000 37,99% van die totale Suider-Afrikaanse bevolking 'n spreektaalkennis van Engels sowel as Afrikaans sal hê (sien Schuring, 1990).

Hoewel Afrikaans en Engels die algemeenste verstaan en gebruik word, bied hulle nie as sodanig 'n bevredigende oplossing tot die eis om kommunikasie nie: In 1980 het 47,45% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking nie oor

voldoende kommunikasievaardighede in Afrikaans of Engels beskik nie (Schuring, 1990:35); 71% van alle swart Suid-Afrikaners kan nie Afrikaans praat nie; 74% kan nie Engels praat nie (Schuring, 1990:12).

Vergelyk in hierdie verband ook die statistiek in verband met swart mense se begripvlak van Afrikaans (sien paragraaf 3.7.2).

Die omvang van hierdie probleem word groter wanneer in berekening gebring word dat slegs 7,4% van alle Suid-Afrikaanse Asiërs, blankes en bruin mense in 1980 'n swart taal magtig was.

Ter voldoening om die eis van kommunikasie, moet daar verder as Engels (wat 'n internasionale taal is en ook die taal van die tegnologie, wetenskap en handel) as amptelike taal gekyk word. Afrikaans as amptelike taal stel Suid-Afrika in staat om met Nederland en België te onderhandel; Tswana open die deure tot Botswana; Suid-Sotho tot Lesotho; Swazi tot Swaziland; Zulu en Venda tot die Nedeble en Venda in Zimbabwe (Schuring, 1990:12).

5.6.2.5 AANVAARBAARHEID

Aanvaarbaarheid as taalbeleidsbeginsel beklee 'n prominente plek in die aanwysing van 'n amptelike taal of tale. Aanvaarbaarheid is alleen moontlik indien die taalhouding van taalgemeenskappe bepaal kan word.

Schuring (1990:13) bepaal (ten spyte van die gebrek aan behoorlike sensusgegevens) die volgende taalvoorkeure:

- * 37% - 50% van die totale bevolking verkies Engels,
- * 23% - 46% verleen voorkeur aan 'n Afrikataal,

* 18% - 27% verkies Afrikaans.

Hiervolgens verklaar Schuring (1990:13) dan dat Engels deur die meeste mense in Suid-Afrika verkies word, gevolg deur Afrikaans en daarna gevolg deur Afrikatale. (Dit is nie duidelik hoekom daar aangedui word dat Afrikaans bo die inheemse Afrikatale verkies word nie. - MV)

Die dominante voorkeur aan Engels bo die ander tale word deur verskillende redes veroorsaak:

- Binne verloop van slegs 'n paar dekades het Asiërs 'n taalverskuiwing ten gunste van Engels ondergaan: in 1946 het 4% Asiërs Engels as huistaal gebruik; in 1980 was die gebruiksindeks 84%.

- Binne die geledere van die bruin bevolking, veral in stedelike gebiede, is 'n soortgelyke taalverskuiwing aan die gang. 'n RGN-onderzoek in 1979 het bepaal dat een-derde van die bruin bevolking as Engelssprekend gereken wil word en meer as die helfte het verklaar dat hulle verkies om deur medium van Engels skoolonderrig te ontvang.

- Dis 'n bekende feit dat swart mense Engels bo Afrikaans verkies. Tussen 33,3% en 50% van die swart bevolking verleen voorkeur aan Engels; tussen 8% en 20% aan Afrikaans en tussen 23% en 46% aan 'n Afrikataal.

- 57% van alle Suid-Afrikaanse blankes se huistaal is Afrikaans en 38% gebruik Engels as huistaal. Hiervolgens kan aangedui word dat waarskynlik die helfte van die blanke bevolking Engels verkies en die ander helfte Afrikaans (Schuring, 1990:14).

Vanweë die veelheid inheemse tale in Suid-Afrika is dit duidelik dat swart mense se taalloyaliteite nie alleen deur Afrikaans en Engels verdeel word nie, maar ook deur die verskillende Afrikatale.

Suid-Afrika beskik dus nie oor een taal wat deur al sy inwoners aanvaar word nie. Omdat elke taal sy eie aanhang het, behoort daar wat amptelike tale aangaan, nie alleen voorsiening gemaak te word vir slegs Afrikaans en Engels nie, maar ook vir die Afrikatale. Vanweë huistaal- en geografiese verspreiding is dit moeilik om 'n enkele swart taal as derde amptelike taal uit te sonder.

Die wenslikheid van 'n drietalige amptelike talebestel in reeds in 1974 onder blankes bepaal en in 1979 onder die bruin bevolking (Schuring, 1990:15). Dit het toe reeds duidelik geword dat 'n taalbeleid met drie amptelike tale nie deur die bevolking as onaanvaarbaar bestempel sal word nie.

5.6.2.6 UITVOERBAARHEID

Die praktiese uitvoerbaarheid van 'n taalbeleid moet gewaarborg kan word. Indien 'n taalbeleid vir 'n multitalige Suid-Afrika aanvaar word waarin meer as een amptelike tale vervat word, moet aan sekere voorwaardes voldoen word.

- * die geografiese verspreidingspatrone van sodanige amptelike tale,
- * die verhouding tussen die amptelike tale, met ander woorde in watter mate daar 'n keuse vir mense gelaat word om óf die een óf die ander as amptelike taal te gebruik,
- * die voorsiening wat gemaak word sodat die implementering van die amptelike tale nie te bindend op die inwoners is nie.

Voordat tot die voorwaardes vir uitvoerbaarheid oorgegaan word, moet die kwessie van die hoeveelheid amptelike tale onder die vergrootglas geplaas word: Baie lande ter wêreld

het net een amptelike taal - dit lewer nie alleen die minste probleme nie, maar is ook 'n ekonomies voordelige stelsel. Meer as 20 lande het 'n tweetalige taalbeleid. Daar is min lande wat oor drie of meer amptelike tale beskik: België, Switserland, Joegoslawië en Singapoer.

Drietaligheid is dus eerder die uitsondering as die reël. 'n Amptelike taalbeleid wat vir drie tale voorsiening maak het besliste finansiële implikasies en om hierdie rede moet die besluit nie ligtelik geneem word nie (Schuring, 1990:17).

* Die geografiese verspreiding van tale

'n Amptelike drietalige beleid is moontlik indien die drie tale in verskillende streke gepraat word. Op hierdie manier word die duplisering van kennisgewings en dokumente in verskillende tale van staatsweë af geminimaliseer.

Hoewel geografiese afbakening van tale ook in Suid-Afrika duidelik aantoonbaar is (sien RGN-Taalatlas, Grobler, et al. 1990:55) is dit onmoontlik om rigiede taalgrense te trek. Die feit dat die apartheidspolitieke bestel misluk het, lewer bewys dat mense in hierdie land nie gekompartementaliseer wil word nie. Taaloorvleueling kom nie alleen in stede voor nie, maar ook in plattelandse gebiede.

Schuring (1990:18) sê daarmee dat taaldistrikte nie die oplossing vir die multitalige Suid-Afrikaanse situasie bied nie.

* Die verhouding tussen die amptelike tale

Daar moet 'n vryheid van keuse in die verhouding tussen die amptelike tale bestaan waar die woord of ingesluit word en nie sowel as nie (Schuring, 1990:18). Daar moet dus byvoor-

beeld bepaal word dat staatskoerantkennisgewings in Afrikaans of Engels sal verskyn en nie dat daar neergestip-
pel word dat dit in sowel Afrikaans as Engels moet verskyn
nie.

Hierdie opsionele verhouding maak aanpassing van die taal-
beleid in spesifieke omstandighede moontlik en verander die
taalbeplanningsproses van een met sterk gesentraliseerde
kenmerke tot een met oorwegend gedesentraliseerde kenmerke
(sien paragraaf 2.6).

Die voordeel van hierdie oop of gedesentraliseerde verhou-
ding is dat die publiek self kan kies in watter taal hulle
bedien wil word en waarin hulle kan respondeer. Hierdie oop
verhouding sal ook koste-effektief werk aangesien daar nie
rigiede duplisering van korrespondensie en kennisgewings sal
wees nie.

*** Die spesifiekheid van die implementering van die ampte-
like taalbeleid**

Schuring (1990:19) sê dat die uitstippeling van die imple-
mentering van 'n multitalige taalbeleid algemeen gehou moet
word. Daar moet ook nie spesifiek neergelegde beginsels
vir die uitvoering daarvan neergelê word nie. Daardeur kry
'n taalbeleid vir 'n multitalige samelewing praktiese uit-
voerbaarheid.

Indien 'n grondwet byvoorbeeld bloot sou neerlê dat tale
A,B,C amptelike tale is sonder verdere besonderhede, word
die praktiese uitvoerbaarheid van die beleid verhoog. Die
verhouding tussen die drie amptelike tale kan dan na gelang
van die spesifieke omstandighede bepaal word:

A + B + C;

A of B of C;

A + B of C;

A afgewissel met B of C;
A in spesifieke omstandighede en B en C in ander.

Hierdie gedesentraliseerdheid skep ruimte vir 'n oop interpretasie van die grondwetlike bereëling van ampstaalkwessies.

5.6.2.7 GELYKHEID

Gelykheid as taalbeleidsbeginsel word bepaal deur 'n handves van menseregte en is belangrik vir 'n toekomstige taalbeleid vir 'n multitalige Suid-Afrika.

Die gelykheidsbeginsel behoort tot sy reg behoort te kom wanneer demokraties verkose streeks- en plaaslike owerhede self die geleentheid gegun word om te besluit watter taal of tale in daardie streek amptelike status of vergunde amptelike status moet geniet (Schuring, 1990:21-2).

Sodra owerhede (eerste-, tweede- of derdevlak) 'n seggenskap gegee word in taalsake, sal dit nie nodig wees om kunsmatige taalgrense deur middel van taaldistrikte te reël nie.

Hierdie toepassing van die gelykheidsbeginsel behoort nie alleen die komplekse Suid-Afrikaanse talesituasie makliker bereëlbaar te maak nie, maar maak dit ook moontlik dat daar nie 'n wetlike taalbepaling nodig is wat rigied toegepas moet word nie.

5.6.2.8 TAALBELEIDSBEPLANNING - SLOTGEDAGTE

Bogenoemde sewe taalbeginsels behoort te kan lei tot 'n akkommoderende taalbeleid wat die helder Weste en die magiese Afrika met mekaar kan verbind (Schuring, 1990:23-4). Hy sê dat dit reeds in vervulling gegaan het deur die totstandkoming van Afrikaans.

'n Ander werkbare taalbeleid, wat bogenoemde beginsels in berekening bring en wat Afrika en Europa binne Suid-Afrika met mekaar verbind, is 'n taalbeleid wat aan die een kant amptelike ruimte aan Engels gee en aan die ander kant amptelike ruimte vir Afrikaans en die ander Afrikatale.

Tog is dit duidelik dat formele strukture alleen nie genoeg is vir 'n werkbare taalbeleid in Suid-Afrika nie (Schuring, 1990:24). Lina Spies het gesê dat liefde en begrip vir mekaar in hierdie multikulturele en -talige land wesensnoodsaaklik is vir 'n taalbeleid wat die taalprobleme die hoof moet kan bied.

5.6.3 GEVOLGTREKKING

Die voorafgaande uiteensetting gee 'n duidelike beeld van die kompleksiteit van die multitalige Suid-Afrikaanse samelewing. Die waarde daarvan is dat die teoretiese uiteensetting voortdurend gemeet is aan die werklike empiriese Suid-Afrikaanse situasie.

Daarbenewens bied Schuring se sewepuntplan 'n stewige wetenskaplike onderbou aan taalbeleidsbepaling, wat net soos taalbeplanning, maklik in blote emosionele kwessies kan ontaard en wat dan as instrument gebruik kan word om politieke doelwitte te bereik.

Dit staan soos 'n paal bo water dat daar geen simplistiese kitsoplossing vir hierdie komplekse taalsituasie voor die hand lê nie.

5.7 AFGEHANDELDE MAKROTAALBEPLANNING VIR SUID-AFRIKA

5.7.1 INLEIDING

Vervolgens word die makrotaalbeplanningskwessie vir Suid-Afrika onder die loep geneem. Die doel met hierdie afdeling is om te let op die taalbeleid van die regering en op taalbeleide wat reeds deur ander instansies of persone geformuleer is of in die proses van formulering is. Dit word dan gemeet aan die vereistes soos deur Schuring (1990) gestel.

5.7.2 DIE TAALBELEID VAN DIE REGERING VAN SUID-AFRIKA

Dit is opvallend dat die Nasionale Party wat sedert 1948 aan bewind is, nog nooit die moeite gedoen het om 'n taalbeleid daar te stel aan die hand waarvan die potensiaal van die veelheid tale in Suid-Afrika maksimaal ontgin word nie.

Hoewel die posisie van Afrikaans en Engels as die twee amptelike tale in Suid-Afrika in die grondwet van die RSA verskans word, is dit opvallend dat daar van owerheidsweë nie 'n amptelike taalbeleid vir Suid-Afrika bestaan nie.

Op 'n vraag aan 'n NP-Hoofkantoorwoordvoerder (Bester, 1991) sê hy dat die taalbeleid van die NP vervat word in die

Grondwet van die RSA (Artikels 89, 90, 91 van Wet 110, 1983). Daar bestaan geen oorkoepelende taalbeleid nie, hoewel die Departemente van Justisie, Onderwys en Opleiding en Nasionale Opvoeding - kortom elkeen wat op 'n manier met taalsake besig is - op hul eie manier hul taalbeleide neerlê.

Hierdie siening strook met dié van F.W. de Klerk, toe nog Minister van Nasionale Opvoeding, wat die taalbeleid van die regering in 1988 (INSIG, Desember 1988) uitgespel het. Hy (De Klerk, 1988:22-3) het gesê dat hierdie taalbeleid op twee uitgangspunte berus:

- * Die bepaling in Artikel 89(1) van die Grondwet van die RSA (Wet 110, 1983) dat Afrikaans en Engels die amptelike tale van die RSA is en dat hulle op gelyke voet behandel word. Hulle besit en geniet gelyke vryheid, regte en vooregte. Die regering word dus met hierdie bepaling wetlik verplig tot gelyke taalberegtiging.

- * Daar bestaan in die RSA 'n verskeidenheid groepe wat gekenmerk word deur eie tale en eie kulture. Die regering moet dus rekening hou met hierdie groepsidentiteit en groepsoutonomie.

Wat die eerste uitgangspunt betref, gee De Klerk (1988:22) aanduiding op watter maniere die regering uitvoering gee hieraan:

- * In staatskantore en -instellings kan die publiek in die amptelike taal van hulle keuse bedien word.

- * Op onderwysterrein geld die beginsel van moedertaal-onderwys. Alle swart matrikulante moet slaag in ten minste een van die amptelike tale. Blanke, kleurlinge en Indiër-matriekandidate moet Engels en Afrikaans deurkom.

- Alle amptelike dokumente en kennisgewings moet in beide landstale verskyn. Om hieraan uitvoering te gee, is daar taaldienste beskikbaar in baie van die staatsdepartemente. Die NVD van die Departement Nasionale Opvoeding dra sorg dat tred gehou word met die ontwikkeling van terminologie op vele terreine. Die Buro van die WAT (aan die Universiteit van Stellenbosch) en die Dictionary of South African English on Historical Principles (Universiteit van Grahamstown) word deur die staat gefinansier.

* Tolkdienste in die amptelike, vreemde en swart tale word in Suid-Afrikanse howe gelewer.

* Daar word van politici en openbare ampsbekleders verwag om, afhangende van die omstandighede, albei landstale te gebruik.

Wat die tweede uitgangspunt van hierdie taalbeleid betref, sê De Klerk (1988:23) dat ook daarvoor in die Grondwet voorsiening gemaak word. "Binne die konteks van taal as partikuliere saak, maak die Grondwet en ander wette voorsiening vir staatsoptrede ter bevordering van taalbelange." (De Klerk, 1988:23.)

Die eiesakekonsep van die Grondwet skep ruimte vir die bevordering (Let wel, nie die beplanning nie - MV) van die taalbelange van die verskillende groepe.

Wat die Administrasie : Volksraad betref, word 'n groot aantal taal- en kultuurbevorderende instansies finansieel en andersins ondersteun.

Die raamwerk is deur wetgewing en reëlins geskep waarbinne owerhede van die verskillende bevolkingsgroepe ondersteuning kan gee vir die bevordering van taal- en kultuurbelange van dié groepe.

Bester (1991) sê dat die Nasionale Party die voorgestelde Mensregte-akte as genoegsaam bestempel om toekomstige taalkwessies op te los.

Kommentaar

Uiteindelijke taalbeplanning kom tot niks indien dit nie deur die regering van die dag toegepas word nie. Hierdie stelling word waar bewys indien na die Suid-Afrikaanse taalsituasie gekyk word: Die RGN is reeds sedert 1970 besig met intensiewe taalnavorsing en hoogaangeskrewe taalkundiges laat hulle reeds sedert 1980 uit oor die belangrikheid van sinvolle taalbeplanning vir die multitalige Suid-Afrika. Voorgestelde makrovlaktaalplanne vir die multitalige situasie het al uit verskillende oorde die lig gesien.

Die ironie is dat al hierdie aktiwiteite net 'n gepraat gebly het : daders van die woord het ontbreek en niemand kon dit vir die regering aan die man bring dat al hul gepraat tot niks gaan kom indien die regering nie amptelikheid daaraan verleen nie.

Akademici wat oor taalbeplanning in Suid-Afrika begaan is, mors hulle asems in staatsgesubsidieerde vakydskrifte, hulle hou verniet die een simposium na die ander. Want die regering van die dag beskik oor geen uitgestippelde taalbeleid waaronder die komplekse kulturele- en talediversiteit in Suid-Afrika geakkommodeer kan word nie.

Gemeet aan die vereistes soos in paragraaf 5.6 gestel, is dit duidelik dat dit wat die regering by monde van die Minister van Nasionale Opvoeding as taalbeleid sien, géén taalbeleid is nie.

Die verweer dat 'n menseregteakte toekomstige taalkwessies genoegsaam sal oplos, stel nie tevrede nie - die Suid-Afrikaanse Regskommissie (1989) wou nie eens die begrip taalreg definieer nie (sien paragraaf 5.4.2.2).

Die argument dat die taalartikels in die Grondwet van die RSA as die taalbeleid vir die Republiek gesien moet word, kan nie aanvaar word nie. Dit is nie 'n taalbeleid nie, net so min as wat die finansiële wet (Artikels 79 tot 86) as die finansiële beleid van die RSA gesien kan word.

Beleid is nie die konstatering van 'n feit nie, dit is juis 'n uitstippeling van lang- en korttermyn doelwitte en maniere om dit bereik.

Wanneer die eerste uitgangspunt van die sogenaamde taalbeleid soos deur De Klerk (1988) gestel, onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat al hierdie werksaamhede mikrovlaktaalbeplanning is. Taalbeleidskwessies is by uitstek makrovlaktaalbeplanningsaangeleenthede (sien paragraaf 2.5).

Die Artikels in die Grondwet maak bloot voorsiening vir Afrikaans en Engels, en hou nie rekening met die ander nege hoof inheemse taalgroepe in die land nie - so asof Suid-Afrika 'n bloot tweetalige land is!

Baie opvallend is die feit dat genoem word dat dit van politici en openbare ampsbekleders verwag word om albei landstale te gebruik. Die bevoorregting wat Engels in hierdie verband geniet, kan met 'n stok aangevoel word: dit gebeur klokslag wanneer belanghebbende aankondigings in die parlement gemaak word, dat dit slegs deur medium van Engels geskied - die aankondiging van die vrylating van mnr. Nelson Mandela is 'n klassieke voorbeeld.

Die tweede uitgangspunt van die gewaande taalbeleid van die regering kan ook nie as taalbeleid deurgaans nie. Deur hierdie bepaling speel die regering bloot 'n fasiliteeringsrol vir die uitoefening van 'n beleid wat nog nie deur hulle neergelê is nie.

Die feit dat die staat taal-en kultuurbevorderende organisasies finansieel steun, word waardeer. Dit kom voor of daar nie volkome gelykberegtiging ten opsigte van die subsidies is nie: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, wat 'n Afrikaanse taalbevorderende organisasie is, ontvang minder subsidie as die Engelse 1820 Settlers Foundation (Steyn, 1990b:308).

Dit word uit die onderhoud met die NP-woordvoerder (Bester, 1991) duidelik dat 'n besinning oor hoe die taleprentjie in 'n toekomstige Suid-Afrika gaan lyk, nog glad nie deel is van die NP se voorbereidings vir die onderhandelingsstafel nie.

Hier is 'n duidelike les uit Namibië te leer: Nege jaar voor onafhanklikwording was die UNIN se taalplan reeds uitgestippel. Vanuit 'n geografiese gebied waar dit nie betwyfel word dat Afrikaans die lingua franca is nie, het niemand 'n teenprestasie wat taalbeleidsvastelling betref, gelewer nie. Dat Afrikaans toe sy amptelike status moes prysgee en dat daar - veral in die Namibiese skole - chaos heers waar geen kind die "English only"-medium van onderrig verstaan nie, is reeds geskiedenis.

Du Plessis, H. (1988:24) sê hierdie ongeërgdheid van die Suid-Afrikaanse owerheidsweë se kant word nêrens so duidelik geïllustreer as in die feit dat daar met die 1985-sensus nie die moeite gedoen is om 'n taalvraag te vra nie!

In redaksionele kommentaar (INSIG, Oktober 1987) sê die redakteur dat die bestaande taalplanne wat reeds deur UNESCO, die ANC en geaffilieerde organisasies van die UDF die lig gesien het, die patroon van die Amerikaans-Nederlandse taalsosioloog, P.L. van den Berghe, volg waar Engels die enigste ampstaal van Suid-Afrika moet wees, terwyl die ander tale hoogstens as streekstale erkenning behoort te geniet. In die OVS sal die ampstale Engels en

Suid-Sotho wees, in Natal Engels en Zulu, in Wes-Transvaal Engels en Tswana. Net in Kaapland sal Engels en Afrikaans die amptelike tale wees.

Ten spyte van die feit dat die skrif aan die muur is, het die regering nog nie so ver gekom om 'n taalbeleid te formuleer nie! - Behalwe as daar iewers 'n geheime taalbeleid bestaan.

Dit wil egter voorkom of die regering ook al stilweg Van den Berghe se se taalvoorstelle begin aanvaar het (INSIG, Oktober 1987:7) en op 'n pragmatiese manier uitvoer. Die taaloptrede van regeringskant spreek duidelik van 'n afskaling van Afrikaans: Engels is die enigste onderhandelingstaal en die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika ('n belangrike staatsinstelling) is eentalig Engels.

Daarby val dit op dat by die onderhandeling wat op die oomblik aan die gang kom vir 'n nuwe grondwetlike bedeling in Suid-Afrika, nie één van die partye in hul moedertaal onderhandel nie.

"Soos wat natuurbewaring op die ekologie gebaseer moet word, so moet taalbewaring op die taalwetenskap gebaseer wees." (Du Plessis, H., 1988:24).

Hierdie pleidooi om 'n wetenskaplike begronding van sake wat nog altyd lukraak gereël is, mag nie langer in die wind geslaan word nie!

Let baie mooi op dat hierdie pleidooi nie per se een is wat die bewaring en bevordering en beplanning van net Afrikaans in die oog het nie, maar dat dit hier sekerlik gaan om die beplanning van ál die tale in Suid-Afrika.

Dit is 'n feit dat daar oor 'n wye front kommer bestaan oor die taalaangeleenthede in Suid-Afrika wat al hoe meer ver-

politiseerd raak. Dit is jammer dat die regering nie hierdie bekommernis deel nie.

Hoe ironies dat waarskynlik die laaste Afrikaansgoedgesinde regering wat in hierdie land aan stuur van sake staan, dit nie die moeite werd ag om aan die hand van 'n wetenskaplike taalbeleid te probeer om die empiries-bestaande probleme van 'n multitalige Suid-Afrika op te los nie!

5.7.3 TAALBELEIDSVOORSTELLE DEUR AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES

5.7.3.1 DIE FEDERASIE VAN AFRIKAANSE KULTUURVERENIGINGE

Die FAK se standpunt oor 'n taalbeleid vir die RSA

Doelstelling

'n Taalbeleid vir die RSA moet ten doel hê die bepaling van die plek en regte van die verskillende tale in die RSA.

Uitgangspunte

By die bepaling van 'n taalbeleid vir die RSA moet die volgende uitgangspunte in berekening gebring word:

- i. Afrikaans en Engels bly die twee amptelike tale oor die hele RSA.
- ii. 'n Taalbeleid neem die feitelike taalsituasie in die RSA, en in besonder met betrekking tot die huidige amptelike tale, in ag.
- iii. In die RSA bestaan 'n verskeidenheid van kultuurgroepe waarvan die kulture as gelykwaardig deur die owerheid en die breë bevolking erken word. Die verskillende kultuurgroepe sal derhalwe almal op die-

- selfde mate van kultuurbeskerming kan aanspraak maak.
- iv. Die totaal van alle kultuurgroepe in die RSA vorm 'n multi-kulturele Suid-Afrikaanse volkeresamestelling.
 - v. Elke kultuurgroep het 'n dominante huistaal of moedertaal wat bepaalde beskerming geniet.
 - vi. Die uniekheid en besondere behoeftes, waaronder ook taalbehoefte en taalregte, van elke groep word eerbiedig.
 - vii. Die beginsel van moedertaalonderrig word erken.

5.7.4 DIE TAALBELEID VAN DIE ANC

Die ANC (1990:1) sê dat hulle 'n inklusiewe konsep het van die begrip nasie in soverre alle taalgroepe in Suid-Afrika daarby ingesluit word. Die verskillende taalgroepe dra elkeen by tot die uiteindelijke verryking van die nasie.

Die ANC-Menseregtehandves (ANC, s.j.:4-5) noem 'n aantal taalregte:

"Language Rights

The languages of South Africa are: Sendebele, Sepedi, Sesotho, Siswati, Setswana, Afrikaans, English, Tsonga, Venda, Xhosa and Zulu.

The state shall act positively to further the development of these languages, especially in education, literature and media and to prevent the use of any language or languages for the purpose of domination or division.

Where it is reasonable to do so, one or more of these languages may be designated as the language to be used for defined purposes at the national level or in any region or area where it is widely used.

Subject to the availability of public and private resources and limitations of resources, primary and secondary education should wherever possible be offered in the language or languages of preference of the students and their parents.

The state shall promote respect for all the languages spoken in South Africa."

Die taalbeleid van die ANC wat op hierdie menseregtehandves geskoei is, bepaal dat daar eers sekere beginsels ten grondslag van die taalbeleid moet lê (ANC, 1990:2):

1. 'n Taalbeleid moet as eenheidskeppende instrument mense bymekaar bring, maar moet terselfdertyd die taleverskeidenheid kan akkommodeer.

Hierdie taalbeleid moet dus daartoe lei dat een nasie in Suid-Afrika tot stand moet kom, maar dat almal terselfdertyd hul eiesoortige kultuur en taal moet kan bly behou. Die behoud van hierdie multitaligheid moet daartoe kan lei dat daar beter onderlinge begrip vir mekaar se kulturele en taalsentimente sal wees.

Die beginsel impliseer dan dat alle tale in Suid-Afrika maksimaal ontgin moet word; dat alle tale behoorlike mediaverteenwoordiging geniet; dat alle tale administrasie- en onderrigtale moet word; dat mense die keuse gelaat moet word om self te besluit in watter taal hulle geskool wil word.

2. Die taalbeleid moet die humaniteit van alle Suid-Afrikaners kan verwoord.

Om aan hierdie beginsel uiting te gee, moet die ANC-taalbeleid ruimte laat vir die nie-rassistiese en nie-seksistiese ontwikkeling van tale. Dit beteken ook dat daar ruimte moet wees vir alle variëteite van tale soos gepraat deur verskillende lede van die taalgemeenskap.

3. Die taalbeleid moet die mense volmag gee.

Die verskynsel bestaan in Suid-Afrika dat baie mense nie die bestaande amptelike tale verstaan of kan praat nie. Daarom moet mense deur die ANC-taalbeleid in staat gestel word om beheer oor hul eie lewens te verkry deurdat hulle die keuse gelaat word om self te besluit watter taal hulle wil gebruik.

Wanneer die taalbeleid volmag aan die mense wil gee, beteken dit nie dat hulle uitgebuit of te na gekom sal word deur 'n taal of tale te gebruik waarin hulle nie bedrewe genoeg is nie.

Amptelike en regsake sal daarom gevoer word in 'n taal of tale wat die mense verstaan. Kontrakte, aanwysigings, onderhandelings, werkskennisgewings moet opgestel word in 'n taal of tale wat die mense ken, sodat hulle sêlf kan besluit of dit tot hulle voor- of nadeel strek. Hofgedinge moet afgehandel word in 'n taal wat deur die aangeklaagdes sowel as die regters of magistrate verstaan word. Indien dit nie moontlik is nie, sal voldoende vertaaldienste verskaf word.

Maatskaplike en gesondheidsdienste en sosiale dienste se voertaal sal die taal wees wat die mense ken en verstaan.

Die taalbeleid moet voorsiening maak daarvoor dat die mense in die demokratiese prosesse deel kan hê. Deelname van die breë massa aan nasionale besluitnemingsprosesse word gewaarborg wanneer dit geskied in 'n taal wat deur die mense verstaan en gepraat word.

Die taalbeleid moet voorsiening maak dat geletterdheid vir alle mense beskikbaar is in 'n taal wat hulleself verkies. Geletterdheid open die deure tot inligting en studiege-

leenthede en dit stel mense in staat om hul lewenskwaliteit te verhoog.

4. Streeks-, nasionale en internasionale kommunikasie-behoeftes moet in die taalbeleid verdiskonteer word.

Daar bestaan bepaalde taalstreeksbehoeftes in afgeleë gebiede wat deur apartheidstrukture verwaarloos is. Om hierdie rede moet spesiale aandag gegee word aan die streeks-, nasionale en internasionale kommunikasiebehoeftes van die mense wanneer geletterdheids-, onderwys- en mediaprogramme daargestel word.

5. Die taalbeleid moet deeglik rekening hou met huidige taalrealiteite en toekomstige taalbehoeftes en moet plooibaar genoeg wees om by veranderde omstandighede aan te pas.

Die ANC se standpunt oor minderheids- of groeepregte spel duidelik uit dat "affirmative action"/regstellende diskriminasie een van die hoekstene is waarop hulle handves van menseregte geskoei is.

Daar word duidelik gestel dat elkeen oor die reg tot eie godsdiens- en taalbeoefening beskik, maar die dominasie op grond van taal, etnisiteit en godsdiens word verwerp (ANC, s.j.:3).

'n Belofte word verder gemaak dat die staat alle linguistiese en kulturele verskeidenheid sal erken en dat hulle gratis geleenthede sal voorsien vir talige en kulturele ontwikkeling (ANC, s.j.:3).

Daar word ook gesê dat 'n toekomstige ANC-grondwet slegs breë taalbeginsels sal opper, maar dit veronderstel nie die verskansing daarvan in 'n grondwet nie.

Kommentaar

Ten spyte van die feit dat daar duidelike kritiekpunte teen die ANC-taalbeleid ingebring kan word, word dit by nadere oorweging duidelik dat hierdie taalplan in 'n beduidende mate met die teoretiese begronding soos in paragraaf 5.6.2 uiteengesit, ooreenstem: die feit dat hierdie taalbeleid die taleverskeidenheid moet kan akkommodeer, dat dit kommunikasie op verskillende terreine moet kan bevorder, en dat dit plooibaar genoeg moet wees om met die taalrealiteite en veranderende taalbehoefte rekening te hou, pas by die teorie van taalbeleidsbeplanning.

Die kritiek hierteen, is dat so 'n taalbeleid primêr in diens staan van politieke motiewe wat bereik moet word. Hierdie feit word bewys deurdat dit duidelik word dat die beleid rus op 'n beginsel van regstellende diskriminasie.

Plek-plek is die uitvoerbaarheid van hierdie taalbeleid onder verdenking: die belofte van gratis taaldienste is een wat moeilik altyd nagekom sal kan word.

5.7.5 DIE TAALBELEID VAN DIE NATIONAL LANGUAGE PROJECT

Die National Language Project (NLP) is 'n instituut verbonde aan die Universiteit van Kaapstad wie se werksaamhede in die eerste plek daarop gerig is om die ongeletterheidsprobleem

in Suid-Afrika op te los, en tweedens om Engels as lingua franca in die land gevestig te kry.

Die NLP voer aan dat taalbeplanning en taalbeleid nog altyd in hierdie land 'n onafskeidbare onderdeel van die apartheidsbestel gevorm het (NLP, s.j.:1) en dat taal nog altyd deur die Suid-Afrikaanse regering as 'n manier gebruik is om mag uit te oefen. As gevolg van hierdie leemte beywer die NLP hom vir die daarstel van nuwe taalbeplanningsprosesse wat uitdrukking moet vind in 'n nuwe taalbeleid wat sosiaal deur die breë gemeenskap aanvaarbaar is (NLP, s.j.:1).

Ter ondersteuning van laasgenoemde rede, is dit nou tyd dat taal primêr as eenheidskeppende instrument gesien word, en nie meer as verdeler van mense nie. Die NLP se werksaamhede is daarop gerig om Engels as die lingua franca van 'n toekomstige Suid-Afrika te vestig, omdat dié taal as fasiliteerder vir 'n breë verenigde nasie kan optree (NLP, s.j.:1).

Terwyl die NLP werksaamhede enersyds daarop gerig is om Engels as lingua franca gevestig te kry, dui dit ook aan dat alle tale in Suid-Afrika bevorder moet word. Die streektaalbeginsel word sterk deur die NLP onderskryf.

'n Baie belangrike werksdefinisie wat die werksaamhede van die NLP rig, is die feit dat dit primêr gaan om die demokratisering van taal (NLP, s.j.:2). Diegene wat onderrig moet word, moet sêlf besluit in watter variëteit (hetsy normvariëteit of substandaardvariëteit) hulle onderrig moet word.

Dit word pertinent gestel dat die NLP hom nie bemoei met die propagering van elitistiese taalvariëteite nie, omdat effektiewe kommunikasie die mikpunt is van alle NLP-bedrywigheide.

Om die volgende redes propageer die NLP die gebruik van Engels as die lingua franca van 'n toekomstige Suid-Afrika (NLP, s.j.:2):

- Engels geniet die ondersteuning van die meeste mense in Suid-Afrika;
- Engels is 'n ideologies neutrale taal wat eerder versoenend as verdelend te werk gaan;
- Engels as wêreldtaal maak dit nie alleen moontlik dat buurstate gemaklik met mekaar kommunikeer nie, maar vergemaklik ook die smee van internasionale bande;
- Vanweë finansiële oorweging is dit bloot om praktiese redes die beste dat Engels as enigste onderrigtaal (ná die aanvanklike onderrigfase in die moedertaal) in Suid-Afrika gebruik word.

Die NLP se standpunt oor die ander tale in Suid-Afrika lyk soos volg:

- Die NLP ondersteun die algemeen aanvaarde beginsel dat 'n kind se aanvangsonderwys deur medium van sy moedertaal oorgedra word;
- Alle tale in Suid-Afrika word as belangrik bestempel omdat hulle die moedertale van 'n beduidende hoeveelheid sprekers is en hulself reeds as kommunikasiemedie gevestig het;
- Na analogie van die talesituasies in ander Afrikastate, huldig die NLP die mening dat die inheemse tale in Suid-Afrika toenemend belangriker sal word. Die verskynsel bestaan reeds dat skrywers wat eers in die "koloniale" taal geskryf het, toenemend literêre werke in hul moedertaal laat verskyn.

Kommentaar

Dit word ook duidelik dat hierdie taalbeleid primêr in diens van politieke motiewe staan. Die indruk word ook gelaat dat die taalsituasie in Suid-Afrika beoordeel word asof hierdie land slegs 'n derdewêreldland is.

Tog vertoon die taalbeleidswerksaamhede van die NLP 'n wetenskaplike karakter - hulle werk aan die hand van 'n stel doelwitte wat wetenskaplik begroot is.

Dit is verder opvallend dat die kriteria wat die NLP stel in 'n groot mate ooreenstem met dié wat die UNIN vir 'n onafhanklike Namibië gestel het (sien paragraaf 5.7.6).

5.7.6 LiCCA

5.7.6.1 LiCCA-TAALBELEIDSWERKSAAMHEDE

Language in Contact and Conflict in Africa (LiCCA) is 'n navorsingsprojek wat deur verskillende Suid-Afrikaanse universiteite en internasionale navorsingsinstellings onderneem word. Die LiCCA-kantoor is gesetel by die Universiteit van Pretoria.

LiCCA se bestaansgrond wentel om die lewer van 'n bydrae tot die optimale benutting van die multitalige taalpotensiaal in Afrika.

Twee wesentlike probleme van die Afrika taalsituasie is geïdentifiseer (LiCCA, s.j.):

* Die gebruik van die vroeëre koloniale tale as amptelike tale vir opvoedkunde, administratiewe en ekonomiese doeleindes;

* die onvermoë om inheemse tale genoegsaam te ontwikkel sodat dit optimaal vir opvoedkundige, administratiewe en ekonomiese doeleindes aangewend kan word.

Die negatiewe invloed wat hierdie verskynsel op bevolkings se sosio-kulturele en ekonomiese ontwikkeling uitoefen, moet empiries nagevors word deurdat die talesituasie in die lande deeglik onder oë geneem word.

Om wetenskaplikheid van hierdie navorsingsprojek te verseker, geskied die werksaamhede onder die wakende oog van 'n internasionale span raadgewers.

Die vertekpunte vir elke LiCCA-projek is:

* Alle navorsing word in die eerste plek gemik daarop om ter bevoordeling van die inwoners van die land te geskied en nie ter bevoordeling van spesifiek tale nie.

* Vir die Suid-Afrikaanse talesituasie word 'n toekomstige nie-rassige, demokratiese bestel veronderstel (LiCCA, s.j.(b):1).

* Alle navorsing moet empiries begrond wees en daar mag geen spekulasie by betrokke wees nie.

Die doelstellings van die LiCCA-navorsingsprogram is:

- LiCCA streef na 'n wetenskaplik-empiriese bespreking van die talesituasies in elke Afrikaland, omdat taalbeplanningsgesprekke dikwels gebaseer is op spekulatiewe indrukke van taalsituasies, die onderlinge verbondenheid tussen taal en kultuur en die ideologiese oortuigings van politici (LiCCA, s.j.(a)).

- Tweedens moet daar uit hierdie empiriese data kriteria afgelei kan word aan die hand waarvan taalbeleidsbesluite geneem kan word.

Benewens hierdie algemene doelstellings, stel LiCCA die volgende spesifieke doelwitte:

- LiCCA moet as fasiliteerder kan optree vir samesprekings tussen taalgroepe van verskillende standpunte in elke Afrikaland;
- LiCCA streef na die versterking van wetenskaplike bande tussen Afrikalande onderling en tussen Afrikalande en Europese lande;
- LiCCA moet kundige kennis kan voorsien tot die voordeel van die verskillende talesituasies in Afrika.

Wanneer daar gesê word dat bestaande inligting oor talesituasies ingewin moet word, word die volgende hiermee bedoel (LiCCA, s.j.(a)): Die talegeskiedenis van 'n land; 'n statistiese oorsig oor die huidige talesituasie; die sociolinguistiese status van elke betrokke taal; bestaande taalbeleidsaspekte in Afrikalande; taalpolitieke bedrywighede, byvoorbeeld in watter mate dit vir moedertaalsprekers moontlik is om hulleself binne die opvoedkunde, regstelsel, akademiese wêreld en ten opsigte van administratiewe aangeleenthede uit te druk; taalhoudings teenoor standaard- en substandaard-variëteite en dan uiteindelik die implementering van nuwe taalbeleide.

Om uitvoering aan hierdie doelstellings te gee, word daar begin met die LiCCA-SA-navorsingsprogram en daarna sal daar na die talesituasies in ander Afrikalande gekyk word. 'n

LiCCA-seminaar is in Julie 1990 in Stellenbosch gehou en 'n konferensie in April 1991 in Pretoria word beplan.

5.7.6.2 LiCCA-VOORWAARDES VIR 'N TALEBESTEL VIR SUID-AFRIKA

Die LiCCA-program werk op langtermynbasis aan die daarstel van 'n taalplan vir onder andere Suid-Afrika. Die LiCCA-werksaamhede is nog in die situasieanalise fase. Hoewel hulle aktiwiteite nog nie die stadium bereik het waar daar sprake is van die formulering van 'n taalbeleid nie, is daar reeds in 1990 LiCCA-voorwaardes gestel waaraan 'n nuwe talebestel vir Suid-Afrika moet voldoen (Webb, 1990b):

- "1. (a) 'n Nuwe taalbeleid moet die politieke doelwitte van die toekomstige Suid-Afrika ondersteun.
(b) Geen taal moet as ononderhandelbare komponent van die nuwe taalbeleid gestel word nie.
(c) Die nuwe beleid moet geformuleer word deur uitgebreide dialoog.
(d) Die nuwe taalbeleid moet regstreeks aansluit by die sosiolinguistiese realiteite van Suid-Afrika.
(e) Die taalbeplanningsproses moet 'n rasioneel verantwoordbare proses wees.
2. Die UNIN-kriteria (1981 - vir 'n onafhanklike Namibië)
 - (a) Die mate waarin taal nasionale eenheid sal bevorder.
 - (b) Die aanvaarbaarheid van die amptelike taal vir die meerderheid van die bevolking.
 - (c) Die bekendheid van die taal vir Namibiërs.
 - (d) Die koste verbonde aan die bevordering van die taal as amptelike taal.
 - (e) Die toegang wat die taal bied tot die moderne

wetenskap en tegnologie.

- (f) Die mate waarin die taal bande met Afrikastate sal verstewig.
- (g) Die mate waarin die taal kommunikasie met die internasionale gemeenskap moontlik maak.
- (h) Die feit dat die taal verkieslik een van die hoof-tale van die VN moet wees.

3. Eie kriteria (met ander woorde Webb se kriteria)

- (a) Die mate waarin die amptelike taal toegang tot die breë massa verleen tot opvoedkundige, ekonomiese en politieke deelname.
- (b) Die mate waarin dit kommunikasie met die staatsadministrasie moontlik maak.
- (c) Die mate waarin dit interpersoonlike kommunikasie op nasionale vlak moontlik maak.
- (d) Die mate waarin dit intergroepkonflik en diskriminasie minimiseer.
- (e) Die mate waarin die beleid alle nie-amptelike tale beskerm teen stigmatisering."

Kommentaar

Die LiCCA-program se waarde lê in die wetenskaplike bestudering van taalsituasies en die maak van aanbevelings ten opsigte van taalbeleidsaspekte.

Die verpligting rus nou op die skouers van die LiCCA-medewerkers om te bewys dat hierdie projek werklik 'n wesentlike bydrae sal kan lewer om die taalsituasie in Suid-Afrika in 'n korrekte wetenskaplike lig te beoordeel.

Gemeet aan die taalbeleidsbeginsels (paragraaf 5.6.2) vind die volgende beginsels neerslag in die LiCCA-voorwaardes: kommunikasie (voorwaarde 3c), algemeenheid (3a),

regsgeldigheid (3a waar amptelike taal genoem word).

Die vertrouwe word uitgespreek dat uitvoerbaarheid en gelykheid as taalbeleidsbeginsels later aandag sal geniet.

Die doelstelling met die komende LiCCA-seminaar in April 1991 is om 'n bydrae te lewer tot taalbeplanning met die oog op 'n verenigde, nie-rassistiese, demokratiese en nie-seksistiese Suid-Afrika.

Die indruk word met hierdie vae algemene doelstelling gewek dat die bedrywighede baie sterk binne 'n bepaalde ideologiese verband verstaan moet word. Met die eerste oogopslag klink hierdie doelstelling niks vreemder as dié van die NLP en die ANC nie. Om hierdie rede mis hierdie doelstelling aan werklike objektiewe wetenskaplikheid.

Dit kan ook nie uit die konteks van die doelwitformulering agtergekom word wat presies met die nie-seksisme binne taalbeplanningsverband bedoel word nie.

Ten spyte van LiCCA se sterk internasionale karakter - waarvoor 'n mens dankbaar is in hierdie dae van akademiese moratoriums - word die gemis aan die gelykberegtiging van die amptelike tale gevoel. Al die dokumentasie met die oog op die komende kongres is eentalig Engels. Dit is darem na alles 'n LiCCA-SA-projek!

5.7.7 NEVILLE ALEXANDER

Alexander (1989:5) sê in sy voorwoord tot sy publikasie Language Policy and National Unity in South Africa/Azania dat sy doel daarmee is om die belangrikheid van die tale-

kwessie in Suid-Afrika in verband te bring met die stryd om nasionale bevryding.

Hiermee misbruik hy die talekwessie in Suid-Afrika as politieke instrument en sê dat hy daardeur 'n demokratiese oplossing vir die probleem wil daarstel (Alexander, 1989:10). Die kern van Alexander se betoog lê daarin dat hy wil aandui dat 'n taalbeleid uiteindelik geformuleer moet word wat daartoe kan lei dat nasionale eenheid bewerk moet kan word (Alexander, 1989:46).

Alexander (1989:48) sê dat die talesituasie in Suid-Afrika een van twee paaie te volg het: óf daar kan op die pad van rasse en etniese afgeskeidenheid en ongelykheid voortgegaan word, óf die mense kan self kies om 'n pad van nie-rassige, nie-etniese en onverdeelde Azanië in te slaan.

Die basis van hierdie taalbeleid is dat Engels die lingua franca of universele tweede taal in die aanvanklike vestigingsfase van 'n bevryde Azanië moet word. Na hierdie fase waarin Engels behoorlik gevestig word, voorsien Alexander (1989:53) dat byvoorbeeld 'n verenigde Ngunidialek die lingua franca sal word.

Alexander (1989:54) beklemtoon die feit dat Engels nie bestempel moet word as 'n afgedwingde lingua franca nie, maar as een van die amptelike tale naas die ander inheemse tale wat op streeksgrondslag (afhangende van die konsentrasie van huistaalsprekers) amptelike status geniet.

'n Ander moontlikheid wat Alexander voorstel is dat Engels, 'n verenigde gestandaardiseerde Nguni en 'n verenigde gestandaardiseerde Sotho (dit beteken dus dat hulle gevestigde spreek- sowel as skryftale sal wees) die drie amptelike tale van die bevryde Azanië sal vorm. Die ander tale met relatief min sprekers, byvoorbeeld Afrikaans en Venda sal bloot op streeksgrondslag status geniet.

Terwyl die gebruik van Engels as bindingstaal dan bevorder word, moet die taalbeleid voorsiening maak vir taalverwring van ander streektale in die land. Deurdat mense dan, benewens hul eie moedertaal en Engels as bindingstaal, ook 'n ander inheemse taal ken, sal tussengroepverhoudings daardeur bevorder word.

'n Belangrike beginsel van Alexander se taalbeleidswerksaamhede is dat hy besig is om "planning from below" baie wyd te propageer. Hier is dus as't ware 'n omgekeerde taalbeplanningsproses waar taalbeleid deur die mense op grondvlak geformuleer word en dat dit daarvandaan moet deurwerk na die hoër vlakke - dus die konsep van people's taalbeplanning.

Alexander (1989:64-5) gee toe dat sy voorstelle oor die gestandaardiseerde verenigde Nguni en Sotho kontroversieel is. Hy besef ook dat daar nog baie navorsing en samespreking oor hierdie aspekte gevoer moet word. - Uiteindelik moet die sprekers van die verskillende Nguni- en Sotho-dialekte self besluit of hulle dit aanvaar of verwerp.

Wat ampstaalstatus betref, sê Alexander (1989:65) dat Engels as nasionale amptelike taal moet optree en dat al die ander Suid-Afrikaanse tale op streeksgrondslag amptelike status geniet. Dit sal bepaal word deur die konsentrasie moedertaalsprekers in 'n streek. Byvoorbeeld in die grootste deel van Kaapland sal dit Engels, Afrikaans, Nguni (Xhosa) wees; in die OVS Engels, Afrikaans en Sotho (Suid-Sotho); in Natal Engels en Nguni.

Kommentaar

Dit is duidelik dat Alexander nie sy beleid van die politiek kan losmaak nie. Benewens 'n algemene indruk van onwetenskaplikheid (geen enkele bronverwysing is wetenskaplik-korrek nie), maak hy growwe, onwetenskaplike veralgemenings:

Venda en Afrikaans word in een asem genoem as tale met relatief min sprekers. Die ware toedrag van sake is dat die Vendasprekers maar 2% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak, en Afrikaans een van die grootste taalgemeenskappe vorm (meer as 16%). Alexander se voorstel impliseer dat Afrikaans 'n enorme funksieverlies gaan ly (Du Plessis, H. 1989b:46).

Oor die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie taalbeleid bestaan ernstige bedenkinge. Hoewel Zulus en Xhosas albei tot die Ngunigroep behoort, is dit 'n bekende feit dat hulle nie met mekaar oor die weg kom nie. Om hierdie rede is dit 'n onmoontlikheid om te verwag dat hulle 'n gemeenskaplike taal sal praat wat 'n mengsel van dié twee tale moet wees.

Die waarde van Alexander se taalbeleid lê in die feit dat dit die gesprek rondom 'n uitvoerbare taalbeleid in Suid-Afrika stimuleer en dat gedagtes gewissel word.

5.7.8 LARRY POKPAS

Pokpas (1991) sê dat swart Afrikaanssprekendes die taal van sy verlede begin bevry het. Hy bepleit 'n nasionale taalbeleid waarin die veeltaligheidsaspek van die Suid-Afrikaanse samelewing geakkommodeer word. Die taalbeleid van 'n toekomstige Suid-Afrika moet berus op die veeltaligheidsbeginsel, enersyds, en andersyds op die opheffing Afrikaans as "volkstaal" (Pokpas, 1991:24).

Omdat Afrikaans in die verlede gebruik is om apartheid te vergestalt, sal dit 'n deurdagte taalstrategie kos om die skade wat die taal op hierdie manier berokken is, te herstel.

Pokpas (1991) sê dat dit belangrik is dat niemand se taalregte hom ontnem sal word nie. Ten einde die wanbalans wat deur die twee amptelike landstaalbeleid geskep is, te herstel, moet die veeltaligheidsbeginsel tot volle erkenning in 'n toekomstige grondwetlike bedeling kom. Die daarstel van die twee amptelike tale (Afrikaans en Engels) het diskriminerend te werk gegaan omdat swart mense eers die hindernisse van die amptelike tale moes oorkom om toegang tot kompeterende lewensterreine te verkry.

Pokpas sê die taalregte in die ANC se "Bill of Rights for a new South Africa" behoort daartoe in staat te wees om mee te werk tot die skep van 'n nuwe Suid-Afrikaanse kultuur.

Om die konflikpotensiaal te verminder, word voorgestel dat tale op streeksgrondslag amptelike erkenning geniet. Dit sal individue in staat stel om in elkeen se voorkeurtaal toegang te verkry tot opvoeding, openbare diens en beroepsmoontlikhede. - Hierdie veeltaligheid op streekstaalgrondslag sal daartoe lei dat spraakgemeenskaplike beginsels sal geld wanneer dit gaan om die keuse van amptelike tale.

Om die sprekers van Afrikaans self insae in die ampstaalbereëling te laat hê, stel Pokpas (1991) voor dat méér streekstale amptelike status moet hê. "Op dié wyse kan 'n taal, wat oor die grootste deel van die land bekend is, as nasionale 'bindingstaal' meehelp om die ideale van 'n hegte Suid-Afrikaanse nasie te verwesenlik."

Pokpas stel vervolgens voor dat die blote "lippetaalerkenning" aan die Afrikaanse dialekverskeidenheid nie genoeg is om die voortbestaan van Afrikaans te verseker nie. Hy bedoel hiermee dat die verskillende variëteite van Afrikaans in die standaardnorm opgeneem moet word.

Kommentaar

Die feit dat Pokpas Afrikaans by die toekomsplanne vir taalbeleidsvoorstelle vir Suid-Afrika insluit, word verwelkom. Dit is verder belangrik dat die veel-taligheidsbeginsel deur hom onderskryf word.

Die streekstaalbeginsel ontvang beduidende aandag in hierdie taalplan van Pokpas. Ongelukkig word daar nie aangedui volgens watter beginsel die toepassing van streekstale in meertalige taalstreke moet plaasvind nie.

5.7.9 HANS DU PLESSIS

Du Plessis, H. (1984:169) sê die gedesentraliseerde staatsvorm wat met die 1983-Grondwet geïmplementeer is, die idee van taaldistrikte as manier om die taalsituasie in Suid-Afrika bevredigend te reël, prakties uitvoerbaar maak.

Daar bestaan reeds taaldistrikte in Finland en Kanada, maar hulle idees kan nie net so in Suid-Afrika toegepas word nie, omdat hierdie land veeltalig is.

Alvorens die kwessie van taalstreke/-kommunes/-distrikte bespreek word, moet die teoretiese begrippe territorialiteit en persoonlikheid verklaar word.

Territorialiteit dui daarop dat mense gegroepeer word op grond van bepaalde geografiese grense. Die persoonlikheidsbegrip dui daarop dat mense gegroepeer word op grond van die persoonlikheid van die individu, sonder inagneming van daardie individu se ruimtelike plek.

By nadere verkenning van die Suid-Afrikaanse politieke bestel, word dit duidelik dat daar rekening gehou is met die

begrippe territorialiteit en persoonlikheid: die nasionale state se afbakening berus op territorialiteit en die grondwetlike voorstelle vir die driekamerparlement op persoonlikheid (Du Plessis, 1984:170).

Hierdie teoretiese beginsels het ook praktiese toepassingswaarde op die talesituasie in Suid-Afrika: Taalterritorialiteit dui daarop dat die taal van 'n spesifieke gebied uitsluitlik berus op die geografiese afbakening van die gebied waar so 'n taal gepraat word. Taalpersoonlikheid dui daarop dat die afbakeningsreëls sal berus op die linguistiese status van die betrokke taalgemeenskap.

Wanneer taaldistrikte dan ter sprake kom, word die beginsels van territorialiteit sowel as persoonlikheid gebruik om sodanige distrikte af te baken.

Taaldistrikte hou 'n stelsel van gelyke status vir verskillende taalgroepe in (Du Plessis, 1984:170). Hierdie distrikte werk in ewewig, sodat die oormag van een taal aan die een kant in ewewig staan met die ander minderheidstale (wat minderheidsbeskerming geniet) van daardie streek. Al hierdie tale geniet gelyke status op sentrale regeringsvlak.

In verband met die toepassingsmoontlikhede van hierdie teoretiese model, sê Du Plessis (1984:171) dat 'n veranderde Finse model hiermee bedoel word. Hy stel voordat reeds bestaande landdrosdistrikte óf as een óf as tweetalige taalstreke verklaar word.

Die taalkleur waarvolgens so 'n streek dan geklassifiseer word, word deur die volgende formule bereken:

$$\frac{\text{Afrikaans}}{\text{Engels + Afrikaans}} \times \frac{100}{1}$$

(Let daarop dat Engels en Afrikaans hier blote teoretiese moontlikhede is. Hulle verteenwoordig bloot die tale-moontlikhede in bepaalde streke.)

Hiermee word die persentasie uit die totale bevolking van die gegewe landdrosdistrik bepaal. Wanneer 'n distrik dan meer as 70% aanduiding van die een of die ander taal het, word so 'n distrik as 'n eentalige distrik geklassifiseer. In die gevalle waar die taalkleur van nie een van die twee tale 70% oorskry nie, word die betrokke gebied 'n tweetalige taalstreek.

Die plaaslike owerheid van 'n eentalige taalstreek voer dan al sy korrespondensie en vergaderings in die taal van die meerderheid. Die plaaslike inwoners behou hulle egter die reg voor om in hulle onderhandeling met plaaslike owerhede hul eie moedertaal te gebruik.

Op die sentrale regeringsvlak moet alle stukke tweetalig wees, waar die individu homself weer die reg op gebruik van sy moedertaal voorbehou.

Die bestaan van drie- of meertalige taaldistrikte is ook moontlik en dit kan volgens dieselfde formule bereken word (Du Plessis, 1984:172).

Op grond van hierdie bykomende amptelike status wat dan op plaaslike owerheidsvlak aan 'n swart taal gegee word, in gevalle waar daar nog steeds net die twee amptelike tale bestaan, word daar onderskei tussen eksterne en interne amptelike tale. Indien 'n plaaslike owerheid, in 'n streek met oorwegend Tswanasprekende inwoners, samespreking voer met die sentrale regering, sal óf Afrikaans óf Engels gebruik word. 'n Interne amptelike taal dui dus op daardie taal wat amptelike status op plaaslike vlak geniet, terwyl eksterne amptelike taal dui op die amptelike taal of tale waarin daar op eerste en tweederegeringsvlak gekommunikeer word.

Kommentaar

Wat Du Plessis hier voorstel, dui op die stelsel van amptelike tale en vergunde amptelike tale. Waardevol van hierdie voorstel is die feit dat die empiriese talewerklikheid die uitgangspunt van so 'n taalbeleid is. Hier kan dus geen dominasie of gewaande dominasie van die een taal bo 'n ander een wees nie.

Daarby voldoen hierdie taalbeleid aan die meeste van die teoretiese eise soos gestel in paragraaf 5.6.2: dit is regverdig, dit geniet regsgeldigheid (sien die interne en eksterne amptelike tale), dit bevorder gemeenskaplikheid, dit is aanvaarbaar, dit is prakties uitvoerbaar en daar word voorsiening vir gelykheid gemaak.

5.7.10 K.P. PRINSLOO

Prinsloo (Prinsloo, 1987:24-5) sê dit word al hoe duideliker dat Suid-Afrika dit sal moet oorweeg om drie amptelike tale op streeksgrondslag te hê.

Die suksesvolle implementering van hierdie taalbeleid sal afhang van die mate waarin daar rekening gehou is met die veelheid van tale in Suid-Afrika.

Volgens Prinsloo (1987) het verskillende liggame al tot hierdie taalbeplanningsgesprek toegetree: Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die English Academy of South Africa, die Linguistevereniging van Suider-Afrika, die Applied Linguistics Association en daarby is "revolutionêrgesindes" (Prinsloo, 1987:24) ook besig met die formulering van hul eie taalplanne.

Prinsloo (1987) merk op, en daarmee word volmondig saamgestem, dat die gevaar bestaan indien daar allerlei politieke strewes 'n rol in die taalbeplanningsproses speel wat moet uitloop op 'n taalbeleid vir Suid-Afrika, daar nêrens gekom gaan word nie.

Die taalplan wat Prinsloo uiteindelik daarstel, word geskoei op die empiriese taalgegewens soos dit in die sensusopname van 1980 na vore kom.

Op grond van die geografiese groepering van die elf dominante huistale in Suid-Afrika, lyk dit of 'n toekomstige taalbeleid voorsiening moet maak vir die amptelike erkenning van tale op streeksgrondslag. Hy stel voor dat daar, naas Engels en Afrikaans as amptelike tale, erkenning gegee moet word aan daardie swart tale wat dominant in 'n sekere streek gebruik word.

Omdat Suid-Afrika nie oor 'n enkele hooftaal beskik wat as saambindende simbool van eenheid vir die hele Suid-Afrikaanse bevolking dien nie, sal dit nie werk indien daar in Suid-Afrika 'n enkele amptelike taal gebruik word nie (Prinsloo, 1987:24).

Om bogenoemde rede lê die uitdaging vir 'n talebeleid dan daarin dat die hele taleopset (verskeidenheid en al) 'n simbool van kulturele verdraagsaamheid, doeltreffende kommunikasieuitbouing en 'n beleid van leef en laat leef moet uitdra.

Hoewel verskeie kundiges hulle al oor 'n taalplan vir Suid-Afrika uitgespreek het, het niemand nog die uitdaging aanvaar vir die opstel en implementering van sodanige taalplan nie - "indien die owerheid wel sou besluit daar moet een kom" (Prinsloo, 1987:25).

In ander twee- of multitalige lande (byvoorbeeld Kanada, België en Australië) is daar sentrale kantore wat omsien na

taalberegting. Met die konstatering van hierdie feit wil Prinsloo (1987:25) sê dat die multitalige Suid-Afrikaanse situasie baie sou baat by 'n soortgelyke sentrale taalberegtings-/taalbeplanningsliggaam.

Wat die posisie van Afrikaans betref, stel Prinsloo (1987:25) dit dat Afrikaans vanuit 'n posisie van sterkte behoort mee te doen aan 'n gesprek oor die taletoe-koms van Suid-Afrika. Afrikaans se posisie as spreek- en skryftaal bewys hierdie posisie: benewens die feit dat Afrikaans die taal is wat deur die meeste mense in Suid-Afrika verstaan word (59% van die totale bevolking - Grobler, 1990b:59), is sowat die helfte van die nuwe boektitels wat jaarliks in Suid-Afrika verskyn, in Afrikaans. Prinsloo (1987:25) sê dat die aantal nuwe titels wat jaarliks in Afrikaans verskyn, méér is as in enige ander taal in Afrika.

Kommentaar

Ook hierdie taalbeleid dui op die verdeling van die land in taaldistrikte. 'n Sinvolle voorstel is dié een dat daar 'n enkele oorkoepelende liggaam in die lewe geroep moet word wat na alle tale in Suid-Afrika se belange en taalbeplanningsaangeleenthede moet omsien. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is sedert 1990 betrokke by die ondersoek na 'n Taleraad, maar geen noemenswaardige vordering in hierdie werksaamhede kon nog gemaak word nie.

Daar is vooraanstaande taalmense wat al lankal prát oor taalbeplanning. Dr. Karel Prinsloo, om so persoon te noem, vertel al vir meer as 'n dekade lank dat daar aan sinvolle en wetenskaplike makrovlaktaalbeplanning vir die hele Suid-Afrika met sy veelheid tale gewerk moet word. Hy het selfs al so ver gegaan om 'n taalplan uit te werk vir ingeval die

owerheid miskien sou besluit dat daar een moet kom (Prinsloo, 1987:25)!

Die vraag is: Is die tyd van praat nie lankal verby nie? Dié taalplan moes al lankal aan die regering "verkoop" gewees het!

5.7.11 GEVOLGTREKKING

Ten spyte van uiteenlopende idees oor hoe 'n taalbeleid vir 'n multitalige Suid-Afrika moet lyk, is daar eenstemmigheid oor die kwessie van streeksvlakimplementering van amptelike tale.

Hoewel LiCCA as een van sy uitgangspunte het dat taalbeleid primêr die mense se belange moet bevorder en nie as sodanig die taal se belange nie, word die begrip taal tog in oor-dragtelike sin gebruik. Taal kan nooit van sy sprekers losgemaak word nie.

Die taligheidsaspek kan nooit uit 'n taalbeleid onttrek word nie. Wanneer dit by die formulering van 'n taalbeleid nie juis om die taal gaan nie, kan 'n mens net sowel met 'n politieke, maatskaplike of ideologiese beleid besig gewees het.

Danksy die sewe taalbeleidsbeginsels, soos in paragraaf 5.6.2 gestel, kon die voorgestelde taalplanne wetenskaplik beoordeel word. Dit het duidelik geword dat die uitvoer-baarheidsbeginsel telkens die meeste taalplanne kortwiek.

Wat aanbevelings betref, word in die eerste plek 'n pleidooi om betrokkenheid van die regering se kant gelewer. Indien die regering nie bereid is tot samewerking vir die daarstelling van 'n nasionale taalbeleid nie, kan géén vordering gemaak word nie.

Teen die agtergrond van dit wat in die verskillende taalbeleide staan en met die teoretiese eise van paragraaf 5.6.2 in gedagte, word voorgestel dat 'n toekomstige taalbeleid sowel Afrikaans as Engels as oorkoepelende amptelike tale sal behou en dat daar, afhangend van die besondere streek die swart taal van daardie streek as interne amptelike taal aangewys moet word.

Op hierdie wyse behoort daar nie groot ongerief veroorsaak te word nie en behoort tegelyk voldoen te word aan die eise om regverdigheid, regsgeldigheid, gemeenskaplikheid, kommunikasie, aanvaarbaarheid, uitvoerbaarheid en gelykheid.

Dit is verder baie belangrik dat die beoogde Taleraad so gou as moontlik met koördineringswerkzaamhede moet begin.

5.8 SAMEVATTING

Die volgende sake word na afloop van hierdie hoofstuk duidelik:

- Hoewel daar in hierdie hoofstuk rekenskap gegee is van die makrovlaktaalbeplanning vir Suid-Afrika en 'n hele handvol taalplanne bespreek is, kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat makrovlaktaalbeplanning vir Suid-Afrika nog steeds drome en vergesigte bly.

- Dit word ook duidelik hoe gekompliseerd die taalsituasie op die makrovlak in Suid-Afrika is.

Die ironiese hiervan is dat, ten spyte van hierdie kompleksiteit, daar geen statutêre struktuur bestaan met neergelegde parameters waarbinne hierdie probleme een vir een uitgerafel kan word nie.

Met statutêre struktuur kan een van die volgende drie dinge bedoel word:

- * Voldoende grondwetlike taalbepalings.
- * 'n Menseregte-akte met behoorlike beskerming van taalregte.

- * 'n Nasionale taalbeleid - met neergestippelde kort- en langtermyn doelwitte, behoorlik omlynde werksafbakening, identifisering van teikengroepe, bepaling van teikendatums, voldoende evalueringsgeleenthede - wat voorsiening maak vir ál die tale in Suid-Afrika.

- * Dit is ook opvallend dat die reeds geformuleerde taalbeleide wat vir Suid-Afrika daargestel is, oorwegend vanuit radikaalgesinde oorde kom. Hoewel daar duidelike wetenskaplike ondertone in te bespeur is, gaan hulle van die vooropgestelde idee uit dat Afrikaans geen rol te speel het nie. Hierdie taalplanne het primêr politieke motiewe ten grondslag.

- * Voordat die regering van die dag nie toetree tot hierdie makro-taalbeplanningsgesprek vir Suid-Afrika nie, sal die aktiwiteite wat nou aan die gang is, tot niks kom nie. - 'n Taalbeleid is nie 'n taalbeleid en kan nie uitgevoer word voordat daar nie amptelikheid aan verleen is nie.

En hierdie traagheid om betrokke te raak, gaan uiteindelik veroorsaak dat die taleopset in Suid-Afrika dieselfde pad gaan loop as dié in Namibië waar Engels (ten koste van die empiriese werklikheid) die afgedwingde enigste amptelike taal geword het.

HOOFSTUK 6

AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN TAALBEPLANNING VIR AFRIKAANS IN 'N MULTITALIGE SUID-AFRIKA

6.1 INLEIDING

Wanneer 'n spreker of skrywer sy ervaring, sy lewenspeil, sy wetenskaplike prestasies, sy menslike nood, sy intellektuele hoogtes, sy religieuse diepgang, of watter gedagtes ook al, in 'n sekere taal kan verwoord, beleef daardie taal 'n hoogtepunt op sy ontwikkelingsgang (Botha, 1990:14).

En omdat die Afrikaanse taal sy sprekers in staat stel om dit te doen, is daar geen rede om paniekbevange oor die toekoms van Afrikaans te raak nie. - Nie omdat die sprekers van Afrikaans 'n gearriveerde houding oor hul taal het nie, maar omdat daar nog genadetyd (hoewel min) oor is om wetenskaplik te beplan vir die vaslegging van hierdie toekoms van Afrikaans.

Vanweë die toenemende verdagmakery van Afrikaans weens die gepolitiseerde Suid-Afrikaanse samelewing, begin Afrikaanssprekendes sêlf te twyfel aan die moontlikhede van Afrikaans.

Die doel met hierdie hoofstuk is om op teoreties-verantwoordbare wyse voorsiening te probeer maak vir die posisie van Afrikaans op die taalbeplanningsgebied in 'n multitalige Suid-Afrika.

6.2 TERREINVERKENNING OM DIE POSISIE VAN AFRIKAANS TE BEPAAL

6.2.1 INLEIDING

Afrikaanssprekendes - en dan veral blanke Afrikaanssprekendes - ondervind in hierdie dae van politieke omwenteling, 'n begaanheid oor die toekomsverwagting van Afrikaans.

Omdat hierdie kwelgedagtes dikwels op blote emosionele berekening berus, is dit gepas om hierdie saak op wetenskaplike manier te ontleed om presies te probeer bepaal hoe die pad vir Afrikaans vorentoe behoort te lyk.

6.2.2 AFRIKAANS : 'N DEFINISIE

Aangesien dit in hierdie studie gaan om 'n besinning van die toekomsverwagting van Afrikaans, is dit belangrik dat daar klaarheid verkry word oor wat met die begrip **Afrikaans** bedoel word.

Wanneer die woord morfologies ontleed word, is die basisvorm **Afrika**. Afrikaans dui dus by uitstek op 'n taal wat gewortel is en groei uit Afrika; 'n inheemse Afrikataal met Europese bande.

Afrikaans is die versamelnaam vir die verskillende variëteite wat daar in die taal onderskeibaar is. Histories is Kaapse Afrikaans, Oranjerivierafrikaans en Oosgrensafrikaans onderskei. Standaardafrikaans, die normvariant

vir Afrikaans, het uit Oosgrensafrikaans ontwikkel (Van Rensburg, 1990).

Deesdae kan baie meer variëteite vir Afrikaans aangetoon word. Binne Oranjeriverafrikaans alleen, kan 'n paar dialektiese vorme onderskei word: Griekwa-Afrikaans, Riemvasmaakafrikaans en 'n Oranjerivierafrikaans wat deur blanke sprekers gebruik word. Ander substandaardvariëteite vir Afrikaans (met sosiolektiese merkers), wat veral in stedelike gebiede aangetref word, is Johannesburgse Omgangsafrikaans (Du Plessis, H., 1983) en Flaaitaal (Schuring, 1983). - Die gesproke weergawe van Afrikaans manifesteer in al hierdie bogenoemde variëteite.

Wanneer dit gaan om 'n geskrewe vorm van Afrikaans, is dit veral die gestandaardiseerde normvariant wat daarmee bedoel word. Dit is hierdie Standaardafrikaans waaraan amptelike status verleen is, wat hoëtaalfunksies vervul en wat nou in die gedrang is.

Gesproke Afrikaans staan nie op hierdie stadium uitsterwing in die gesig nie. Omdat gesinhaal een van die lae funksies van 'n taal vervul, en Afrikaans as huistaal sterk staan (sien paragraaf 6.2.3), gaan die huidige begaanheid nie primêr oor die gesproke weergawe van Afrikaans nie.

Die gesprek oor Afrikaans wat dan nou nie meer bestaansreg in 'n nuwe Suid-Afrika sou hê nie, gaan primêr om Standaardafrikaans wat sy neerslag hoofsaaklik in 'n geskrewe vorm van Afrikaans vind.

Kortom: Wanneer daar van Afrikaans gepraat word, word die totale moontlike variëteite van die primêre en sekondêre taalgemeenskap bedoel. Hoewel al die variëteite van Afrikaans omvat word deur die term **Afrikaans**, word dit duidelik dat die stryd om voortbestaan veral ten opsigte van Standaardafrikaans gevoer word.

6.2.3 DIE GETALSTERKTEPOSISIE VAN AFRIKAANS

Afrikaans is een van die vyftig grootste tale uit tussen 3 000 en 4 000 tale ter wêreld (Louw, 1991:59) en dit is die grootste nie-swart taal in Suid-Afrika.

Sekere aspekte van presies hoe die gestalsterkteposisie van Afrikaans daar uitsien, het reeds in Hoofstuk 5 ter sprake gekom. Ter wille van volledigheid word die tersaaklike statistiek herhaal.

Wat die huistaalverspreiding van Afrikaans betref, dui Grobler (1990a:9) aan dat 19,8% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking (dit kom voor of die TBVC-lande uitgesluit is) Afrikaans as huistaal gebruik. 52,39% van hierdie groep is blank, 45,71% is bruin, 0,31% is Asiërs en 1,56% is swart Afrikaanssprekendes.

Op grond van die insluiting en uitsluiting van die TBVC-lande, bestaan daar groot verskil in interpretasie van die 1980-sensusgegevens wat die spreektaalkennisverspreiding van Afrikaans aangaan.

* Prinsloo (1984:144) grond sy gegewens op 'n 5%-steekproef van die 1980-sensus en dui aan dat 48% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking 'n spreektaalkennis van Afrikaans het.

* Schuring (1990:31) sluit die TBVC-lande in en sê dat 43,59% van die bevolking oor 'n spreektaalkennis van Afrikaans beskik.

* Grobler (1990b:59) se data-interpretasie sluit nie die TBVC-lande in nie en daarom word verklaar dat 59% van die totale bevolking 'n spreektaalkennis van Afrikaans het.

Dit kom dan voor dat die betroubaarste statistiek gekry sal word indien 'n gemiddeld van dié drie getalle geneem word.

Van Vuuren en De Beer (1990:19) se statistiek oor swart mense se begrip van gesproke Afrikaans dui aan dat 34,1% 'n begrip het van elementêre Praatafrikaans ("Hoe laat is dit?"), 11,4% verstaan 'n effens moeiliker sin in Afrikaans ("Hoe dikwels gaan u stad toe?") en slegs 5% van alle swart mense verstaan 'n redelik gevorderde vlak van Praatafrikaans ("Verkies u om fiksie- of nie-fiksieboeke te lees?").

- Let daarop dat hierdie gegewens slegs dui op 'n begrip van Praatafrikaans, en nie aandui in watter mate die respondente self die taal kan beheers nie.

Ten spyte van tekortkominge inherent aan sensusstatistiek, bied bogenoemde uiteensetting, danksy 'n kruiskontrolle van drie bronne (Prinsloo, 1984, Schuring, 1990, Grobler, 1990b), 'n redelike beeld van presies hoe sterk of swak Afrikaans daaraan toe is.

Hoewel die totale beeld redelik gunstig voorkom, moet onthou word, dat:

- * dit gebaseer is op inligtingsdata wat meer as 'n dekade gelede versamel is;

- * die posisie van Afrikaans in hierdie dekade geweldig verpolitiseerd geraak en 'n baie negatiewe simboolwaarde gekry het;

- * Engels as medium van onderrig in swart skole gevestig geraak het wat mense se spreektaalkennis en begrip van gesproke Afrikaans negatief beïnvloed het;

- * Ongeletterdheid onder groot dele van die Suid-Afrikaanse bevolking, vanweë 'n hoë geboortesifer, werkloosheid en slepende politieke onrus onrusbarend hoog is.

Wat die geografiese verspreiding van die Afrikaanse primêre taalgemeenskap in die nege voorgestelde streke aangaan,

(TBVC-lande uitgesluit), lyk sake soos volg (Schuring, 1990:35):

W-Kaap	N-Kaap	OVS	O-Kaap	Natal	O-Tvl	N-Tvl	PWV	W-Tvl
69,6%	54,1%	15,8%	29,6%	2,6%	12,4%	3,4%	20,7%	21,7%

Let daarop dat die persentasies van die totale bevolking in elke streek aangegee is.

Afrikaans se krag lê dus in die Wes-Kaap waar sowat 70% van die totale bevolking Afrikaans as huistaal gebruik; in die Noord-Kaap is meer as die helfte van die inwoners Afrikaanssprekend en in die Oos-Kaap amper 'n derde van die totale bevolking. In die PWV-gebied en in Wes-Transvaal is 'n kwart van die totale bevolking Afrikaanssprekend.

Wanneer toekomsprojeksies gewaag word oor die demografiese stand van Afrikaans, dui alles daarop dat die Afrikaanse taalgemeenskap gaan verklein. Sloet (1989) sê dat blanke Afrikaanssprekendes teen die jaar 2000 slegs 6% van die totale Suid-Afrikaanse bevolking kan uitmaak.

Van Rensburg (1990:8) sê dat die blanke Afrikaanssprekende bevolking oor tien jaar 2 tot 3 miljoen sterk sal staan teenoor die res van die Suid-Afrikaanse bevolking wat min of meer 35 miljoen sal wees.

Uit projeksies wat Schuring (1990:35) maak, word dit duidelik dat 12,14% van die bevolking in 1980 aangedui het dat hulle van die amptelike tale slegs 'n spreektaalkennis van slegs Afrikaans (en nie Engels nie) het. Hierdie getalle verklein in 1990 tot 11,65% en die aanduiding bestaan dat teen die jaar 2000, 10,36% van die bevolking, van die twee amptelike tale, net Afrikaans sal kan praat.

Die ooreenstemmende getalle vir dié mense uit die bevolking wat, van die amptelike tale, net Engels kan praat, is:

1980	1990	2000
8,96%	8,54%	8,44%

Die tweetaligheidsvlak (met ander woorde 'n spreektaalkennis van beide Afrikaans en Engels) van Suid-Afrikaners, is;

1980	1990	2000
31,45%	34,45%	37,99%

Dit word uit bestaande sensusgegevens, sowel as toekomsprojeksies, duidelik dat meer as 40% van die bevolking nie 'n spreektaalkennis van óf Engels óf Afrikaans het nie (vergelyk in dié verband ook die statistiek deur Van Vuuren en De Beer hoër op):

1980	1990	2000
47,45%	45,60%	43,21%

Uit al die bogenoemde statistiese gegewens word dit klinkklaar duidelik dat Afrikaans nie meer die eksklusiewe besit van slegs sy blanke sprekers kan wees nie.

Daarby is dit ook belangrik dat daar spesiale aandag aan die sekondêre taalgemeenskap van Afrikaans gegee moet word. Daarom is dit van kardinale belang dat 'n behoeftebepaling uitgevoer sal word na die stand van Afrikaans in die nie-formele onderrigssituasies:

* Aangesien myne nie meer Fanagalo nie, maar merendeels Engels as voertaal gebruik by hul opleidingsgeleenthede, is dit nodig om (gesien in die lig van die feit dat 59% van alle Suid-Afrikaners 'n spreektaalkennis van Afrikaans het), die gebruik van Afrikaans te propageer.

* Aangesien Suid-Afrika 'n ontwikkelende land is met méér derdewêreld- as eerstewêreldkenmerke, word hier 'n geletterdheidsprobleem ondervind. Dit is ook bekend dat

daar meer Engelse geletterdheidskursusse as Afrikaanse kursusse beskikbaar is. Hoewel dit uit die gegewens uit Hoofstuk 3 duidelik geword het dat sekere organisasies of instellings besig is met die daarstel van Afrikaanse geletterdheidskursusse, is dit dringend noodsaaklik dat kragte en vaardighede gekoördineerd saamgesnoer moet word om 'n behoorlike, algemeengeldende en goed gepropageerde Afrikaanse geletterdheidskursus die lig te laat sien.

Die sekondêre taalgemeenskap se grense kan verder uitgebrei word deur Afrikaans aantreklik vir immigrante te maak. Die werk wat deur die Maatskappy vir Europese Immigrasie (sien paragraaf 3.3.3.10) en die Buro vir Nie-Formele Onderrig aan die RAU (vroeër die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans - sien paragraaf 3.6.1) gedoen word, verlang in hierdie opsig doelgerigte ondersteuning.

Prinsloo (1984c:117) dui aan dat immigrante-kindere wat van Kontinentaal-Germaanse oorsprong is in Suid-Afrika oorwegend deur medium van Engels onderrig ontvang: 50% van hierdie kindere gaan in Engels skool, en dit terwyl hulle herkoms daarop dui dat hulle Afrikaans, wat 'n Germaans-verwante taal is, beter behoort te verstaan. 97% van die immigrante-kindere wat nie Engels kan praat nie en wat nie van Kontinentaal-Germaanse herkoms is nie, gaan na Engelse skole.

Volgens 1979-gegewens was daar 39 564 immigrante-kindere in Transvaalse skole: 93,3% van hulle was in Engelse skole, 1,8% in Afrikaanse skole en 4,7% in dubbelmediumskole (Prinsloo, 1984c:117).

Die volgende sake moet deeglik in berekening gebring word wanneer dit gaan om die uitbouing van Afrikaans onder immigrante:

* Om Afrikaans (en daarmee dan ook enige ander taal) aantreklik vir mense van ander taalgroepe voor te stel, word dit van moedertaalsprekers verwag om 'n deel van hulleself te gee, opreg belang te stel en sosiaal betrokke te raak by immigrante. Daarom moet die Taalklubs wat deur die FAK en die MEI geïnisieer is, daadwerklike ondersteuning kry.

Dit is deur wetenskaplike navorsing bewys dat blanke Afrikaanssprekendes tradisioneel 'n groter afstand tussen hulle en die immigrante handhaaf as wat Engelssprekendes dit doen (Prinsloo, 1984c:120). Dit is daarom ook nie vreemd dat immigrante hulle dan liever met die Engelstalige deel van die Suid-Afrikaanse bevolking asosieer en dat hulle naturalisasie deur middel van Engels geskied.

* Daar moet onvermoeid gewerk word en ondersteuning gegee word aan die organisasies of instellings wat klasse in Spreektaalafrikaans aanbied.

Die RGN het reeds in 1982 bepaal dat daar 18 kursusse in Spreektaalafrikaans beskikbaar is wat immigrante as teiken-groepe het (Prinsloo, 1984c:120).

6.2.4 DIE SIMBOOLWAARDE VAN AFRIKAANS

Daar bestaan nie 'n resente wetenskaplike weerspieëling van die Suid-Afrikaanse bevolking se taalhoudings jeens Afrikaans en Engels nie (Schuring, 1990).

Die voortbestaan van Afrikaans hang in 'n groot mate af van die wyse waarop die nuttigheidswaarde van Afrikaans aan moedertaalspreker, sowel as nie-moedertaalspreker aan die man gebring word.

Daar bestaan baie duidelike aanduidings dat die nuttigheidswaarde van Afrikaans onder verdenking staan:

* Die vraelys aan kultuurorganisasies (sien Hoofstuk 3) bepaal dat 'n negatiewe taalhouding van moedertaalsprekers teenoor Afrikaans een van die grootste struikelblokke op die toekomspad van Afrikaans is.

* Indiërs het van 1946 tot 1980 'n oorweldigende taalverskuiwing, van 4% tot 84%, ten gunste van Engels ondergaan.

* 'n Derde van die totale bruin Afrikaanse gemeenskap wil liever as Engelssprekend geklassifiseer word, wat aandui dat 'n taalverskuiwingsproses weg van Afrikaans, hier waarneembaar is.

* Swart mense verkies Engels bo Afrikaans. Van Rensburg (1990:10) sê dat met verstedeliking baie swart mense wat hulself eerder in Afrikaans kon uitdruk, Engels verkies. Die algemene gevoel bestaan ook dat Engels geassosieer word met aangeleenthede wat swart mense as positief ervaar. Swart Suid-Afrikaners sien Engels as 'n prestige- en ontspanningstaal, en Afrikaans as 'n werknemerstaal.

Hierdie afname in nuttigheidswaarde stem 'n mens ongerus. Oplossings vir hiedie probleme kan sekerlik nog gevind word, hoewel die tyd om hulle te implementeer min geword het. Combrink (1984:49) onderstreep die belangrikheid van die feit dat die simboolwaarde van Afrikaans positief gemaak moet word wanneer hy sê dat die toekoms van Afrikaans, naas Engels, in 'n toekomstige grondwetlike bedeling in Suid-Afrika, grootliks afhang van swart mense se houding teenoor, en hulle gebruik van Afrikaans.

Hoewel daar reeds in 1975 (Let wel, dit is voor die 1976-gebeure) deur 'n RGN-ondersoek bepaal is dat swart mense negatief teenoor Afrikaans ingestel is, dui 'n RGN-ondersoek in 1990 aan dat sekondêre swart leerlinge se houding teenoor

Afrikaans wissel van positief tot neutraal (Die Transvaler, 1 Junie 1990). Hierdie selfde navorsing het ook bevind dat swart sekondêre leerlinge Engels as medium van onderrig verkies.

Daar bestaan ook algemene gevoel dat die taal Afrikaans gelykgestel word aan 'n Nasionale Party-apartheidsregering. Hierdeur is Afrikaans gestigmatiseer as onderdrukkerstaal. Deur hierdie etikettering van Afrikaans is die indruk geskep dat Afrikaans as politieke instrument deur Afrikaanse rassiste gebruik is om apartheid te skep en te onderhou. Hierdie stuk ideologiese bagasie is ten onregte op Afrikaans (wat die besitting van ál sy sprekers is) geplaas.

Die eerste fase van 'n taalplan vir Afrikaans sal strategieë moet daarstel om Afrikaans te bevry van die negatiewe simboolwaarde wat aan hom kleef.

Sodanige aksie kan alleen positiewe resultate hê wanneer 'n veldtog geloods word wat, nie alleen wanopvattinge weerlê deur die weergee van feitlikhede nie, maar wat Afrikaans se moontlikhede propageer en sodoende moedertaalsprekers en nie-moedertaalsprekers se taalloyaliteit teenoor Afrikaans positiver.

Die simboolwaarde van sommige variëteite van Afrikaans in vergelyking met Engels word duidelik gestel in die tabel van Du Plessis, H. en Van Rensburg (1991). Dit illustreer by wyse van 'n tienpuntskaal hoe die simboolwaarde van Afrikaans in die breë gemeenskap daar behoort uit te sien. (Begripsomskrywing: SA - Standaard-afrikaans, KA - Kaapse Afrikaans, OA - Oranjerivier-afrikaans):

AFRIKAANS SE STERK EN SWAK PUNTE OP 'N TIENPUNTSKAAL

ENG.	AFR.		SA	KA	OA
7	3	Onderwystaal	9	2	1
9	9	Regstaal	10	0	0
8	6	Mediataal	8	1	0
7	9	Godsdiensttaal	10	7	5
2	1	Omgangstaal	8	9	10
10	9	Normeringstaal	10	0	0
10	8	Skryftaal	10	3	1
10	10	Literêre taal	10	1	0
5	8	Arbeidsopdragtaal	10	8	8
6	9	Landboutaal	10	10	10
8	6	Publikasietaal	8	1	0
10	7	Tegnologiese taal	7	0	0
4	7	Afrikasimbool	3	7	8
10	6	Kommunikasie met Europa	6	3	3
10	8	Sporttaal	7	1	1
10	4	Groothandelstaal	3	0	0
10	6	Kleinhandelstaal	4	2	2
10	8	Parlementêre taal	9	3	0
8	4	Politiese simbool	3	4	1
10	7	Vaktaal	7	0	0
10	3	Rolprenttaal	4	0	0
9	3	TV-programtaal	3	0	0
6	1	Bevrydingstaal	0	2	0
5	0	Nasionale eenheidstaal	0	0	0
0	10	Apartheidstaal	10	4	2
8	2	Geletterdheidsmiddel	2	0	0

6.2.5 FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE POSISIE VAN AFRIKAANS KAN UITOEFEN

6.2.5.1 DIE TAALKONFLIKSITUASIE IN SUID-AFRIKA

Doelgerigte taalbeplanning word noodsaaklik wanneer daar situasie van taalkonflik in 'n meertalige bestel bestaan. Van Rensburg (1990:26) sê 'n potensiële taalkonfliksituasie word geskep wanneer een taal en sy sprekers ten koste van 'n ander taal of tale en hulle sprekers in 'n multitalige land bevoordeel word. Dit gee aanleiding tot onderlinge mededinging tussen tale.

Wanneer die probleme van die taalkonflik nie bevredigend opgelos word nie, loop talestabiliteit en die infrastruktuur waaroor tale reeds beskik, gevaar om vernietig te word (Van Rensburg, 1990:26).

Dit word uit die navorsing vir hierdie studie duidelik dat die taalkonfliksituasie in Suid-Afrika eers ontlont sal moet word, voordat alle tale hulle volle potensiaal kan bereik.

Taalkonfliksituasies word deur sekere eienskappe gekenmerk (Van Rensburg, 1990:26):

- Die aantasting van die status of funksies van 'n sekere ampstaal of ampstale.
- Dit lei daartoe dat plaasvervangende tale gebruik word in mediakontak, in kennisgewings en op openbare byeenkomste.
- Toenemende gesprek en bespiegeling oor die gebruik van 'n ander taal as die bestaande amptelike taal of tale in amptelike hoedanighede.
- Die bestaande amptelike taal of tale word verdag gemaak as sou hulle sekere onverdiende voorregte geniet, wat tege-lyk daarop neerkom dat sodanige taal se sprekers ook van

bevoorregting aangekla word, terwyl anderstaliges van hierdie basiese menslike reg weerhou word.

- So 'n amptelike taal verkry op hierdie manier 'n verpolitiseerde gestigmatiseerdheid sodat dit as die mondstuk van onregverdigte en verdrukkende ideologie bestempel word.

Dit is merkwaardig hoedat Afrikaans aan al die bogenoemde sondebokbeskuldigings voldoen. Hoewel Engels as kolonialistiese en imperialistiese taal ook gepolitiseer is, word bogenoemde beskuldigings hoofsaaklik voor Afrikaans se deur gelê.

6.2.5.2 DIE GEBRUIK VAN AFRIKAANS IN DIE SUID-AFRIKAANSE HANDELSWêRELD

Dit het reeds uit die gegewens in Hoofstuk 3 duidelik geword dat Afrikaans hom nie oor die algemeen in 'n gunstige posisie in die Suid-Afrikaanse handelswêreld bevind nie.

In 1970 het 90% van die etikette op handelware tekens van Afrikaans getoon (Steyn, 1980:246). Op 'n onlangse handelstentoonstelling in Rosebank was 89% van die etikette slegs in Engels, 10,71% was tweetalig (tweetalig beteken hier dat daar soms net een Afrikaanse woord in 'n hele reeks Engelse woorde was) en 0% van die etikette was eentalig Afrikaans (Van Rensburg, 1990:13-4).

Op die keper beskou, het Afrikaans nog nooit werklik 'n noemenswaardige posisie in die Suid-Afrikaanse handelswêreld bekleed nie. Die posisie wat Afrikaans wêl daar bekleed het, is bekom deur harde, onvermoeide ywer (sien paragraaf 3.3.3.13). Die gevaar bestaan egter dat Afrikaans besig is om die posisie wat hy wel verower het, te verloor (Van

Rensburg, 1990:14). Die gegewens uit Hoofstukke 3 en 4 onderskryf hierdie stelling (sien paragraaf 3.3.3.13 en 3.5).

6.2.5.3 AFRIKAANS AS WETENSKAPTAAL

Uit die bespreking van die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (paragraaf 3.3.3.2), word dit duidelik dat hulle 'n bydrae lewer tot die bestending van die posisie van Afrikaans as wetenskaptaal. Dit lyk egter onwaarskynlik of Afrikaanse universiteite ooit daarin sal slaag om al hul voorgeskrewe handboeke in Afrikaans beskikbaar te stel. Daar word selfs nie altyd daarin geslaag om die primêre studiemateriaal in Afrikaans beskikbaar te stel nie (Van Rensburg, 1990:16).

Volgens Combrink (1984:51) het daar in 1984 drie leerstoel vir Afrikaans in die buiteland bestaan, en aldrie was onbeset. Die situasie het sedertdien verbeter. Op die oomblik word 'n goeiende belangstelling in Afrikaans in die buiteland ondervind en die leerstoel vir Afrikaans aan die Universiteit van Zimbabwe het op die oomblik elf studente (Coetzer, 1991).

Hoewel die posisie van Afrikaans as wetenskaptaal bevestig is, is daar faktore merkbaar wat hierdie bevestigde posisie in die gedrang bring. Daar bestaan 'n toenemende tendens dat navorsingsverslae (veral in die Natuurwetenskappe - sien paragraaf 3.3.4) toenemend in Engels gepubliseer word (Van Rensburg, 1990:17).

Daarteenoor word dit uit die vraelyste aan tersiêre inrigtings duidelik dat akademici oor die algemeen positief voel oor die seggingskrag van Afrikaans as akademiese taal.

- Hierdie anomalie is moeilik te verklaar: Aan die een kant word navorsingsverslae toenemend in Engels gepubliseer en andersyds bepaal 'n empiriese ondersoek dat akademië Afrikaans as akademiese taal positief bejeën.

6.2.5.4 AFRIKAANS AS TAAL VAN DIE MEDIA

Dit het reeds uit die bespreking in Hoofstuk 3 duidelik geword dat, hoewel Afrikaans 'n gevestigde mediataal is, hy noustrop trek om hierdie posisie te bly handhaaf. Dit val veral ten opsigte van die tipomedia ('n versamelnaam vir koerante en tydskrifte - Steyn, 1980:406) op dat daar nie 'n gevestigde swart leserspubliek vir die Afrikaanse media bestaan nie. Wanneer in berekening gebring word dat 50% van die leserspubliek van Engelse koerante swart is (Van Rensburg, 1990:19), besef 'n mens eers hoe groot die agterstand van Afrikaans op hierdie gebied is.

6.2.5.5 DIE WAARDE VAN DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE VIR AFRIKAANS

Afrikaans neem deur sy letterkunde sy plek letterlik en figuurlik in die wêreldletterkunde in (Botha, 1990:14). Baie van die hedendaagse Afrikaanse letterkundige werke is reeds in oorsese tale vertaal en ander word weer as klassieke werke gereken.

Ten spyte van verandering, teenslag, miskenning en misbruik het die Afrikaanse taal en letterkunde lewend gebly, gegroei en buitelands ver en wyd ingeslaan. Binnelands lyk die

prentjie anders: hierdie grafiek moet in paraboolvorm geteken word met 1976 as die dieptepunt (Botha, 1990:14).

Die Afrikaanse letterkunde het vir diegene wat met hom saamgeleef die verskeidenheid van Afrikaans in al sy realisasievorme getrou weergegee. Daarom is dit onregverdig om dit nou as slegs 'n "witmanstaal" te stigmatiseer.

Vir sover as wat Afrikaans aan homself die ruimte gun om sy volle funksiepotensiaal te ontgin, ook wat sy letterkunde betref, vir net sover sien hy dit van al die ander tale in hierdie land (Botha, 1990:15).

Die begrip Suid-Afrikaanse letterkunde is ook 'n versamelnaam - 'n bril waarmee 'n mens die multitalige Suid-Afrikaanse letterkundige situasie as 'n "pinksterseën" bestempel. Hierdie taal- en kultuurverskeidenheid in een nasionale verband is 'n wonderlike bate! (Botha, 1990:15).

6.2.6 GEVOLGTREKKING

Klaarheid oor 'n etlike sake in verband met Afrikaans word uit hierdie kort bestekopname verkry:

- * Afrikaans is die somtotaal van al sy variëteite en die gemeenbesit van al sy sprekers.
- * Die getalsterkte van die primêre en sekondêre Afrikaanse taalgemeenskap is 'n pluspunt waarop voortgebou moet word.
- * Hierdie hele taalgemeenskap moet op 'n doelgerig beplande manier gemobiliseer word sodat die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans tot positief gekeer moet word.

* Die moedertaalspreker van Afrikaans moet besef dat hy medeverantwoordelik is vir die verskuiwing van grense van die sekondêre taalgemeenskap. Dit is alleen moontlik indien die nuttigheidswaarde van Afrikaans bo alle twyfel bewys kan word. Moedertaalsprekers van Afrikaans moet op 'n inklusiewe manier begin dink en optree waar dit Afrikaans raak.

* Afrikaans is besig om die hoëtaalfunksies wat hy deur die strydfase van die taalbeweging heen verwerf het, stelselmatig af te staan. Dit is onnodig dat die Afrikaanse taalgemeenskap dit gelate as deel van die veranderende Suid-Afrika aanvaar. Dit is lede van 'n taalgemeenskap se plig om dit nie sienderoë toe te laat nie.

* Die verdagmaking van Afrikaans word primêr gerig op die Standaardafrikaanse normvariant en nie primêr op die gesproke manifestasies van al die variëteite nie.

* Die hoogtes wat die Afrikaanse letterkunde as uitdrukkingsmiddel van sy skrywers se ervaringswêreld, onder andere in die buiteland, binne die arena van die internasionale literatuur bereik het, lewer bewys van die intrinsieke waarde van Afrikaans.

* Die oorkoepelende begrip Suid-Afrikaanse letterkunde hoef geen bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans in te hou nie, omdat dit die eenheid-in-verskeidenheid wat reeds in die multitalige Suid-Afrika bestaan, versimboliseer.

Die bestendinging van Afrikaans in 'n multitalige opset moet as 'n uitdaging aanvaar word.

In die geheel gesien, swaai die pendulum, ten spyte van geïdentifiseerde struikelblokke, in die guns van die groei, vooruitgang en bestendinging van Afrikaans.

6.3 'N OPLOSSING VIR DIE SITUASIE WAARIN AFRIKAANS HOM BEVIND

6.3.1 INLEIDING

Juis omdat dit nie moontlik is om 'n taal wat deur 16% van die Suid-Afrikaanse bevolking - byna twee keer soveel mense as wat Engels as huistaal het - sommerso uit die Suid-Afrikaanse samelewing weg te wens nie, het die tyd nou ryp geword om objektief, wetenskaplik en doelgerig te werk aan die vaslegging van die toekoms van Afrikaans in die multi-talige Suid-Afrika.

6.3.2 VOORWAARDES VIR 'N TAALPLAN VIR AFRIKAANS

Afrikaans kon oor die jare bewys lewer van sy waarde en posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing. Daar bestaan egter voorwaardes waaraan 'n taalplan vir Afrikaans moet voldoen sodat die volle potensiaal van Afrikaans maksimaal ontgin en ontwikkel kan word.

* 'n Taalplan vir Afrikaans moet as eerste voorwaarde, die bestendiging van die taal in die oog hê - natuurlik met inagneming van die sosio-kulturele en -politieke faktore waarin so 'n taal hom bevind. Wanneer die taligheidsaspek uit 'n taalplan geneem word, kan dit ontaard in 'n politieke of maatskaplike plan.

* 'n Taalplan vir Afrikaans moet positief benader word. - Wanneer by voorbaat die houding ingeneem word dat die plan in elk geval nie kanse op sukses het nie, kan die poging maar laat vaar word.

* Die gesindheid mag nooit bestaan dat die posisie van Afrikaans ononderhandelbaar is nie.

* Omdat die magspolitiek nie los te maak is van taalbeplanningskwessies nie, moet 'n taalplan vir Afrikaans in homself voorsiening maak vir verskillende staatkundige scenario's. 'n Taalplan moet dus s6 geformuleer word dat 'n aanpassing in doelwitte moontlik is en dat vir verskillende moontlikhede voorsiening gemaak word.

* Dit is baie belangrik dat 'n taalplan op s6 'n manier geformuleer word dat dit op daadwerklike aktiwiteit uitloop.

* Afrikaans is op gelyke voet mededinger met die ander Suid-Afrikaanse tale, en hy het net soveel reg op bevoorrouting as Engels.

6.3.3 BREË DOELSTELLINGS MET 'N TAALPLAN VIR AFRIKAANS

Dit het uit die teoretiese uiteensetting van wat taalbeplanning is (Hoofstuk 2), duidelik geword dat taalbeplanning 'n toekomsgerigte, probleemoplossingshandeling is wat deur manipulasie, doelbewuste taalverandering aan die hand van 'n stel doelwitte probeer bewerk, en wat in die proses rekening hou met die sosio-kulturele en -politeke omgewing waarin die taalprobleem voorkom.

Teen die agtergrond van hierdie teoretiese raamwerk word die breë riglyne vir 'n taalplan vir Afrikaans daargestel.

6.3.3.1 TAALBEPLANNING IS TOEKOMSGERIG

Taalplanne wat gemaak word ter bestendiging van die toekoms van Afrikaans, moet dinamies toekomsgerig wees. Daar mag nie met retoriese spreuke wat kenmerkend was van die stryd-fase van Afrikaans, volstaan word nie. Hierdie toekomsgerigte karakter van taalbeplanning vir Afrikaans moet 'n bevestiging wees van die inklusiewe identiteit van sy sprekers. En dit moet op só 'n wyse manifesteer dat hierdie sprekers glo hulle was nog altyd aan mekaar verbonde.

'n Praktiese toepassing van hierdie teoretiese eis is die beklemtoning van die feit dat Afrikaans die gemeenbesit van ál sy sprekers is; dat enigeen wat homself in enige van die variëteite uitdruk ingereken word by die toekomsplanne wat vir Afrikaans gemaak word.

6.3.3.2 TAALBEPLANNING WORD GEKENMERK DEUR PROBLEEMOPLOSSENDE HANDELING

Doelgerigte beplanning kan nie plaasvind alvorens 'n taalprobleem nie geïdentifiseer is nie. Taalbeplanning moet werk aan die oplossing van 'n geïdentifiseerde taalprobleem.

Taalbeplanning vir Afrikaans word deur verskillende taalprobleme geïnisieer:

* Die gebrek aan 'n oorkoepelende nasionale taalbeleid veroorsaak dat daar onsekerheid oor die toekoms van tale in Suid-Afrika in 'n nuwe staatkundige bedeling bestaan.

* Hierdie onsekerheid lei daartoe dat die ampstaalstatus van Afrikaans onder verdenking staan.

* Die onsekerheid oor die ampstaalstatus lei weer daartoe dat daar 'n algemene onsekerheid oor die toekoms van Afrikaans bestaan. Die nuttigheidswaarde van Afrikaans kom sodoende onder verdenking.

* Omdat die regerende party van hierdie land oorwegend Afrikaans is, is die taal as sodanig gelykgestel aan die beleid van daardie party en daarom as onderdrukkerstaal gestigmatiseer. Afrikaans is dus die taal van die onderdrukker en Engels die taal van die bevryder.

* Vanweë die stigmasering beleef moedertaalsprekers self 'n identiteitskrisis. Omdat hulle taalhouding nie positief is nie, bou hulle saam aan die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans.

* Kultuurorganisasies is (ten spyte van hulle taalbevorderingsprojekte) oor die algemeen nie doelgerig met taalbeplanning vir Afrikaans besig nie. Dit bring mee dat daar dikwels duplisering van aktiwiteite is. Hoewel daar verskillende oorsake vir die oneffektiewe optrede is, is die gebrek aan ongekoördineerde optrede die belangrikste struikelblok. Dit is opvallend dat sommige van die kultuurorganisasies se taalbevorderingsaksies nog kenmerke van die strydfase vertoon (sien Hoofstukke 3 en 4).

* Vanweë die samespel van bogenoemde redes is Afrikaans besig om van sy hoëtaalfunksies prys te gee. Voortdurende prysgawe van taalfunksies lei daartoe dat 'n taal uiteindelik kwyn en tot niet gaan.

Bogenoemde taalprobleme vertoon 'n nou ineenverweefde karakter en kan streng gesproke nie los van mekaar gesien word nie.

Die noodsaak vir doelgerigte, probleemoplossende taalbeplanning vir Afrikaans is nou, in 1991, méér as gebiedend noodsaaklik.

6.3.3.3 DIE SOSIO-KULTURELE EN -POLITIEKE OMGEWING WAARIN TAALPROBLEME MANIFESTEER

Taal kan nooit van die sosiale kontekste waarbinne hy hom bevind, losgemaak word nie. Dit word uit voorgaande bespreking van die taalprobleme duidelik dat die meeste van die probleme wat Afrikaans ondervind, sosio-polities gemotiveer is.

Omdat Afrikaans gestigmatiseer is as onderdrukkers- en apartheids taal, word daar geglo dat hy nie 'n plek in die nuwe staatsbestel in Suid-Afrika kan beklee nie. As gevolg hiervan kom sy amptelike status in die gedrang en word daar aan sy nuttigheidswaarde getwyfel. Deur al hierdie negatiewe bemoedienis verkry Afrikaans 'n negatiewe simboolwaarde - óók by moedertaalsprekers.

Dit word dus duidelik dat die omgewing waarin die taalprobleme van Afrikaans manifesteer, 'n afwaartse spiraal vorm en 'n groot bydrae tot die reeds bestaande negatiewe persepsie van Afrikaans lewer.

6.3.3.4 DIE MANIPULERING VAN DOELBEWUSTE TAALVERANDERING

Die veelheid geïdentifiseerde taalprobleme vir Afrikaans kan alleen opgelos word, indien die taalsituasie in Suid-Afrika op 'n doelbewuste manier gemanipuleer word.

Dit vereis doelgerigte, gekoördineerde beplanning waar lang- en korttermyn doelwitte bepaal word, evalueringsgeleenthede daargestel word, teikendatums vir die implementering neergelê word en selfs teikengroepe afgebaken word op wie sekere projekte gerig word.

Die belangrikste element van doelbewuste manipulerings is gekoördineerde optrede. Dit is dus belangrik dat alle liggame wat by die bevordering van Afrikaans betrokke is, saam moet besin en strategieë uitwerk ter bestendiging van Afrikaans. 'n Oorkoepelende Taleraad word voorgestel wat nie alleen beding vir die toekoms van Afrikaans nie, maar wat op gekoördineerde wyse die posisie van alle tale in hierdie land moet bestendig.

6.3.3.5 DOELWITBEPALING

Geen taalplan vir Afrikaans kan van die grond af kom indien daar nie spesifieke doelwitte gestel word wat bereik moet word nie.

'n Voorgestelde langtermyn doelwit vir 'n taalplan vir Afrikaans kan die ontginning en ontwikkeling van die volle potensiaal van Afrikaans in 'n multitalige Suid-Afrika wees.

Om uitvoering aan bogenoemde doelstelling te gee, impliseer dat 'n volledige situasieanalise oor die stand van taalbeplanning in Afrikaans uitgevoer moet word, aan die hand waarvan die prestasieterreine en die probleemterreine van die taal bepaal word.

Op grond van die navorsing wat vir hierdie studie onderneem is, kan die volgende sake as prestasieterreine vir Afrikaans uitgesonder word:

- * Afrikaans is 'n inheemse taal van Afrika.
- * Afrikaans het reeds sy amptelike status verwerf.
- * Afrikaans beskik oor genoegsame hoëtaalfunksies om sy posisie as volwaardige kultuurtaal vol te staan.
- * Afrikaans se primêre en sekondêre taalgemeenskap vertoon 'n beduidende getalsterkte binne die meertalige Suid-Afrikaanse verband.
- * Afrikaans is die moedertaal van blanke, bruin Asiër en swart bevolkingsgroepe in Suid-Afrika.
- * Afrikaans beskik oor 'n stewige infrastruktuur. Die onderbou vir die verwesenliking van die volle funksiepotensiaal is reeds geskep. Veral die korpusbeplanning vir Afrikaans is reeds bestendig.
- * Die Afrikaanse letterkunde geniet internasionale aansien.

Benewens die oorhoofse taalprobleme wat in paragraaf 6.3.3.2 genoem word, kan die volgende probleemterreine vir Afrikaans geïdentifiseer word:

- * Afrikaans ondervind probleme in die formele onderwyssituasie - veral ten opsigte van swart en immigranteonderwys; die voorsiening van voldoende handboeke in Afrikaans (veral op tersiêre vlak); die aanbieding van Afrikaans (Eerste- en Tweedetaalonderrig) op sekondêre skoolvlak.
- * Ook in die nie-formele onderwyssituasie ondervind Afrikaans probleme - daar bestaan nie genoegsame geletterdheidskursusse in Afrikaans nie; Afrikaans het 'n geskiedenis van swak interkulturele kommunikasie (sien paragraaf 6.2.3); die gebrek aan beroepsgerigte taalopleiding in Afrikaans (myngroepe gebruik oorwegend Engels in plaas van Fanakalo).
- * Die ongeërgdheid en onbetrokkenheid van die Afrikaanse taalgemeenskap by die wel en wee van Afrikaans.
- * Die massakultuur wat op die jeug 'n appél maak en Afrikaans as musiektaal en informele gesprekstaal aantass.

Dit het uiteindelik 'n negatiewe invloed op die taalhouding van jong Afrikaanssprekendes.

* Die verlies aan funksies wat Afrikaans op verskeie terreine beleef: in die sakewêreld; oor die radio en televisie; as akademiese taal; as onderhandelingstaal; as sporttaal.

* Die persepsie dat Afrikaans as opdragtaal gesien word - 'n brood-en-bottertaal wat net in die werkgewer-/werknemersituasie enige waarde het.

Hierdie uiteensetting van die prestasie- en probleemterreine van Afrikaans maak dit duidelik presies watter doelwitte geformuleer moet word om uitvoering te gee aan die oorkoepelende doelstelling wat vir 'n taalplan vir Afrikaans gestel is.

6.3.3.6 EVALUERINGSGELEENTHEDE

Wanneer 'n projek aan die hand van doelwitte aangepak word, impliseer dit dat so 'n projek enersyds uitvoerbaar moet wees, en andersyds dat dit meetbaar moet wees.

Om hierdie rede moet die eienskap van voortdurende evaluering in die taalplan vir Afrikaans ingebou wees.

Evaluering vind plaas wanneer daar oor die algemeen bepaal word of die taalbeplanningsprojek volgens die gestelde doelwit vorder; wanneer die rigting waarin die taalbeplanning vorder, ontleed word; wanneer die spesifieke aspekte in die taalbeplanningsproses noukeurig een vir een geëvalueer word.

Doelwitbepaling en evaluering gaan hand aan hand. Sinvolle evaluering vind alleen plaas wanneer die lang- en korttermyn doelwitte op die man af geformuleer is.

Evalueringsgeleenthede moet deurlopend geskep word. Om dit prakties uitvoerbaar te maak, beteken dat die implementering van die spesifieke korttermyn doelwitte bepaal moet wees; dat teikengroepe geïdentifiseer moet wees en dat teikendatums neergelê moet word wanneer sodanige doelwitte geïmplementeer of afgehandel moet wees. - By elk van hierdie stadia moet daar geleentheid vir evaluering wees.

'n Taalplan vir Afrikaans moet dus reeds in sy beplanningstadium voorsiening maak vir voortdurende evaluering.

6.3.3.7 GEVOLGTREKKING

'n Taalplan vir Afrikaans moet te alle tye wetenskaplik-teoreties verantwoordbaar wees. Indien daar nie aan hierdie eis voldoen word nie, is die mislukking van so 'n taalplan gewaarborg.

Voorafgaande uiteensetting (paragrafe 6.3.3.1 - 6.3.3.6) het in breë trekke die teoretiese eise van so 'n taalplan uiteengesit.

Dit is nou belangrik dat 'n taalplan daargestel kan word wat enersyds wetenskaplik verantwoordbaar is, en andersyds aan die praktiese eise van die werklike empiriese taalsituasie kan voldoen.

6.4 RIGLYNE VIR 'N TAALPLAN VIR AFRIKAANS IN DIE MULTITALIGE BESTEL IN SUID-AFRIKA

6.4.1 INLEIDING

Wanneer daar gesoek word na 'n oplossing vir die taalprobleme wat Afrikaans ondervind, is die uitgangspunt dat die totale multitalige Suid-Afrikaanse situasie voortdurend in berekening gebring moet word.

Teen hierdie agtergrond is dit belangrik dat die reeds bestaande potensiaal van Afrikaans optimaal ontgin word en dat die probleemareas wat bestaan, in 'n positiewe rigting ontwikkel word, sodat die verleenthede vir Afrikaans uiteindelik geleenthede word.

Nog voordat daar met die werklike opstel van die taalplan begin word, moet daar reeds besluit word wat uiteindelik met hierdie taalplan moet gebeur. Die ATKV (1991) het besluit dat die einddoel van hulle taalplanvoorstelle vir Afrikaans die volgende is:

- "- Dit moet voorgelê word aan die beleidmakers en sleutelpersone.
- Dit moet bekendgestel en onder die breë publiek bemark word.
- Daadwerklike optrede moet hieruit vloei.
- Deur die taalplan moet fasiliteite geskep word vir: Werkgeleenthede, moedertaalonderrig, lees- en skryfkursusse, geletterdheidskursusse"

Deur so 'n missie word daar van die begin van 'n projek geweet waarheen daar op pad is met 'n taalplan. Dit maak nie alleen voortdurende evaluering maklik nie, maar het ook

'n motiveringsrol vir die betrokke persone of instansies wat hiermee gemoeid is.

6.4.2 VOORSIENING VIR AFRIKAANS OP DIE MAKROVLAK

6.4.2.1 AFRIKAANS IN 'N MEERTALIGE SITUASIE

Dit het uit die bespreking in Hoofstuk 5 duidelik geword dat die voorsiening van net twee ampstale nie voldoende is vir die bereëling van die multitalige opset in Suid-Afrika nie.

Ten die agtergrond van die bespreking wat gevoer is, word voorgestel dat Afrikaans en Engels as amptelike tale behou word en dat 'n derde inheemse amptelike taal op streeksgrondslag ingestel word.

In hierdie opsig mag die daarstel van 'n vergunde amptelike taal (sien paragraaf 5.6.2.2) oplossing bied vir praktiese probleme wat met die afdwing van rigiede taalgelykberegting ervaar word.

Ten einde die vergunde amptelike taal optimaal te ontgin, sal 'n taalgemeenskap bewys van sy taalvitaliteit moet kan lewer, omdat ampstaalerkenning op dié manier 'n kleur van vraag en aanbod verkry.

Van Rensburg (1990:28 e.v.) onderskei twee verskillende taalbeplanningsmodelle wat ooreenkoms toon met die gesentraliseerde en gedesentraliseerde modelle wat in paragraaf 2.6 bespreek is.

Die administrasiegerigte taalbeplanningsmodel vertoon 'n sterk gesentraliseerde karakter daarin dat die staat of

nasionale regering 'n bepaalde taalbeleid neerlê wat deur "taalsensitiewe" instansies, byvoorbeeld onderwysdepartemente, howe, media en staatsdiens eerbiedig moet word sonder ruimte vir eie inisiatief waar dit die implementering van sodanige beleid aangaan.

Die behoeftegerigte taalbeplanningsmodel werk op gedentraliseerde wyse in soverre dit daarop gerig is om die taalbehoefte van sprekers van 'n sekere taalgemeenskap te bevredig. Hierdie taalbeplanningsmodel se primêre uitgangspunt is dat daar 'n bewusmakingspoging aangewend moet word om moedertaal- en nie-moedertaalsprekers onder die indruk van die waarde van 'n taal te bring.

Ongeag van watter taalbeplanningsmodel gekies word vir die bereëling van ampstaalkwessies, is dit belangrik dat dit gerig moet wees op bereiking van taalmotiewe en nie politieke of ander motiewe nie.

Die volgende tabel (Van Rensburg, 1990) gee die kenmerke van die twee modelle op beknopte wyse weer:

ADMINISTRASIEGERIG	BEHOEFTEGERIG
* Ondersteun ampstaal	* Propageer nasionale/streekstaal
* Min taal is hoëfunksietaal	* Meer taal is hoëfunksietaal
* Taal geniet hoë status	* Geniet nie so 'n hoë status nie
* Statusgapings tussen taal is groot	* Statusgapings tussen taal is kleiner
* Onderrig, werkgeleenthede, regspraak beperk tot amptelike taal	* Menseregte vind uitdrukking in meer erkende taal

ADMINISTRASIEGERIG	BEHOEFTEGERIG
* Staatsondersteuning vir korpus-, kultuur- en navorsingsbedrywighede	* Staatsondersteuning vir meer tale op gelykheidsgrondslag (min bevoordeling van spes. taal)
* Staatsondersteunde ampstaalskole: skoolboeke in ampstale, enigste gevorderde onderrigmoontlikhede	* Moedertaalonderrig met ondersteuning van meer tale op gelykheidsgrondslag met meer toepassingsmoontlikhede (beroepsgerigte onderwys)
* Beperkte kontakmoontlikhede met staat	* Meer kontakmoontlikhede met staat
* Voorkeurmedium vir massamedia	* Neem taal van markgerigte ekonomie in ag (advertensies), en ander teikengroepe (streekradio)
* Bevoordeling van moedertaalsprekers van ampstale	* Sprekers kry meer geleentheid vir taalkontak
* Polarisering van taalsituasie (taalkonflikpotensiaal groot)	* Werk depolitisering aan die hand

Hoewel daar nie 'n eenduidige ooreenstemming aantoonbaar is nie, vertoon die ampstaalsituasie in Suid-Afrika kenmerke van die administrasiegerigte taalbeplanningsmodel.

Die meertalige situasie in Suid-Afrika kan nie langer bevredigend gereël word met so 'n gesentraliseerde model nie. Dit word dan duidelik dat die behoeftegerigte taalbeplanningsmodel méér geleentheid bied vir die optimale ontginning van die meertaalpotensiaal in Suid-Afrika.

Die onus rus egter op die taalgemeenskap sêlf om aan te dui in watter mate hy gaan meewerk aan die sukses van so 'n behoeftegerigte model. Die dae is verby dat Afrikaanssprekendes op grond van wetlike beskerming op sekere taalvoorregte kan aanspraak maak. 'n Taalgemeenskap sal bewys moet kan lewer van sy vitaliteit ten einde deel te neem aan die meertalige bereëling van taalsake.

Uit die hele navorsing wat vir hierdie studie onderneem is, word dit duidelik dat Afrikaanssprekendes nog nie beseef dat hulle medeverantwoordelik is vir die voortbestaan van hulle taal nie. Om hierdie rede sal die bewusmaking van Afrikaanssprekendes die uitgangspunt van 'n taalplan vir Afrikaans moet wees.

6.4.2.2 UITSPRAKE OOR DIE AMPSTAALPOSISIE VAN AFRIKAANS

Op grond van die prestasieterreine van Afrikaans en die reeds verworwe hoëtaalfunksies en ampstaalstatus wat Afrikaans reeds beklee, sal 'n taalplan vir Afrikaans die behoud van amptelike status as uitgangspunt hê.

Uitsprake in dié verband is reeds deur verskillende belanghebbendes gemaak:

* Die Staatspresident, mnr. F.W. de Klerk, het gesê dat al die tale in Suid-Afrika in 'n toekomstige staatsbestel geakkommodeer moet kan word en dat alle tale die nodige erkenning en beskerming en die geleentheid om hulle volle funksiepotensiaal te ontgin, moet geniet (De Klerk, 1990).

* Die Minister van Staatkundige Ontwikkeling, dr. Gerrit Viljoen, het in 1990 by geleentheid van Nasionale Pers se

75e verjaarsdag in Kaapstad, gesê dat hy glo dat Afrikaans 'n amptelike taal moet en sal bly.

* Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het by wyse van amptelike standpuntinname gesê dat Afrikaans as amptelike taal in 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika sy volle funksiepotensiaal moet kan vervul.

* Die FAK-Jeugkongres in 1990 het aanbeveel dat die amptelike status van Afrikaans behou moet word en dat die beginsel van moedertaalonderrig gewaarborg moet word.

* Die Junior Rapportryerbeweging sê die status van Afrikaans as amptelike taal in 'n toekomstige Suid-Afrika moet onbedingbaar wees. Omdat dokumentasie vir die hele heterogene Suid-Afrikaanse bevolking toeganklik moet wees, word aanbeveel dat 'n derde amptelike taal op streeksgrondslag aangewys word (Die Burger, 28 November 1990).

* Die ATKV het op sy jaarlikse kongres in Augustus 1990 'n beskrywingspunt aanvaar dat Afrikaans sy status as 'n ampstaal moet behou en verder uitgebou moet word as algemene gebruiks- en omgangstaal (Die Transvaler, 20 Augustus 1990).

* Die Afrikanervolkswag het by wyse van 'n oproep aan Afrikaners verklaar dat daar toegesien moet word dat 'n wettige verskanste gelykberegtiging vir Afrikaans uitgevoer moet word, en dat die ontduiking daarvan strafbaar moet wees (Die Transvaler, 19 Oktober 1990).

* Die hoof van die ANC se kultuurtak, mev. Barbara Masekela, sê dat die amptelike beleid van die ANC is dat alle tale in die land gelykwaardig moet wees (Die Burger, Junie 1990). Prof. Albie Sachs sê Afrikaans sal floreer in die nuwe Suid-Afrika: nie oor grondwetlike waarborge nie, maar omdat dit deur miljoene mense gepraat word. "Die probleem is nie wat om met Afrikaans te doen nie; die Afrikaner het vir sy taal geveg en erkenning daarvoor gekry.

Die probleem is gelyke erkenning vir ander tale." (Die Burger, Junie 1990.)

By 'n ANC-konferensie in April 1990 in Lusaka wat gehou is om aanbevelings te maak vir 'n toekomstige taalbeleid in Suid-Afrika, is onder andere die volgende besluit (Die Oosterlig, 6 April 1990):

Die grondslag vir 'n nuwe taalbeleid is om mense toe te laat om ten volle deel te neem aan die politieke, sosiale en die ekonomiese lewe van die land.

Tweetaligheid volgens eie keuse, aanvanklike onderrig in die moedertaal en die behoud van die tale wat reeds ten volle as onderrigmediums ontwikkel is (soos Engels en Afrikaans) is aanbeveel.

Daar is ook aanbeveel dat elke Suid-Afrikaner 'n inheemse Afrikataal deur die loop van sy hoërskoolloopbaan moet leer.

6.4.3 DIE VOORSIENING OP MIKROTAALBEPLANNINGSVLAK VIR AFRIKAANS

Uit die bespreking van die mikrovlaktaalbeplanningsbedrywighede vir Afrikaans, in Hoofstukke 3 en 4, word dit enersyds duidelik dat daar reeds gevorderdheid in die vlak van aktiwiteite op die mikrovlak aantoonbaar is. Andersyds het dit ook duidelik geword dat daar weens gebrek aan koördinerende, aanduibare duplisering in aktiwiteite plaasvind. Dit verswak die posisie van Afrikaans, omdat noodsaaklike hulpbronne wat elders aangewend kan word, vermors word.

Voordat daar dan planmatig op die mikrotaalbeplanningsvlak vir Afrikaans voorsiening gemaak word, moet daar ruimte geskep word vir die totstandkoming van 'n oorkoepelende

liggaam wat verantwoordelik is vir die koördinerings van taalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans. Daar word aanbeveel dat dié opdrag aan die Taalbeplanningskomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gegee moet word. ~ Die strukture is reeds geskep en taalbeplanningskundigheid bestaan reeds binne Akademiegeledere om só 'n koördineringsliggaam optimaal te bedryf.

Daarenteen mag die politiese gemerktheid van dié liggaam moontlik remmend inwerk en uiteindelik die oorsaak wees dat daar nie samewerking uit die breë Afrikaanse taalgemeenskap waar die totaliteit van ál die variëteite verteenwoordig word, verkry word nie .

6.4.4 HULPBRONBEPLANNING VIR 'N TAALPLAN VIR AFRIKAANS

Geen taalbeplanningsaktiwiteit is moontlik alvorens daar nie bepaal word watter hulpbronne gemobiliseer moet word om die projek aan te pak en af te handel nie.

Die befondsing van so 'n taalplan sal noukeurige aandag moet geniet.

"Engels, die wêreldtaal, geniet onbeperkte finansiële steun en het dosyne spanne in die veld - maar Afrikaans staan by die bedelbakkie." (Strydom, 1990b).

Om die taalplan opgestel en geïmplementeer te kry, moet 'n instansie of liggaam die verantwoordelikheid vir die opstel hiervan aanvaar. Die ATKV verdien lof vir sy bereidwilligheid om hierdie taak, benewens sy talle ander taalbevorderingsprojekte, aan te pak (ATKV, 1991).

Hierdie verantwoordelike instansie moet sorg dra dat taalkundiges, toekomskundiges en verteenwoordiging uit die

breë taalgemeenskap van die begin af inspraak geniet in die opstel van sodanige taalplan.

In hierdie verband het die ATKV (1991:6) onderneem om verantwoordelikheid vir die volgende sake te aanvaar:

- "(i) Werkkomitees aanstel
- (ii) Deeglike werksverdeling doen
- (iii) Kundige en geskikte persone aanstel
- (iv) 'n Tydschedule bepaal
- (v) Sleutelpersone identifiseer aan wie taalplan gegee moet word."

Daarby kan 'n taalplan vir Afrikaans nie suksesvol geloods word voordat die nodige mannekrag wat die taak uiteindelik op die grondvlak moet uitvoer, nie gevind is nie. "Iewers moet mense van vlees en bloed tog vir mense die funksionele, strukturele en geestesverrykende impak van Afrikaans gaan demonstreer." (Strydom, 1990.)

Omdat hierdie werk vir Afrikaans nie alleen deur die formele onderwysterrein aangepak kan word nie, lê dit op die weg van die nie-formele onderwysterrein om te werk ten bate van Afrikaans. Dit is juis ook op hierdie terrein dat Afrikaanse kultuurorganisasies reeds 'n bydrae lewer, of dit kan doen.

Dit moet uit hierdie afdeling duidelik word dat baie deeglik beplan moet word vir die hulpbronne wat so 'n taalplan uiteindelik ten uitvoer moet bring.

6.5 SAMEVATTING

Al is taalbeplanning 'n akademiese subdissipline van die taalkunde, kan die praktyk van taalbeplanning nooit 'n suiwer taalkundige aangeleentheid wees nie.

Taalbeplanningsteoretici moet basiese riglyne neerlê aan die hand waarvan 'n taalplan opgestel moet word en moet dwarsdeur die taalbeplanningsproses gedetailleerde wenke deurgee, maar kan nooit die alleenverantwoordelikheid aanvaar vir die opstel, implementering en evaluering van die totale taalbeplanningsproses nie.

Sien Hoofstuk 7 vir die aanloop tot 'n voorgestelde taalplan vir Afrikaans.

Die volle geskakeerde inkleding van so 'n taalplan het ook die insette van opvoedkundiges, demograwe, sosioloë, staatskundiges, volkekundiges en politici nodig.

Om hierdie rede is die taalplan wat hier neergelê is, in breë taalkundige terme geskets. Om hom werklike praktiese toepassingswaarde te gee, moet hy deur voorgenoemde kundiges verder verfyn word.

HOOFSTUK 7

DIE AANLOOP TOT 'N MOONTLIKE TAALPLAN VIR AFRIKAANS

7.1 INLEIDING

Die doel met hierdie hoofstuk is om die aanloop tot 'n taalplan vir Afrikaans te formuleer aan die hand van beginsels wat in die bestuurswetenskappe geld.

Dit is belangrik dat hierdie hoofstuk in samehang met Hoofstuk 2 gelees moet word.

Daar word nie met hierdie taalplan op volledigheid aanspraak gemaak nie - dit dien bloot as logiese afsluiting van 'n studie wat 'n redelik omvattende situasieanalise van die stand van taalbeplanning vir Afrikaans weergee.

Dié studie sal aan volledigheid ontbreek indien daar nie by wyse van poging die aanloop tot so 'n taalplan vir Afrikaans voorgestel word nie.

7.2 BEPLANNINGSBESTUUR

Beplanning dui nie primêr op die neem van toekomsbesluite nie, maar op 'n poging om vas te stel wat die invloed van besluite wat in die hede geneem is, op die toekoms sal hê (Van Zyl, 1986:112). Beplanning strek oor al drie tyds-dimensies: inligting wat oor die verlede, hede en toekoms beskikbaar is speel 'n rol in besluite wat met die oog op die bereiking van toekomsdoelwitte geneem word.

Beplanning is 'n bestuurstaaak wat te make het met die doelbewuste besinning van toekomstige doelwitte, die middele en aktiwiteite daarby betrokke, en die opstel en implementering van 'n plan om die doelmatige bereiking van daardie doelwitte moontlik te maak (Van Zyl, 1986:110). Dit is dus by uitstek 'n dink- en 'n doenproses. Tydens die dinkproses word besin oor wat gedoen moet word en die doenproses vind uitdrukking in die implementeringsfase. Beplanning eindig eers wanneer 'n gestelde doelwit bereik is.

Effektiewe beplanning wentel om die vra van sekere vrae (Van Zyl, 1986:111; Cronje, et al. 1987:87):

WAT is die doelwitte wat bereik moet word?

WAT moet gedoen word om dit te bereik?

WANNEER moet dit gedoen word om te verseker dat doelwitte bereik sal word?

WIE moet dit doen?

WAAR moet dit gedoen word?

WATTER hulpbronne is nodig?

HOE moet dit gedoen word om die doelmatigste bereiking van die doelwitte te verseker?

'n Plan moet gesien word as die resultaat van beplanning. Beplanning (en daarom ook taalbeplanning) wat nie op 'n plan uitloop nie, is nutteloos. 'n Geskrewe dokument waarin sekere aktiwiteite uiteengesit word om sekere doelwitte te bereik, die middele wat nodig is om dit te bereik en die

tydstippe waarop aktiwiteite uitgevoer moet word, moet as 'n resultaat van die (taal)beplanningsproses gesien word.

7.2.2 DIE BEPLANNINGSPROSES

Die hele beplanningsproses kan saamgevat word as die identifisering en formulering van doelwitte; die maak van planne of die keuse tussen alternatiewe planne of maniere om die planne te bereik en die implementering van die gekose plan of alternatiewe plan (Cronje et al., 1987:89).

Die volgende skematiese uiteensetting gee die hele beplanningsproses en sy interafhanklike karakter weer (Cronje, et al., 1987:89):

DOELWITSTELLING

Identifiseer en formuleer doelwitte wat deur die bestaansrigting van die onderneming beïnvloed word.

PLANMAKING

Keuse tussen alternatiewe planne van aksie om doelwit te bereik. Dit word gegrond op inligting oor die interne en eksterne omgewing van die projek.

IMPLEMENTERING

Deurvoering van die plan. Die gekose alternatief word in werking gestel deur die fasilitering van 'n organisasie, leiding word geneem en beheer word uitgeoefen.

Die verskillende prosesse wat saam beplanning vorm, vertoon 'n nou ineenverweefde karakter. Evaluering of reaktiewe beplanning (Cronje, et al., 1987:89) vorm 'n inherente kom-

ponent van elk van die drie onderskeibare afdelings van die beplanningsproses. Alhoewel beplanning as 'n proses gesien word, kan dit nie in afsondering plaasvind nie en vertoon dit 'n noue verwantskap met alle ander bestuursprosesse.

7.2.3 DIE VERSKILLENDEN SOORTE PLANNE

* **Strategiese planne** is planne wat opgestel word om aanduiding te gee van die rigting waarin 'n projek of onderneming op die langtermyn gaan beweeg. Die strategiese plan is 'n samevatting van al die besluite wat deur die topleiding geneem is om 'n onderneming betyds, ekonomies en effektief by die veranderinge van die eksterne omgewing aan te pas (Van Zyl, 1986:116). Strategiese beplanning omvat besluite wat toekomstig is en waarvan die uitwerking eers oor 'n paar jaar duidelik sal wees.

* **Operasionele of taktiese planne** is korttermynplanne wat hoofsaaklik deur middel- en onderleidingbestuursvlakke opgestel word om die daaglikse aktiwiteite ordelik en effektief te laat plaasvind (Van Zyl, 1986:117). Die besluitneming by operasionele planne is van so 'n aard dat dit binne bepaalde riglyne en beleidsbepalings na laer vlakke van bestuur gedelegeer kan word.

Die strategiese plan dien as basis waaruit die operasionele planne opgestel word. Dit is ook belangrik dat hierdie twee fasette van bestuur nie los van mekaar staan nie.

7.2.4 DIE ONDERDELE VAN BEPLANNING

Ten einde die beplanningseffektiwiteit te bevorder, moet daar aan die onderdele van beplanning aandag geskenk word.

Hierdie onderdele maak omvattender en geordender beplanning moontlik (Van Zyl, 1986:123).

7.2.4.1 DIE FORMULERING VAN DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

'n Doelstelling is 'n breë formulering van dit waarna gestreef word en kan omskryf word as 'n bepaalde toedrag van sake waarna 'n onderneming in die toekoms wil streef (Van Zyl, 1986:129; Cronje, et al., 1987:90). Doelstellings is nie eng begrensde omskrywings van dit wat bereik wil word nie. Doelwitte word geformuleer om doelstellings op die kort termyn te bereik en spruit voort uit die doelstellings.

Doelwitte moet aan die volgende kriteria voldoen (Van Zyl, 1986:130; Cronje, et al., 1987:92):

- * Doelwitte moet meetbaar wees, omdat dit die spesifieke toedrag van sake skets wat nagestreef word. Daarom moet meetinstrumente (tyd, geld, eenhede, gesindhede) geskep word waarmee die bereiking van doelwitte gemeet word.

- * Doelwitte moet bereikbaar wees. Hierdie eis om uitvoerbaarheid sal dus onrealistiese en onbereikbare doelwitte vermy.

- * Doelwitte moet aanvaarbaar wees. Daarom moet doelwitte opgestel word in samewerking met dié mense wat dit moet bereik. Deur deelname te bevorder, word 'n gees van samewerking en begrip geskep.

- * Doelwitte moet buigbaar wees en by veranderende omstandighede kan aanpas.

* Doelwitte moet deur 'n tydsfaktor begrens word. 'n Tydsbepierking moet gestel word wanneer 'n bepaalde prestasie gelewer moet word.

7.2.4.2 BELEID

Beplanning moet binne die raamwerk van 'n bestaande beleid uitgevoer word. 'n Beleid stel die grense waarbinne besluite geneem word. Beleid kan gesien word as algemene stellings, standarde of riglyne wat die bestuur van 'n onderneming by die neem van besluite lei (Van Zyl, 1986:123).

7.2.4.3 VOORUITSKATTINGS

Toekomsprojeksies vorm 'n belangrike onderdeel van enige beplanning, omdat aannames oor die toekoms gemaak word. Deur middel van vooruitskattings kan die geleenthede en bedreigings vir die toekoms bepaal word en kan die doelwitte dienoooreenkomstig opgestel word.

7.2.4.4 PROGRAMME EN SKEDULES

Die volgorde van aktiwiteite wat uitgevoer moet word om 'n doelwit te bereik, moet in 'n program uiteengesit word. Van Zyl (1986:124) stel voor dat die aktiwiteite in volgorde van belangrikheid gerangskik word. Dit verseker dat elke stap 'n bydrae tot die bereiking van die doelwit lewer. Skedulering wys op die tydsafbakening waarop elke aktiwiteit sal begin en eindig.

7.2.4.5 PROSEDURES EN METODES

'n Prosedure is 'n plan van optrede wat die metode wat gevolg moet word om sodanige aktiwiteit te voltooi, aandui.

7.2.4.6 REËLS EN REGULASIES

Reëls en regulasies is nou verwant aan prosedure, omdat die optrede daardeur voorgeskryf en bepaal word. Dit dui op die neerlegging van vaste voorskrifte oor wat gedoen en wat nie gedoen moet word ten einde die doelwit te bereik.

7.2.4.7 STANDAARDE

'n Standaard is 'n voorafneergelegde vorm of maatstaf waaraan die prestasie wat behaal moet word ter bereiking van die doelwit, moet voldoen.

7.2.4.8 BEGROTING

'n Begroting moet vir elke plan opgestel word. In die begroting word die hoeveelheid beskikbare fondse aangetoon. Die begroting kan ook dui op 'n staat van verwagte resultate met 'n projek (Van Zyl, 1986:125).

7.2.5 DIE OPSTEL VAN PLANNE

Na afloop van die stel van doelstellings en doelwitte, moet die plan opgestel word om hierdie doelstellings te bereik.

Die tweede fase van beplanning is 'n besinning oor verskillende alternatiewe planne van aksie om 'n doel te bereik. Implementeringstrategieë moet aangedui word aan die hand waarvan doelwitte bereik moet word. Die verskillende alternatiewe moet aangedui word en die geskikste alternatief moet uiteindelik gekies word.

Elke plan moet aan die volgende sake aandag gee: die doelstellings en doelwitte wat met dié spesifieke plan bereik moet word; die prestasiestandaarde waaraan voldoen moet word; die programme en skedules en prosedures en metodes wat gevolg word; die reëls en regulasies waaraan voldoen moet word en 'n begroting van die beskikbare hulpbronne (Van Zyl, 1986:138).

7.2.6 EVALUERING VAN PRESTASIE

Evaluering en terugvoering vorm een van die belangrikste onderdele van 'n doelwitbestuursprogram. Daar moet voortdurend bepaal word of die prestasie wat gelewer word, in ooreenstemming is met die voorafbeplande prestasie.

Doelwitevaluasie moet op 'n gereelde grondslag geskied, omdat dit daartoe lei dat doelwitte voortdurend die aandag van die bestuur en betrokkenes geniet.

7.2.7 REGSTELLEND OPTREDE

Wanneer dit blyk dat werklike prestasie nie in ooreenstemming met die beplande afloop is nie, moet regstellende

optrede volg - dit kan selfs lei tot 'n hersiening van doelwitte en die uiteindelijke formulering van nuwe planne.

7.2.8 SAMEVATTING

Bogenoemde teoretiese uiteensetting uit die bestuurswetenskappe behoort in gedagte gehou te word wanneer daar by die uiteindelijke formulering van 'n taalplan vir Afrikaans gekom word.

7.3 AANLOOP TOT 'N MOONTLIKE TAALPLAN VIR AFRIKAANS

7.3.1 ALGEMENE DOELSTELLING

Die ontginning en ontwikkeling van die volle potensiaal van Afrikaans in 'n meertalige Suid-Afrikaanse samelewing.

7.3.2 LANGTERMYNDOELWITTE

Doelwit 1

- * Om doelmatig vir die toekoms van Afrikaans te beplan.

Doelwit 2

- * Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans te positiver.

Doelwit 3

- * Om die nuttigheidswaarde van Afrikaans in alle lewensfere onder die breë Suid-Afrikaanse bevolking se aandag te bring.

Doelwit 4

- * Om die negatiewe taalhouding van die primêre en sekondêre taalgemeenskap te verander.

Doelwit 5

- * Om die verlies aan hoëtaalfunksie van Afrikaans te stuit.

Doelwit 6

- * Om Afrikaans sy ampstaalstatus te laat behou.

7.3.3 KORTTERMYNDOELWITTE

Elkeen van bogenoemde strategiese langtermyn doelwitte inisieer 'n aantal operasionele korttermyn doelwitte:

7.3.3.1 DOELWIT 1

Om doelmatig vir die toekoms van Afrikaans te beplan, manifesteer in die volgende korttermyn doelwitte:

Doelwit 1a

- * Om 'n Taalraad in die lewe te roep wat sorg dra vir die koördinerende van alle taalbeplannings- en taalbevoordringingsprojekte vir Afrikaans.

Doelwit 1b

* Om kultuurorganisasies bewus te maak van hulle verantwoordelikheid teenoor taalbeplanning vir Afrikaans.

Doelwit 1c

* Om die inklusiewe karakter van Afrikaans wyd te propageer.

7.3.3.2 DOELWIT 2

Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans te positiver dui enersyds op die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans onder die primêre en sekondêre taalgemeenskap en andersyds op die algemene persepsie dat Afrikaans as apartheids- en onderdrukkerstaal gestigmatiseer is.

Verdere korttermyn doelwitte ter bereiking van hierdie doelwit, mag onder andere die volgende insluit:

Doelwit 2a

* Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans onder die primêre taalgemeenskap om te keer.

Doelwit 2b

* Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans onder die sekondêre taalgemeenskap om te keer.

Doelwit 2c

* Om Afrikaans te bevry van sy stigma as onderdrukkers- en apartheidstaal.

7.3.3.3 DOELWIT 3

Om die nuttigheidswaarde van Afrikaans in alle lewensfere onder die breë Suid-Afrikaanse bevolking se aandag te bring, se korttermyn doelwitte is onder andere die volgende:

Doelwit 3a

- * Om die gebruik van Afrikaans as onderwystaal uit te brei.

Doelwit 3b

- * Om die waarde van Afrikaans buite die werksituasie uit te lig.

Doelwit 3c

- * Om die feit dat Afrikaans deur die meeste Suid-Afrikaners gepraat en verstaan word, onder die aandag te bring.

Doelwit 3d

- * Om immigrante bewus te maak van die voordele wat dit inhou om Afrikaans te verstaan en te praat.

Doelwit 3e

- * Om Afrikaans se posisie as akademiese taal te herbevestig.

Doelwit 3f

Om die gebruik van Afrikaans as taal waarin basiese geletterdheidsonderrig gegee word, moontlik te maak.

7.3.3.4 DOELWIT 4

Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van die primêre en sekondêre taalgemeenskap te verander, kan in die volgende korttermyn doelwitte uitdrukking vind:

Doelwit 4a

* Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van die blanke primêre taalgemeenskap om te keer.

Doelwit 4b

* Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van die bruin primêre taalgemeenskap om te keer.

Doelwit 4c

* Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van veral sekondêre skoolgaande jeug uit die primêre taalgemeenskap te verander.

Doelwit 4d

* Om die negatiewe taalhouding van die sekondêre taalgemeenskap te verander.

7.3.3.5 DOELWIT 5

Om die verlies aan hoëtaalfunksies vir Afrikaans te stuit, vind onder andere uitdrukking in die volgende korttermyn doelwitte:

Doelwit 5a

* Om te voorkom dat Afrikaans verdere status verloor as onderrigtaal.

Doelwit 5b

- * Om die gebruik van Afrikaans as taal van die radio en televisie te bevestig.

Doelwit 5c

- * Om die verdere verlies van status as hoëfunksietaal in die Suid-Afrikaanse handelswêreld te voorkom en sorg te dra dat funksiewinste bekom word.

Doelwit 5d

- * Om die gebruik van Afrikaans as tersiêre taal, veral by swart tersiêre inrigtings, te bevorder.

Doelwit 5e

- * Om die gebruik van Afrikaans as taal waarin navorsingsverslae gepubliseer word en navorsingsredes gevoer word, te bevorder.

Doelwit 5f

- * Om mee te werk tot die bevestiging van die posisie van Afrikaans as parlementstaal en as taal waarin grondwetlike aankondigings gemaak word.

7.3.3.6 DOELWIT 6

Om Afrikaans sy ampstaalstatus te laat behou, behels onder andere die volgende korttermyn doelwitte:

Doelwit 6a

- * Om die primêre Afrikaanse taalgemeenskap bewus te maak van hulle aandeel in die behoud of verlies van Afrikaans as amptelike taal.

Doelwit 6b

* Om die stewige infrastruktuur waaroor Afrikaans as amptelike taal reeds beskik, duidelik onder staatkundige beplanners se aandag te bring.

Doelwit 6c

* Om Afrikaans van sy onderdrukkers- en apartheidstigma te bevry.

Doelwit 6d

* Om die nuttigheidswaarde van Afrikaans in só 'n mate te bewys dat dit nie moontlik is dat 'n nuwe Suid-Afrika sonder Afrikaans beplan kan word nie.

7.3.3.7 GEVOLGTREKKING

Dit word by nadere oorweging duidelik dat bogenoemde korttermyn doelwitte 'n nou ineenverweefde karakter vertoon en dat daar selfs oorvleueling tussen die doelwitte bestaan. Dit impliseer dan dat sekere doelwitte prioriteit bo ander moet geniet, omdat die bereiking van die een doelwit sal lei tot die vervulling van die ander. Een van die korttermyn doelwitte by die behoud van Afrikaans as amptelike status, is die bevryding van die stigma van onderdrukkers- en apartheidstaal. En hierdie korttermyn doelwit is ook as 'n langtermyn doelwit gestel. Met ander woorde, hierdie doelwit as langtermyn doelwit moet eers bereik word, alvorens dit kan dien as korttermyn doelwit vir die behoud van ampstaalstatus.

7.3.4 IMPLEMENTERINGSTRATEGIEË

Om bogenoemde doelwitte te implementeer, moet daar op doelmatige wyse beplan word sodat implementeringstrategieë geskep kan word om spesifieke geleenthede daar te stel en te benut.

Elk van die doelwitte wat in paragrawe 7.3.3.1 tot 7.3.3.6 geïdentifiseer is, se implementeringstrategie word kortliks bespreek en wenke word aan die hand gedoen.

7.3.4.1 DOELWIT 1

Om doelmatig vir die toekoms van Afrikaans te beplan.

Doelwit 1a

* Om 'n Taalraad in die lewe te roep wat sorg dra vir die koördinerings van alle taalbeplannings- en taalbevorderingsprojekte vir Afrikaans.

Motivering

Dit het uit die navorsing vir hierdie studie baie duidelik geword dat kultuurorganisasies wél met taalbevorderingsprojekte ten bate van Afrikaans besig is. Daar word in 'n groot mate aan effektiwiteit ingeboet omdat daar geen koördinasie van aktiwiteite plaasvind nie - dit bring mee dat duplisering en oorvleueling plaasvind. Die gevolg van hierdie duplisering is dat kosbare hulpbronne, wat elders aangewend kon word, vermors word. Op hierdie manier boet taalbeplanning vir Afrikaans ook in aan beplande, doeltreffende, toekomsgerigte projekte.

Wenke

* Die Taalraad vir Afrikaans moet verteenwoordigend wees van ál die variëteite van Afrikaans en van ál die sprekers van Afrikaans.

* Dit is belangrik dat by wyse van 'n situasieanalise 'n inventaris van alle taalbevorderingsprojekte deur alle organisasies of instellings, wat ten bate van Afrikaans werk, opgestel word. Slegs wanneer prestasieterreine, probleemterreine, leemtes, oorvleueling en duplisering aangedui word, kan daarvandaan op doelgerigte wyse ten behoeve van 'n taal se toekoms beplan word.

Doelwit 1b

* Om kultuurorganisasies bewus te maak van hulle verantwoordelikheid teenoor taalbeplanning vir Afrikaans.

Motivering

Dit is reeds aangetoon (Hoofstukke 3 en 4) dat wanneer 'n poging aangewend word om Afrikanerkultuurkragte saam te snoer, sonder dat Afrikaans hierby in berekening gebring word, die kultuurorganisasie 'n bestaanskrisis rondom sy wese ondervind.

Wenke

Die verskillende sambreelkultuurorganisasies (FAK, AKB, SACKO), ongeag die politieke standpunt wat hulle huldig of bevolkingsgroep wat hulle verteenwoordig, kan by wyse van 'n besprekingspunt op 'n kongres of omsendskrywe, kultuurliggame bewus maak van die verantwoordelikheid wat hulle en hulle lede teenoor Afrikaans het.

Kultuurorganisasies kan ideale implementeringsinstrumente vir beplande taalbeplanning vir Afrikaans wees.

Doelwit 1c

- * Om die inklusiewe karakter van Afrikaans wyd te propageer.

Motivering

Afrikaans kan dit nie langer bekostig om as die eksklusiewe alleenbesit van slegs sy blanke moedertaalsprekers bestempel te word nie.

Wenke

Akademici, meningsvormers en kultuurorganisasies moet die primêre taalgemeenskap, onder andere by wyse van propaganda, bewusmaak van die feit dat die inklusiewe konsep van Afrikaans as gemeenbesit van ál sy sprekers, die oorlewingskanse van Afrikaans verstewig.

7.3.4.2 DOELWIT 2

Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans te positiver

Doelwit 2a

- * Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans onder die primêre taalgemeenskap om te keer.

Motivering

Vanweë die propagandaveldtog wat bewustelik en onbewustelik teen Afrikaans in die media en op ander lewensterreine weerspieël word, beleef moedertaalsprekers Afrikaans as negatief.

Wenke

Kultuurorganisasies, die radio en televisie, dagblaaie, politici en ander meningsvormers wat in voortdurende kommunikasieproses met Afrikaanssprekendes verkeer, behoort in staat te wees om uitdrukking aan hierdie doelwit te gee.

Doelwit 2b

- * Om die negatiewe simboolwaarde van Afrikaans onder die sekondêre taalgemeenskap om te keer.

Motivering

Vanweë die feit dat die regering van hierdie land hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes bestaan, word die taal onregmatig gelykgestel aan die beleid van die regerende party. Dit het tot gevolg dat die sekondêre taalgemeenskap van Afrikaans, al kan hulle die taal beheers, dit as negatief ervaar.

Wenke

Lede van die primêre taalgemeenskap sal hoofsaaklik by wyse van openhartige, opregte belangstelling in lede van die sekondêre taalgemeenskap, bewys moet lewer van die positiewe simboolwaarde waaroor Afrikaans beskik.

Doelwit 2c

- * Om Afrikaans te bevry van sy stigma as onderdrukkers- en apartheidsstaal.

Motivering

Vanweë die gelykstelling van Afrikaans aan die beleid van die regering, het die taal onder die primêre, sekondêre en anderstalige taalgemeenskappe, nasionaal en internasionaal, die stigma van onderdrukkers- en apartheidstaal gekry. Die woord apartheid is immers die één Afrikaanse woord wat internasionaal verstaan word.

Wenke

Die moedertaalsprekers van Afrikaans sal in die eerste plek, by wyse van hulle positiewe gesindheid, bewys moet lewer van die feit dat hierdie etiket Afrikaans nie toekom nie.

Al word strukture deur akademici, die regering en kultuurliggame geskep waarbinne dit bewys word, hang die suksesvolle deurvoering van hierdie doelwit in 'n groot mate van die gesindheid van moedertaalsprekers af.

7.3.4.3 DOELWIT 3

Om die nuttigheidswaarde van Afrikaans in alle lewensfere onder die breë Suid-Afrikaanse bevolking se aandag te bring,

Doelwit 3a

- * Om die gebruik van Afrikaans as onderwystaal uit te brei.

Motivering

Vanweë die 1976-gebeure en die gevolglike totale afskaling van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole, is die

sekondêre taalgemeenskap van Afrikaans besig om drasties te krimp.

Doelwit 3b

- * Om die waarde van Afrikaans buite die werksituasie uit te lig.

Motivering

Vanweë die gepolitiseerdheid van die taalsituasie in Suid-Afrika, is die nuttigheidswaarde van Afrikaans afgeskaal tot blote brood-en bottertaal. Hierdie doelwit het ten doel om die waarde van Afrikaans as hoëfunksietaal in die werksituasie te bevorder; maar het dit ook ten doel dat mense moet beseef dat Afrikaans buite die werksituasie eweveel waarde het.

Wenke

Geleenthede moet geskep kan word waar Gespreksafrikaans gebruik word, sodat die idee kan posvat dat Afrikaans ook waarde buite die werksituasie het.

Doelwit 3c

- * Om die feit dat Afrikaans deur die meeste Suid-Afrikaners gepraat en verstaan word, onder die aandag van die breë bevolking te bring.

Motivering

Vanweë 'n goed georganiseerde inligtingsveldtog uit anti-Afrikaanse oorde, begin moedertaal- en nie-moedertaalsprekers van Afrikaans glo dat Afrikaans 'n onbeduidende,

gestigmatiseerde taaltjie is met só min sprekers dat uitsterwing vir die taal voor die deur lê.

Wenke

'n Goed gemotiveerde, goed ingeligte organisasie (byvoorbeeld 'n kultuurorganisasie soos die ATKV) moet by wyse van 'n teen-propagandaveldtog die korrekte feite in verband met Afrikaans aan die breë Suid-Afrikaanse bevolking deurgee. Hierdie propagandaveldtog kan dinge soos T-hemde, motorplakkers, radio- en televisieadvertensies insluit.

Doelwit 3d

- * Om immigrante bewus te maak van die voordele wat dit inhou om Afrikaans te verstaan en te praat.

Motivering

Vanweë 'n bemoeienis met eie sake, word Afrikaanssprekendes daarvan beskuldig dat hulle immigrante afstoot. Dit bring onder andere mee dat immigrante deur die Engelstalige deel van die bevolking geassimileer word.

Wenke

Die MEI se taalklubs en sosiale byeenkomste, hulp met inburgering en onderrig in Gespreksafrikaans behoort immigrante te wen vir Afrikaans. Verder is 'n baie positiewe gesindheid van alle moedertaalsprekers wat in kontak met immigrante verkeer, van die grootste belang.

Doelwit 3e

- * Om Afrikaans se posisie as akademiese taal te herbevestig.

Motivering

Akademici en seminaargangers bestempel Engels toenemend as die enigste akademiese taal in Suid-Afrika. Dit bring mee dat 'n oproep tot die gebruik van slegs Engels in die akademiese wêreld gehoor word.

Doelwit 3f

- * Om die gebruik van Afrikaans as taal waarin basiese geletterdheidsonderrig gegee word, moontlik te maak

Motivering

Daar word in Suid-Afrika, 'n land met meer derdewêreld- as eerstewêreldkenmerke, 'n geweldige geletterdheidsprobleem ondervind. Daar is verskillende Engelse geletterdheidskursusse beskikbaar ter oplossing van hierdie probleem. Dit bring mee dat mense wat so 'n kursus deurloop het, verlore vir die Afrikaanse taalgemeenskap is.

Wenke

Uit die gegewens uit Hoofstuk 3 het dit duidelik geword dat verskillende Afrikaanse instansies besig is met die opstel van sodanige Afrikaanse geletterdheidskursusse.

Kultuurorganisasies - veral op plaaslike vlak - verkeer in 'n gunstige posisie om betrokke te wees by geletterdheidsonderrig in Afrikaans.

7.3.4.4 DOELWIT 4

Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van die primêre en sekondêre taalgemeenskap te verander

Doelwit 4a

- * Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van die blanke primêre Afrikaanse taalgemeenskap om te keer.

Motivering

Vanweë die snelle politieke hervormingsproses in Suid-Afrika, vertoon baie blanke Afrikaanssprekendes 'n fatalistiese houding oor die toekoms van Suid-Afrika. Dit beïnvloed hulle taalhouding en daarom is hulle taal-lojaliteit teenoor Afrikaans nie positief nie.

Wenke

Die voorgestelde Taalraad vir taalbeplanning in Afrikaans, kultuurorganisasies en 'n propagandaveldtog behoort 'n appél te maak op die negatiewe taalhouding.

Doelwit 4b

- * Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van 'n groot deel van die bruin primêre Afrikaanse taalgemeenskap om te keer.

Motivering

Vanweë die feit dat bruin mense, ten spyte van dieselfde taal as blanke regerende Afrikaanssprekendes, so lank uit die politieke prosesse in Suid-Afrika gehou is, het daar 'n negatiewe taalhouding by bruin moedertaalsprekers jeens Afrikaans ontstaan. Hierdie negatiewe taalhouding vind ook uitdrukking in die feit dat sommige bruin Afrikaanssprekendes liever as Engelsprekend bestempel wil word.

Doelwit 4c

- * Om die negatiewe taalhouding en onbetrokkenheid van veral Afrikaanse skoolgaande jeug in die sekondêre skoolfase te verander.

Motivering

Vanweë die soms verbeeldinglose aanbieding van Afrikaans (eerste en tweede taal) op hoërskoolvlak (sien die RGN-ondersoek onder leiding van Kamper en Cahill, 1990), die massa Amerikaanse kultuur wat vir die jeug aantreklik gemaak word en hulle onbetrokkenheid by Afrikaans, vertoon hulle reeds op jeugdige ouderdom 'n negatiewe taalhouding teenoor Afrikaans.

Wenke

Sillabusse vir Afrikaans moet in 'n groot mate daarop gerig wees om leerlinge se taalhouding teenoor Afrikaans positief te maak - dit word nie gedoen deur die indril van taalreëls en eksamenafrigting nie.

Doelwit 4d

- * Om die negatiewe taalhouding van die sekondêre taalgemeenskap te verander.

Motivering

Vanweë die eksklusiwiteit van die blanke Afrikaanssprekende gemeenskap, die feit dat Afrikaans as brood-en botterttaal gesien word en die stigma van onderdrukkerstaal, is die taalhouding van die sekondêre Afrikaanse taalgemeenskap oor die algemeen negatief teenoor Afrikaans.

7.3.4.5 DOELWIT 5

Om die verlies aan hoëtaalfunksies vir Afrikaans te stuit,

Doelwit 5a

- * Om te voorkom dat Afrikaans verdere status as onderrigtaal verloor.

Motivering

Vanweë die konnotasie van Afrikaans met apartheid en onderdrukking en die 1976-Sowetogebeure, is die gebruik van Afrikaans as onderrigtaal in swart skole heeltemal afgeskaal. Dit verklein nie alleen die sekondêre Afrikaanse taalgemeenskap nie, maar het ook 'n algemene negatiewe invloed op die taalhouding van swart mense teenoor Afrikaans.

Doelwit 5b

- * Om die gebruik van Afrikaans as taal van die radio en televisie te bevestig.

Motivering

Ten spyte van die Uitsaaiwet wat voorsiening maak vir die taalgelykberegting van Afrikaans en Engels oor die lug, en die feit dat navorsing (Van Vuuren & De Beer, 1990) bepaal het dat Afrikaanssprekendes die grootste persentasie van die kykerstalle verteenwoordig, word daar voorkeur gegee aan die gebruik van Engels bo Afrikaans deur die SAUK.

Wenke

Die FAK geniet verteenwoordiging op hoë bestuursvlak van die SAUK en behoort sy invloed te kan gebruik om namens die primêre Afrikaanse taalgemeenskap te beding vir 'n beter taalgelykberegtiging.

Doelwit 5c

- * Om die verdere verlies van status as hoë-funksietaal in die Suid-Afrikaanse handelswêreld te voorkom en sorg te dra dat funksiewinste bekom word.

Motivering

Ten spyte van die feit dat Afrikaanssprekendes sleutelrolle in die Suid-Afrikaanse handelswêreld beklee, word Engels as die ekonomiese taal van Suid-Afrika gebruik. Dit lei daartoe dat Afrikaans een van sy hoëtaalfunksies, naamlik as taal van die handel, afstaan.

Doelwit 5d

- * Om die gebruik van Afrikaans as onderrig-medium, veral by swart tersiêre inrigtings, te bevorder.

Motivering

Vanweë die feit dat Afrikaans nie meer as onderrigtaal by swart skole gebruik word nie, is dit ook nie meer voertaal by tersiêre inrigtings vir swart mense nie. Die beperkingsproses op die sekondêre taalgemeenskap vir Afrikaans word hierdeur voortgesit.

Doelwit 5e

- * Om die gebruik van Afrikaans as taal waarin navorsingsverslae gepubliseer word en navorsingsredes gevoer word, te bevorder.

Motivering

Dit is in Hoofstuk 3 en 4 van hierdie studie aangedui dat navorsingsverslae, veral binne die geledere van die Fakulteite van Natuurwetenskappe, toenemend in Engels gepubliseer word. Hierdeur word die posisie van Afrikaans as akademiese taal aangetas.

Doelwit 5f

- * Om mee te werk tot die bevestiging van die posisie van Afrikaans as parlementstaal en as taal waarin grondwetlike aankondigings gemaak word.

Motivering

Ten spyte van grondwetlike bepalinge in die huidige Grondwet van die RSA en 'n geformuleerde beleidstelling dat politici aankondigings in beide landstale moet maak (De Klerk, 1988), gebeur dit dat belanghebbende staatkundige aankondigings in die parlement slegs in Engels gemaak word.

7.3.4.6 DOELWIT 6

Om Afrikaans sy ampstaalstatus te laat behou

Doelwit 6a

- * Om die primêre Afrikaanse taalgemeenskap bewus te maak van hulle aandeel in die behoud of verlies van Afrikaans as amptelike taal.

Motivering

Vanweë onder andere 'n gees van onbetrokkenheid en fatalisme, word die tendens waargeneem dat mense aanvaar wat met hulle gebeur. Die verheffing van Engels as enigste amptelike taal in Namibië, sonder vertoë deur die breë Afrikaanssprekende bevolking, bewys hierdie stelling. Om hierdie rede moet moedertaalsprekers bewus gemaak word van die feit dat die uiteindelijke toekomstige amptelike status van Afrikaans, grotendeels in hulle hande lê.

Wenke

'n Baie goed beplande bewusmakingsveldtog van die verantwoordelikheid van moedertaalsprekers in hierdie verband, moet gevoer word.

Doelwit 6b

- * Om die stewige infrastruktuur waaroor Afrikaans as amptelike taal reeds beskik, duidelik onder staatkundige beplanners se aandag te bring.

Motivering

Danksy die amptelike status waaroor Afrikaans beskik, kon daarin geslaag word om 'n baie stewige infrastruktuur aan die taal te verleen. Mense wat skreeu teen die behoud van Afrikaans as ampstaal, vergeet dat die wiele vir Afrikaans reeds geolie loop: die korpusbeplanning is gevestig,

Afrikaans as regstaal se posisie is bewys, Afrikaans as administratiewe taal waarin amptelike kennisgewings verskyn het nie verfyning nodig nie, sy ortografie is lankal gevestig en sy letterkunde is van internasionale standaard.

Doelwit 6c

- * Om Afrikaans van sy onderdrukkers- en apartheidstigma te bevry.

Motivering

Die behoud van amptelike status vir Afrikaans loop onder andere deur die swart gemeenskap in Suid-Afrika. Om hierdie rede moet hy eers van sy ideologiese bagasie ontslae raak, voordat hy as amptelike taal die nuwe grondwetlike bedeling met vertoue tegemoet kan gaan.

Doelwit 6d

- * Om die nuttigheidswaarde van Afrikaans in só 'n mate te bewys dat dit nie moontlik is dat 'n nuwe Suid-Afrika sonder Afrikaans beplan kan word nie.

Motivering

Hierdie omvattende doelwit se uitvoerbaarheid en meetbaarheid hang grootliks af van die resultate wat met die ander doelwitte behaal is.

Uiteindelik moet Afrikaans se posisie op só 'n manier in die breë Suid-Afrikaanse samelewing bevestig word, dat 'n nuwe Suid-Afrika nie sonder Afrikaans moontlik is nie.

7.4 SAMEVATTING

Dit moet baie duidelik gemaak word dat voorafgaande nie as dié taalplan vir Afrikaans bestempel moet word nie. Dit dien bloot as 'n aanloop tot 'n moontlike taalplan vir Afrikaans.

Die doel met hierdie hoofstuk is om die gedagtes oor Afrikaans en sy beplande toekoms aan die gang te sit. Dit moet as stimulus tot verdere gesprek beoordeel word.

HOOFSTUK 8

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

8.1 SAMEVATTING

Die hipotese ten grondslag van hierdie studie was dat die feit dat Afrikaans se posisie in die huidige politieke gewrig in Suid-Afrika in die gedrang is, onder andere gewyt kan word aan jarelange ongekoördineerde, strategielose taalbemoeyenispraktyke deur enigiemand wat die behoefte daartoe gevoel het.

Om hierdie hipotese waar of vals te bewys, was die breë doelstelling met hierdie studie om die stand van taalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans te meet aan die teorie van die wetenskap van taalbeplanning.

Ter bereiking van hierdie algemene doelstelling, moes die volgende spesifieke doelwitte gestel word:

- * Om te bepaal watter metodologiese beginsels die wetenskap van taalbeplanning ten grondslag lê;
- * om by wyse van empiriese ondersoek 'n situasieanalise te maak van die stand van taalbeplanning vir Afrikaans;
- * om die praktyk van mikro- en makrovlaaktaalbeplanning vir Afrikaans te meet aan die taalbeplanningsteorie, om sodoende te bepaal in hoe 'n mate die teorie en praktyk by mekaar aansluit of van mekaar verskil;
- * om by wyse van samevatting aanbevelings ten opsigte van 'n moontlike taalplan vir Afrikaans te maak.

Hierdie doelwitte is soos volg bereik:

8.1.1 In Hoofstuk 2 is die teorie van taalbeplanning bespreek. Op grond van die onderskeibare elemente in die taalbeplanningsproses, kan die volgende werksdefinisie vir die wetenskap van taalbeplanning aanvaar word: Taalbeplanning is 'n toekomsgerigte, taalprobleem-oplossingshandeling wat 'n doelbewuste taalverandering, aan die hand van 'n stel doelwitte manipuleer, en wat in hierdie veranderingsproses rekening hou met die sosio-kulturele omgewing waarin die taalprobleem voorkom.

Op grond van hierdie definisie word verskillende soorte taalbeplanning onderskei: status-, korpus- en taalverwerwingsbeplanning.

By alle taalbeplanningsprojekte word vier belangrike onderskeibare, maar nie skeibare stappe onderskei: inligtingversameling, stel van doelwitte, implementering en evaluering. Hierdie verskillende stappe vertoon 'n nou ineenverweefde karakter en moet altyd in samehang met mekaar beoordeel word.

Dit word uiteindelik duidelik dat taalbeplanning 'n subdisipline binne die taalpolitiek is wat oor sterk fundamentele en metodologiese grondslae beskik.

Wanneer hierdie fundamentele aspek uit taalbeplanning gehaal word, bestaan die gevaar dat taalbeplanning as instrument gebruik kan word om blote sosiale of politieke verandering te weeg te bring.

Dit is van die uiterste belang dat enige taalbeplanningsaktiwiteit begroot moet wees en moet beantwoord aan hierdie teoretiese eise, ten einde doelmatig te werk aan die bestendiging van 'n taal se toekoms.

Die vraag is in watter mate dit waar is van aktiwiteite wat tot nou toe ter bevordering van Afrikaans aangepak is.

8.1.2 Ten einde die taalbeplanningsaktiwiteit vir Afrikaans te meet aan die taalbeplanningsteorie, is dit nodig om 'n situasieanalise te maak van die stand van werklike en gewaande taalbeplanning vir Afrikaans.

In Hoofstuk 3 word 'n situasieanalise gegee van die stand van mikrovlaktaalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans.

Inligting is op drie maniere versamel:

- * die bydrae wat Afrikaanse kultuurorganisasies en oorwegend Afrikaanse tersiêre inrigtings tot taalbeplanning vir Afrikaans lewer, is by wyse van twee verskillende posvraelyste bepaal;
- * vanweë spesifieke tekortkominge van posvraelyste, is aanvullende inligting by die vraelyste by wyse van persoonlike onderhoude ingewin;
- * addisionele inligting is bekom deur die afhandeling van 'n bronnestudie.

Hierdie gegewens is by wyse van inventaris met gepaste kommentaar in Hoofstuk 3 weergegee. Op hierdie manier is die tweede doelwit bereik.

8.1.3 Twee hoofstukke (Hoofstukke 4 en 5) word gewy aan die bereiking van die derde doelwit. By 'n beoordeling van die mikrovlaktaalbeplanningsaktiwiteite vir Afrikaans teen die agtergrond van die taalbeplanningsteorie, word die volgende sake duidelik:

8.1.3.1 MIKROVLAKTAALBEPLANNING VIR AFRIKAANS

8.1.3.1.1 KULTURORGANISASIES

* Hoewel daar enkele kultuurorganisasies is wat meewerk tot die bestendinging van Afrikaans, lewer die meeste Afrikaanse kultuurorganisasies geen wesentlike bydrae tot Afrikaans nie.

* Vanweë die feit dat kultuurorganisasies taalbevordering as taalbeplanning sien, is dit nodig om 'n onderskeid tussen die twee te maak omdat, ten spyte van die raakpunte, daar wesentlike verskil tussen die aktiwiteite bestaan. Taalbevordering kan as een van die resultate van taalbeplanning bestempel word wanneer taalbevordering beskou word as die bewuste/onbewuste wete van 'n moedertaalspreker dat hy iets tot die voordeel van sy taal moet doen, en taalbeplanning bestempel word as 'n bewuste koördinering van hierdie wete.

* Hoewel daar organisasies of instellings is wat daadwerklike aandag aan taalbeplanning vir Afrikaans gee, die aktiwiteite in 'n groot mate ongekoördineerd plaasvind. Dit bring oorvleueling en duplisering in aktiwiteite mee. Hierdie ongekoördineerdheid is daarvoor verantwoordelik dat daar 'n gebrek aan doelmatige taalbeplanning vir Afrikaans bestaan.

8.1.3.1.2 TAALBEPLANNING IN DIE BRUIN AFRIKAANSE GEMEENSKAP

Wat die stand van taalbeplanning vir Afrikaans in die bruin primêre Afrikaanse gemeenskap betref, word dit duidelik dat die Alternatiewe Afrikaanse beweging 'n wesentlike bydrae tot statusbeplanning lewer, in dié sin dat Afrikaans (in

hierdie geval Kaapse Afrikaans) van sy onderdrukkerstigma bevry word en as taal van die bevryder gepropageer word.

Hoewel hierdie werksaamhede, soos dit neerslag vind in publikasies soos Tree na vryheid en Afrikaans en bevryding (paragraaf 3.4.3.1 en 3.4.3.2), dikwels aan akademiese diepte mis en 'n sterk emosionele appél op die teikengroep maak, vervul dit in 'n belangrike geïdentifiseerde behoefte vir taalbeplanning vir Afrikaans, naamlik 'n bevryding van die ideologiese bagasie waarmee Afrikaans belas is.

8.1.3.1.3 AFRIKAANSE TERSIËRE INRIGTINGS

Betreffende die status van Afrikaans as akademiese taal by oorwegend Afrikaanse tersiêre inrigtings, word dit duidelik dat akademici nie negatief voel oor die toekoms van Afrikaans as tersiêre taal nie. Ten spyte van hierdie positiewe gesindheid, is Afrikaans besig om op hierdie gebied status te verloor: die neiging om navorsingsverslae, veral binne Fakulteite van Natuurwetenskappe, in Engels te publiseer, bewys dit.

8.1.3.1.4 DIE MASSAKOMMUNIKASIEMEDIA IN AFRIKAANS

Wat taalbeplanning vir Afrikaans deur die Afrikaanse massakommunikasiemedia betref, word dit duidelik dat die Afrikaanse koerantwese 'n belangrike rol speel, maar dat die krimpende leserspubliek onder die swart bevolking, kommer wek.

Hoewel die SAUK 'n wesentlike en onmisbare bydrae tot korpusbeplanning in Afrikaans lewer, is dit opvallend dat die status van Afrikaans nie prioriteit geniet nie.

8.1.3.1.5 INSTITUTE AAN UNIVERSITEITE

Belangrike bydraes tot taalverwerwingsbeplanning is deur INTUS (Universiteit van Stellenbosch) en die Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans (RAU) gelewer. Ten spyte van die feit dat hierdie twee institute nie meer op dieselfde patroon met hulle werksaamhede voortgaan nie, is die versekering gegee dat daar geen afskaling in aktiwiteite sal wees nie.

Vanweë die werklike verdienstelike werk wat ten opsigte van die talesituasie in Suid-Afrika gelewer is, word die vertroue uitgespreek dat hierdie twee eenhede met hulle projekte ten bate van Afrikaans sal voortgaan.

8.1.3.2 MAKROVLAKTAALBEPLANNING

Wat die makrovlaktaalbeplanningsituasie in Suid-Afrika betref, word in Hoofstuk 5 eers 'n uiteensetting van die toepaslike makrotaalbeplanningsteorie gegee wat daarna op die Suid-Afrikaanse situasie van toepassing gemaak word.

Dit word uit die navorsing duidelik dat werklike makrovlaktaalbeplanningsaktiwiteit vir Afrikaans (en tewens vir alle tale in Suid-Afrika) nog nie werklikheid geword het nie. Dit is opvallend dat die reeds geformuleerde taalbeleide wat vir Suid-Afrika daargestel word, oorwegend uit radikaalgesinde oorde kom wat, hoewel daar duidelike wetenskaplike onderbou in te bespeur is, van die vooropgestelde idee uitgaan dat Afrikaans 'n baie klein rolletjie, indien enige, in die toekomstige Suid-Afrika te speel het.

Die aanbeveling word uiteindelik gemaak dat die regering van die dag moet toetree tot die makrotaalbeplanningsgesprek in Suid-Afrika. 'n Taalbeleid kan niks bereik voordat daar nie van owerheidsweë amptelikheid aan verleen is nie.

Hierdie traagheid om betrokke te raak, mag uiteindelik veroorsaak dat die taleopset in Suid-Afrika dieselfde pad sal loop as in Namibië, waar Engels die afgedwingde enigste amptelike taal geword het, sonder inagneming van die empiriese talewerklikheid.

8.1.3.3 Dit word uit die beredenering uit Hoofstukke 4 en 5 duidelik dat, hoewel daar elemente van die teorie van taalbeplanning in die werksaamhede van die verskillende organisasies of instellings wat ten bate van Afrikaans werk, waarneembaar is, daar nie van werklike taalbeplanning vir Afrikaans sprake is nie.

8.1.4 Ten einde uitvoering te gee aan die vierde doelwit, word in Hoofstukke 6 en 7 aanbevelings gemaak ten opsigte van taalbeplanning vir Afrikaans in 'n meertalige Suid-Afrikaanse samelewing.

Hoofstuk 6 begin met 'n terreinverkenning om die posisie van Afrikaans in meertalige verband te situeer: daar word gekyk na die getalsterkteposisie van Afrikaans; wat die simboolwaarde van Afrikaans is; wat die taalkonfliksituasie in Suid-Afrika is en hoe die hoëvlakfunksies van Afrikaans daar uitsien wat gevaar loop om afgestaan te word.

Daarna word aandag gegee aan 'n oplossing vir die makrovlaktaalbeplanningskrisis wat Afrikaans ondervind: voorwaardes en beginsels waaraan 'n oorhoofse taalplan vir Afrikaans moet voldoen, word aan die hand gedoen.

Uiteindelik word die aanloop tot 'n moontlike taalplan vir Afrikaans gegee. 'n Sestal breë doelstellings word geformuleer wat aan die hand van besondere doelwitte bereik moet word. Die aanloop tot 'n moontlike taalplan is in breë taalkundige terme geskets en sal deur kommunikasiekundiges en bestuurskundiges verder verfyn moet word.

Die volle geskakeerde inkleding van so 'n geformuleerde taalplan kan nooit die alleenverantwoordelikheid van taalkundiges wees nie. Die insette van opvoedkundiges, demograwe, sosioloë, staatkundiges, politici en ander kundiges is hiervoor nodig.

8.2 GEVOLGTREKKING

By wyse van gevolgtrekking word dit duidelik dat, hoewel daar tot nou toe bemoeienis met die bevordering van Afrikaans gemaak is, daar oor die algemeen nie van werklike wetenskaplike taalbeplanning vir Afrikaans sprake kan wees nie.

Hierdie ongekoördineerde, strategielose taalbemoeienis (wat nie taalbeplanning is nie) het tot gevolg dat daar nou 'n geskarrel oor die toekoms van Afrikaans bestaan.

Die hipotese wat hierdie studie ten grondslag lê, is dus waar bewys.

8.3 AANBEVELINGS

Omdat die grondwetlike proses vir 'n nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika nog nie afgehandel is nie, bestaan daar gelukkig nog geleentheid (hoewel min) vir taalbeplanningsvoorstelle wat op Afrikaans betrekking het.

Die volgende aanbevelings word op grond van hierdie studie gemaak:

8.3.1 Die wetenskap van taalbeplanning moet ingesluit word by álle tersiêre taalkursusse in Afrikaans, Engels en die inheemse swart tale op byvoorbeeld honneursvlak. Die waarde hiervan lê daarin dat wanneer taalkundiges in die teorie van taalbeplanning geskool is, alle projekte ter bevordering van 'n taal uiteindelik sal voldoen aan die teoretiese eise van die wetenskap van taalbeplanning. Op hierdie manier word 'n optimale benutting van hulpbronne verseker.

8.3.2 'n Koördineringsliggaam moet in die lewe geroep word wat álle taalbeplanningsaktiwiteite (dit wil sê korpus-, status- en taalverwerwingsbeplanning) vir Afrikaans koördineer. Dit beteken dat taalbehoefte by wyse van situasieanalises bepaal word, dat doelwitte geformuleer word, dat hierdie doelwitte aan verantwoordelike instansies vir implementering opgedra word en dat sorg gedra word dat voortdurende evaluering van die verloop van taalbeplanningsprojekte uitgevoer word sodat voldoende taalbeplanning vir Afrikaans uitgevoer word.

8.3.3 Hierdie koördineringsliggaam vir taalbeplanning vir Afrikaans moet sitting geniet op 'n nasionale Taleraad wat verteenwoordiging bied aan die elf hooftaalgroepe in Suid-Afrika. So 'n taleraad moet die taalbeplanning vir die meertalige Suid-Afrikaanse samelewing behartig. Die werksaamhede van sodanige taleraad moet uiteindelik by die formulering van 'n voldoende nasionale taalbeleid vir 'n multitalige Suid-Afrika kan uitkom.

8.3.4 Dit is van die uiterste belang dat ter wille van die oorlewing van Afrikaans, 'n geweldige bewusmakingsveldtog onder moedertaalsprekers geloods moet word om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die toekomsverwagting van Afrikaans duidelik te maak.

Die totale primêre taalgemeenskap (ongeach variëteit wat gebesig word en deur wie dit gepraat word) sal moet besef dat hulle 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die voortbestaan van Afrikaans en ook die toekoms van die amptelike status van Afrikaans. Indien taalgemeenskappe gemobiliseer is; hulle taalhouding teenoor hulle taal positief is; hulle die nuttigheidswaarde van hulle taal insien, al is dit nie 'n internasionale taal nie; hulle die taal nie as blote instrument sien nie, maar ook die intrinsieke waarde van die taal besef - kan géén wetgewing 'n taal oornag van die tafel afvee en dink dat dit gelate deur so 'n taalgemeenskap aanvaar sal word nie.

(1-4)

VRAELYS AAN AFRIKAANSE KULTUURORGANISASIES WAT HUL
BYDRAE TOT DIE HANDHAWING EN BEHOUD VAN AFRIKAANS
MONITOR

DOEL VAN HIERDIE VRAELYS

Hierdie vraelys wil die bydrae van Afrikaanse kultuurorgani-
sasies tot die handhawing en uitbouing van die posisie van
Afrikaans bepaal.

VOORSKRIFTE VIR VOLTOOIING

Die vraeiys moet s6 voltooi word:

* U moet asseblief 'n kruisie maak in die regterkantste oop blokkie by vrae wat hulle daartoe leen bv.

Takvoorsitter		1
Nasionale sekretaris	X	2
Ander (spesifiseer):		3

* By ander vrae moet u asseblief die nommer in die blokkie omkring, bv.

	1	2
	Ja	Nee
1. Debats-/redenaarskompetisies met Afrikaans as Voertaal	(1)	2
2. Debats-/redenaarskompetisies oor die toekoms van Afrikaans	1	(2)

* Waar daar stippellyne is, moet u asseblief die antwoord in die gegewe ruimte inskryf, bv.

* LET WEL!

Die regterkantste kantruimte is vir kantoorgebruik en hoef nie deur u ingevul te word nie.

VRAELYS

Kaartnr.

1

AFDELING 1 : BIOGRAFIESE EN ALGEMENE INLIGTING (5)

1.1 Wat is die naam van u organisasie?

(6-7)

1.2 In watter hoedanigheid vul u die vraelys in?

Nasionale voorsitter		1
Takvoorsitter		2
Nasionale sekretaris		3
Taksekretaris		4
Ander (spesifiseer):		5

☐

(8)

1.3 Beskik u organisasie oor 'n amptelike taalplan, m.a.w. bevorder u Afrikaans op 'n beplande manier?

Ja		1
Nee		2

☐

(9)

1.4 Indien u *JA* op vraag 1.3 geantwoord het, omskryf hierdie taalplan in enkele woorde, of sluit 'n afskrif van die taalplan by u antwoord in.

(10-11)

AFDELING 2 : PROJEKTE TER BEVORDERING VAN AFRIKAANS

2.1 Word daar binne u organisasie spesiale projekte geloods om die posisie van Afrikaans te bevorder?

Ja		1
Nee		2

(12)

2.2 Indien u ja op vraag 2.1 geantwoord het, dui aan hoe dit plaasvind.

georganiseerd		1
spontaan		2
sowel georganiseerd as spontaan		3

(13)

2.3 Watter van die volgende projekte het u die afgelope twee jaar aangepak om Afrikaans op georganiseerde wyse te bevorder?
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennd wil antwoord.)

	1	2
	Ja	Nee
1. Debats-/redenaarskompetisies met Afrikaans as voertaal	1	2
2. Debats-/redenaarskompetisies oor die toekoms van Afrikaans	1	2
3. Praatjies oor die handhawing van Afrikaans	1	2
4. Praatjies oor die toekoms van Afrikaans	1	2
5. Projekte wat kreatiewe werk in Afrikaans aanmoedig	1	2
6. Boekpryse aan leerlinge wat in Afrikaans presteer	1	2
7. Studiebeurse aan belowende studente in Afrikaans	1	2
8. Die bevordering van die Afrikaanse skoolkoerant	1	2
9. Ander (Spesifiseer):		

☐ (14)

☐ (15)

☐ (16)

☐ (17)

☐ (18)

☐ (19)

☐ (20)

☐ (21)

☐ (22)

2.4 Watter van die volgende handelinge het u die afgelope twee jaar uitgevoer om Afrikaans op spontane wyse te bevorder?
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

	1	2
	Ja	Nee
1. Aanmoediging om Afrikaans te lees	1	2
2. Deelname aan dagbladbriefwekolomme oor die welsyn van Afrikaans	1	2
3. Vertoe oor die afskeep van Afrikaans in die handel	1	2
4. Aandrang om op Afrikaans bedien te word	1	2
5. Bevordering van die suiwere gebruik van Afrikaans	1	2
6. Geen poging is aangewend nie	1	2
7. Ander (spesifiseer):		

☐ (23)

☐ (24)

☐ (25)

☐ (26)

☐ (27)

☐ (28)

☐ (29)

2.5 Watter van die volgende kwessies rakende Afrikaans wil u oplos met die aanbieding van u taalprojekte?
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	'n Verbetering van die sprekers se houding teenoor Afrikaans	1	2
2.	Die uitbou van die woordeskat/geskrewe vorme van Afrikaans (m.a.w. taalkorpus)	1	2
3.	'n Verhoging van die status van Afrikaans (die prestige-waarde van Afrikaans)	1	2
4.	Die vestiging van Afrikaans se toekoms	1	2
5.	Al bogenoemde moontlikhede	1	2
6.	Ander (spesifiseer):		

☐ (30)

☐ (31)

☐ (32)

☐ (33)

☐ (34)

☐ (35)

2.6 Watter bree doelstelling(-s) hou u voor
oë wanneer projekte beplan word wat die
posisie van Afrikaans wil verbeter?
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil
antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	Die aanwakker van 'n positiewe taalhou- ding by moedertaalsprekers	1	2
2.	Die uitdra van 'n positiewe beeld van Afrikaans na anderstaliges	1	2
3.	Afrikaans word gehandhaaf omdat dit een van ons landstale is	1	2
4.	Al bogenoemde moontlikhede	1	2
5.	Onseker hoekom taalprojekte ter bevoor- ding van Afrikaans aangepak is	1	2
6.	Ander (spesifiseer):		

☐ (36)

☐ (37)

☐ (38)

☐ (39)

☐ (40)

☐ (41)

**AFDELING 3 : EVALUERING VAN U BYDRAE TOT
DIE BEVORDERING VAN AFRIKAANS**

3.1 Wat was die gevolge van die projekte
wat u ter bevordering van Afrikaans
aangebied het?

Baie positief		1
Positief		2
Neutraal		3
Negatief		4
Onmeetbaar		5

☐

(42)

3.2 Indien u baie positief/ positief op
vraag 3.1 geantwoord het, omskryf in enkele
woorde verder.

(43-44)

3.3 Indien u negatief geantwoord het, omskryf
kortliks verder.

(45-46)

AFDELING 4 : TAALKORPUS

4.1 Dui aan wat u organisasie doen om die woordeskat en suiwerheid van Afrikaans uit te bou.
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	Die saamstel van bv. 'n vakwoordeboek in Afrikaans	1	2
2.	Die saamstel van 'n woordelys	1	2
3.	Die daarstel van 'n telefoonnavraagdiens	1	2
4.	Die skep van nuwe terminologie t.o.v. snel-ontwikkelende studieterreine	1	2
5.	Geen bydrae tot die uitbreiding van die woordeskat van Afrikaans nie	1	2
6.	Ander (spesifiseer):		

☐ (47)

☐ (48)

☐ (49)

☐ (50)

☐ (51)

☐ (52)

4.2 Dui kortliks aan hoe u organisasie te werk gaan om die woordeskat van Afrikaans uit te bou (bv. die vertaling van bestaande vreemdtalige woordeskat, die daarstel van nuwe woordeskat deur nuutskeppinge, ens.)

☐ ☐
(53-54)

AFDELING 5 : TAALSTATUS

5.1 Dui aan in watter mate u organisasie hom besig hou om die status van Afrikaans (d.w.s. waar sy posisie in die taalgemeenskap afgeskeep word) uit te bou.
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

	1	2
	Ja	Nee
1. In die radiowese	1	2
2. T.o.v. die televisie	1	2
3. In die gedrukte advertensiewese	1	2
4. Die openbare gebruik van Afrikaans op byeenkomste	1	2
5. Die gebruik van Afrikaans in die handel	1	2
6. Geen poging is aangewend om die status van Afrikaans uit te bou nie	1	2
7. Ander (spesifiseer):		

☐ (55)

☐ (56)

☐ (57)

☐ (58)

☐ (59)

☐ (60)

☐ (61)

AFDELING 6 : TAALHOUDING

6.1 Wat is die lede van u organisasie se houding teenoor Afrikaans?

Baie gunstig	1
Gunstig	2
Neutraal	3
Negatief	4
Baie negatief	5

☐
(62)

6.2 Dui aan wat gedoen is om die taalhouding
(m.a.w. die gesindheid teenoor Afrikaans) van
alle mense positief te beïnvloed.
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil
antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	Aanmoediging om Afrikaans sonder skaamte in die handel te praat	1	2
2.	Aanmoediging om aan leesunies te behoort sodat Afr. letterkunde geleer ken word	1	2
3.	Bekroning van verdienstelike kreatiewe werk in Afrikaans	1	2
4.	Aanbied van kursusse in elementere praat-Afrikaans vir bv. huishulpe, ens.	1	2
5.	Beboet mense wat onsuiewere Afrikaans gebruik	1	2
6.	Ander (spesifiseer):		

☐ (63)

☐ (64)

☐ (65)

☐ (66)

☐ (67)

☐ (68)

AFDELING 7 : KREATIEWE WERK

7.1 Wat word binne u organisasie gedoen om kreatiewe werk (d.w.s. ten opsigte van prosa, poesie en drama) in Afrikaans aan te moedig? (NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	Uitloof van pryse vir verdienstelike prosa	1	2
2.	Uitloof van pryse vir verdienstelike poesie	1	2
3.	Uitloof van pryse vir verdienstelike dramatekste	1	2
4.	Bekroning van goeie toneelspel	1	2
5.	Bekroning van verdienstelike kreatiewe werk in Afrikaans	1	2
6.	Die skep van geleenthede (bv. werksessies om potensiele uitblinkers te skool)	1	2
7.	Geen van bogenoemde	1	2
8.	Ander (spesifiseer):		

☐ (69)

☐ (70)

☐ (71)

☐ (72)

☐ (73)

☐ (74)

☐ (75)

☐ (76)

AFDELING 8 : DIE TOEKOMS VAN AFRIKAANS

8.1 Hoe sien u die toekoms van Afrikaans?

Baie positief		1
Positief, maar met sekere voorbehoude		2
Onseker oor Afrikaanse toekomsmoontlikhede		3
Afrikaans het nie 'n toekoms nie		4

8.2 Indien u by 8.1 baie positief geantwoord het, motiveer in enkele woorde hoekom u só sê.

8.3 Indien u by 8.1 positief, maar met voorbehoude geantwoord het, stel u voorbehoude.

8.4 Indien u by 8.1 onseker geantwoord het, motiveer hoekom u dit sê.

☐

(77)

☐

(78-79)

Kaartnr.

☐

(1)

☐

(2-3)

☐

(4-5)

8.5 Indien u by 8.1 geantwoord het u meen Afrikaans het nie 'n toekoms nie, motiveer kortliks hoekom u so sê.

(6-7)

8.6 Hoe sien u u organisasie se toekomstige taak t.o.v. die uitbou van Afrikaans?
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

	1	2
	Ja	Nee
1. Handhawing van die status quo (m.a.w. dieselfde projekte gaan voort)	1	2
2. Benewens dieselfde projekte, ook nog nuwes om Afrikaans te propageer	1	2
3. Die uitbou van Afrikaans onder blanke Afrikaners	1	2
4. Die uitbou van Afrikaans onder anders-kleurige Afrikaanssprekendes	1	2
5. Die propagering van Afrikaans onder anderstaliges (bv. immigrante)	1	2
6. Die uitbou van Afrikaans onder anders-kleurige nie-Afrikaanssprekendes	1	2
7. Geen van bogenoemde	1	2
8. Ander (spesifiseer):		

☐ (8)

☐ (9)

☐ (10)

☐ (11)

☐ (12)

☐ (13)

☐ (14)

☐ (15)

8.7 Indien u by vraag 8.6 nommer 2 (die aanpak van van nuwe projekte, benewens die bestaandes) geantwoord het, omskryf kortliks wat u beplan.

(16-17)

8.8 Wat verstaan u onder die ampstaalstatus van Afrikaans? (Dui meer as een moontlikheid aan indien nodig.)
(NB! Omkring die syfer 1 indien u bevestigend wil antwoord en die syfer 2 indien u ontkennend wil antwoord.)

		1	2
		Ja	Nee
1.	Die verskansing van Afrikaans in die grondwet	1	2
2.	Die gebruik van Afrikaans as regeerings-taal	1	2
3.	Afrikaans as die taal van die administrasie en wetgewing	1	2
4.	Afrikaans as streekstaal	1	2
5.	'n Ander definisie (spesifiseer):		

☐

(18)

☐

(19)

☐

(20)

☐

(21)

☐

(22)

8.9 Wat dink u is die grootste struikelblok vir Afrikaans?
 Rangskik die volgende moontlikhede in volgorde van belangrikheid deur waardes van 1 tot 6 daaraan toe te ken.

1.	'n Toekomstige staatsbestel	
2.	Die negatiewe taalhouding van sy moeder-taalsprekers	
3.	Ander tale binne Suid-Afrika	
4.	Die feit dat Afrikaans direk met "apartheid" in verband gebring word	
5.	Die feit dat Afrikaans as die "taal van die onderdrukker" bestempel word	
6.	'n Ander moontlikheid (spesifiseer):	

☐ (23)

☐ (24)

☐ (25)

☐ (26)

☐ (27)

☐ (28)

---oOo---

BAIE DANKIE VIR U MOEITE!

ONTHOU OM DIT VOOR 31 AUGUSTUS 1990 IN DIE GEFRANKEERDE KOEVERT TERUG TE POS.

Marlene Verhoef
 Posbus 178
 KIMBERLEY
 8300

Telefoonnommer: (0531)614811

VRAELYS AAN TERSIËRE AFRIKAANSE OPVOEDKUNDIGE INSTELLINGS
OM HUL BYDRAE TOT DIE HANDHAWING EN BEHOUD VAN AFRIKAANS TE
BEPAAAL

DOEL VAN VRAELYS

Hierdie vraelys wil die houding van Afrikaanse tersiêre opvoedkundige instellings tot die handhawing en uitbouing van die posisie van Afrikaans bepaal.

VOORSKRIFTE VIR VOLTÖÖING

Die vraelys moet s6 voltooi word:

* U moet asseblief 'n kruisie maak in die regterkantste oop blokkie by vrae wat hulle daartoe leen bv.

Takvoorsitter		1
Nasionale sekretaris	X	2
Ander (spesifiseer):		3

* By ander vrae moet u asseblief die nommer in die blokkie omkring, bv.

		1	2
		Ja	Nee
1.	Debats-/redenaarskompetisies met Afrikaans as voertaal	(1)	2
2.	Debats-/redenaarskompetisies oor die toekoms van Afrikaans	1	(2)

* Waar daar stippellyne is, moet u asseblief die antwoord in die gegewe ruimte inskryf, bv.

* LET WEL!

Die regterkantste kantruimte is vir kantoorgebruik en hoef nie deur u ingevul te word nie.

VRAELYS

Kaartnr.

(4)

AFDELING 1 : BIOGRAFIESE EN ALGEMENE INLIGTING

1.1 Aan watter soort opvoedkundige inrigting is u verbonde?

Universiteit		1
Onderwyskollege		2
Technikon		3
Tegniese kollege		4
Ander (spesifiseer):		5

(5)

1.2 In watter hoedanigheid vul u die vraelys in?

Registrateur		1
Rektor		2
Hoof		3
Ander (spesifiseer):		4

(6)

AFDELING 2 : VOERTAAL

2.1 Wat is u voertaal?

Afrikaans		1
Engels		2
Tweetalig:Afr/Eng		3
Afrika-taal		4
Ander (spesifiseer):		5

2.2 Hoe word die voertaal, soos in vraag 2.1 gestel, deur die wet of interne regulasie(-s) beskerm?

Omskryf hierdie bepaling in enkele woorde, of sluit 'n afskrif daarvan by u antwoord in.

2.3 Wat is u toelatingsvereiste vir ander-talige studente t.o.v. voertaal?

Klasse word in Afrikaans aangebied en studente moet in Afrikaans eksamen aflê		1
Klasse word in Afrikaans aangebied en studente mag eksamenskrifte in Engels antwoord		2
Klasse word in Afrikaans of Engels aangebied en studente mag in die taal van hulle keuse eksamen afle		3
Ander moontlikheid (spesifiseer):		4

☐

(7)

☐

(8-9)

☐

(10)

☐

(11)

☐

(12)

☐

(13)

AFDELING 3 : HOUDING TEENoor AFRIKAANS

3.1 Wat is u houding teenoor Afrikaans as tersiêre taal, m.a.w. hoe voel u oor die uitdrukkingsmoontlikhede van Afrikaans op akademiese gebied?

Baie positief		1
Positief, maar met sekere voorbehoude		2
Onseker oor Afrikaans se moontlikhede		3
Afrikaans het nie 'n bestaansmoontlikheid op akademiese gebied nie		4

3.2 Indien u by 3.1 baie positief geantwoord het, motiveer in enkele woorde hoekom u so sê.

3.3 Indien u by 3.1 positief, maar met voorbehoude geantwoord het, stel u voorbehoude.

☐

(14)

☐

(15-16)

☐

(17-18)

3.4 Indien u by 3.1 onseker geantwoord het, motiveer hoekom u dit sê.

(19-20)

3.5 Indien u by 3.1 geantwoord het u meen Afrikaans het nie 'n bestaansmoontlikheid as akademiese uitdrukkingsmiddel nie, motiveer hoekom u so sê.

(21-22)

3.6 Hoe voel u oor die toekoms van Afrikaans as akademiese taal?

Baie positief		1
Positief		2
Neutraal		3
Negatief		4
Onseker		5

(23)

3.7 Motiveer in enkele woorde hoekom u die mening soos in 3.6 gestel, huidig.

(24-25)

3.8 Is u van plan om die voertaal van u inrigting te wysig?

Ja		1
Nee		2



(26)

---oOo---

BAIE DANKIE VIR U MOEITE!

ONTHOU OM DIT VOOR 31 AUGUSTUS 1990 IN DIE
GEFRANKEERDE KOEVERT TERUG TE POS.

Marlene Verhoef

Posbus 178
KIMBERLEY
8300

Tel (0531) 614811

BIBLIOGRAFIE

ALEXANDER, N. 1989. Language Policy and National Unity in South Africa/Azania. Cape Town : Buchu Books.

ANC. s.j. ANC Bill of Rights for a democratic South Africa: Working Draft for Consultation. s.l. : s.n.

ANC. 1990. Questions and Answers about the ANC: Language Policy. Ongepubliseerde aantekeninge. 6p.

ATF. 1990. Die Afrikaanse Taalfonds en Die Afrikaanse Taaltrust. Jaarverslag en Program: 1990. s.l.: ATF

ATKV. 1990. 1990-Kongresbundel en Jaarverslag. s.l : s.n.

ATKV. 1991. Dinkskrum rondom die daarstel van 'n taalplan vir Afrikaans. 25 Januarie 1991. Johannesburg.

BEELD. 1990. Politieke beriggewing: Bruin leiers veg vurig vir Afrikaans. Beeld, 31 Desember 1990

BESTER, C. 1991. Onderhoud gevoer na aanleiding van die taalbeleid van die regering van Suid-Afrika. Maart 1991.

BOOYSEN, H. & VAN WYK, D.H. 1984. Die '83-Grondwet. Kaapstad : Juta & kie.

BOSHOFF, F.P. 1990. Briefwisseling na aanleiding van die vraelys aan kultuurorganisasies.

BOTHA, E. 1990. Afrikanerkultuur in 'n veranderende Suid-Afrika. (FAK-Kongresreferaat, 1990.) Opgeneem in Handhaaf, Jrg 29(5) : 10-15.

BOTHMA, C.M. 1990. Briefwisseling na aanleiding van vraelys aan kultuurorganisasies.

BRINK, A.P. 1988. Afrikaans en bevryding (In Van den Heever, R. (red.) Afrikaans en bevryding. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie. pp. 23-39)

COBARRUBIAS, J. 1983a. Language planning: the state of the art. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.) Progress in language planning: International perspectives. Berlin : Mouton. p. 3-26)

COBARRUBIAS, J. 1983b. Ethical Issues in Status Planning. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.) Progress in Language Planning: International Perspectives. Berlin : Mouton. p. 41-86)

COETZER, A. 1991. Mondelinge onderhoud oor die werksaamhede van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

COMBRINK, J.G.H. 1984. Afrikaans in Afrika. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria : HAUM. p. 43-58)

COMBRINK, J.G.H. 1991. Referent tydens die eendagseminaar oor taalbeplanning by UNISA. 29 Januarie 1991. Pretoria.

COOPER, R.L. 1984. Language planning, language spread and language change. (In Kennedy, C. (ed.) Language planning and language education. London: George Allen. p. 17-36)

COOPER, R.L. 1989. Language Planning and Social Change. Cambridge: Cambridge University Press.

CRONJE, G.J. de J. (red.) et al., 1987. Inleiding tot die bestuurswese. Johannesburg : Southern Boekuitgewers.

DE KLERK, F.W. 1988. Beskuldigings onbillik. Insig, : 22-23. Desember 1988.

DE KLERK, F.W. 1990. Afrikaans. (Toespraak gelewer tydens die jaarlikse nasionale raadsdinee van die ATF, 7 Junie 1990 in Bloemfontein). Gepubliseer in Die Bondgenoot, Julie/Augustus 1990.

DE LANGE, J.P. 1991. Onderhoud oor die taalbevorderingswerkzaamhede van die Afrikanerbroederbond.

DIE VOLKSBLAD. 1989. Akademici striem rektor se taalpleidooi. Die Volksblad, :11, 11 Desember 1989.

DIE VOLKSHANDEL, 1963. Spesiale uitgawe uitgegee by geleentheid van die AHI se een-en-twintigste bestaansjaar.

DU PLESSIS, H. 1983. Taalvariasie in die Afrikaans van Johannesburgers. (In Claassen, G. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Taalverskeidenheid. Pretoria : Academica. p. 43-62).

DU PLESSIS, H. 1984. Die handhawing van Afrikaans. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria : HAUM. p. 163-173).

DU PLESSIS, H. 1988. Taalbeleid: kophou of bekhou. Insiq, : 23-24. Desember 1988.

DU PLESSIS, H. 1989. Die anatomie van taalbeplanning. Koers, 54(3) : 272-289.

DU PLESSIS, H. 1989b. Taal in SA na apartheid. Insiq, : 45-46. Oktober 1989.

DU PLESSIS, H. 1990. Afrikaans en die skep van intergroepverhoudings. (Referaat gelewer tydens die ATF-Miniberaad, Junie 1990.) Bloemfontein.

DU PLESSIS, H. & DU PLESSIS, T. 1987. Inleiding. (In Du Plessis, H. & Du Plessis, T. (reds.) Afrikaans en Taalpolitiek. p. ix - xv).

DU PLESSIS, H. & VAN RENSBURG, M.C.J. 1991. Afrikaans se sterk en swak punte op 'n tienpuntskaal. (Ongepubliseerde tabel).

DU PLESSIS, L.T. 1985. The state of the art of language planning in South Africa. (In Prinsloo, K.P. (red.) Language Planning for South Africa. SA Tydskrif vir Taalkunde. Geleentheidsuitgawe nommer 2. Julie 1985: 1-23)

DU PLESSIS, L.T. 1986. Afrikaans in beweging. Bloemfontein : Patmos.

DU PLESSIS, L.T. 1988. Die vermyding van Taalapartheid by die onderrig van Afrikaans. (In Van den Heever, R. (red.) Afrikaans en bevryding. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie. p. 43-51).

ERASMUS, G.F. 1991. Persoonlike onderhoud oor die taalwerkzaamhede van die ATF. Februarie 1991.

ESTERHUYSE, J. 1986. Taalapartheid en Skoolafrikaans. Emmarentia: Taurus.

FAK. s.j. Bylae van landwye taalaksies. (Ongepubliseerde dokument aan navorser beskikbaar gestel.)

FAK. 1985. Die planmatige bevordering van Afrikaans/Taalstrategie. 'n Skakelprogram vir 1986. s.l. : s.n.

FAK. 1987. Opsomming van geaffilieerde kultuurliggame se bedrywighede. (Ongepubliseerde dokument aan navorser beskikbaar gestel.)

FAK. 1989. Handleiding vir Kultuurrade - Voorgestelde Grondwet. s.l. : s.n.

FERGUSON, C.A. 1983. Language planning and language change. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.) Progress in Language planning. Berlin : Mouton. p.29-40).

FISHMAN, J.A. 1974. Language planning and language planning research: the state of the art. (In Fishman, J.A. (ed.) Advances in language planning. The Hague : Mouton. p.15-36).

FISHMAN, J.A. 1977. Comparative Study of Language Planning: Introducing a Survey. (In Rubin, J. et al. 1977. Language Planning Processes. The Hague : Mouton. p. 31-40).

FISHMAN, J.A. 1983. Progress in Language Planning: A few concluding sentiments. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.) Progress in Language Planning. Berlin : Mouton. p. 381-383).

FISHMAN, J.A. 1984. Language modernisation and planning in comparison with other types of national modernisation and planning. (In Kennedy, C. (ed.) Language planning and language education. London : George Allen. p.37-54)

GARVIN, P.L. 1974. Comments on language planning. (In Fishman, J.A. (ed.) Advances in Language planning. The Hague : Mouton. p.69-78).

GELDENHUYS, D.J.C. 1991. Mondelinge onderhoud oor die werksaamhede van SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Februarie 1991.

GERWEL, J. 1988. 'n Besinning oor die vestiging van Alternatiewe Afrikaans op hoërskool (In Van den Heever, R. (red.) Afrikaans en bevryding. Kasselsvlei: Kaaplandse Professionele Onderwysersunie. p. 7-19)

GERWEL, J. 1988b. Die UWK en Afrikaans. Insig, : 26-27. Januarie.

GERWEL, J. 1991. Koerantberig in Beeld, oor die toespraak van die rektor van die UWK by geleentheid van die eerstejaarsontvangs. 6 Februarie 1991.

GROBLER, E. 1990a. Home language: The official languages. (In Grobler, E. et al. Language Atlas of South Africa. Pretoria: HSRC. pp. 9-15).

GROBLER, E., PRINSLOO, K.P., VAN DER MERWE, I.J. (eds.) 1990. Language Atlas of South Africa. Pretoria : HSRC.

HAUGEN, E. 1975. Linguistics and language planning. (In Bright, W. (ed.) Sociolinguistics. The Hague: Mouton. p.50-71).

HAUGEN, E. 1966. Language conflict and language planning: The case of modern Norwegian. Cambridge : Harvard University Press.

HAUGEN, E. 1983. The implementation of Corpus Planning: Theory and Practice. (In Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (eds.) Progress in Language Planning: International Perspectives. Berlin : Mouton. p. 267-289).

INTUS. 1990. Instituut vir Taalonderrig: sy werksaamhede. (Ongepubliseerde aantekeninge).

KOK, F. 1991. Mondelinge onderhoud oor die taalbevorderingsaktiwiteite van die ATKV. Februarie 1991.

KOZELKA, 1984. The development of national languages: a case study of language planning in Togo. (Ph.D -Stanford University.) Ann Arbor, Michigan: University Microfilms International.

LiCCA, s.j.(a) LiCCA Research Programme. (Brosjüre.) Ongepagineer.

LiCCA, s.j.(b) Guide for contributors to LiCCA-SA. (Ongepubliseerde aantekeninge).

LOUW, H. 1991. Hoe sien ander die Afrikaner? De Kat, : 59-62. Januarie 1991.

MOORE, N. 1987. How to do research. London : The Library Association.

MORRIS, R. 1985. Lexical development and language planning for South Africa. (In Prinsloo, K.P. (ed.) Language planning for South Africa. SA Journal of Linguistics, Occasional Papers no. 2. : 71-89. July 1985.)

NAHIR, M. 1984. Language Planning Goals: A Classification. Language Problems and Language Planning, 8(3): 294-344.

NEUSTUPNY, J.V. 1974. Basic types of treatment of language problems. (In Fishman, J.A. (ed.) Advances in Language planning. The Hague : Mouton. p.37-48)

NEUSTUPNY, J.V. 1983. Towards a Paradigm for Language Planning. Language Planning Newsletter, 9(4): 1-4

NLP, s.j. About the National Language Project. Pamflet. p. 6.

PAULSTON, C.B. Language planning. (In Kennedy, C. (ed.) Language planning and language education. London: George Allen. p.55-67)

PELZER, A.N. 1980. Die Afrikaner-Broederbond: Eerste vyftig jaar. Kaapstad: Tafelberg.

PIETERSEN, P. 1990. Die NG Sendingkerk en Afrikaans. Die Ligdraer,: 219, 20 Augustus 1990.

PLOEDEMAN. 1991. Mondelinge onderhoud oor veranderde taalbeleid van die UWK. 11 Februarie 1991.

PONELIS, F.A. 1984. Afrikaans binne meertalige verband. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. Afrikaans: stand, taak en toekoms. Pretoria : HAUM. p. 30-42).

PRINSLOO, A.F. 1989. Is dit Afrikaans? (Referaat gelewer op 4 Julie 1989 by die UOVS voor die wenners van die Afrikaansolimpiade.) Bloemfontein. p. 14

PRINSLOO, A.F. 1990. Onderhoud oor die taalbeleid van die SAUK. Julie 1990.

PRINSLOO, K.P. 1984. Taalbeplanning vir Suid-Afrika. (In: Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria: HAUM. p.137-153).

PRINSLOO, K.P. 1984b. Die status van Afrikaans en die ander hooftale in SWA/Namibië. (In Prinsloo, K.P. & Van RENSBURG, M.C.J. Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria: HAUM.) pp. 124-134

PRINSLOO, K.P. 1984c. Gesindhede ten opsigte van taal in die onderwys in Suid-Afrika. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria: HAUM. p. 106-123)

PRINSLOO, K.P. 1987. 'n Taalplan vir Suid-Afrika. Insiq, : 24-25. September 1987.

PU vir CHO, 1990. Jaarboek met algemene inligting

RAU, 1985. Eenheid vir die Onderrig van Afrikaans: Navorsingsprojek: Eksperimentering met onderrigstrategieë, ondersteunende materiaal en hulpmiddels vir indiensopleiding van swart onderwysers betrokke by die onderrig van Afrikaans. Finale verslag. 18 Oktober 1985. Johannesburg: RAU.

RAY, P.S. 1963. Language Standardization: Studies in prescriptive linguistics. The Hague: Mouton.

RUBIN J. & JERNUDD, B.H. (eds.) 1971. Can Language be planned? Sociolinguistic Theory and Practice for Developing Nations. The University Press of Hawaii.

RUBIN, J. 1983. Evaluation of status planning: what has the last decade accomplished? (In: Cobarrubias, J. & Fishman, J.A. (ed.) Progress in Language planning. Berlin: Mouton. p.329-344).

RUBIN, J. 1984. Bilingual education and language planning. (In: Kennedy, C. (ed.) Language planning and Language education. London: George Allen. p.4-16)

SA AKADEMIE. 1981. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. s.l. : s.n.

SA AKADEMIE. 1984. Akademie 75 : Driekwarteeufees. Pretoria: SA Akademie.

SA AKADEMIE, 1990. Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1989-1990

SANLAM. s.j. Die eerste vyftig jaar. Ongepagineer.

SAUK, s.j. Pamflet: Die Taalburo van die SAUK.
ongepagineerd

SCANNELL, J.P. 1968. Uit die volk gebore: Sanlam se
eerste vyftig jaar. Kaapstad: Nasionale Boekhandel

SCHURING, G.K. 1983. Flaaitaal. (In Claassen, G. & Van
Rensburg, M.C.J. Taalverskeidenheid. Pretoria :
Academica. p. 116-133).

SCHURING, G.K. 1990. Language Planning for a new South
Africa. (Referaat gelewer op 9 Augustus 1990 by die RGN).
Pretoria.

SCHURING, G.K. 1991. Language Policies in Africa and their
relevance to a future South Africa. (Te verskyn in:
Rhodie, et al. (eds.) South Africa in the nineties).

SCHUTTE, H.J. 1990. Los skuldgevoel oor Afrikaans! Beeld,
11 Januarie 1991.

SCHUTTE, H.J. 1991. Onderhoud oor kultuurbedrywighede in
Eersterust.

SENEKAL, J.H. 1984. Afrikaans: 'n toekomsblik. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak en toekoms. Pretoria: HAUM. p. 212-228.)

SLOET, H. 1989. Voorsittersrede by geleentheid van die FAK-Kongres, 1989.

SNIJMAN, F.J. 1975. U woorde, u woordeboek. Stellenbosch: Raad van Beheer oor die Afrikaanse Woordeboek.

SNYMAN, J. 1991. Onderhoud oor die Afrikaanse karakter van Volkskas.

SÖHNGE, J. 1991. Mondelinge onderhoud oor SANLAM. Februarie 1991.

SONN, F. 1988 Amptelike Openingsrede van KPO-seminaar oor Alternatiewe Afrikaans. (In Van den Heever, R. (ed.) Afrikaans en bevryding. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie. p.3-5)

SONN, F. 1990. Referent tydens DF Malherbegedenklesing, UOVS. Mei 1990. Bloemfontein.

STEENEKAMP, C.S. 1984. Praktiese riglyne vir vraelyskonstruksie. Pretoria : RGN.

STEENKAMP, G. 1991. Toespraak gelewer by die byeenkoms van die Pretoriase en omliggende sakekamers. Dinsdag 19 Februarie 1991. Beeld, 20 Februarie 1991

STEYN, J.C. 1984. Die oorlewing van Afrikaans. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Afrikaans: stand, taak en toekoms. Pretoria: HAUM p. 3-29)

STEYN, J.C. 1980. Tuiste in eie taal. Kaapstad: Tafelberg.

STEYN, J.C. 1989. Die moontlike herwaardering van die status van Afrikaans. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 29(4) : 315-327. Desember 1989.

STEYN, J.C. 1990a. Menseregte en Taalregte. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde, 8(1) : 39-47. Februarie 1990.

STEYN, J.C. 1990b. Taalstatus, taalbeleid en taalregte. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, 30(4) : 303-310. Desember 1990.

STOCKENSTRÖM, F.F. de W. 1982. Boodskap by geleentheid van die AHI se veertigste verjaardag. (In AHI - Veertig jaar se sakediens, 1942-1982. Pretoria: AHI. p. 5)

STRAUSS, P.J. du P. 1991. Onderhoud oor kulturbedrywighede van SACKO.

STRYDOM, F. 1990. Afrikaans in nie-formele onderwys. Ongepubliseerde aantekeninge. Johannesburg: RAU

STRYDOM, F. 1990b. Afrikaans by die bedelbak. Rapport, 30 September 1990.

SUID-AFRIKA, 1983. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, No. 110, 1983. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKAANSE REGSKOMMISSIE, 1989. Werkstuk 25, Projek 58 : Groeps en Menseregte. Pretoria: Suid-Afrikaanse Regskommissie.

TAULI, V. 1974. The theory of language planning. (In Fishman, J.A. (ed.) Advances in Language Planning. The Hauge : Mouton. p.49-68)

TAYLOR, B. 1989. Afrikaans kry felle knou by UWK. Die Volksblad, : 11. 11 Desember 1989.

TERBLANCHE, O. 1990. Afrikaans, die taal van bevryding. Die Volksblad, 29 Maart 1990.

UK, 1990. Universiteit van Kaapstad. Jaarboek, Deel 1

UNESCO, 1970. The use of vernacular languages in education: Report of the Unesco Meeting of Specialists,

1951. (In Fishman, J.A. (ed.) Readings in the Sociology of Language. The Hague: Mouton. p. 688-716).

US, 1990. Universiteit van Stellenbosch, Jaarboek 1990.

VAN DEN BERG, L. 1991. Onderhoud oor die taalbevorderingsprojekte van die Afrikaanse Kultuurbond (AKB).

VAN DEN HEEVER, R. (red.) 1987. Tree na vryheid: 'n studie in alternatiewe Afrikaans. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.

VAN DEN HEEVER, R. (ed.) 1987b. Alternative Education: Vision of a Democratic Alternative. Cape Town : Union of Teachers' Associations of South Africa.

VAN DEN HEEVER, R. (red.) 1988 Afrikaans en bevryding. Kasselsvlei : Kaaplandse Professionele Onderwysersunie.

VAN DEN HEEVER, R. 1988b. Afrikaans en bevryding (In C.T.P.A. Alternative Education: The Road to a Democratic Future. CTPA 21st Annual Conference, 20-23 June 1988. Bellville: UWC. p. 76-86).

VAN DEN HEEVER, R. 1991. Onderhoud n.a.v. die beginsels van Alternatiewe Afrikaans.

VAN DER MERWE, A. 1991. Onderhoud oor taalbevorderingsprojekte van die ATKB.

VAN DER MERWE, E.G. 1989. Die ontwikkeling, stand en toekoms van Afrikaans in SWA/Namibië. Potchefstroom (Proefskrif (D.Litt.) PU vir CHO.)

VAN DER WATT, A. 1990. Referent tydens die FAK-Kongres in Augustus 1990 in Bloemfontein.

VAN DEVENTER, J.H. 1989. Die Afrikaanse koerant as bevorderaar van Afrikaans. Handhaaf,: 12-15. Junie/Julie 1989.

VAN DEVENTER, J.H. 1990. Die Afrikaanse koerant se aandeel in die bevordering van Afrikaans. (Referaat tydens die ATF-Miniberaad, Junie 1990, Bloemfontein).

VAN RENSBURG, M.C.J. 1983. Inleiding: die bestudering van taalvariante. (In Claassen, G. & Van Rensburg, M.C.J. (reds.) Taalverskeidenheid. Pretoria: Academica. p. 7-25)

VAN RENSBURG, M.C.J. 1984. Afrikaans - Die pad vorentoe. (In Prinsloo, K.P. & Van Rensburg, M.C.J. Afrikaans: stand, taak, toekoms. Pretoria: HAUM. p.177-194).

VAN RENSBURG, M.C.J. 1990. En wat van Afrikaans...? Ongepubliseerde klasaantekeninge. Pretoria: UP

VAN VUUREN, D. & DE BEER, J.J. 1990. Taal: die hartklop van uitsaai. (Referaat gelewer tydens die dagseminaar oor Afrikaans aan die UP. Junie 1990). Pretoria. (Ongepubliseer)

VAN ZYL, A. 1990. Die taalpolitiek van die FAK, met spesifieke verwysing na die tydperk 1976 - 1986. Durban. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Natal).

VAN ZYL, J.J. 1986. Beplanning en planne. (In Kroon, J. (red.) Algemene Bestuur. Pretoria: HAUM. p. 109-142)

VON LUDWIG, 1991. Mondelinge gesprek oor AHI. Februarie 1991

WARWICK, D.P. & LININGER, C.A. 1975. The sample survey: theory and practice. New York : McGraw Hill.

WASSENAAR, A.D. 1968. Voorwoord by die herdenkingsbundel oor die vyftigjarige bestaan van Sanlam en Santam. (In Scannell, J.P. Uit die volk gebore: Sanlam se eerste vyftig jaar. Kaapstad: Nasionale Boekhandel ongepagineer)

WEBB, V.N. 1990a. Die beskerming van taalregte. Aambeeld, 18(1) : 18-23. April 1990.

WEBB, V.N. 1990b. Voorwaardes vir die beplanning van 'n nuwe talebestel in Suid-Afrika. (Deel van 'n referaat wat

in Junie 1990 by 'n eendagseminaar oor Afrikaans in 'n nuwe Suid-Afrika by die Universiteit van Pretoria gereël is.) Pretoria.

WESSELS, Albert. 1982. Boodskap by geleentheid van die AHI se veertigste verjaardag. (In AHI - Veertig jaar se sakediens, 1942-1982. Pretoria : AHI. p. 5)

